# Identiteit en homoseksualiteit: die soeke na aanvaarding binne 'n Christelike geloofsgemeenskap

deur

**Antonie Johannes Binneman**

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

**Philosophiae Doctor**

in

**Praktiese Teologie**

aan die

**Universiteit van Pretoria**

2010

**Promotor: Professor Julian Müller**

**Augustus 2010**

© University of Pretoria

# Abstract

The research was done from a postfoundational, narrative, and practical theological position. The focus of the study had two intentions. The first was to listen to the stories of a group of girls, who saw themselves as homosexual and because of that was marginalised. The second intention was that in the process there would be intervention in their stories. This intervention was supposed to give the girls the necessary knowledge and power to help them to tell their stories. This telling would then place the girls not as extras on the stage of their own lives but as playing the leading roles. Negative stories had thus to be exchanged for stories of hope.

To get a better understanding of the stories of the girls, there was made use of an interdisciplinary team of helpers. The stories were also interpreted from a social constructionist point of view. The understanding the girls had of their context, the church, their friends, homosexuality, God, church leaders, their membership of the church and their identity was researched and deconstructed with them in a process.

The research story is a story where the handling of teenagers, their world view and their search for identity and acceptance in a world that doesn't always understand them and their involvement in the church in this process was looked at with fresh eyes.

## Opsomming

Die navorsing is gedoen vanuit 'n postfundamentalistiese narratiewe prakties-teologiese benadering. Die fokus van die studie was tweeledig. Die eerste was om na die stories van 'n groep meisies, wat hulself as homoseksueel gesien het en daarom gemarginaliseer is, te luister. Die tweede deel was dat deur die proses daar intervensie sou wees wat aan die meisies die kennis en die mag sou gee om hulle verhale op so 'n manier oor te vertel dat hulle die hoofrolle van hulle eie lewensdramas sal word en nie net karakters of ekstras op die verhoog van die lewe sou wees nie. Verhale van nood moet dus verruil word vir verhale van hoop.

Om die verhale van die meisies beter te verstaan is daar van 'n groep interdissiplinêre helpers gebruik gemaak. Die meisies se verhale is verder ook sosiaal-konstruksionisties benader. Die meisies se verstaan van hulle konteks, die kerk, hulle vriende, homoseksualiteit, God, kerkleiers en hulle inskakeling by die kerk en hulle identiteit is ondersoek en saam met die groep gedekonstrueer.

Die navorsingsverhaal is dus 'n verhaal waar daar weer opnuut gekyk is na die hantering van tieners, hulle wêreldbeeld en soeke na identiteit en aanvaarding binne 'n wêreld wat hulle nie altyd verstaan nie, en die rol van die geloofsgemeenskap in die proses.

# Sleutelterme

Identiteit

Homoseksualiteit

Postmodern

Postfundamentalisties

Narratief

Sosiaal-konstruksionisties

Kennis

Mag

Navorsingsdrama

Epistemologie

Randfontein

Kerk

# Key terms

Identity

Homosexuality

Postmodern

Postfoundational

Narrative

Social construction

Knowledge

Power

Research drama

Epistemology

Randfontein

Church

# Opgedra aan

**My vrou Brigitte wat my die laaste vier jaar in die navorsingsproses bygestaan het.**

**8. Bedankings**

Ek wil begin deur dankie te sê vir elkeen wat gehelp het met die studie. Julle is so baie dat ek weet ek gaan iemand vergeet. Ek wil tog 'n paar name uitlig, die meisies julle was regtig 'n inspirasie, en julle het my herinner waarom ek doen wat ek doen, dankie vir julle samewerking. Dan vir die interdissiplinêre span, baie dankie vir julle hulp en geduld.

Tannie Martie, dankie vir die proeflees van die dokument ek weet dit was baie werk, inkonsekwente gebruik van hoofletters omgeruilde b's en d's en so voorts. Baie dankie vir tannie se moeite en geduld.

My vrou Brigitte baie dankie ook vir jou ondersteuning, liefde en geduld oor die laaste vier jaar. Ek weet dit was baie kere moeilik. Sonder jou sou ek dit nie kon doen nie.

Aan my ouers Yvonne en Andries dankie vir julle ouerskap, en liefde en dat julle in my geglo het ek waardeer dit. Die laaste 14 jaar het ek by julle geleer wat dit beteken om 'n ouer te wees. Dankie vir als.

My skoon ouers dankie vir julle ondersteuning, en daarwees. Ek waardeer dit.

Roodekrans NG en Randpoort NG baie dankie vir die vryheid en tyd wat julle my gegee het om te kan studeer.

Prof Müller baie dankie vir prof. se leiding en raad, maar meer as dit dankie vir 'n taal wat ruimte skep.

Ek sou die werk nie kon doen sonder geloof en 'n Here wat als vir my kom anders maak het nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Verklaring

Hiermee verklaar ek dat die verhandeling wat ek indien vir die voltooiing van die graad PhD (narratiewe en gesinsterapie) aan die Universiteit van Pretoria, my eie werk is en is nie by enige ander universiteit ingedien vir die voltooiing van 'n graad nie.

## Declaration

I declare that the dissertation, which I hereby submit for the degree of PhD (narrative and family counselling) at the University of Pretoria, is my own work and has not previously been submitted by me for a degree at another university.

# Inhoud

## Hoofstuk 1: Posisionering: inkleding en agtergrond van die verhoogdrama

*'n Spesifieke konteks word beskryf.*

**1.1. Wat kan die studie waarborg?** 1

**1.2. Die "ek" in die navorsing** 2

**1.3. Die beperking van die "ek"** 5

**1.4. My belangstelling in die navorsing** 6

**1.5. Posisionering** 11

**1.6. Navorsing as intervensie** 12

**1.7. Kennis en mag** 16

**1.8. Wetenskap en teologie** 22

**1.9. Postmodernisme** 33

**1.10. Postfundamentalisme** 39

**1.11. Narratiewe benadering tot navorsing** 46

**1.12. Sosiaal-konstruksionistiese paradigma** 49

**1.13. Praktiese teologie** 53

**1.14. Die navorser se teologiese vertrekpunt** 58

**1.15. Medenavorsers en gespreksgenote** **61**

**1.16. Waarom hierdie posisionering ten opsigte van die navorsing?** **62**

**1.17. Posisionering in verband met ander sake** **65**

**1.17.1. Identiteit** **65**

**1.17.2. Seksualiteit** **69**

**1.17.3. Homoseksualiteit** **73**

**1.17.4. Geloofsgemeenskap** **79**

**1.17.5. Die verhaal van die NG Kerk en homoseksualiteit** **81**

**1.17.6. Die verhaal van Randpoort-gemeente** **92**

**1.17.7. Die verhaal van Randfontein** **96**

**1.17.8. Die verhaal van die skool** **103**

**1.18. Hoofstukindeling en verduideliking van werkswyse** **105**

**1.18.1. Die sewe bewegings** **105**

***1.18.1.1. Hoofstuk 1*** ***106***
***1.18.1.2. Hoofstuk 2*** ***106***
***1.18.1.3. Hoofstuk 3*** ***107***
***1.18.1.4. Hoofstuk 4*** ***107***
***1.18.1.5. Hoofstuk 5*** ***108***

*1.18.1.6. Hoofstuk 6* *109*
*1.18.1.7. Hoofstuk 7* 109

**Hoofstuk 2: Bekendstelling van die hoofkarakters**

*Inkontekservaringe word na geluister en beskryf.*

2.1. Inleiding 111

2.2. Etiese sake 111

2.3. Keuse van akteurs 113

2.4. God se toneelstuk 114

2.5. Bekendstelling van akteurs 115

2.6. Yolandi – Cat 118
2.6.1. Verhoogkaart 118
2.6.2. Cat se storie 119
2.6.3. Cat se droomstorie 120

2.7. Chiquita – Kittie 122
2.7.1. Verhoogkaart 122
2.7.2. Kittie se storie 123
2.7.3. Kittie se droomstorie 124

2.8. Chavern – Dark Angel 125
2.8.1. Verhoogkaart 125
2.8.2. Dark Angel se storie 126
2.8.3. Dark Angel se droomstorie 127

2.9. Charmajne – Pienkie 128

2.9.1. Verhoogkaart 128
2.9.2. Pienkie se storie 129
2.9.3. Pienkie se droomstorie 131

2.10. Anuchka – Nuki 132
2.10.1. Verhoogkaart 132
2.10.2. Nuki se storie 133
2.10.3. Nuki se droomstorie 134

2.11. Juanri – J3 135
2.11.1. Verhoogkaart 135
2.11.2. J3 se storie 136
2.11.3. J3 se droomstorie 138

2.12. Joanè – Sex Kat 139
2.12.1. Verhoogkaart 139
2.12.2. Sex Kat se storie 140
2.12.3. Sex Kat se droomstorie 141

2.13. Naidene – Noddy 142
2.13.1. Noddy se storie 142
2.13.2. Noddy se droomstorie 145

2.14. Shay – Souty 146
2.14.1. Verhoogkaart 146
2.14.2. Souty se storie 147
2.14.3. Souty se droomstorie 149

2.15. Annelie – Lie 150
2.15.1. Verhoogkaart 150
2.15.2. Lie se storie 151

**2.15.3. Lie se droomstorie** **152**

**2.16. Christy** **153**
**2.16.1. Verhoogkaart** **153**
**2.16.2. Christy se storie** **154**

**2.17. Gevolgtrekking** **161**

**<u>Hoofstuk 3: 'n Resensie van die drama saam die hoofkarakters</u>**

*Interpretasies van ervarings word gemaak, beskryf en ontwikkel in samewerking met medenavorsers en gespreksgenote.*

**3.1. Inleiding** **163**

**3.2. Interpretasies oor algemene sake** **164**

**3.3. Groepsessie: Wat doen julle om te ontspan?** **165**
**3.3.1. Die meisies se interpretasie** **166**
**3.3.2. My interpretasie** **166**

**3.4. Groepsessie: By en na die verhoor** **167**
**3.4.1. Die meisies se interpretasie** **169**
**3.4.2. My interpretasie** **169**

**3.5. Groepsessie: Oor nonsenspraat** **170**
**3.5.1. Die meisies se interpretasie** **171**
**3.5.2. My interpretasie** **171**

**3.6. Groepsessie: My vrae** **171**
**3.6.1. Die meisies se interpretasie** **174**

**3.6.2. My interpretasie** **174**

**3.7. Groepsessie: Die "lysie"** **175**
**3.7.1. Die meisies se interpretasie** **176**
**3.6.2. My interpretasie** **176**

**3.8. Groepsessie: Verhoogkaarte** **177**
**3.8.1. Die meisies se interpretasie** **178**
**3.8.2. My interpretasie** **179**

**3.9. Groepsessie: Musiek** **179**
**3.9.1. Die meisies se interpretasie** **182**
**3.9.2. My interpretasie** **183**

**3.10. Die drama** **183**
**3.10.1. Inleiding** **183**
**3.10.2. Ses elemente van drama**
**185**
**3.10.3. Drama: Die een wat anders was** **186**

***3.10.3.1. Toneel 1*** **186**
***3.10.3.2. Toneel 2*** **187**
***3.10.3.3. Toneel 3*** **187**
***3.10.3.4. Toneel 4*** **188**
***3.10.3.5. Toneel 5*** **188**
***3.10.3.6. Toneel 6*** **189**
***3.10.3.7. Toneel 7*** **189**
***3.10.3.8. Toneel 8*** **190**
***3.10.3.9. Toneel 9*** **190**
***3.10.3.10. Toneel 10*** **191**
***3.10.3.11. Toneel 11*** **192**

*3.10.3.12. Toneel 12* 193

**3.10.4. Die meisies se interpretasie** 193

**3.10.5. My interpretasie** 194

**3.11. Interpretasie van elke meisie se verhaal en verhoogkaart** 194

**3.11.1. Resensie saam met Cat oor Cat** 195

*3.11.1.1. Die groep* *195*

*3.11.1.2. Cat se interpretasie van haar verhoogkaart* *195*

*3.11.1.3. Cat se interpretasie van haar verhaal* *196*

*3.11.1.4. My interpretasie van Cat* 198

**3.11.2. Resensie saam met Kittie oor Kittie** 198

*3.11.2.1. Die groep* *198*

*3.11.2.2. Kittie se interpretasie van haar verhoogkaart* *199*

*3.11.2.3. Kittie se interpretasie van haar verhaal* *199*

*3.11.2.4. My interpretasie van Kittie* 199

**3.11.3. Resensie saam met Dark Angel oor Dark Angel** 200

*3.11.3.1. Die groep* *200*

*3.11.3.2. Dark Angel se interpretasie van haar verhoogkaart* *200*

*3.11.3.3. Dark Angel se interpretasie van haar verhaal* *201*

*3.11.3.4. My interpretasie van Dark Angel* 202

**3.11.4. Resensie saam met Pienkie oor Pienkie** 203

*3.11.4.1. Die groep*

*3.11.4.2. Pienkie se interpretasie van haar verhoogkaart* *203*

*3.11.4.3. Pienkie se interpretasie van haar verhaal* *203*

*3.11.4.4. My interpretasie van Pienkie* 205

**3.11.5. Resensie saam met Nuki oor Nuki** **206**
***3.11.5.1. Die groep*** ***206***
***3.11.5.2. Nuki se interpretasie van haar verhoogkaart*** ***206***
***3.11.5.3. Nuki se interpretasie van haar verhaal*** ***206***
***3.11.5.4. My interpretasie van Nuki*** **207**

**3.11.6. Resensie saam met Sex Kat oor Sex Kat** **208**
***3.11.6.1. Die groep*** ***208***
***3.11.6.2. Sex Kat se interpretasie van haar verhoogkaart*** ***208***
***3.11.6.3. Sex Kat se interpretasie van haar verhaal*** ***209***
***3.11.6.4. My interpretasie van Sex Kat*** **209**

**3.11.7. Alexia se storie** **210**

**3.11.8. Noddy se storie** **211**

**3.11.9. Christy se storie** **211**

**3.12. Opsommend oor en saam met die akteurs** **212**

**3.13. Wat sê die meisies oor die hele proses?** **215**

**3.14. Hoe kan ons mekaar help en bystaan?** **216**
**3.14.1. Luister** **216**
**3.14.2. Help mekaar** **217**
**3.14.3. Wees net daar** **217**
**3.14.4. Kyk na jou eie binneste** **217**

**3.15. Gevolgtrekking** **217**

**Hoofstuk 4: Waarom is dit so op die verhoog?** **219**

*'n Beskrywing van ervarings soos dit deurgaans verryk word deur tradisies van interpretasie.*

**4.1. Inleiding** **219**

**4.2. Die wêreld van die hoofkarakters se eie taal** **221**

**4.3. Die taal wat op die verhoog gebruik word** **222**

**4.4. Die kies van taal en konstrukte** **224**

**4.5. Konstrukte wat die meisies deel van die drama gemaak het** **225**
**4.5.1. Kerk** **226**
**4.5.2. Die dominee** **229**
**4.4.3. Die Bybel** **232**
**4.5.4. Homoseksualiteit** **239**
***4.5.4.1. Om skeef te wees*** **239**
***4.5.4.2. Homoseksualiteit*** **241**
***4.5.4.3. Ek het besluit om skeef te word*** **244**

**4.6. Ander sake wat bepaalde betekenisse binne die groep gekry het**
**4.6.1. Die begraafplaas** **247**
**4.6.2. Die okkulte** **247**
**4.6.3. Selfmoord** **248**
**4.6.4.Goth, en "emo"** **248**
**4.6.5. Om jouself te sny** **249**

**4.7. Opsommend van binne die groep** **249**

**4.8. Konstrukte wat deur die breër gemeenskap op die tafel gesit is** **250**
**4.8.1. Vrotkol** **250**
**4.8.2. Die plek van die vrou** **250**

**4.8.3. Vrouens kan nie meisies molesteer nie** **251**
**4.8.4. Vroulike homoseksualiteit is meer aanvaarbaar** **251**
**4.8.5. Graad 10 as voldoende akademiese kwalifikasie** **252**
**4.8.6. Daggamisbruik is nie 'n probleem nie** **252**
**4.8.7. Die uitwerking van musiek op mense** **253**
**4.8.8. Pornografie is onskuldig** **253**
**4.8.9. Normaal** **254**
**4.8.10. Mag** **254**

**4.9. Gevolgtrekking** **258**

**Hoofstuk 5: *Waar was God toe ons gedans het?*** **260**
*'n Besinning op die religieuse en spirituele aspekte, veral op die teenwoordigheid van God soos dit verstaan en ervaar word in 'n spesifieke situasie.*
**5.1. Inleiding** **260**

**5.2. Die kerk as akteur van God** **261**

**5.3. God as die een wat beskerm** **264**

**5.4. God wat liefhet en ons nie oordeel nie** **266**

**5.5. Kan God 'n ma wees?** **267**

**5.6. God as totaal afwesig** **268**

**5.7. God as tasbaar** **269**

**5.8. Algemene opmerkings in die navorsings drama wat dui op godsdiens en God** **270**

**5.9 Gevolgtrekkings** **271**

**6. Hoofstuk 6: Wat kan daar van ander vakgebiede geleer word?** **273**

*'n Beskrywing van ervarings, verryk deur 'n interdissiplinêre ondersoek.*

**6.1. Inleiding** **273**

**6.2. Kies van die interdissiplinêre span** **275**

**6.3. Bekendstelling van die interdissiplinêre span** **276**

**6.3.1. Drama** **276**

**6.3.2. Kommunikasiekunde** **277**

**6.3.3. Onderwys** **277**

**6.3.4. Sielkunde** **277**

**6.3.5. Maatskaplikewerk** **277**

**6.3.6. Menslikehulpbronne** **277**

**6.3.7. "Life coach"** **278**

**6.3.8. PhD-groep** **278**

**6.3.9. Ander praktiese teologie** **278**

**6.4. Vrae wat beantwoord moet word** **279**

**6.5. Reaksies van die interdissiplinêre span** **279**

**6.5.1. Drama** **279**

**6.5.1.1. *Unieke beskouing*** ***281***

**6.5.2. Kommunikasiekunde** **282**

**6.5.2.1. *Unieke beskouing*** ***284***

**6.5.3. Onderwys** **285**

**6.5.3.1. *Unieke beskouing*** ***289***

**6.5.4. Sielkunde** **290**

**6.5.4.1. *Unieke beskouing*** ***294***

**6.5.5. Maatskaplikewerk** **294**
**6.5.5.1. *Unieke beskouing*** ***296***
**6.5.6. Menslikehulpbronne** **296**
**6.5.6.1. *Unieke beskouing*** ***299***
**6.5.7. "Life coach"** **299**
**6.5.7.1. *Unieke beskouing*** ***211***
**6.5.8. PhD-groep** **311**
**6.5.8.1. *Unieke beskouing*** ***311***
**6.5.9. Ander praktiese teologie** **314**
**6.5.9.1. *Unieke beskouing*** ***315***

**6.6. Ooreenkomste tussen verskillende dissiplines** **316**

**6.7. Verskille en unieke bydraes van elke dissipline** **318**
**6.7.1. Drama** **318**
**6.7.2. Kommunikasiekunde** **318**
**6.7.3. Onderwys** **319**
**6.7.4. Sielkunde** **319**
**6.7.5. Maatskaplikewerk** **319**
**6.7.6. Menslikehulpbronne** **320**
**6.7.7. "Life coach"** **320**
**6.7.8. PhD-groep** **321**
**6.7.9. Ander praktiese teologie** **321**

**6.8. Moontlike ander vakgebiede wat sou kon bydra** **321**

**6.9. Gevolgtrekking** **322**

**Hoofstuk 7: *'n Nuwe, groter, beter verhoog!*** **325**
*Die ontwikkeling van 'n alternatiewe interpretasie, wat verby die plaaslike gemeenskap wys.*

**7.1. Inleiding** **325**

**7.2. Die kerk** **326**
***7.2.1. Die kerk moet gesien word as 'n ontwikkelingsruimte*** ***327***
***7.2.2. Die kerk moet 'n plek van veiligheid wees*** ***327***
***7.2.3. Die kerk moet 'n "storied" en "storying community" wees*** ***328***
***7.2.4. Die kerk moet 'n verlengstuk wees van wie God is*** ***328***

**7.3. Homoseksualiteit** **329**
***7.3.1. Homoseksualiteit is kontekstueel*** ***329***
***7.3.2. Homoseksualiteit om in te pas*** ***329***
***7.3.3. Homoseksualiteit as seksdaad*** ***330***
***7.3.4. Homoseksualiteit om te kry wat ek wil hê*** ***331***
***7.3.5. Homoseksualiteit wanneer dit pas*** ***331***
***7.3.6. Homoseksualiteit en identiteit*** ***331***
***7.3.7. Homoseksualiteit as sonde*** ***332***

**7.4. 'n Nuwe verhaal met nuwer beter en groter moontlikhede** **332**

**7.5. Terugvoering** **335**
**7.5.1. Hoofkarakters** **335**
**7.5.2. Terugvoering aan die kerk** **336**
**7.5.3. Terugvoering aan die ouers** **338**
**7.5.4. Terugvoering aan die skool** **339**

**7.6. Nuwe navorsingsmoontlikhede** **340**

**7.7. Die navorser of navorsingsregisseur** **340**

**7.8. Navorsingsmetode** **341**

**7.9. Frustrasies** **341**

**7.10. Persoonlike groei** **342**

**7.11. Die navorsingsverhoogdrama** **342**

**7.12. Die proses** **344**

**7.13. Gevolgtrekking** **344**

**8. Bedankings** **347**

**9. Bibliografie** **348**

**10. Adendums** **369**

# Hoofstuk 1

*'n Spesifieke konteks word beskryf.*

## Posisionering: inkleding en agtergrond van die verhoogdrama

Die navorsingsverhaal moet gesien word as 'n verhaal wat op 'n verhoog vertoon word. Die eerste hoofstuk plaas die regisseur van die vertoning en die konteks waarbinne die verhoogdrama afgespeel het en besig is om af te speel; dus die navorser en die spesifieke konteks. Daar sal in hierdie hoofstuk aandag gegee word aan hoe die regisseur die navorsingsverhaal verstaan en homself posisioneer teenoor die verhaal en konsepte binne die verhaal, wat sal volg.

Die navorsing, soos 'n konsert of toneelstuk, val nie uit die lug uit nie. Die regisseur, die akteurs en die konteks het 'n invloed in die verhaal en hoe die verhaal uiteindelik sal uitspeel. Die verhaal wat vertel word, is drieledig: die verhaal van dit wat reeds gebeur het, die verhaal wat besig is om te gebeur en die verhaal wat eendag vertel moet word. Die verskil is dat die toneelstuk 'n drama is wat elke dag besig is om af te speel. Die akteurs, die regisseur en die dekor is in interaksie met mekaar. Daar is in hierdie geval ook nie net een hoofakteur nie, elke akteur is op sigself ook 'n hoofakteur, en dus by implikasie ook die enigste persoon wat die dekor en agtergrond van die verhoog verstaan en kan beskryf. Die regisseur het verder ook nie die laaste sê nie, aangesien die regisseur net die regisseur van die navorsingsdrama is. In die toneel van die lewe neem die akteurs hulle eie besluite, en die dekor word nie deur iemand direk betrokke bepaal nie. Om dus die toneelstuk te verwoord is 'n sensitiewe proses waar die stem van die akteurs baie sterk op die voorgrond geplaas sal word.

### 1.1. Wat kan die studie waarborg?

Die verhaal sal dus die improvisering van die akteurs en die navorser beskryf. Die studie is begin sonder antwoorde, met baie vrae en net so baie foute wat gemaak is. Die navorsing sal poog om van die vrae te beantwoord en dat daar nuwe en meer vrae gevra sal word: nuwe vrae, ander vrae as wat daar was toe die studie begin is. Die studie sal poog om sover moontlik, interdissiplinêr, narratief, sosiaal-konstruksionisties en postfundamentalisties te wees[1]. Die studie sal kennis aan verskillende groepe en mense gee. Die kennis sal dan ook aan die mense mag gee om ryker verhale te vertel as in die verlede.

### 1.2. Die "ek" in die navorsing

Wanneer daar met die metafoor van 'n drama gewerk word in die navorsing dwing dit 'n mens om anders te dink oor die rol wat elke persoon in die navorsing speel. Dit is ook so met die rol van die navorser (regisseur). Binne die konteks waar die navorsing gedoen is moes ek baie vinnig maniere kry om die gesprekke tussen my en die medenavorsers (hoofakteurs) moontlik te kon maak. Ek moes dus die groot gaping tussen my en die medenavorsers op 'n manier verklein en een van die maniere was om met hierdie bepaalde model te werk.

Navorsing word baie kere vanuit die derde persoon geskryf. Die feit dat daar so oor die navorsing gereflekteer is, sou die navorser binne 'n baie bepaalde konteks en binne 'n baie bepaalde reflekteringsruimte plaas. Ludwig (2007:157) meen dat daar ook vanuit die eerste persoon op navorsing gereflekteer kan word omdat dit is waar die verstaan oor konsepte gevorm word. Om vanuit ‘n derdepersoons hoek te reflekteer op die navorsing is vir die konteks waarbinne ek gewerk het nie voldoende nie. Die navorsingskonteks en in 'n mate die navorsing self kan dus binne die derde persoon verstaan en beskryf word vanuit 'n neutrale hoek. Die navorsing is ook baie klinies en die navorser is die ekspert, die een wat alles weet of dan kan weet. Die benadering van "ek weet jy weet

[1] Die gedagtes sal later in besonderhede bespreek word.

nie", is op 'n stel waarhede gebaseer wat uit die sogenaamde neutrale en objektiewe wetenskap ontwikkel het (Bird 2001:8).

Binne die narratiewe benadering sou die eersgenoemde posisie gebruik kon word. Die narratiewe benadering laat ruimte vir 'n "ek" of dan 'n eerste persoon. Zahavi(2007:66) beklemtoon ook dat ‘n eerste persoons vertrekpunt belangrik is. So posisie sou ook 'n posisie van "nie weet nie" kon wees (Müller 2000:17). Deur dus vanuit die eerste persoon te praat en navorsing te doen, met ander woorde vanuit die "ek"-posisie, word daar alreeds 'n paar sake geïmpliseer: Die eerste is dat die navorser soos die "navorsingsveld" ook 'n "ek" is; 'n "ek" met 'n verhaal. In die geval van die navorsing as 'n verhoogdrama, is die "ek" ook deel van die toneel.

Die navorsing kan dus verder ook nie die standpunt inneem dat dit totaal neutraal is nie. Gergen (2001:45) meen dat die stem van die navorser nooit afwesig is in die sosiaal-konstruksionistiese manier van werk nie. Dit impliseer verder ook dat almal 'n stem het en nie net die navorser nie. Almal se verhale moet dus gehoor word. Die "ek" impliseer dat die navorser beïnvloedbaar is en nie los en neutraal is van die navorsingsveld nie. Die verskillende verhale het dus 'n invloed op mekaar en op dit wat op die verhoog gebeur. Dit beïnvloed dus wie almal uit die navorsing sal baat. Nie net die navorser sal baat vind uit die manier van werk nie, maar almal wat betrokke is by die studie en die breër gemeenskap kan baat uit 'n "ek"- of 'n eerstepersoon posisionering. Die manier van navorsing doen poog daarna om nie mishandelend en nie eksploiterend te wees nie (Müller, Van Deventer & Human 2001:77). Dit is juis so omdat die "ek" ook deel is van die navorsing. Die "ek" in die navorsing se verhaal was ook op die tafel.

Wanneer daar oor die outeur van enige werk gepraat word, moet die totale prentjie in ag geneem word. In die geval is die werk in die eerste instansie navorsing vanuit 'n narratiewe hoek. Foucault gee drie rolle aan die outeur van enige werk (Foucault 1977:124). Eerstens behoort die outeur aan die werk en

anders om (Foucault 1977:124). Die navorsing vanuit die eerste persoon of dan vanuit die "ek" beklemtoon dan die posisie, die navorsing is deur en met mense gedoen wat verhale het en verhale vorm, en nie net deur die lewe saamgesleep word sonder enige sê nie. Die navorsing het die navorser op 'n baie bepaalde manier gevorm en die navorser het op sy beurt weer invloed in die navorsing gehad.

Verder meen Foucault dat elke diskoers 'n ander verhouding met die "outeur" verwag (1977:124). In die navorsing was dit ook so. Die keuse vir die narratiewe model het die navorser in 'n spesifieke tipe verhouding met die navorsing geplaas. Daarom dan die "ek" in die navorsing. Die aard van die navorsing en navorsings veld het 'n persoonliker verhouding verwag. Foucault voer ook aan dat outeurskap (1977:125) nie maar bloot net 'n geval is van iemand se naam wat bo-aan 'n artikel of voor op 'n boek staan nie. Dit is die resultaat van 'n komplekse proses waarvan die uiteindelike doel is om die rasionele entiteit te vorm wat ons 'n outeur noem. Foucault (1977:125) verduidelik dat dit baie te doen het met hoe die outeur met die teks omgaan, wat bepaal watter tipe outeur hy/sy sal wees en vanuit watter hoek daar geskryf sal word. 'n Filosoof en 'n digter hanteer die teks verskillend. So sal 'n narratiewe hoek ook anders lyk, en in hierdie geval kan 'n mens 'n eerstepersoonsvertrekpunt verwag.

Ek glo dat deur vanuit die eerste persoon te werk 'n mens in groot mate al reeds begin dekonstrueer aan bepaalde persepsies wat by mense bestaan. Die navorsing sou baie maklik hiërargies van aard kon wees. Freedman en Combs (2002:92) stel voor dat hiërargieë sover moontlik vermy word. Deur vanuit 'n eerstepersoonshoek te werk glo ek kan 'n mens baie nader kom aan die mense wat betrokke is by die navorsing.

Die "ek" in die navorsing veronderstel dat daar ander ekke in die navorsing betrokke is. Müller (2000:18) meen dat om te vorder moet jou eie storie geken word en daar moet na ander se stories geluister word. *Dit is nie soos twee*

*internetmodems wat koud en gevoelloos met mekaar kommunikeer nie* (Müller 2000:18). Die gedagte is veral van toepassing op pastoraat, maar is ook van toepassing op navorsing vanuit die narratiewe benadering. Daar is twee of meer ekke in die proses betrokke. Die verhaal wat op die verhoog uitgebeeld sal word, is dus baie meer persoonlik, want dit werk nie met statistiek sonder gesigte nie, maar met karakters wat aktief deelgeneem het aan die navorsingsproses.

### 1.3. Die beperking van die "ek"

Gadamer (1998:193) soos Ricoeur (1991:26) meen dat verstaan begin gebeur sodra twee mense mekaar ontmoet. Dit is ook waar van die "ek". Daar moet ook genoem word dat binne die eerstepersoonsbenadering wat gekies is, is daar ook beperkings en slaggate wat aandag sal moet geniet. Die "ek" is in die geval van die studie in die eerste instansie 'n heteroseksuele man met 'n baie bepaalde storie. Die storie wat ek met my saam dra het bepaalde gevolge en het en kan op bepaalde maniere verstaan skep. 'n Deel van die storie is deur die kerk beïnvloed en gevorm. Hoewel ek sosiaal-konstruksionisties werk, is dit alles konstrukte wat by my medenavorsers leef. Die medenavorsers is almal meisies, wat met 'n homoseksuele identiteit identifiseer of geïdentifiseer het en voel die kerk het hulle in die steek gelaat of is op 'n manier teen hulle. Wat die situasie verder kompliseer is dat ek in baie opsigte vir die meisies deel van die probleem was in die verlede eerder as 'n deel van die oplossing. In hierdie sin is die "ek" hier 'n man en deel van die kerk.

Die gevolg hiervan is en was dat ek deur 'n baie lang proses moes gaan om die meisies se vertroue te wen. Met verloop van tyd het van die meisies geleer om my te vertrou, hoewel daar van hulle is wat ek glo my nog steeds nie vertrou nie. Daar is ook sake waaroor hulle glad nie met my wil praat nie. Ek is dus deeglik bewus daarvan dat die "ek" bepaalde beperkings in die navorsing indra. Met dit gesê het ek nooit die gevoel gekry dat die navorsing nie beweeg het en dat dit 'n stagnante proses was nie. Dit was baie kere nie vir my 'n gemaklike proses nie,

maar in die proses glo ek is die "ek" op 'n baie bepaalde manier deur die ander ekke in die navorsing gevorm. Die realiteit en besef dat daar 'n "ek" is en dat die "ek" 'n beperking sou kon wees in die studie maak 'n mens sensitief vir die "ek". Die positiewe is soos Gergen (1999:62) dit stel dat daar 'n sensitiwiteit vir die "ek" is en dat daar sosiaal-konstruksionisties met die teks omgegaan kan word.

### 1.4. My belangstelling en betrokkenheid in die navorsing

Binne die metafoor van 'n verhoogdrama wat ek gekies het, sou die deel van die navorsing deel uitmaak van die agtergrondverhaal wat 'n mens moet begryp voor die drama verstaan sou kon word. Dit sou wees soos 'n drama wat binne die konteks van die Tweede Wêreldoorlog afspeel. Om die drama te verstaan moet 'n mens 'n klein bietjie verstaan wat die agtergrond van die oorlog was en watter kragte en magte betrokke was. My belangstelling in die navorsing sou dus hier kon inpas. My belangstelling in die navorsing is binne bepaalde kontekste gebore.

Op 'n Vrydagaand 22:30 sit ek al weer by die hospitaal. Dit begin al vir my 'n gewoonte raak. As hulle tog net skerper messe of sterker pille wou kry. Daar is 'n ernstige skroef los met die meisies in hierdie gemeenskap. Wat kan dit tog wees? Almal is homoseksueel en hulle is altyd op die een of ander manier besig om my program te ontwrig. As hulle nie in die kerk sit en speel as ek probeer preek nie, probeer hulle selfmoord pleeg. Of hulle vry in die badkamer! Dit voel partykeer vir my of ek vir hulle moet verduidelik watter tipe pille die beste sal werk, of om vir hulle te wys hoe hulle moet sny om raak te sny.

Ek is 'n predikant in die Wesrand in 'n voorstedelike gebied. Die gemeente waar ek werksaam is, is binne 'n tydperk van drie maande geruk deur twee tienerselfmoorde en 'n hele aantal pogings tot selfmoord. Daar is 'n groot groep meisies wat na hulself verwys as die skewes. Die selfmoorde en die pogings tot selfmoord kom almal uit die groep tienermeisies. Hulle eksperimenteer met

heksery, dwelms, seks en homoseksualiteit. Die gemeente en gemeenskap verwys na die meisie as die vrotkol. Die skole en ander gemeentes trek eenvoudig net hulle skouers op en sê dit is ons gemeente se probleem. Wat natuurlik verder gebeur is dat alle meisies wat 'n bietjie probleme het deur assosiasie aan die groep gekoppel word en as deel van die vrot probleemkol gesien word. En vir lank het ek dit gesien as presies dit, naamlik 'n probleem.

Ek het voor ek hier gekom het baie dinge beleef, en baie dinge gesien ek het 'n goeie teologiese opleiding gehad. Dit is alles dinge wat my seker op 'n manier moes voorberei vir dit wat ek hier sou beleef. Ek onthou spesifiek een geval, 'n seun waarmee ek gewerk het toe ek 'n jeugwerker in my tweede jaar was. Hy was 'n oulike 13-jarige seun, wat in 'n monster verander het en wat drooggemaak het sover as wat hy gegaan het. Ek was seker hy was reguit op pad tronk toe. Hy sou definitief by die Mafia betrokke raak en dagga rook. 'n Kort tyd gelede sien ek die seun (nou 'n man) in Pretoria. Ek was bang om hom te vra wat hy nou doen, maar ek het in elk geval. Hy is besig om te studeer en hy doen redelik goed. Hy het dit gemaak. Die vrae wat ek nou vir myself vra is: Is dit moontlik dat so 'n ou regtig kan verander? Wat werk mee dat so 'n ou kan verander? Hoe kan hierdie tipe verandering bewerk word? Kan die kerk tieners bystaan in moeilike tye, of is dit net moontlik om die negatiewe te beleef en daaroor te oordeel? Watter invloed het mense op die verandering en groei van tieners?

Die nadink het my nog verder terug gevat. Dis amper soos gister; ek hoor nog steeds haar stem en hoe sy vir my ma sê: "Hy sal dit nooit tot by matriek in 'n gewone skool maak nie". Ek kan ook goed onthou hoe sy eendag vir my gesê het dat sy 'n geweer by die skool het en dat sy my sal skiet! Ek dink dit het gegaan oor direkte en indirekte rede, ek het 'n groot pak slae gekry en sy het my agter die kas ingeskuif waar sy my nie kon sien nie. Ek veronderstel vir haar was dit "out of sight out of mind". Sy het in elk geval geglo ek gaan dit nie maak nie, en ek het dit geweet. Wie was sy om vir my te besluit wat ek kan en wat ek nie kan nie? Ek wonder vandag nog baie kere of sy net moedeloos met my was en

of sy regtig geglo het dat ek dit nie maak sal nie. Ek kan nie veel besonderhede oor die aangeleenthede onthou nie, maar die effek daarvan voel ek vandag nog. Ek weet daar was baie ander mense gewees wat geglo het my verhaal is nie 'n verhaal waar ek suksesvol sou wees nie. Onderwysers, my eie ouers en selfs die kerk het geglo dat ek 'n "wash-out" was; 'n ou wat dit nie gaan maak nie. Ek het in pleegsorg geland waar dinge vir my anders uitgewerk het. Ek het deel van 'n gesin geword wat verstaan het dat daar meer is wat bepaal hoe 'n persoon sal word en is. Ek is in 'n ruimte geplaas waar ek as mens kon groei en ontwikkel ten spyte van die negatiewe konstrukte wat daar bestaan het. Dit voel vir my of ek nou op presies die pad van my onderwyseres is, 'n pad waarop ek besluit wie dit sal maak en wie nie! Ek wil die meisies se wêreld probeer verstaan en op 'n manier vir hulle 'n ruimte skep waar hulle kan beleef wat ek beleef het in pleegsorg. Ek wou vir hulle 'n veilige ruimte skep waar hulle kon wees wie hulle wil wees en waar hulle nie hoef voor te gee nie.

Ek moet sê dat ek in my tienerjare baie aan my onderwyseres se woorde gedink het. Ek het selfs partykeer geglo dat ek dit nie gaan maak nie en dat ek dalk met tweede beste tevrede moet wees. Daar was tog dinge wat my deur 'n baie onstuimige tienerlewe gedra het. Die ironie is dat die twee organisasies wat my verdoem het ook die twee organisasies was wat my gehelp het om deur die moeilike tyd te kom, naamlik die kerk en die skool. Die mense wat die grootste impak in my lewe gehad het was deel van die kerk en almal met die uitsondering van drie was onderwysers. Ek glo dat dit die positiewe en negatiewe mense was wat in my die vlam aangesteek het om tieners in nood by te staan en te help om hulle te begelei in moeilike tye; in tye waarin niemand, nie eers hulself hulle verstaan nie.

Die een kant van die studie is dus hoe die geloofsgemeenskap tieners positief kan beïnvloed en begelei, sonder om onself of ons manier van dink op hulle af te dwing. Tieners hoef nie soos ek te wees nie. Ek glo net hulle moet gehelp word om wie hulle is beter te verstaan en hulle eie moontlikhede te vergroot.

Ek dink dit is wat Pink Floyd met hulle "The Wall[2]" (1979), vir ons sê: "We don't need no education, teachers leave us kids alone." Dit gaan glad nie oor opleiding in 'n akademiese sin van die woord nie. Waaroor dit hier gaan, is 'n tipe konformasie tot 'n modernisme. Daar is vir die wêreld met ander woorde net een regte manier om dinge te doen. Pink Floyd hanteer die feit dat daar op 'n stadium van kinders klone gemaak is en as hulle anders optree as 'n kloon, moet hulle baie erg gestraf word. Ons moet besef dat geen mens 'n kloon kan wees nie. Die deel van die studie sal dus daarop gefokus wees om te kyk na hoe die geloofsgemeenskap, wat wel bepaalde kennis het, tieners kan bystaan deur moeilike tye.

Dit bring my dan by die impak van die geloofsgemeenskap. Ek is op dié stadium 'n predikant wat geword het soos die geloofsgemeenskappe waarin ek grootgeword het, sonder veel impak. Die ervaringe wat ek van die geloofsgemeenskap gehad het toe ek 'n tiener was, was nie positief nie. Dit het vir my baie kere gevoel of die geloofsgemeenskap eerder dinge vir my as tiener gekompliseer het. Die dominee was 'n tipe *superhero*, en alles wat hulle nie uit my uit kon slaan nie, kon die dominee op een of ander manier uit my uit getoor het. Die groter deel van my tienerlewe was die geloofsgemeenskap afwesig, hulle het nie eers my naam geken nie. Die ironiese is dat dit presies die plek is waar ek voel ek tans in my bediening staan. 'n Tipe *superhero,* wat alles kan reg toor, maar terwyl ek in die *superhero*-rol staan pleeg tieners selfmoord; tieners met baie potensiaal gaan tronk toe en ek het geen impak nie. Ek het deel geword van die manier van dink wat ek as tiener gehaat het.

Ek kan aan baie maniere dink om die meisies te oordeel en hulle te veroordeel, maar ek kan aan weinig oplossings dink om die meisies te help in tye van nood en verwarring. Die tieners sit elke Vrydag en byna elke Sondag voor my, maar eerder as om te help en positief te beïnvloed raak ek gefrustreerd met hulle. My

[2] 'n Rockgroep uit die 1960's en 1970's.

grootste vraag was die hele tyd: Hoekom kan julle nie net normaal wees nie? Ek wens soms dat hulle eerder nie wil kom nie. Sommige van hulle kom ook nie meer nie. Hulle is glad nie meer deel van die geloofsgemeenskap nie. Ek sien hulle so nou en dan in die verbygaan. My grootste vraag sedertdien is hoe kan 'n mens 'n impak in die meisies se lewens hê, sonder om die een of ander geestelike *superhero* te wees? Hoe kan die geloofsgemeenskap weer 'n slag impak hê in tieners se lewens?

Ek stel dus in die navorsing belang om 'n verskeidenheid van redes. Die eerste rede is dat ek beleef dat daar in die kerk tans 'n onbekwaamheid bestaan om met die wêreld van tieners in gesprek te tree. Die kerk sukkel om enige impak in tieners se lewens te hê. Verder moet die verhale van die meisies wat deur hulle soeke na identiteit gemarginaliseer is, met integriteit oorvertel word en dit saam met hulle gedekonstrueer en gere-interpreteer word, sodat hulle sterker uit die stryd sal tree. Daardeur hoop ek dat hulle die kerk en ander volwassenes sal help om te verstaan hoe ons impak in hulle lewens kan hê sonder om hulle verder te marginaliseer.

Die volgende rede is dat ek saam met die meisies wil ondersoek wat die dinge is wat die meisies deur moeilike tye kry. Dit sal deurgaans vir my belangrik wees om te probeer vasstel wat die plek van die geloofsgemeenskap is en wat dit kan wees in die lewens van tieners. Ek glo dat mense en instansies kan verander. My hoop is dat ek deur die studie sal verander. Ek hoop verder ook dat die kerk sal verander en moeite sal maak om probleemtieners en anders denkende tieners te verstaan en impak in hulle lewens sal hê. My hoop is ook dat die meisies sal verander, nie noodwendig wie hulle is nie, maar dat hulle stories van hoop eerder as van wanhoop sal vertel; dat hulle sal verstaan dat almal en alles nie teen hulle is nie. As ek hier weer by die beeld van 'n verhoogdrama kan aansluit is deel van my belangstelling in die studieveld daarin gesetel dat ek nie baie lief is vir tragedies nie. Ek is baie gemakliker met drama, wat elemente van tragedie en hartseer bevat, maar wat ook komedie en romanse bevat. 'n Drama is dus 'n

verhaal waarin daar baie meer moontlikheid is. Die navorsing wil 'n deel van die meisies se lewensdrama oorvertel. In die her-vertelling sal hulle nie net passief saamgesleep word nie, maar sal hulle 'n aktiewe deel in die skryf en herskryf hê.

**1.5. Posisionering**

Die deel wat nou volg is grotendeels die regisseur van die navorsingsdrama se metodologies epistemologiese vertrekpunte. Die posisies wat hier genoem en later verduidelik sal word, is die verkyker waardeur daar na die drama gekyk sal word. In baie opsigte is die navorsings konteks ver en moet daar maniere gevind word om nader aan die konteks/te te kom. Dit plaas die navorsing binne 'n baie bepaalde konteks en is belangrik vir die omgaan met die navorsingsverhaal. Dit bepaal die manier hoe die navorsing verstaan sal word. Die teorieë vir die verstaan van teorie kan in drie groepe of klasse geplaas word volgens Elgin (1998:27):

- Perfekte teorieë: Die teorieë moet net so aanvaar word en is in 'n sekere sin onveranderlik.
- Imperfekte teorieë: Die teorieë soek na konsekwente antwoorde maar erken dat dit nie vas is nie en wel kan verander.
- Suiwer prosedure: Die teorieë is waar omdat dit in 'n bepaalde konteks as waar bewys is.

Ek kies vir die laasgenoemde teorie, omdat die navorsing binne 'n baie bepaalde konteks gedoen is. Die navorsing sou ook op ander kontekste van toepassing kon wees maar dit vertel die verhaal van 'n groep mense op 'n bepaalde verhoog binne 'n baie bepaalde verhoogdrama. Die kennis is daarom deur 'n baie bepaalde gemeenskap gekonstrueer en word dus deel van wetenskaplike kennis (Elgin 1998:38).

Ek glo verder dat my belangstelling in die navorsing 'n baie groot invloed het in my metodologies epistemologiese posisionering. Die vertrekpunt of dan

posisionering van die navorser is dus 'n narratiewe, sosiaal-konstruksionistiese postfundamentalistiese, praktiese-teologiese posisie.

Die posisie impliseer baie meer as wat dit aanvanklik wil voorgee. Elke woord sou op sy eie al reeds 'n vertrekpunt kon wees. Die filosofiese wortels van elke konsep lê verder baie diep, wat dit in baie gevalle nog meer kompliseer. Wanneer ek dus my posisionering verder beskryf wil ek nie probeer om die sake te oorvereenvoudig nie. Ek sal die sake dus so aan die dag laat kom dat dit my posisionering sal weerspieël. Dit is sake wat baie belangrik is wanneer daar na die totale prentjie gekyk word en waarvan die hoofkarakters weet, maar wat grotendeels die regisseur se verantwoordelikheid is. Die res van die hoofstuk sal spesifiek aan hoe die navorser die sake sien en homself posisioneer ten opsigte van die sake toegewy word.

**1.6. Navorsing as intervensie**

Wanneer daar aan 'n verhoogdrama gewerk word, is die regisseur nie noodwendig altyd op die verhoog besig nie, maar hy staan soms terug, want wanneer hy betrokke raak kan dinge 'n ander momentum kry. Die saak het twee kante: die regisseur kan invloed op die hoofrolspelers hê, maar hulle kan ook 'n bepaalde invloed op hom hê. Twee wêrelde ontmoet mekaar op hierdie punt en dinge kan daarna nie weer dieselfde wees nie. Wanneer hierdie twee wêrelde mekaar ontmoet begin daar 'n baie bepaalde verstaan ontwikkel. Ricoeur (1991:26) verwys hierna as die ontmoeting van die teks en die leser. Die regisseur het bepaalde kennis en die hoofkarakters het bepaalde kennis, die twee wêrelde het dan 'n definitiewe invloed op mekaar. Dit is ook die geval wanneer daar met navorsing begin word. Wanneer ek dus begin om oor die narratiewe navorsing te praat dink ek dit is belangrik om in die eerste instansie te erken dat dit navorsing is. Navorsing met 'n baie bepaalde doel, intervensie. Demasure en Müller meen dat transformasie die maklikste deur verhale meegebring word (Demasure & Müller 2006:410).

Die navorsing wat in die studie gedoen is, is daarom ook vanuit die narratiewe benadering gedoen, wat verhale impliseer. Verhale is kennis wat jy as persoon het oor die verlede die hede en die toekoms. Die manier waarop 'n persoon leef is baie kere 'n direkte gevolg van hoe 'n persoon verhale oor homself en sy konteks vertel. Met verhale konstrueer ons dus die toekoms (Müller 2000:9). Ons sou dus selfs so ver kon gaan as om te sê dat die manier hoe ons leef, 'n resultaat is van hoe ons, ons self in stories uitdruk. Dit beklemtoon ook die verband tussen 'n persoon se verlede-, hede- en toekomsverhale. Die narratiewe benadering tot navorsing wil juis na die verhale luister en dit weergee en 'n bepaalde verandering teweeg bring. Die verandering is dan ook moontlik deur intervensie wat navorsing baie kere bring. 'n Persoon vertel sy verlede- en hedeverhale op 'n baie bepaalde manier. Dit het dan 'n invloed op hoe die toekomsverhaal vertel sal word. Byvoorbeeld: Indien 'n persoon se verledeverhaal 'n verhaal is waar daar min of geen vertroue bestaan het nie, sal die hedeverhaal 'n verhaal wees waar daar nie vertroue is nie. Die toekomsverhaal sonder die een of ander vorm van intervensie sal ook 'n verhaal wees van wantroue. Dit is dan juis hier waar die navorsing 'n baie bepaalde rol speel. Navorsing sal altyd 'n bepaalde intervensie teweeg bring (Müller & Schoeman 2004:3). Die intervensie is soms duideliker sigbaar en soms minder duidelik maar dit is altyd teenwoordig.

Die navorsing wat deur die studie gedoen is, het nie gepoog om terapie te wees nie. Die doel van die studie is navorsing. Daar is egter intervensie, deurdat mense se persoonlike wêrelde betree is en hulle stories moes deel wat baie keer aan hulle menswees geraak het. Daarom is die navorsing ook intervensie. Die wêreld van 'n groep mense is deur 'n vreemdeling betree. Die verhale waarna daar geluister is, is in baie gevalle nie verhale van hoop nie. Die gevoel wat daar baie kere geskep is met die vertel van die verhale is 'n gevoel van gevangenskap, droomloosheid en soms selfs doodsheid. 'n Groot deel van wat

deur die navorsingsintervensie bereik wil word is, dat verhale van hoop en lewe vertel sal word, met ander woorde toekomsverhale met hoop (Müller 2000:99).

Geen navorser stap skoon in 'n navorsingskonteks in nie. Daar is bepaalde bagasie en verwagtinge wat by elke persoon teenwoordig is. Dit geld nie net vir die navorser nie maar ook vir die nagevorste in hierdie geval die medenavorsers en gespreksgenote. Ook die gespreksgenote en medenavorsers kom met hulle eie voorveronderstellings. Daar is dus doelbewuste interaksie tussen die navorser en die nagevorste (Müller & Schoeman 2004:3). Die intervensie is dus 'n intervensie na twee of meer kante toe wat die navorser die nagevorste en bepaalde kontekste beïnvloed.

Müller en Schoeman (2004:7) verduidelik die betrokkenheid van die navorser op die verhoog van die navorsingskonteks soos volg:

- In kwantitatiewe navorsing is getalle en statistiek die fokus, mense is dus binne die benadering objekte.
- In kwalitatiewe navorsing is die beginpunt die betrokke posisie. Die doel is om te beskryf en te verstaan. Die navorser is dus direk betrokke.
- In deelnemende navorsing is die betrokkenheid nog hoër. Die doel is sosiale verandering. Deelnemers neem nie net deel nie maar word verander deur hulle deelname.

Enige van die vertrekpunte sou gevolg kon word en steeds as intervensie gesien kon word. Die narratiewe benadering tot navorsing geassosieer met die laasgenoemde model, maar moet vanuit die sosiaal-konstruksionistiese paradigma verstaan word. 'n Mens is deel van die navorsingsverhaal en verhale staan dus in die sentrum van die navorsing.

Ricoeur (1991:22) meen dat verhale op 'n baie bepaalde manier ontwikkel, deur 'n reeks faktore wat bymekaar gesit word. Dit geskied deur middel van

prefigurasie, konfigurasie en re-fugirasie. Die gedagtes van Ricoeur soos ons dit by Demasure en Müller (Demasure & Müller 2006:410) kry aangaande prefigurasie, konfigurasie en refugirasie glo ek kan as 'n goeie metafoor dien om te skets hoe navorsing as intervensie sou kon funksioneer.

In die navorsing kan die gedagtes van Demasure en Müller aangaande Ricoeur se prefigurasie, konfigurasie en re-fugirasie soos volg geïmplementeer word. Die teks word met versigtigheid benader en is self vol versugting. Volgens Müller en Demasure word elke teks met bepaalde kennis benader wat sekere vooroordele en gevoelens insluit (Demasure & Müller 2006:410). Terwyl die teks gelees word vind daar 'n ontmoeting plaas tussen die wêrelde van die teks en die leser. Die ontmoeting het dan dus as gevolg 'n nuwe tipe verhouding waaroor daar ander verhale vertel kan word.

Intervensie begin dus op hierdie punt. Wanneer die navorser (die leser) se wêreld met dié van die nagevorste (die teks) se wêreld ontmoet, is daar aanvanklik ook prefigurasie wat oorgaan tot konfigurasie en refigurasie tot gevolg sal hê. Intervensie as gevolg van die ontmoeting is dus onafwendbaar. Die leser het die wêreld van die teks betree. Die gebeure het dus 'n baie bepaalde invloed op beide die navorser en die nagevorste. Beide se wêreld beelde en sieninge het 'n invloed op mekaar.

Hierdie beïnvloeding van mekaar se wêreld beelde lei na 'n nuwe persepsie van die wêreld en 'n nuwe manier van in die wêreld wees (Demasure & Müller 2006:411). Demasure en Müller verwys na die gebeure as refigurasie (2006:411).

Binne die konteks van navorsing het prefigurasie, konfigurasie en refigurasie baie bepaalde implikasies. Die narratiewe benadering tot navorsing kan nie anders as om intervensie te wees nie. Die intervensie het egter baie bepaalde implikasies, veral vir die navorser. Die intervensie moet met uiterste respek en

sensitiwiteit benader word. Hierdie intervensie kan marginaliseer of bemagtig (Müller & Schoeman 2004:3).

Navorsing in die konteks waarbinne ek gewerk het sou baie maklik uitgebuit kon word om mense te stigmatiseer en hulle dan op so 'n manier op die rand van die samelewing te skuif. Die medenavorsers moet dus met baie groot respek hanteer en benader word. Binne die sosiaal-konstruksionistiese paradigma wil en mag ons nooit mense viktimiseer, marginaliseer of patalogiseer nie (Müller & Schoeman 2004:3). Die intervensie moet dus kennis en mag aan die medenavorsers gee en nie daarvan ontneem nie. Die navorsing is dus met die teks in gedagte aangepak. Beplande intervensie is dus deel van die navorsing. Die groot vraag is: Hoe kan die teks bemagtig word deur die intervensie?

In die beeld van die navorsing as 'n verhoogdrama sou ons kon vra: Hoe kan elke karakter begelei word om sy/haar deel in die toneel so goed moontlik te speel, sonder om ander karakters te word? Dit sal noodwendig ook die navorser insluit. Dit kan gesien word as 'n wisselwerking tussen akteurs en regisseur, tussen navorsing en navorser. Beide partye het kennis.

### 1.7. Kennis en mag

Omdat daar noodwendige interaksie tussen regisseur en akteurs is, is daar kennis wat uitgeruil word. As navorsing dus intervensie is, is navorsing dus by implikasie ook 'n uitruil van kennis. Die veronderstelling is dus ook dat die navorsing intervensie sal wees. Die verwagting is dan dat die navorsingsintervensie 'n positiewe uitwerking sal hê en dat dit die gespreksgenote, akteurs en regisseur sal help, inspireer en hulle sal toerus om oor 'n toekoms te droom; 'n toekoms waar hulle nie net randfigure is nie maar waar hulle volledig deel is van die samelewing en medeburgers kan wees sonder dat hulle hoef te konformeer of dan klone te word. Hulle is in die wêreld maar veral ook van die kerk.

Navorsing is dus intervensie wat veronderstel is om kennis te genereer, die kennis sou dan mag kon genereer en die kennis sou dan by implikasie ook mag aan verskeie partye gee; mag om beter te verstaan wie ons is, mag om te verander en mag om te hoop vir 'n beter toekoms. Schrag (1992:94) praat van die narratiewe kennis as meer en veranderlike diskoerse, tekste oor geloofsbegeertes en instansies wat die grootheid van menslike ervaring in 'n web van verweefdheid en interafhanklikheid saamvat. Narratiewe kennis sou op grond hiervan gesien kon word as kennis oor die self. Die kennis gee ook mag aan die persoon wat die kennis ken. Caputo en Yount (1993:4–5) meen dat mag 'n dun lagie is wat alle menslike interaksie bedek. Mag is dus deel van die hart van alle verhoudings tussen mense en tree na vore sodra mense in interaksie met mekaar verkeer.

Die konsep "kennis/mag" (Foucault 1988:388) is 'n konsep wat ek by Michel Foucault gekry het. Sy werk het in baie opsigte probeer om aan gemarginaliseerdes en die massas 'n stem te gee. Hy het byvoorbeeld 'n baie groot rol in die 1979- opstande in Iran gespeel. Hy is egter deur baie Wes-Europese en wêrelddenkers as negatief beleef. Foucault (1988:388) meen dat mag 'n onuitwisbare deel van enige bestaande of toekomstige verhouding is.

Ek glo dat om die verhoogdrama ander momentum te gee die manier oor hoe Foucault oor kennis en mag dink baie insiggewend sou kon wees. McHoul en Grace meen dat die denke van Foucault aan die hand van drie basiese kenmerke onderskei kan word (McHoul & Grace 1993):

1. Foucault probeer nie om een samehangende sisteem van denke te konstrueer nie. Hy vra eerder die vraag wie is ons vandag.
2. Nadenke oor die werklikheid kan nie losgemaak word van die geskiedenis nie. Die geskiedenis het 'n baie groot invloed op wie ons vandag is.

3. Foucault gaan deur verskillende fases in sy denke: kennis is die subjek, mag is maar van die temas wat onderskei sou kon word.

Hy het dus oor baie dinge geskryf, maar wat veral belangrik was is sy werk oor die ander (Freedman & Combs 2002:13), met ander woorde hulle wat om die een of ander rede as abnormaal geklassifiseer en geëtiketteer is. Freedman en Combs interpreteer Foucault se werk aangaande kennis en mag soos volg: dat 'n persoon mag het in 'n samelewing in direkte ooreenstemming met die manier hoe hulle help om 'n gemeenskap te vorm en deel te hê aan die diskoerse van daardie gemeenskap (Freedman & Combs 2002:13). Freedman en Combs wys in Foucault se werk byvoorbeeld hoe mense wie se stemme domineer in bepaalde gesprekke, byvoorbeeld oor homoseksualiteit, die mag het om aan te dui dat homoseksuele mense nie normaal is nie (Freedman & Combs 2002:13). Hulle is dan gemarginaliseer en op die rand van die samelewing geskuif waar so 'n geëtiketteerde mens geen mag het nie. Freedman en Combs sê dat die mense se stemme afgesny is van kanale van mag (Freedman & Combs 2002:13).

Mag is baie kere 'n konsep wat deur baie mense as negatief beskou is. Die meisies met wie ek gepraat het, het byvoorbeeld almal gevoel dat niemand na hulle luister nie en dat hulle stem in elk geval nie tel nie. Hulle het gevoel dat die tieners wat nie probleme het nie en nie homoseksueel optree nie die enigste kinders is na wie daar geluister word. Hulle het dus magteloos gevoel. Gordon sê dat mag 'n verslawende entiteit is wat mense kan mal maak en hulle wat regeer blind kan maak (Gordon 1980:51). Net hulle wat hulle afstand van mag hou kan die waarheid ken (Gordon 1980:51). Dit is juis so omdat mag tradisioneel net by hulle gesien is wat ryk is en hulle wat in hoë posisies was. Mag is dus tradisioneel nie 'n konsep wat gewone mense mee assosieer nie. Om vanuit die narratiewe benadering met die konsep te werk sou selfs as gewaagd gesien kon word. Maar die mag wat hier geïmpliseer word, is mag wat aan mense 'n stem gee; mag wat almal het, en waarvan almal eweveel het en wat altyd gelyk versprei moet word. Die plek waar ek glo die mag versprei word, is in ons

verhale, die stories wat mense vorm. Hussain soos Foucault, sien mag as 'n baie belangrike konsep, hoewel hy nie regtig positief daaroor is nie (Cousins & Hussain 1984:225). Die gevaar van die manier van dink soos Foucault daaroor dink is dat dit baie leun na die Marxisme, maar nietemin bou Husain en Cousins (1984) 'n redelike uitgebreide teorie oor die konsep van mag by Foucault op. Hussain en Cousins meen dat oor mag het Foucault nie 'n teorie nie. Hy praat wel uitgebreid oor hoe mag benader en hanteer moet word. Foucault skep die gedagte dat hy eerder mag eksploreer as om 'n teorie daaroor uiteen te sit (Cousins & Hussain 1984:225). Die beste manier om Foucault se opmerkings oor mag te benader sou wees om dit te sien as 'n antwoord, nie op 'n enkele vraag nie, maar op 'n reeks vrae wat op die volgende betrekking het (Cousins & Hussain 1984:226):

- Wat is die paradigmas wat direk betrokke is by die analise van mag en die verhoudings ten opsigte daarvan?
- Wat is die plek van ideologie in magsverhoudings?
- Hoe kan jy magsverhoudings herken en ook die verhoudings se kenmerke identifiseer?
- Wat is die doel van die kritiek van kennis en magsverhoudings?
- Wat is die verhouding tussen velde van kennis, spesifiek dié wat onder die sosiale en menslike wetenskappe val, en mag?
- Hoe werk subjektifikasie wat die diverse historiese prosedures is wat sekere kenmerke toeskryf aan mense?

Om dit eenvoudig te stel te stel sou 'n mens kon sê dat daar eers van wat mag is kon gepraat word, nadat daar gekyk is na hoe mag gebruik word. Binne die narratief word daar anders met mag omgegaan as binne byvoorbeeld Marxisme. Foucault gebruik deurlopend konsepte en voorbeelde uit die Marxisme wanneer hy oor mag praat. Hy doen dit baie subtiel. Ek glo dat oor mag gedink kan word soos May daaroor dink. Die verskil lê daarin dat hy sê mag kan alleen deur en oor vry mense beoefen word sover hulle vry is (May 2006:83). Die vryheid wat

deur die narratiewe benadering gebring word, sou dus 'n ruimte kon wees waar mag ontwikkel en uitgeoefen kan word. Die "vry" impliseer ook vry van dinge soos trauma en marginalisering wat mense ervaar. Sosiale konstrukte sou in die pad van ware vryheid kon staan. Mag moet en kan dus net effektief beoefen word wanneer mense vry is en uit eie keuse die mag aanvaar. May sê dat daar vyf punte is wat in ag geneem moet word by die beoefening van mag (May 2006:83):

- Mag is nie 'n besitting nie.
- Mag moet binne verhoudings funksioneer.
- Mag werk van onder af boontoe.
- Intensioneel en non-subjektief.
- Mag kom altyd met weerstand.

Gordon wat ook uitgebreid oor die filosofie van Foucault skryf, meen mag kan verder alleen beoefen word aan die hand van die skep van waarheid (Gordon 1980:98). In die model kan mag gesien word as 'n net. Die individu kan tussen die gate van die net vrylik deurbeweeg en leer oor die waarheid van die net. Die net word ook nie deur die individu verander nie. So ervaar en beoefen die individu gelyktydig mag uit (Gordon 1980:98). Die mag is dus nie 'n mag wat van bo af ondertoe werk nie maar juis anders om. Mag lê by elke persoon en nie net in groter strukture nie. Almal het dus mag.

Wanneer mag dus so gesien word het dit bepaalde implikasies, wat die uitkoms van die studie in baie groot mate beïnvloed. Die manier van magsbeoefening skep dus nuwe verhoudings. Een van die nuwe verhoudings is die kennis/mag-verhouding. Die verhouding tussen kliënt en dokter verander ook as gevolg van die kennis/mag-verhouding wat tot stand gekom het. Kliënte is nie meer net mense sonder enige mag nie (Foucault 1980:82). Hulle het ook bepaalde kennis wat hulle mag gee om deel te hê aan hulle eie diagnose. Wanneer ons dus weer aan die verhoogdrama dink, het die hoofrolspelers en die regisseur mag, wat 'n

invloed op mekaar uitoefen. Binne die narratiewe benadering word daar ook nie meer van kliënte gepraat nie maar van mede-navorsers en gespreksgenote. Elke persoon het bepaalde kennis wat weer mag tot gevolg het. Dit is egter belangrik om daarop te wys dat kennis en mag nie dieselfde konsep is nie, hulle staan wel in 'n bepaalde verhouding tot mekaar. Kennis en mag is wel deur die geskiedenis verweef (May 2006:21). Die probleem is dat nie almal se menings altyd geag word nie.

Hierdie kennis is soos in die navorsings verhaal baie keer kennis wat as marginale kennis gesien kan word. Foucault noem die kennis naïewe kennis, omdat dit in die amptelike hiërargie van kennis 'n baie lae posisie inneem (Foucault 1980:82). Die kennis word in baie gevalle gesien as kennis wat nie regtig die moeite werk is om aandag aan te skenk nie (Foucault 1980:82). Die kennis is die kennis waarna die studie op soek is.

Die groot vraag wat nou egter beantwoord moet word, is hoe die kennis lyk wat met mag geassosieer moet word. Die vertrekpunt wat gebruik sal moet word is dat kennis/mag nie sommer net 'n vorm van mag is nie, maar dat die verhouding 'n vorm van kennis bly. Die kennis is vir Foucault baie belangrik meen May (May 2006:8). May het afgelei dat Foucault meen dat dit juis kennis is wat in ons aksies tot stand kom (May 2006:8). Mense kan dus op geen manier van hulle verhale losgedink word nie, die mens is terselfdetyd die produk van en ook die produseerder van sy verhaal en verhale oor hom of haar (Foucault 1972:95). Ons kennis verander dus soos ons praktyke verander, soos ons geskiedenis ontvou sal ons kennis kry oor bepaalde sake (Foucault 1980:82). Dit hang ook grotendeels af oor die tyd en die plek waar dit gebeur. Ons kennis oor bepaalde sake sal dus verskillend wees op verskillende fases van ons lewens (May 2006: 20).

Dit beteken dus dat die mens wel sy of haar praktyke kan verander en ander uitgangspunte kan inneem. Daarom het die individu die mag om sy of haar lewe

in 'n ander rigting te stuur. Daar is wel 'n onvermybare band tussen kennis en mag. Die twee konsepte is verweef maar kan nie gesien word as net een saak nie (May 2006:92). Die manier waarop jy weet (kennis) is die manier waarop jy sal optree (mag). Hoy stel voor dat Foucault meen die kennis is selfkennis (Hoy 1986:236). As persoon weet jy hoe jy gaan optree, want jy het bepaalde kennis. Die beoefening van die mag skep en veroorsaak dan weer nuwe kennis: kennis induseer dus mag (Gordon 1980:51). Die denke van Foucault het 'n baie bepaalde invloed op die narratiewe benadering gehad, veral as daar gekyk word na die kennis/mag-verhoudings (Freedman & Combs 2002:12).

Freedman en Combs beklemtoon verder dat dit duidelik is dat kennis en mag baie met mekaar verband hou. (Freedman & Combs 2002:13) en dat dit selfs as dieselfde konsep beskou kan word. Dit is dus net so onvermydelik dat verhale altyd mag het en mag uitoefen (McHoul & Grace 1993:20). Mag is nie iets wat besit kan word nie maar wel uitgeoefen kan en moet word. Die mag kan nie los van mense uitgeoefen word nie, die mag werk net binne verhoudings of dan relasies. Binne die navorsingskonteks is dit ook nie veel anders nie. Elke persoon het kennis. Die kennis sou gebruik kon word om vir daardie persoon mag te gee. Die probleem in die konteks waarmee ek werk is dat die meisies begin glo het dat hulle stemme nie tel nie. Die toneelstuk waarin hulle deelgeneem het tot nou toe, is een waar hulle net doen wat die regisseurs of dié met die "mag" vir hulle gesê het om te doen. Freedman en Combs het gesê dat dit is asof hulle stemme van die kanaal van mag afgesny is (Freedman & Combs 2002:13). Die probleem en tog vir my die positiewe van die saak was dat hulle steeds gehoor wou word.

Die veronderstelling waarmee die konteks van die meisies dus benader sal word, is een waar hulle die mag het, met ander woorde. Waar hulle as 't ware die hoofrolspelers van die verhoogdrama sal wees. Die klem sal dus val op wie hulle is en wie hulle kan wees en selfs oor wie hulle droom hulle kan wees, en nie op wie die dekor en agtergrond en buitestemme hulle wil maak nie.

## 1.8. Wetenskap en teologie

Binne die navorsingsdrama op die agtergrond en partykeer ook in die voorgrond is daar 'n dans tussen twee bykarakters aan die gang. Die dans is onmisbaar deel van die navorsingsdrama. Dit is teenwoordig in alle dele van die drama. Die dans vind plaas tussen teologie en wetenskap.

Die implikasie van kennis en mag wat so verstaan word soos verduidelik is, is verder ook dat die verband tussen wetenskap en teologie anders benader sal moet word. Beide bring kennis na die verhoog toe. Die een se kennis kan nie as 'n hoër en die ander as 'n laer kennis beskou word nie. Die kennis moet verder ook vir die gespreksgenote 'n bron van mag wees en nie 'n verdere bron van marginalisering nie. Die verhouding tussen wetenskap en teologie is verder ook belangrik omdat die debat rakende homoseksualiteit in baie gevalle juis hier gestrand raak; juis omdat eksponente aan beide kante van die debat hulle kennis as die hoogste vorm van kennis of absolute kennis ag, wat aan hulle al die mag gee.

Die gesprek oor en tussen wetenskap en teologie en wetenskap en die kerk is in baie opsigte vir die studie belangrik. Die gesprek is so deel van die agtergrond dat dit nie uitgelaat kan word nie. Die gesprek veral aangaande homoseksualiteit is 'n gesprek wat gedomineer word deur, aan die een kant dit wat in die wetenskappe gebeur en aan die ander kant dit wat binne die kerk gebeur. Beide partye probeer antwoorde kry en beide baseer hulle uitlatings in baie gevalle op absolute waarheid. Dus 'n positivistiese wetenskapsbeskouing. Daar moet dus gesprek gefasiliteer word.

Die feit dat ons verhale kennis is dat daarom elke mens mag het, is ook 'n baie bepalende invloed op die manier hoe daar veral gedink is oor wetenskap en teologie. Wetenskap het tradisioneel kennis gehad en teologie het oor stories en

magie beskik. Een van die belangrike vertrekpunte van die studie is dat teologie soos wetenskap kennis het, en ook gesien moet word as wetenskap. Dit is 'n ander tipe wetenskap, maar nie 'n wetenskap sonder mag nie. Teologie kan ook nie besluit dat dit direk van God af is en daarom nie tot op die vlak van wetenskap kan daal nie. Die wetenskap is dus vanweë dié rede ook verplig tot gesprek op 'n wetenskaplike manier met die ander vakgebiede. Die veronderstelling is interdissiplinêre gesprek. Dit is daarom belangrik om kennis te neem van die volgende drie standpunte voor die verhouding wetenskap en teologie verder bespreek word (Van Huyssteen 1998:15).
Teologie is:

- ’n *Monodissiplinêre* benadering waarin die Bybel of die leer van die kerk regstreeks aangewend word vir die praktyk van religieuse handelinge.

- ’n *Multidissiplinêre* benadering waarin teologie en wetenskappe langs mekaar staan – teologie spreek die laaste woord, terwyl kennis geneem word van die bydraes van die wetenskappe as hulpwetenskaplik van aard.

- ’n *Interdissiplinêre* benadering waarin teologie en wetenskappe na mekaar luister en met mekaar in gesprek tree as verteenwoordigers van verskillende invalshoeke op dieselfde realiteit.

Die ideaal is nie 'n monodissiplinêre of 'n multidissiplinêre benadering nie, maar wel 'n interdissiplinêre benadering. Daar is bepaalde sake waarvan kennis geneem moet word voordat so 'n gesprek kan gebeur. Benson meen dat dit nie anders kan nie, wetenskap en teologie moet met mekaar in gesprek bly (2007:7) Wanneer 'n mens dus begin praat oor wetenskap en teologie is dit baie belangrik om dadelik te erken dat veral die natuurwetenskappe en die teologie se taal baie

verskil. Daar sal dus altyd punte wees waaroor daar konflik kan wees. Van Huyssteen (1998:15) gee die volgende punte as moontlike konflikpunte:

- Wetenskaplike denke en uitsprake is hipoteties, feilbaar, en tentatief. Terwyl teologiese uitsprake baie kere dogmaties, vas, ideologies en fideïsties.
- Wetenskaplike denke en uitsprake is oop vir evaluasie, modifikasie en falsifikasie, terwyl teologiese uitsprake baie kere die empiriese verkeerd bewys.
- Wetenskaplike denke groei in en deur kritiek, teologie baie kere nie.
- Wetenskaplikes baseer hulle geloof op feite en rasionele argumente, terwyl teologie alleen op geloof gebaseer is.

Dit is dus duidelik dat die verhaal tussen wetenskap en teologie 'n komplekse verhaal is met baie slaggate. Stone maak dit egter duidelik dat gesprek tussen teologie en wetenskap nodig is maar dat die gesprek nie noodwendig daar is om teologie te red nie (2008:1959). Ek glo so ook dat dit ook nie daar is om wetenskap en veral natuurwetenskappe te red nie.

Wanneer ek dink oor wetenskap en teologie is daar twee name wat dadelik in my gedagtes opkom: Wentzel van Huyssteen en Gregor Mendel. Veldsman wys daarop dat dit een van die gesprekke is wat vir Van Huyssteen jare lank al besig hou (2008:222). Dan so ook met rede, dit is 'n gesprek wat baie denkers oor die laaste twee eeue besig hou en gehou het. Die wetenskap en teologie, is eerder aanvullend tot mekaar gebruik. Ek glo dat dit ook waar is vir die verhoudings tussen teologie en ander wetenskappe.

Daar is egter ook kritiek teen die werk van Van Huyssteen. Ek gaan nie daarop fokus nie. Vir die doel van die dokument meen ek dat dit nodig is dat daar gesprek sal wees tussen wetenskap en teologie. Indien daar nie gesprek is tussen die teologiese en natuurwetenskappe nie sal dit die gesprekke wat volg

baie bemoeilik. Die model vir interdissiplinêre gesprekvoering waarvoor ek kies is die model van Van Huyssteen. Daarom sal wat hierna volg in meer besonderhede op die werk van Van Huyssteen gefokus word.

Met die modernisme kom daar verandering. Alles word gekompartementaliseer. Elke saak en vakgebied word in 'n eie boksie geplaas waar dit in 'n tipe vakuum moet funksioneer. Dit het dan myns insiens 'n baie negatiewe uitwerking gehad op veral die verhouding tussen die wetenskappe en teologie. Elke vakgebied het verder 'n stel absolute uitsprake gehad waarvolgens hulle hulself ingerig het, wat verdere gesprek onmoontlik gemaak het. Die teologie het homself veral hieraan skuldig gemaak deur die plek van dogma en God om te ruil. Absolute uitsprake het veral in die modernisme die teologiese gesprekke gedomineer. Ander wetenskappe kon nie met teologie in gesprek tree nie want ons het al die antwoorde gehad. Interdissiplinêre gesprek het dus feitlik heeltemal verdwyn.

Deel van die modernistiese manier van dink is ook bevorder deur die logiese positivisme. Die logiese positivisme het geglo dat alle wetenskap op 'n bepaalde manier moet lyk (Van Huyssteen 1986:17). Wanneer 'n wetenskap of 'n denkrigting dan nie binne die model gepas het nie, is dit gediskwalifiseer as wetenskap. Die gevolg van die manier van dink was dat daar gepoog is om die alledaagse lewe te suiwer van teologiese en metafisiese oorheersing (Van Huyssteen 1986:17). Die positivisme het dus 'n baie sterk onderskeid getref tussen:

- Empiries wetenskaplike uitsprake, wat gevorm is deur middel van logiese analise binne die wetenskap.
- Metafisiese uitsprake, wat geen kognitiewe inhoud gehad het nie maar betrekking gehad het op bepaalde gevoelens.

Na die teologie se kant kan daar van soortgelyke gebeure gepraat word. Ons sou kon verwys na 'n positivistiese teologie. Die tipe teologie sal enige wetenskap wat nie soos hy dink nie van die tafel af kon vee.

Met denkers soos Carl Popper begin dit egter weer skuif. Die beweging waarin Popper spesifiek aan die voortou van staan is die kritiese rasionalisme. Popper staan op 'n buitengewone manier op teen die aannames van die logiese positivisme. Sentrale temas wat ons by Popper aantref is (Van Huyssteen 1986:38) die volgende:

- 'n Skerp onderskeiding tussen 'n dogmatiese en kritiese denkhouding.
- Mense leer uit hulle foute. Meer formeel gestel: Ons kennis groei nooit bloot deur toevoeging of akkumulasie van nuwe brokke as-waar-bewese kennis nie; inteendeel, ons kennis groei deur ons pogings om dit te verbeter deur foute uit te skakel.
- Of kennis objektiewe kennis is of nie, word nie bepaal deur die wyse waarop dit verwerf is nie, óf deur die manier waarop dit induktief bewys of gefundeer kan word nie. Objektiewe kennis is veel eerder kennis wat die toets van kritiek en dus die kritiese vraag kan deurstaan.
- Die herkoms van kennis kan na verskillende bronne teruggelei word. Kritiese vrae oor die oorsprong van ons kennis en oor die waarheid van ons beweringe moet daarom veel skerper onderskei word as wat wetenskaplik filosofies gebruik was.
- Daar bestaan geen laaste finale basis vir die begronding van ware kennis nie. Al ons hipoteses en teorieë het dus die status van vermoedens en sal ook as sodanig beskou word. Die wetenskaplike behoort daarom in sy arbeid wel na waarheid te soek, maar hy moet versigtig wees om in die proses nie foutiewelik die een of ander finale sekerheid na te streef nie.

Die taak van die wetenskap word nou veel meer as om binne die konteks van interdissiplinêre gesprek te onthou om deur kritiese denke kennis te verbeter (Van Huyssteen 1986:39). Denkers soos Popper verwerp dus die logiese positivisme. Die werk van Popper is veral belangrik omdat dit die deur vir teologie oopmaak om gesien te word as 'n wetenskap. Wolfhart Pannenberg doen dit dan ook (Van Huyssteen 1986:40). Maar selfs verder as dit kom die gesprek tussen teologie en die ander wetenskappe weer op die tafel.

Teoloë en wetenskaplikes begin opnuut weer die vraag vra: is interdissiplinêre gesprek wel moontlik. Wat kan teologie van genetika en ander wetenskappe soos antropologie, sosiologie, sielkunde, fisika en chemie leer? Hoe kan die teologiese gesprek verdiep word deur met die wetenskappe in gesprek te tree. Die Suid-Afrikaans gebore Wentzel van Huyssteen[3], Princeton Teologiese seminarium se professor in Teologie en Wetenskap is een van die belangrikste denkers oor die gesprek. In baie opsigte is Van Huyssteen 'n moderne Mendel, maar in baie opsigte baie meer. Hy waag dit om weer die vraag op die tafel te sit: Is so 'n interdissiplinêre gesprek moontlik? (Van Huyssteen 1998:5).

Ongeag van hoe 'n mens na dink oor die gesprek tussen wetenskap en teologie, dit is nie 'n maklike gesprek nie (Van Huyssteen1998:1). Die gesprek is 'n gesprek wat gekenmerk word deur slaggate wat altyd daar sal wees. As navorsers moet ons altyd op ons hoede wees vir die slaggate, want dis baie maklik om in hulle te trap en weer te verval in ons ou gewoontes en die gesprek weer heeltemal onmoontlik te maak.

Baie van die slaggate het dieper wortels. Ek glo die oorsprong van 'n groot deel van die slaggate het reeds hulle wortels in Plato[4] en die Platonisme. Elke deel van ons bestaan kan omtrent in dele opgedeel word: godsdiens funksioneer byvoorbeeld binne sy eie bepaalde sweer en die ander wetenskappe elkeen

[3] http://www.ptsem.edu/PTS_People/faculty/vanhuyssteen.php
[4] http://plato.stanford.edu/entries/plato/#PlaCenDoc

binne sy eie sweer. Ons sien die resultaat hiervan vandag veral in die manier hoe mense dink oor hulle lewens: alles het kompartemente werk, godsdiens, sport, ensovoorts. Elkeen het sy eie kompartement en die een het geen invloed op die ander nie. Wat interdissiplinêre gesprek nog verder kortwiek en wat volgens my gesprekke nog verder kompliseer is fundamentalisme in die uniform van dogma. Maklike antwoorde wat vir altyd geldig is en sal wees is dus nie ongewoon in die manier van dink nie.

Wanneer daar dan wel gesprek is, is dit 'n gesprek waarin daar beskuldigings gemaak is en niemand wil skuif nie. 'n Mens sou kon sê vanuit baie gelowiges en veral teoloë se oogpunt is die ander wetenskappe 'n tipe boosheid wat teenoor geloof en teologie staan. Net so het die ander wetenskappe en wetenskaplikes 'n standpunt teenoor die teologie ingeneem, naamlik dat geloof maklike antwoorde verskaf het vir wetenskaplik ongeletterdes.

Ek persoonlik glo dat die plan van God groter is as dit. God is ook die God van wetenskap. Om dus gesprekke tussen wetenskap en teologie van die tafel af te vee is om op 'n manier sonde te doen. Wanneer ons die gesprek nie voer nie ontken ons iets van die Godheid van die Here. Die gesprek moet gevoer en geëksploreer word.

Die Christendom is en was nog nooit net 'n stel intellekteuele gelowe of net 'n stel abstrakte gedagtes bo mense se gedagtes en verstand nie. Dit is en was nog altyd 'n manier van leef (Van Huyssteen 1998:1). 'n Mens wat dan die manier leef se lewens is getransformeer en lyk totaal anders. As ons so oor teologie en geloof dink, maak dit ander moontlikhede en deure vir ons oop. 'n Eens verbode gesprek word nou moontlik. Die absolute neergeskryfde reëls word nou minder absoluut. Die toets vir godsdiens is dus nie meer net 'n toets oor hoe reg en hoe verkeerd 'n mens praat nie. Verandering in mense se lewens word binne die verstaan van godsdiens die belangrikste toets (Van Huyssteen 1998:1). In Christus kry die gelowige se lewe sin (Van Huyssteen 1998:1). 'n

Mens se lewe is dus in die verstaan nie gekompartemetaliseer nie: jou hele lewe kry sin. Wanneer ons dus so redeneer verander interdissiplinêre gesprek van 'n moontlikheid na 'n verpligting. Daar moet so 'n gesprek gevoer word.

Die essensie van die Christendom was nog altyd presies dit: lewens moet verander. Daar is van die siening af weg beweeg na 'n model waar daar van onveranderlikes en vaste waarhede gepraat moes word; die manier van dink en redeneer het interdissiplinêre gesprekke baie bemoeilik (Van Huyssteen 1998:2). Die absolute manier van dink het die gesprekke gesmoor. Die rede daarvoor is dat as jy die waarheid ken hoef jy nie gesprek te voer nie. In die werklikheid gebeur dit waar lewens wat verander, mense juis vrae vra en soek na antwoorde.

Die postmodernisme het ons egter kom dwing om anders te praat as in die verlede. Teoloë is nie meer die enigste plek waar antwoorde gekry kan word nie. In die modernistiese manier van dink en praat was dit baie maklik om algemene waarhede in stand te hou, maar die situasie het baie verander. Om algemene waarhede in stand te hou, is nie meer so maklik nie (Van Huyssteen 1998:3). Mense beleef 'n hedendaagse Aufklärung. Waar ons in die verlede baie maklik kon sê dat iets waar is omdat die belydenisskrifte en die Bybel so sê, is dit nie meer so maklik nie. Daar is nou baie meer vrae wat gevra moet word voordat ons kan poog om 'n antwoord te gee. Vrae oor die tradisie, die konteks, die implikasies, die betekenis, ensovoorts is nou op die tafel (Van Huyssteen 1998:3).

Die kompleksiteit van die gesprek moet nie onderskat word nie. Die gesprek poog om twee totaal verskillende modelle bymekaar uit te bring (Van Huyssteen 1998:4). In baie opsigte het teologie 'n onvermoë om interdissiplinêr te werk en te dink ontwikkel. Dit maak deel uit van die postmoderne uitdaging (Van Huyssteen 1998:1).

> *Neither theology, science, nor the dialogue between theology and science have been left untouched by postmodernity. Postmodernity has not only*

> *given rise to a quest for a new understanding of the relationship between science and theology, but has also opened our eyes to the multilayered nature of reality, in the process engendering a renewed enchantment resulting from the interaction with nature, and renewed energy for trying to fathom these multiple layers* (Schilling 1973:47–48).

Ek glo nie die uitdaging wat die postmodernisme veral aangaande interdissiplinêre gesprek op die tafel kom plaas het moet gesien word as sommer net 'n fase of 'n tyd wat weer verby sal gaan nie. Postmodernisme is nie net die tyd wat op die modernisme volg nie. Dit moet eerder gesien word as 'n manier van dink en lewe wat uit die modernisme vloei. Dié manier van dink dwing jou dan om dinge radikaal anders te sien as vantevore (Van Huyssteen 1998:5).

Die manier van dink dwing ons om weg te beweeg van 'n een ware teologie af. Die ruimte word binne die benadering geskep vir meer as een interpretasie (Van Huyssteen 1998:6). Die waarheid wat ek dus ken en beleef is nie die enigste absolute waarheid nie. Hoe ek die Bybel en geloof interpreteer is dus net so 'n geldige manier van doen as enige iemand anders se manier. Om dus betekenisvol oor God en ervaringe van God te praat moet daar 'n veilige ruimte geskep word vir die gesprek tussen die wetenskappe en teologie (Van Huyssteen 1998:1). Die ruimte moet gekenmerk wees deur verdraagsaamheid, openheid en luister.

Teologie moet egter op 'n baie bepaalde manier benader word. Van Huyssteen (1998:8) stel voor dat die teologie dus op die volgende maniere benader word:

- Ons as mense assosieer met die wêreld rondom ons deur geïnterpreteerde ervaringe. Daar bestaan dus geen rede vir ons om te evalueer, te veroordeel en te vra na anders as dit wat die konteks ons bied nie. Daar moet dus kontekstueel gewerk word.

- Omdat ons nie anders kan optree as in verhouding met ons tradisie nie, moet ons sorg dat ons in 'n kritiese verhouding met ons eie tradisie staan. Dit wil sê dat dit nie net waar is omdat my oupagrootjie of Barth dit gesê het nie. Ons moet krities kan wees oor die manier waarop ons oor onself en ons tradisies dink.
- Die moderne interdissiplinêre gesprek is epistemologies gevorm deur die dominerende teenwoordigheid van wetenskaplike rasionaliteit in ons kultuur. Dus is en kan ons nie anders as om interdissiplinêr te wees nie. Teologie moet deel wees van die gesprek as dit enigsins relevant wil wees en 'n impak wil maak in die wêreld.

Die konteks waarbinne ek gewerk het verwag van my om breër te soek en te eksploreer, selfs om antwoorde buite die normale skopus van teologie te gaan soek. Dit is nie 'n teken van my eie ongeloof nie; ek glo eerder dat dit wel is wat geloof van ons verwag. God se godheid is nie net beperk tot die Bybelwetenskappe nie. Hy is ook die God van kwantumfisika en genetika en van sielkunde. Hy is die God wat alles en oral is en nie net in ons boksies bestaan nie.

Van Huyssteen (1998:12) stel voor dat daar eerder as 'n gewelddadige geveg tussen teologie en die wetenskappe daar 'n kultuur geskep moet word waar gesprek gevoer word. Van Huyssteen (1998:9) sê eerder as 'n gewelddadige *duel* moet daar gekyk word na 'n vreedsame *duet* tussen die verskillende wetenskappe. Interdissiplinêre gesprek is dus moontlik, ons moet net versigtig wees vir die slaggate en daar moet 'n veilige ruimte geskep word vir die gesprekke om binne plaas te vind.

Ek glo dus dit is belangrik dat die teologie in gesprek met ander wetenskappe moet bly. Teologie moet interdissiplinêr wees. Dit is een van die belangrikste vertrekpunte van die studie. Die studie is dus ook wetenskaplik; wetenskaplik in die sin dat dit kontekstueel is; wetenskaplik in die sin dat dit verhale van 'n

bepaalde groep mense wil oorvertel met integriteit; wetenskaplik in die sin dat dit gebruik sou kon word vir die basis van volgende gesprekke. Die studie is dus wetenskaplik en in gesprek met die breër wetenskaplike wêreld.

Neuman (1997:8) meen dat wetenskaplikheid aan die hand van die volgende beskryf kan word:

- *Universalisme*. Dit maak nie saak wie of waar navorsing gedoen word nie, dit moet getoets word aan die hand van wetenskaplike meriete.
- *Georganiseerde skeptisisme*. Wetenskaplikes moet nie nuwe idees of bewyse aanvaar in 'n nie-belangstellende of 'n nie-omgee houding nie; alle kennis moet getoets en uitgedaag word.
- *Ongeïnteresseerdheid*. Wetenskaplikes moet ontvanklik en oop wees om onverwagte en nuwe idees.
- *Gemeenskaplikheid*. Wetenskaplike kennis moet gedeel word met ander.
- *Eerlikheid*. Eerlikheid is 'n algemeen aanvaarde sosiale norm, maar dit is veral van krag binne 'n navorsingsruimte.

Wetenskap is dus 'n baie belangrike deel van die agtergrond waarteen hierdie verhoogdrama sal afspeel. Die navorsingsdrama, is dus in baie opsigte 'n wetenskaplike verhoogdrama. En ons sou ook kon sê wetenskap ‘n en deel van die verhoogdrama. Dit is dus 'n drama wat gevestigde gedagtes wil toets, skepties is oor gevestigde uitsprake, oop is vir nuwe gedagtes, wetenskaplike kennis/mag deel met 'n breër gehoor en eerlik is met homself en die breër gehoor.

### 1.9. Postmodernisme

'n Verdere baie belangrike konsep om te verstaan binne die verhoogdrama is die denkraamwerk waar binne die navorsingsdrama sal afspeel en ook waarbinne die hoofkarakters en die navorser hulleself bevind, naamlik die postmodernisme. Sou die navorsing 15 jaar terug gedoen gewees het sou dit baie anders gelyk

het. Die tydsgees verwag van 'n mens om op 'n baie bepaalde manier met die verhoog en die betrokkenes op die verhoog om te gaan.

Interdissiplinêre gesprek is nie 'n vreeslik modernistiese manier om te werk te gaan nie. Die volgende outomatiese veronderstelling van die studie is dus dat dit postmodernisties sal wees. Postmodernisme is 'n konsep waaroor daar baie verskillende interpretasies bestaan. Die konsep word ook baie keer oorvereenvoudig, wat probleme en waninterpretasies kan veroorsaak. My poging in die volgende deel is nie om die konsep te vereenvoudig nie. Ek het wel gepoog om van die belangrikste gedagtes van die postmodernisme weer te gee. Ek doen dit omdat die postmodernisme een van die belangrike vertrekpunte van die studie is en omdat van die ander konsepte, byvoorbeeld postfundamentalisme ook binne die postmodernisme lê.

Dit is daarom dan ook belangrik om eerstens daarop te wys dat die terme "modern" en "postmoderne" nie maar net tye soos 1800 en 1900 is nie. Die modernisme is nie net eenvoudig die tyd wat voor die postmodernisme gekom het nie. Maar soos Müller (2002:19) voorstel is dit eerder paradigmas. Dus eerder as tye wat op mekaar volg en wat weer verby sal gaan dui modernisme en postmodernisme op 'n manier van dink, 'n wêreldbeskouing. Die paradigmas gaan ook verby, maar nie soos tyd nie. Wanneer die paradigmas verbygaan is daar gewoonlik 'n paradigma wat vanuit die vorige ontwikkel en teenoor die vorige een staan. Die gevolg is dat dit verwarrend kan wees om regtig te verstaan wat die postmodernisme behels. Die postmodernisme vloei dus uit die modernisme, en staan teenoor die modernisme (Müller 2002:19). So het die modernisme ook vanuit die premodernisme ontwikkel en teenoor die premodernisme gestaan.

Olivier (2007:37) onderskei soos volg tussen premodernisme, modernisme en postmodernisme:

- *Premodern*: Die premoderniteit word gekenmerk deur die fundamentele rol wat mitiese en religieuse antwoorde en verduidelikings van natuur- en alledaagse lewe gespeel het. Met ander woorde die mitiese en religieuse het 'n bepalende rol in die wêreldbeeld van die mense gespeel. 'n Rasionele konseptualisering was minimaal teenwoordig gewees. Die mense sou ook as baie bygelowig gesien kon word.
- *Modern*: Die mitiese word vervang met die rasionele, wetenskaplike verduideliking van die wêreld. Rasionaliteit word verdeel in logiese sfere, byvoorbeeld etiek, kuns, politiek en tegnologie. Beheer en kategorisering is dus belangrike aspekte van modernisme.
- Postmodernisme: Die postmodernisme verwerp universalisme. Daarom word daar baie tyd gespandeer aan sake soos individualiteit, verskille en kontekste. 'n Mens sou kon sê dat die postmodernisme is in baie opsigte bevry van baie van die modernisme se elisies van vaste waarhede is.

Ons moet egter onthou dat daar aspekte van elke paradigma is wat ons kan help om die wêreld beter te verstaan. Daar moet op gelet word dat elke paradigma ook gevare het wat dit kan problematiseer en uiteindelik ook kan lei tot 'n paradigmaskuif. So het ook die postmodernisme gevaarpunte, waarvan relativisme maar een is. Wat ons by die gevare en sterk punte moet onthou is dat die paradigmas uit mekaar uit vloei. Dit beteken dat daar selfs van die premodernisme in die postmodernisme teenwoordig is. Elke paradigma het dus 'n bepaalde invloed op die volgende. Dit sou ook kon gebeur dat daar sekere persone kon wees wat premodernisties binne die dominante postmodernistiese kultuur te werk kon gaan. Die modernisme kan op dieselfde manier ook herleef of dan net voort leef.

Daar is baie kritiek wat teen die postmodernisme ingebring kan word. Baie van die kritiek is ook geldig. Ek gaan nie al die kritiek weergee nie. Die bestek

daarvan is hopeloos te groot. Ek gaan 'n paar eksponente en hulle kritiek net kortliks weergee. Ek sien dit nie as my taak om die postmodernisme te beskerm of te verdedig nie. Daarom gaan ek nie 'n apologetiese rol tenoor die postmodernisme inneem nie. Dit sal later duidelik word wanneer die postfundamentalisme verduidelik word, dat ek selfs van die kritiek ondersteun. Kritiek moet nooit net as negatief gesien word nie.

Die eerste kritiek is die kritiek teen die postmoderne siening van objektiwiteit en subjektiwiteit. Die kritiek kom veral van die antropologie (Weiss & Wesley 2008:9). Die kritiek is dat die modelle suiwer subjektief is. Een van die leidende figure hier is D'Andrade (Weiss & Wesley 2008:9). Die kritiek lei verder dat dit wel moeilik is om objektief te wees, maar dat objektiwiteit tog moontlik is. Verder meen hy ook dat dit nie op enige manier mense degradeer as daar objektief gewerk word nie (Weiss & Wesley 2008:9). Wetenskap kan dus volgens die manier van dink as objektief gesien en ook beoefen word.

Rosenau (1993) neem die kritiek teen die postmodernisme nog verder. Hy identifiseer sewe punte waarop die postmodernisme homself weerspreek. Die punte is die volgende:

1. Postmodernisme se antiteoretiese posisie is 'n teoretiese posisie.
2. Postmodernisme skram weg van die rede, maar hulle gebruik die rede om hulle standpunt verder te beklemtoon.
3. Die Postmoderne beklemtoning van die gemarginaliseerde plaas die postmodernisme self in 'n posisie waar hulle moet evalueer.
4. Postmodernisme beklemtoon intertekstualiteit maar beklemtoon baie keer teks in isolasie.
5. Postmodernisme verwerp modernistiese kriteria vir evaluasie, maar hulle kan nie redeneer dat daar geen geldige kriteria is vir evaluasie nie.
6. Postmodernisme kritiseer die inkonsekwentheid van die modernisme maar hulle is self nie konsekwent nie.

7. Postmoderniste weerspreek hulleself deur terug te val op waarheidsuitsprake in hulle eie werk.

Die volgende kritiek kom van Melford Spiro wat ook 'n antropoloog is (Weiss & Wesley 2008:10). Spiro fokus veral op rasionalisme en realisme. Sy kritiek kan in die volgende punte saamgevat word (Weiss & Wesley 2008:10–11):

1. Realiteit bestaan los van mense.
2. Taal kommunikeer betekenis en verwys ook na objekte en situasies wat los van taal staan.
3. Kennis is objektief. Waarheid is dus onafhanklik van motief, kultuur ras, of geslag. Kennis hang van empiriese bewyse af.
4. Logika en rasionaliteit gee 'n stel prosedures en reëls wat die navorser in staat stel om kennisuitsprake te maak wat deur bewyse, teorieë en interpretasies in alle gevalle geldig is.
5. Objektiewe en intersubjektiewe kriteria beoordeel die meriete van stellinge, teorieë en interpretasies. Dié is ook altyd geldig.

Die laaste kritiek waarna ek gaan kyk is die van Christopher Norris (Weiss & Wesley 2008:11). Hy is van mening dat diegene soos Lyotard, Foucault en Baudrillard, te vasgevang is in die idee van voorkeur van morele uitsprake. Die kritiek is feitlik eindeloos, selfs die gedagtes aangaande kennis en mag wat reeds vroeër aan die lig gekom het, is nie sonder kritiek nie. Die doel is nie om te probeer om die postmodernisme te diskrediteer of om die postmodernisme te verdedig nie. Die postmodernisme is nie foutloos nie. Daar is baie om oor kritiek te lewer. Op al die kritiek wat gelewer is sou daar weer kritiek gelewer kon word. Die doel van die kritiek se dokumentering is maar net om te wys dat dit nodig is om aan te hou soek na waarheid, wat ek glo die postfundamentalisme kom doen. Die begrip sal later in meer besonderhede bespreek word.

Wat die postmodernisme dus verder aanbetref is dit belangrik om kennis te neem van die invloed van strukturalisme en poststrukturalisme. Dit is veral belangrik in 'n konteks waar daar met mense gewerk word. Die postmodernisme is veral baie beïnvloed deur die poststrukturalisme. Die manier van dink kry ons veral by Franse denkers soos Derrida en Foucault[5].

Van die kenmerke wat ons in die poststrukturalisme kry en wat teenoor die strukturalisme staan, lig Van Niekerk (2004:13) soos volg uit:

- Die manier van dink dwing 'n mens om te soek na spesifieke detail van die identiteit van 'n persoon. Mense word in die manier van dink dus nie geklassifiseer in terme van ras, seksualiteit of klas nie.
- Lokale of persoonlike kennis is waardevol en word geag bo ekspertkennis. Elke mens se kennis is dus geldige kennis.
- Oppervlakfenomene is al wat ons regtig ken. Elkeen van ons het die mag om met die fenomene interaksie te hê en dit te beskryf. Oppervlakfenomene is dus nie leidrade tot dieper identiteite nie. Dus is dit nie net kundiges wat dit kan ontleed nie.
- Individuele lewens word dus gewaardeer en geïnterpreteer in terme van hoe hulle uitsonderings beliggaam waarop wat verwag is. Die uitsondering is dus wat ondersoek word en nie die reël nie.
- Alle mense het mag om betekenisvolle lewens te konstrueer deur die verhale wat hulle gevorm het.

Mense word op hierdie manier nie meer net gesien as pionne wat volgens bepaalde strukture optree nie. In die konteks van die navorsingsdrama is mense nie net bykarakters nie maar hoofkarakters in die drama. Elke persoon het 'n eie identiteit waarin en waaraan hy of sy 'n aktiewe rol speel.

[5] http://www.swinburne.infoxchange.net.au/media/halm316/gallery/david/pg1.htm

Dit is dus duidelik dat die postmodernisme 'n beweging weg van strukturalisme, positivisme en uiteindelik van modernisme is (Du Toit & Spanneberg 2002:1138). Die modernisme het 'n eendimensionele siening van hoe die wêreld funksioneer en kan funksioneer. Daar is meer aan die wêreld en verstaan van die wêreld. Die postmodernisme praat van die meerdimensionaliteit van die wêreld en die wêreld van verstaan (Du Toit & Spanneberg 2002:1138).

Die postmodernisme sou egter hierom ook van 'n verabsolute rasionalisme en selfs 'n humanisme beskuldig kon word. Dit is juis so omdat daar klem op die aspekte geplaas is. Dit moet nie die geval wees nie. Eerder as om die mens of rasionaliteit op te hef tot die absolute, moet die aspekte net uitgebrei word. So word die absolute status van die mens en rasionaliteit vernou tot uitbreiding en nie verabsolutering nie (Verster 2007:126). Dit bly dus belangrik om te onthou dat die Postmodernisme 'n veelheid van moontlikhede veronderstel (Verster 2007:126). Daar is dus en mag dus nie een absolute waarheid wees nie. Almal se verhale het impak en help om die wêreld te vorm nie net die verhale van enkelinge en kundiges nie. Die postmodernistiese paradigma gee dus op baie maniere stemme aan hulle wat nie stemme gehad het nie. Die paradigma laat ook die narratief tot sy reg kom. Die paradigma help dus om marginalisering te beperk en selfs om mense 'n aktiewe rol in die toekoms te gee.

Die verhoogdrama wat ek besig is om te beskryf kan dus nie anders nie as om binne die postmoderne tydsgees die verhale te hoor nie. Die teologie van die akteurs en die regisseur wil in gesprek wees, wetenskap wil in die agtergrond sigbaar wees, meer as een stem wil gehoor word.

**1.10. Post-fundamentalisme**

Die groot vraag is binne watter benadering sal al hierdie verskillende stemme en sake op die verhoog aan die woord kom? En só aan die woord kom dat

waardesisteme en etiese riglyne wat wel op en om die verhoog bestaan nie totaal en al vernietig word nie.

Die postfundamentalisme is die volgende belangrike posisionering. Wanneer ons gepraat het oor die verhouding tussen wetenskap en teologie en die postmodernisme, kan ons nie anders as om oor Postfundamentalisme te praat nie. Die Postfundamentalisme is immers 'n uitvloeisel of 'n vertakking van die postmodernisme. Die postfundamentalisme is een van die basisvertrekpunte van die studie. Die hele metodologie en epistomologie is postfundamentalisties van aard. Die gesprek tussen wetenskap en teologie moet vervolgens in meer besonderhede hier bespreek word.

Die gesprek aangaande die postfundamentalisme kan baie maklik as eenvoudig gesien word. Die verduideliking wat hier gedoen is, is nie gedoen om dit te oorvereenvoudig nie, maar wel sodat ek myself en die navorsing wat gedoen is binne 'n bepaalde epistemologiese raamwerk kan posisioneer.

Die postfundamentalisme is die basis van waaruit die studie gedoen is. Die benadering het nie uit die lug uit geval nie. Daar moet deeglik kennis geneem word dat die postfundamentalisme, wat 'n beweging binne die postmodernisme is en selfs van die uitgangspunte van postmodernisme deel. Dit gesê is daar ook punte wat die postfundamentalisme nie met die Postmodernisme deel nie. Baie van die kritiek wat vroeër hanteer is, glo ek is ook kritiek van die postfundamentalisme op die postmodernisme. In baie opsigte is die postfundamentalisme dan ook regstellinge op die postmodernisme. Dit spreek egter op geen manier die postfundamentalisme vry van kritiek nie. Inteendeel, die beweging skep ruimte vir kritiek. Janse van Rensburg (2007:64) meen dat daar somtyds met die postfundamentalisme in 'n tipe nonfundamentalisme verval kan word en dal relativering 'n probleem sou kon word.

*Is dit moontlik om 'n postmoderne epistemologie in praktiese teologie te volg sonder om Bybelse en geloofsuitgangspunte in gedrang te bring? Moet Bybelse beginsels en ons belydenisgrondslag hoegenaamd 'n rol speel?* (Janse van Rensburg 2007:62)

Janse van Rensburg (2007:65) is egter nie totaal negatief teenoor die benadering nie en aanvaar dit selfs soos Müller (2005:77) dit verduidelik.

*Maar daar is ook verskille tussen Müller en Van den Berg (Janse van Rensburg 2007:65 ). Laasgenoemde, wil alle sekerheid en alle waarheid aflê, maar Müller praat tog wél van die integrering van 'n "postfoundationalist practical theology" en Bybelse beginsels. Beginsels? Verteenwoordig dit dan nie vaste waarhede nie en is dit dan nie weer postpostmodernisme nie? Klaarblyklik wil 'n "postfoundationalist"-benadering nie van "compelling knowledge" afskeid neem nie en verklaar Müller as ideaal dat 'n "postfoundationalist" praktiese teologie ons help om ons beter teen sekere relativistiese tendense van die sosiale konstruksionisme te beskerm* (Janse van Rensburg 2007:64–65).

Daar is ook ander kritiek wat die postfunamentalisme as dwaalleer beskryf en meen dit is godslasterlik. Die postfundamentalisme en veral die beweging binne die praktiese teologie is dus nie sonder kritiek nie. Maar ek glo dat binne die navorsingsdrama dit ruimte skep om in gesprek te tree sonder om etiese en geloofswaardes te op die altaar te lê.

Die postfundamentalisme is dus nie 'n nuwe paradigma nie, maar 'n beweging of dan 'n epistomologie binne die postmodernisme. Die beweging het 'n bepaalde ontwikkeling gehad vanuit en teenoor ander beweginge. Die twee waaroor ek kortliks gaan praat is die fundamentalisme en die nonfundamentalisme.

Die eerste saak is die fundamentalisties epistomologie, met ander woorde die fundamentalistiese kennis oor kennis. Binne hierdie denkrigting is daar bepaalde

begrondings vir kennis. Die teorieë is baie keer op geloofsisteme gebaseer (De Lange 2007:46). Die moderne soeke na objektiewe kennis en waarheid het die fundamentalisme op 'n manier tot gevolg (Dreyer 2004:1318). Dreyer (2004:1318) verduidelik die fundamentalisme soos volg:

Fundamentalisme verwys na absolute en onverwerkbare prinsipes van kennis en aksie waarin waarheid homself afdwing met onkeerbare mag. Die beginsels van die fundamentalisme kan dus gesien as 'n eerste beginselstandpunt. Omdat niks die beginsels kan voorgaan nie is dit dan onbevraag. In die premoderne wêreld het tradisie absolute en onaantasbare beginsels verskaf waarop mense se lewens en wetenskap dan berus het. Wanneer die fondamente dan bevraagteken is stort alle geloof rondom die saak in duie. In die moderne wetenskap het die soeke na vaste kennis uitgeloop op die formulering van die natuurwette, en in die filosofie was die menslike rede die vertrekpunt. Latere ontwikkelings in die natuurwetenskappe soos die kwantumfisika en Einstein se relatiwiteitsteorie het die sogenaamde "vaste fondamente" geskud. In die filosofie kan die menslike rede ook nie by een absolute waarheid uitkom nie.

Die postmodernisme het dit baie moeilik kom maak om fundamentele denke in stand te hou. Die implikasies vir die teologie is net so groot. Dogma en veral dogma in die vorm van sekere ortodoksies het gedien as fondasies. Die eerste keer wanneer die fondamente bevraagteken is, lyk dit of almal paniekbevange is en nie weet wat om te doen nie. Mense draai selfs weg van geloof af om hierdie rede. 'n Goeie voorbeeld van so 'n gesprek sou die een rondom homoseksualiteit wees. Ons het grootgeword met die opvatting dat homoseksualiteit sonde is en dat God sulke sonde met die dood straf. Iemand of iets bevraagteken hierdie fondament en mense se wêrelde val dan uitmekaar. Die fundamentalisme het dus redelik goed uitgewerkte antwoorde vir meeste vrae waarmee mense worstel; daar is swart en wit antwoorde binne hierdie verstaan. Die epistemologie het 'n bepaalde invloed op die ontwikkeling van postfundamentalisme gehad.

Die ander kant van die fundamentalisme is die nonfundamentalistiese epistemologie. Die nonfundamentalisme is in baie opsigte 'n ontkenning van die fundamentalisme (De Lange 2007:47). Dit is duidelik dat die nonfundamentalisme 'n epistomologie is waar daar sprake is van 'n antifundamentalisme. Uit die benaming is dit ook duidelik dat die nonfundamentalisme teenoor en vanuit die fundamentalisme ontwikkel het. Die nonfundamentalisme veronderstel dus geen fondamente nie.

Die nonfundamentalisme verkies die beeld van 'n web van ondersteunende kennis wat gedeel word deur 'n bepaalde gemeenskap (De Lange 2007:48). Van Huyssteen (1997:3) meen egter dat 'n ekstreme vorm van nonfundamentalisme selfs relativisme tot gevolg kan hê. Die manier van dink is dus fataal vir enige vorm van interdissiplinêre gesprek.

Daar is ook ander sake soos totalisering, fundamentalisme en nihilisme wat ook 'n bepaalde invloed op die postfundamentalisme uitgeoefen het. Ek glo dat die ander op 'n manier deel is van die fundamentalisme en die nonfundamentalisme. Dit is belangrik om te weet en kennis te neem daarvan dat die postfundamentalisme nie uit die lug uit geval het nie. Die beweging is op 'n manier 'n reaksie teen en op die fundamentalisme en die nonfundamentalisme. Daar is egter baie ander faktore wat meegewerk het aan die postfundamentalistiese epistemologie.

Hoe kan 'n mens oor postfundamentalisme praat sonder om die een of ander aspek na te laat? Ek glo nie dit is moontlik nie. Die maklikste manier om oor die postfundamentalisme te praat sou wees om daarna te verwys as 'n middeweg tussen die fundamentalisme en die postmodernistiese ekstreme wat genoem is. Of anders gestel: 'n middeweg tussen fundamentalisme en nonfundamentalisme (De Lange 2007:48). In die boek *The shaping of rationality* (1999) soek Van Huyssteen na die sogenaamde middeweg. Die middeweg waarna hier verwys word, is sensitief vir beide die historiese perspektief en vir die tradisie.

Van Huyssteen (1999:113) verwys na die postfundamentalisme as die derde opsie, by die epistemologiese fundamentalisme en nonfundamentalisme verby. Die postfundamentalisme laat ons dus toe om tussen dissiplines te beweeg en dan so interdissiplinêr te werk, met ons gelowe en vooroordele in plek, terwyl ons erken dat daar gedeelde kennis tussen verskillende dissiplines bestaan (Van Huyssteen 1999:113).

Postfundamentalisme is verder ook transversaal. Schrag (1992:149) beskryf transversaal as dat dit oor verskeie velde lê, by verskeie velde leen, aanvul, ontmoet sonder om toeval te veroorsaak, deur middel van komplekse beweging van leen en aanvulling, metaforiese spel en refigurasie. Die verskillende dissiplines maak gebruik van die interafhanklike sintuie wat ingesluit word binne transversaliteit. Van Huyssteen (2000:430) stel dat die benadering juis daarom regverdig en moedig is in 'n verskeidenheid van patrone van interpretasie soos 'n mens oor die grense van verskillende dissiplines beweeg. Dit is 'n moontlikheid wat ek glo die gesprek op die verhoog van die navorsing moontlik maak.

'n Mens sou dit dus soos volg kon stel:

- Fundamentalisme — Proklameer die waarheid.
- Nonfundamentalisme — Konstrueer die waarheid.
- Postfundamentalisme — Ontdek en herontdek die waarheid.

Van Huyssteen (1999:113) sien verder ook die postfundamentalisme as bewegende in twee rigtings naamlik:

1. Dit herken kontekstualiteit, met ander woorde geïnterpreteerde ervaring en hoe kennis gevorm word deur tradisie.

2. Die postfundamentalisme wys kreatief verby die grense van gemeenskappe, groepe, kultuur geslag en etnisiteit na 'n moontlik interdissiplinêre gesprek.

Epistemologies wys postfundamentalisme dus gedeelde bronne van menslike rasionaliteit uit en word grense sodoende verskuif (De Lange 2007:48). Teologie kan dus op dié manier weer deel wees van die publieke interdissiplinêre gesprek (Van Huyssteen 1999:11). 'n Mens sou dus van 'n postfundamentalistiese teologie kon praat as 'n publieke teologie.

'n Postfundamentalistiese epistomologie is dus een wat veral die teologie dwing om uit te reik na die wêreld. Die publieke teologie is dus 'n natuurlike uitvloeisel. Die tipe teologie en beoefening daarvan het dus 'n verantwoordelikheid om interdissiplinêr te wees. Die manier van dink is en kan dus ook nie meer gesien word as universeel nie maar wel transversaal. Daar is dus nie meer net een ware bron van alle waarheid nie. Daar is meer as een moontlikheid. Dit beteken egter nie dat die postfundamentalisme terug beweeg na 'n relativistiese posisie nie (Gregersen & Van Huyssteen1998:33).

Opsommend sou die postfundamentalisme min of meer soos volg gesien kan word (Van Huyssteen 2000:428–429):

- Dit is 'n middeweg tussen die fundamentalisme en die postmoderne ekstreme wat nonfundamentalisme insluit.
- Postfundamentalisme is interdissiplinêr. Daar bestaan dus gedeelde kennis tussen verskeie dissiplines.
- Postfundamentalisme is sensitief vir die historiese sowel as vir tradisie.
- Die manier van dink is kontekstueel.
- Die postfundamentalisme is publiek.
- Postfundamentalisme is transverseel eerder as universeel.
- Postfundamentalisme soek optimale koherensie.

- Dus is die postfundamentalisme ook kreatief.

Hierdie benadering is een van die min benaderings wat in die studie gebruik kan word. Dit erken my en my medenavorsers as mense, hoofkarakters wat verskil en binne bepaalde kontekste geword het en is. Dit herken my verder as deel van die drama met invloed op, in en deur die drama. Die verhoog en die drama moet dus deur hierdie lens gelees en verstaan word.

**1.11. Narratiewe benadering tot navorsing**

Ek sien die navorsing as 'n drama wat besig is om teen bepaalde agtergronde af te speel. Die navorsing het daarom ook 'n baie bepaalde trant en houding wat dit sal inneem, naamlik dié van 'n storie of stories wat vertel moet word. Die storie van die navorsing wat oor drie jaar gedoen is, is binne 'n baie bepaalde konteks.

Die narratiewe benadering tot navorsing is 'n volgende belangrike vertrekpunt wat ingeneem sal word in die navorsing. Dit is belangrik om hier net te onderskei tussen navorsing en berading of terapie. Die uitkoms van die studie is in die eerste instansie nie terapie of berading nie. Die uitkoms is navorsing. Die grootste poging van die narratiewe benadering tot navorsing is om in verhale ingetrek te word (Müller, Van Deventer & Human 2001:76). Die verskil wat die navorsing dan bring kom nie van buite nie, maar bewerkstellig 'n verskil van binne.

Die narratiewe benadering tot navorsing bring egter steeds op 'n manier verandering en transformasie mee. Dit is egter nie die primêre doel nie. Die narratiewe benadering tot navorsing is ook een van die gemaklikste plekke om al die reeds genoemde vertrekpunte bymekaar te laat kom.

Die taak van die narratiewe benadering tot navorsing is nie om objektiewe kennis wat daar buite is in te win nie (Human 2003:41). Narratiewe navorsing moet

eerder funksioneer as 'n vorm van praktiese wysheid wat waarde heg aan mense se stories, eerder as om hipoteses van wat moet en kan wees uit te werk (Human 2003:42). Human(2003:41) meen die manier van navorsing veral geïnteresseer is in hoe mense hulle lewensverhale konstrueer, dekonstrueer en later weer herkonstrueer.

Die posisie van waaruit die navorsing gedoen word, is die "nie weet"-posisie (Human 2003:42). Dit impliseer nie dat die navorser geen kennis het nie. Die navorser het wel bepaalde kennis. Die "nie-weet"-posisie gee die geleentheid vir die medenavorsers en gespreksgenote om hulle verhale vir die eerste keer oor te vertel. Hierdie posisie kultiveer 'n nuuskierigheid by die navorser oor die unieke antwoorde wat mense gee met betrekking tot hulle lewens, en dit stel die navorser in staat om die gespreksgenote aan te moedig om hulle antwoorde te ontwikkel (Human 2003:42).

Binne die narratiewe benadering tot navorsing is dit ook belangrik om daarop te let dat navorsing nie op mense gedoen word nie, maar wel saam met mense gedoen word (Human 2003:42). Daarom word daar van medenavorsers en gespreksgenote, of dan in die geval van die studie hoofkarakters, gepraat en nie van die nagevorsdes of die navorsingsveld of van kliënte nie.

Human saam met Müller en Van Deventer (2001:42) het 'n metode aan die hand van Anne Lamont ontwikkel om oor die proses van die narratiewe benadering tot navorsing praat. Hy (Human 2003:42) doen dit aan die hand van die volgende vyf punte:

1. Aksie: Dit gaan hier oor die *nou* van die verhaal. Dit gaan nie in die eerste plek oor die probleemverhaal nie. Die probleem is en bly deel van die verhaal. Die fokus moet die *nou* wees. Die navorser moet daarom leer om op die *nou* te fokus.

2. Agtergrond: Dit is die waar en die hoe. Die navorsing wys hier wie die mense is met wie die navorsingspad gestap word. Die verhaal van wie die mense is, waar hulle vandaan gekom het en wat aan die gang was voor die verhaal begin het, is hier van belang.
3. Ontwikkeling: In hierdie fase soek die narratiewe navorser saam met die medenavorsers en gespreksgenote na unieke uitkomste. Punte met ander woorde waarvandaan daar nuwe verhale vertel kan word is hier van belang, byvoorbeeld 'n verhaal van hoop eerder as 'n verhaal van moedeloosheid.
4. Klimaks: Die navorsing moet bly beweeg tot al die punte bymekaar kom in die klimaks van die verhaal. Na die klimaks van die verhaal kan dinge baie anders vir die hoofkarakters van die verhaal lyk, op 'n manier wat vir hulle werklik is. Die klimaks moet self ontwikkel en nie 'n geforseerde poging van die navorser wees nie.
5. Einde: Wat is jou gevoel oor wie die mense met wie die navorsingspad nou geloop is? Waarmee bly hulle agter? Wat het gebeur en wat het dit beteken? Om 'n navorser te wees is in dié geval baie soos om 'n skrywer te wees, jy moet saam en vir die mense kan droom, hulle as 't ware begelei om te droom.

Human (2003:47) wys daarop dat die narratiewe benadering tot navorsing nie 'n toe einde het nie, maar die navorsing het 'n oop einde. Dit laat toe dat die deelnemers die onderskeie verhale en veral die verhale van hoop verder kan ontwikkel en nog beter verhale kan oorvertel en ontwikkel. Dit is ook die verwagting binne die navorsing. Dit wat dus op die verhoog gebeur eindig nie met die einde van die verhandeling nie. Die verhoogdrama van die hoofkarakters, die regisseur, die wetenskap en die teologie gaan voort.

Die hermeneutiese benadering sou ook gevolg kon word binne die konteks wat ondersoek is. Soos Müller (2005:3–4) uitwys is daar enkele sake wat dit vir 'n suiwer hermeneutiese benadering moeilik maak om in kontekste soos dié van die

spesifieke navorsingsverhoog te funksioneer. Van die uitdagings wat daar vir die hermeneutiese benadering leef is:

- Taal word anders gebruik en veroorsaak deurgaans distorsies.
- Die benadering se klem is op ander sake as op dit wat sosiaal gekonstrueer is.
- Daar is binne die hermeneutiese benadering baie min klem op praktiese uitkomste.

Die narratiewe benadering laat dus baie ruimte vir nuwe verhale en nuwe moontlikhede om ontwikkel te word.

**1.12. Sosiaal konstruksionistiese paradigma**

Oor die lees van dit wat op die verhoog sal gebeur is die sosiaal-konstruksionisme 'n baie belangrike komponent van die studie en van dit wat op en om die verhoog gebeur en al reeds gebeur het en moontlik in die toekoms nog gaan gebeur. Burr (1995:3) verwys na 'n verhaal soos die navorsingsverhaal as 'n stel metafore, verteenwoordigings, beelde, narratiewe, stellinge ensovoorts wat saamgekom het om 'n spesifieke weergawe van gebeure weer te gee. Die sosiaal-konstruksionisme help ons in die woorde van Gergen (1999:33), om na die verlede en toekoms te kyk in baie meer belowende opsigte as in die verlede. Die sosiaal-konstruksionisme maak ons sensitief vir ons voorveronderstellings oor hoe ons die wêreld sien en dus ook interpreteer (Burr 1995:3).

Om verder te verduidelik wat met sosiaal-konstruksionisme bedoel word kan gekyk word na die veronderstellinge wat deur Gergen se werk (1999:4750) op die tafel gesit word, byvoorbeeld:

- Die terme waardeur ons die wêreld verstaan word nie bepaal deur dit wat reeds is nie. Die prentjie is dus groter as dit wat in die geskiedenis gebeur het.
- Die manier hoe ons dinge verduidelik word gebore uit ons verhoudings.

- Hoe ons dan ons stories vertel en onsself voordra bepaal dus ook op 'n manier ons toekoms.
- Die herbesoek van die manier oor hoe ons verstaan is belangrik vir die manier oor hoe ons gesond oor onsself sal dink in die toekoms.

Die benadering kan verder verduidelik word aan die hand van dekonstruksie van hoe sekere sake in die verlede gesien is. Caputo (1997:31) verduidelik dekonstruksie as die manier waarop daar gewys word dat sekere dinge, soos tekste, institusies, tradisies, gemeenskappe, gelowe en gebruike van watter grote en soort, definieerbare betekenisse en doele het, wat meer as een betekenis kan hê en wel buite die grense van wat dit nou beteken, kan gaan. Die benadering "dekonstruksie" moet egter binne die oorkoepelende benadering van die postfundamentalisme gesien word. Alles kan dus nie relatief wees nie. Binne bepaalde gemeenskappe sal daar sekere etiese en godsdienstige waardes wees wat gerespekteer moet word, sodat daar nie soos Janse van Rensbrug (2007:63) dit noem "relativering" geskied nie. Sou daar relativering geskied voel ek is dit 'n mishandeling deur die navorsing soos in Müller se artikel genoem word (Müller, Van Deventer en Human 2001:77). Die navorsing is 'n intervensie wat nie wil misbruik nie (Müller & Schoeman 2004:7). Dieselfde sou dus ook geld vir die dekonstruksie van bepaalde sosiaal-konstruksionismes. Die verhoog en dit wat daar gebeur en gaan gebeur is baie belangrik, daarom moet daar klem om die sosiaal-konstruksionistiese paradigma geplaas word.

Die sosiaal-konstruksionistiese paradigma is dus die volgende belangrike epistemologiese vertrekpunt van die studie. Dit verduidelik die posisionering van die navorsing nog verder. Die postfundamentalistiese narratiewe benadering tot navorsing kan nie anders nie as om ook sosiaal-konstruksionisties te wees nie. Die postfundamentalistiese vertrekpunt impliseer 'n sosiaal-konstruksionistiese paradigma en vertrekpunt (Müller 2003:298). Die taal wat deur die postfundamentalisme en die narratief gebruik word is ook die taal van die sosiaal-konstruksionisme. Die narratief is verder verplig om sosiaal-

konstruksionisties te wees omdat dit die medium is waardeur of waarbinne konstruksies gevorm word. Met ander woorde, in die verhale wat mense vertel is bepaalde konstrukte opgesluit, en deur die verhale word konstrukte gevorm. Verder verwag beide die narratiewe en die postfundamentalistiese vertrekpunte van die navorsing om kontekstueel te wees wat die sosiaal-konstruksionisme ook is.

Die sosiaal-konstruksionisme veronderstel dat mense gebore is in 'n sosiale wêreld, waarvan hulle probeer sin maak, deur veral taal. Die sosiaal-konstruksionisme is dus nog 'n verdere beklemtoning van die kontekste waarbinne mense hulleself bevind. Dit maak die navorser verder weer opnuut bewus van hoe verskillend mense is en hoe verskillend hulle die werklikheid beleef deur die verskillende kontekste waarbinne hulle leef.

Taal kan dus net so belangrik as die konteks van mense gesien word. Taal word gebruik om betekenis te gee aan mense se lewens en hulle ervaringe, binne die sosiale konteks waarbinne hulle hulself bevind. Ons sou dus kon sê dat kennis binne hierdie sosiale konteks deur taal gekonstrueer word. Die benadering en verstaan is nie net 'n nuwe vorm van relativisme nie, maar eerder 'n protes teen relativisme (Müller 2005:74). Sosiaal-konstruksionisme is 'n beklemtoning van die waardegedrewe prosesse waardeur realiteite en kennis sosiaal gekonstrueer word (Müller 2005:75).

Gergen (1994:241–245) meen dat daar drie implikasies is wat die sosiaal-konstruksionisme vir die navorsing kan hê[6]. Die implikasies is:

1. Die navorsing moet weg van 'n kognitiewe interne proses beweeg na 'n sosiale proses toe.
2. Die navorsing moet weg beweeg van 'n ekspert-alleswetende posisie na 'n punt van gelykheid en medekonstruksie.

[6] Gergen het aanvanklik gepraat oor terapie, dit is egter ook geldig vir die navorsing.

3. Die navorsing beweeg weg van diagnosering en heling na kulturele verantwoordelikheid.

Die fokus op die verhoog en die verskillende agtergronde kry dus 'n baie sentrale plek binne die manier van navorsing doen. Die mikrofone wat die klank moet dra na die breër gehoor word dus deur die sosiaal-konstruksionisme opgestel, sodat die verskillende stemme duidelik gehoor en saam mee en op gereflekteer kan word.

Daarom is dit belangrik om te verstaan wat die manier van dink behels. Die sosiaal-konstruksionistiese benadering sou dus die volgende punte kon insluit (Burr 1995:3–5):

- Kennis word sosiaal gekonstrueer deur taal en verhoudings speel 'n belangrike rol in die konstruksieproses.
- Dit neem 'n kritiese standpunt in teenoor sogenaamd voor die hand liggende kennis.
- Historiese en kulturele spesifiekheid word erken, kennis is dus kultureel-histories relevant.
- Kennis en sosiale aksie gaan saam, daarom kan ons praat van verskillende sosiale konstruksionismes in die wêreld.

Die sosiaal-konstruksionistiese vertrekpunt wil dus na mense en hulle verhale luister. Dit wil gemeenskappe en mense se eie persoonlike kennis gebruik om probleme en vrae op te los, omdat soos Burr (1995:4) met reg opmerk dat kennis tussen mense in gemeenskappe ontwikkel word. Die benadering tot navorsing wil mense begelei om hulle verhale op so 'n manier oor te vertel dat dit vol en ryk verhale sal wees wat deur mense verkies word (Freedman & Combs 1996). Daarmee word daar erken dat die navorser nie al die kennis en antwoorde het nie omdat dit sosiaal gekonstrueer word. Daar is dus geen maklike antwoorde op probleme nie. Ander gemeenskappe en wat hulle as normaal en abnormaal, reg

en verkeerd sien kan ook nie oor grense geskuif word nie, omdat die konsepte sosiaal gekonstrueer word. Binne die benadering soek die navorser saam met die gespreksgenote en medenavorsers na unieke antwoorde, unieke uitkomste en unieke verhale, wat mense gevorm het ontvorm het en weer sal hervorm.

Die basiese aannames van die sosiaal konstruksionisme kan as volg opgesom word (Beyer, Du Preez & Eskell-Blokland 2007):

- Ons realiteite word deur taal gekonstrueer.
- Realiteite word deur sosiale interaksie tot stand gebring.
- Die narratief dien as houer (*container*) vir konstruksies.
- Tydens die proses van konstruering, skep ons die toekoms.
- Daar is geen essensiële waarhede nie.

Die sosiaal-konstruksionisme sal ons dus in die studie help om die uniekheid van die verhoog, die dekor, die agtergrond, die hoofkarakters en die regisseur beter te verstaan, te bestudeer en te interpreteer en ook te re-interpreteer. Die benadering sal ons dwing om die verhoog te verstaan teen die agtergrond waarin dit geword het.

### 1.13. Praktiese teologie

Dit is baie belangrik om te verstaan dat die navorsingsverhoogdrama binne 'n baie bepaalde sentrum en binne 'n baie bepaalde teater lê en nie bang is om by ander sentrums en ander teaters en ander genres te gaan aanklop nie. Die sentrum waarbinne die navorsingsdrama val is die sentrum van die teologie; die teater is die teater van die praktiese teologie. Die stemme sal dus ook iewers in die verhoogdrama geïnkorporeer moet word. Dus is die volgende saak wat aan die bod kom, die prakties-teologiese vertrekpunt van die studie, naamlik die teater waarbinne die verhoog opgestel is. Dit is 'n teater met vensters wat na ander teaters binne dieselfde en buite dieselfde sentrum kan kyk, en selfs deure

het wat 'n mens toelaat om dit buite die teater en sentrum te waag en daar te gaan leen en aanklop vir hulp. Binne die teologiese wetenskappe is die posisie wat ingeneem sal word binne die praktiese teologie.

Die definisie van praktiese teologie is 'n hewig gebatteerde saak. Browning (1991:3) wys daarop dat elke keer as daar 'n wedergeboorte in die filosofie was, was daar ook 'n wedergeboorte van die praktiese teologie was. Die gevolg is dat die praktiese teologie letterlik elke keer met so wedergeboorte 'n nuwe vakgebied geword het. Om dus praktiese teologie binne een klein raamwerk te plaas is nie moontlik nie.

Osmer (2006:328) wys dus met reg uit dat praktiese teologie in die grotere sin ensiklopedies van aard is. My gevolgtrekking is dus dat binne die praktiese teologie daar ook verskillende benaderinge bestaan wat nie noodwendig negatief is nie. Die verskillende benaderinge staan dus in my verstaan ook nie teenoor mekaar nie en kan dus in wisselwerking gebruik word. 'n Voorbeeld hiervan sou die manier van doen wat in die studie gebruik word en die hermeneutiese manier van doen kon wees. Die een staan nie teenoor die ander nie. Die twee benaderings staan egter aanvullend tot mekaar. Die breë definisie vir praktiese teologie is dus die manier hoe teologie prakties gebruik en gemaak word binne die kontemporêre wêreld (Osmer 2006:328). Pieterse (1993:52) meen dat praktiese teologie verstaan kan word as kommunikatiewe teorie van praktyk-"handelinge". Browning (1991:38–42) gee nie 'n definitiewe definisie in sy werke nie, hy redeneer wel dat die Barthiaanse verstaan dat die teorie net toegepas moet word, nie goed genoeg is nie. Daar moet eerder beweeg word van teorie na praktyk en terug na teorie. Dus word die praktyk geraak deur die teorie en op sy beurt word die teorie weer geraak deur die praktyk. Die belang van die konteks kom op hierdie manier weer op die tafel. Gerkin (1997:13) sluit by die model aan deur te sê dat praktiese teologie nie sommer net die bedienende praktyk van die kerk aan die kerk is nie, maar dat dit die teenwoordigheid van die kerk in die breër gemeenskap is. Dit moet nie net as 'n nuwe tipe sendingtaak gesien word

nie, maar eerder as 'n teater met verskeie verhoë met vensters en deure wat na die wêreld en ander teaters en ander sentrums wys. Binne die benadering word teologie dus publiek.

Foucault (1971:13) het my gehelp in sy gesprek met die teologie oor hoe 'n mens die praktiese teologie kan benader. Hy vra die volgende vrae: Hoe is die teologie moontlik? In hierdie konteks hoe is die praktiese teologie moontlik? Beukes vra verder wat is die voorwaardes vir teologiese kennis en wat die teologiese diskoers op enige gegewe stadium van die geskiedenis moontlik maak (Beukes 2004:886). Die tipe vrae neem Foucault se argeologiese en genealogiese projekte na die sentrum van die teologie, in dié sin dat dit die moontlikheid van teologie as 'n kennisvorm wat binne die historiese proses gevorm het, wil oorweeg (Beukes 2004:886). Die historisering van teologie blyk vir Foucault 'n probleem te wees (Beukes 2004:886). Die probleem sou by sy breër verstaan van kennis kon inskakel. Die historisering van kennis skep spanninge tussen teologie en kultuur. Foucault het ook ander vrae oor tradisie, ruimte, outoriteit, en mag in die teologie (Beukes 2004:886). Die manier van dink wat ons by Foucault kry, dwing die teologie uit die konsert van die dogma uit en dwing die teologie weer terug na die pastorale werklikheid toe.

Foucault (1971:30) beskou die denkkategorieë wat verwyderd is van die praktyke van 'n eietydse, lewende, deelnemende gemeenskap as "die groot illusie van die teologie". Praktiese teologie kan net so maklik ‘n ilussie wees en irellefant word. Beukes (2004:888) meen dat Foucault die dogmatiek ontwapen deur die donker onderbewuste van die teologiese kennis uit te wys. Foucault meen dat die teologie byna instinktief kies vir die bevestiging van outoriteit[7], eerder as wat die eie verwonderbaarhede en die verwondering van subjekte in die lewende, deelnemende gemeenskap ondersoek word (Beukes 2004:889).

[7] Ons sou kon praat van ‘n posisie van mag.

Die verstaan wat ons van praktiese teologie het, is baie kere nie veel anders nie. Instinktief gryp ons terug na 'n posisie van mag. Foucault is een van die stemme wat ons juis hieroor aanspreek. Die tipe teologiebeoefening en dan in hierdie geval, praktieseteologie-beoefening waarna ons teruggryp, is in baie opsigte 'n "ons–hulle" praktiese teologie. Die tipe teologie is 'n teologie wat uitsluit eerder as wat dit insluit.

As ek dus na Foucault se gesprek luister en begin dink aan praktiese teologie en wat praktiese teologie is, kan ek nie anders as om te vra na hoe die praktiese teologie sensitief kan wees vir hierdie sake nie. Browning (1991:18) sê dat alle teologie eintlik praktiese teologie moet wees. Hoewel ek glo dat Browning se manier van praktiese teologie verskil van dié wat in die studie gebruik is en selfs van wat Foucault in gedagte gehad het, glo ek dat Foucault ook op 'n manier impliseer dat alle teologie prakties en kontekstueel moet wees.

Praktiese teologie sou dus verder ook gesien kon word as 'n empiriese teologie. Die tipe teologie is 'n produk van die kombinasie tussen die empiriese en die hermeneutiese benaderinge. Die manier waarop praktiese teologie bedryf word is al nader aan die manier van teologie dien waarvan Foucault praat, naamlik 'n teologie wat verwondering en verwonderbaarheid meebring (Beukes 2004:889). Dit is met ander woorde 'n teologie wat kontekste, mense en hulle ervaringe erken en hoor en dan daarna luister en dit ter harte neem.

Müller (2003:296) neem dit nog verder deur te sê dat praktiese teologie alleen moontlik is as kontekstuele praktiese teologie. Praktiese teologie gebeur dus wanneer ook al daar 'n refleksie op die praktyk is, vanuit die perspektief van die ervaring van God (Müller 2005:73). Die manier van dink oor praktiese teologie maak die praktiese teologie op 'n manier baie wyd en terselfdertyd ook baie nou. Die ervaringe van God gebeur oral en refleksie daarop gebeur oral, maar dit moet kontekstueel gedoen word. Dit dwing ons weer en weer om kontekstueel te wees. Die praktiese teologie is en kan dus nie 'n dogmatiese dissipline wees wat

op 'n afstand staan en reflekteer nie, maar is dus eerder 'n konstant bewegende teologie. Daar moet 'n konstante beweging tussen die hermetiese en die empiriese wees, waar die konteks deurlopend herken en betrek word.

Die tipe doen van praktiese teologie kan dus nie anders as om 'n postfundamentalistiese[8] praktiese teologie te wees nie. Met ander woorde praktiese teologie is 'n teologie wat mense se verhale en verwonderings oor die teenwoordigheid of afwesigheid van God in hulle lewens hoor en saam met hulle op oor daardie verhale reflekteer.

Müller (2005:75) stel dat daar 'n minimum stel vereistes is om te bepaal of 'n praktiese teologie wel postfundamentalisties prakties teologies is. Die vereistes is dat:

- Die teologie lokaal en kontekstueel sal wees
- Die teologie sosiaal gekonstrueer sal wees
- Tradisie dit sal help rig
- Die teologie interdissiplinêr verder ondersoek sal word
- Die teologie verby die lokale sal wys

Wanneer praktiese teologie dus so beoefen word, glo ek wys dit na iets verby 'n dogmaties, hiërargiese beoefening van teologie wat mense uitsluit en hom nie steur aan kontekste en mense se diepste ervaringe en tradisies nie. Eerder as dit is die postfundamentalistiese praktiese teologie 'n manier van teologie beoefen wat verwondering en verwonderbaarheid herken en respekteer. Die praktiese teologie begin dus by 'n konteks (Van Huyssteen 2000:428). As uiterste sou 'n mens kon sê dat die postfundamentalistiese praktiese teologie 'n ontwapende teologie is. Dit is ontwapen van die veiligheid van dogmatiese uitsprake op 'n afstand. Die praktiese teologie is dus gedwing om 'n ander dans te dans as voorheen. En soos Browning (1991) dan met reg opmerk is die praktiese teologie

[8] Die benadering is reeds bespreek. Van Huyssteen en Müller is sterk eksponente van die benadering of dan epistemologiese vertrekpunt.

gedwing om tussen teorie en konteks te bly beweeg. Praktiese teologie is dus publieke teologie, teologie wat beïnvloed is deur die drama wat op die verhoog besig is om af te speel.

**1.14. Die navorser se teologiese vertrekpunt**

Die sentrum, soos ek vroeër genoem het, waarbinne die teater van praktiese teologie lê is die sentrum van teologie. En binne die sentrum van teologie lê die manier hoe ek teologies nadink. Daar sal ook later spesifiek gekyk word hoe die hoofkarakters teologies nadink. Ek benader die hele verhoogdrama met 'n baie bepaalde prentjie van hoe ek God sien en beleef. Benewens dus vir die navorsingsverhaal wat besig is om op die verhoog af te speel, het ek ook 'n persoonlike verhaal wat op die verhoog afspeel; 'n verhaal waar ek God op 'n baie bepaalde manier beleef en sien. Die verhaal kom van iewers af en beïnvloed dus die manier hoe ek myself teologies plaas. Dit bepaal ook hoe ek met die navorsingsdrama en die verskillende teologieë daarbinne sal omgaan. Ek glo verskillende mense het verskillende Godsbeelde wat gebaseer is op verskillende maniere hoe hulle God te ervaar.

My eie teologiese vertrekpunt is in baie opsigte eintlik in die voorafgaande dele bespreek. Daar was bepaalde invloede op die manier hoe ek vandag oor teologie dink en oor hoe ek myself posisioneer.

Die eerste en een van die groot invloede was my ouerhuis. Ek het in 'n huis grootgeword waar die kerk nie regtig belangrik was nie. Ons het nie eers begrafnisse, troues of doopgeleenthede bygewoon nie. Ek was al in my tienerjare toe ek die eerste keer by 'n troue was. Die gevolg was dat ons ook nie oor God of godsdiens gepraat het nie. Daar was so nou en dan 'n opmerking gewees daaroor, maar dit is waar dit geëindig het. Wat ek baie goed onthou, is hoe my ma altyd die Bybel op Psalm 23 oopgehad het. Wat ek beter as dit kan onthou, is hoe my ma niks geweet het wat in die deel gestaan het nie. Haar

verduideliking was dat dit bose geeste van haar af weg gehou het en dat daar dan nie spoke in hulle kamer gekom het nie. En sy het geglo dat sy beter slaap as die Bybel so oop is. Ek het dus geleer om God te sien as 'n magiese figuur, wat goed reg en weg kon toor. Die reaksie van my ma is later verder beklemtoon deur toe ek opstandig geraak het toe ek 'n tiener was. Sy het die dominee gevra om my te *fix*. Sy toorkrag het nie gewerk nie en ek is gedwing om die huis te verlaat.

Ek het toe in pleegsorg geland waar die volgende groot invloed op my teologiese vertrekpunt ontwikkel het. Die mense het baie goed verstaan dat God 'n God van liefde is en dat Hy maar gedeeltelik geken kan word. Die beeld van God wat hulle gehad het, was radikaal anders as die vorige beeld. God was vir hulle oral in alle aspekte van die lewe; hulle het tot gebid nadat hulle geëet het. Ek glo ook dat dit is hoekom hulle my as volledig deel van hulle gesin aanvaar het. Ek sien hierdie gesin vandag nog as my familie. Die gesin (anders as my eerste gesin) was aktief deel van die kerk en kerklike aktiwiteite, die dominee wou my ook nie reg toor nie en hulle het my aanvaar net soos ek was. Dit was vir my lekker om aanvaar te word vir wie ek was en die gevolg was dat ek die besluit geneem het om teologie te gaan studeer en dit voltyds te doen om mense te aanvaar vir wie hulle is. My teologiese vertrekpunt het dus geskuif van een waar magie die grootste sê gehad het na 'n teologie waar aanvaarding 'n bepalende faktor was.

Die derde belangrike invloed op my teologiese vertrekpunt, was my kennismaking met die teologie. My aanvanklike gedagte was dat ek die wêreld gaan verander maar dit het vinnig omgeskakel in 'n gevoel dat God nooit verstaan kan word nie, en ek het my eerste jaar gedruip en in die tweede jaar het dit ook nie veel beter gegaan nie. Ek moes in my derde en vierde jaar baie hard werk om in te haal. In die proses het ek geleer lees. Ek het 'n liefde ontwikkel vir die kerkgeskiedenis wat omgeskakel het in 'n liefde vir dogmatiek. Die dogmatiek het God vir my in 'n maklik hanteerbare konsep verander. My teologiese vertrekpunt het nou bestaan uit 'n manier van oor God dink waar ek al die

antwoorde gehad het, ek het alles geweet. Ek het van my vertrekpunt in hierdie tyd as ortodoks-evangelies gepraat.

In my finale jaar het ek nog 'n belangrike invloed raakgeloop wat my verstaan van teologie nog verder verander het. Ek het my MDiv-skripsie in dogmatiek gedoen. Ek glo die professor by wie ek dit gedoen het, het iets van my arrogansie beleef en voorgestel dat ek na die werk van Harry Kuitert moet kyk en dit met my standpunt moet vergelyk. Kuitert het veral die ortodoksie aangeval, wat vir my problematies was, want ek het myself baie tuis gevind binne hierdie bepaalde manier van dink. Tog het Kuitert baie tot my gespreek. Ek glo ook dat 'n deel van die manier waarop ek vandag dink deur hom beïnvloed is. Ek het veral die gedagtes wat hy aangaande ervaring gehad het, ter harte geneem. Kuitert het aangevoer dat menslike ervaring 'n baie sentrale rol in die beoefening van teologie speel (Trimp 1984:69). Mense se ervaringe van God speel dus vir hom 'n sentrale rol in die beoefening van teologie (Adriaanse 1978:32). Die menslike ervaringsveld is dus belangrik met begrippe soos kultuur, tradisie en geskiedenis wat God openbaar (Brinkman 1999:70). Kuitert het 'n gesegde wat die gedagtes nog verder beklemtoon, naamlik dat alles wat oor wat daar bo is gesê word, eintlik van onder kom (Brinkman 1992:71). Kuitert het gemeen dat openbaring alleen niks kan oplos nie (Brinkman 1992:71). Sake wat ek glo 'n baie bepalende invloed op my teologiese vertrekpunt gehad het uit die werk van Kuitert, was veral sy siening oor ervaring en die belangrikheid van ervaring in teologie.

Die volgende groot invloed op my teologiese vertrekpunt is die Narratief en die postfundamentalisme wat ek reeds bespreek het. Binne die teologiese vertrekpunt kon ek God op 'n bepaalde manier ervaar en oor die ervaringe gepraat het met ander mense en op die manier verder gegroei het. Hoewel ek glo dat ek nou 'n honderd persent gemaklik binne die vertrekpunt is, glo ek dat dit nie die einde is nie. Ek glo dat daar weer nuwe ontwikkelinge sal wees wat weer op hulle manier 'n invloed sal hê op my teologiese vertrekpunt.

Van die kenmerke van die teologiese vertrekpunt is dat dit strewe daarna om:

- Lokaal en kontekstueel te wees.
- Sosiaal gekonstrueer te wees.
- Toe te laat dat tradisie dit sal help rig.
- Toe te laat dat dit interdissiplinêr verder ondersoek sal word.
- Toe te laat dat dit verby die lokale sal verwys.

Wanneer daar dus op hierdie manier oor teologie gedink word, glo ek dat dit die ruimte skep om met verskeie ander benaderings en sieninge in gesperk te gaan.

Die proses is nie maklik nie, juis omdat soos Foucault (1977) sê dat die mens onbewustelik teruggryp na 'n posisie van mag. My teologiese posisie is dus 'n posisie wat deurgaans daarna sal streef om postfundamentalisties te wees en verder gevorm te word.

Ek glo egter dat my teologie soos Mclaren(2005) daarna verwys "generous" genoeg is om die ander teologieë op die verhoog genoeg ruimte te gee om gehoor te word.

**1.15. Medenavorsers en gespreksgenote**

Een van die belangrike sake in die navorsing is die posisie wat die mense sal inneem wat deel van die navorsingsdrama gaan wees. Medenavorsers, die hoofkarakters, is die mense met wie daar in die eerste instansie gewerk gaan word: hulle wat op die verhoog en in 'n sekere sin is die navorser hierby ingesluit. Gespreksgenote is vir my 'n volgende groep. Die groep sal funksioneer as 'n raadgewende en leidende groep. Hulle is nie op dieselfde manier in die spesifieke konteks betrokke nie. Die groep sal uit verskillende mense en groepe bestaan wat hoofsaaklik uit ander kundiges en studie groepe sal bestaan.

Die vertrekpunt om medenavorsers te gebruik, word gebruik omdat daar nie alleen net op die beskrywing van ervaringe gefokus wil word nie, maar ook op die medenavorsers se eie interpretasies van hulle ervaringe (Müller 2003:302). Die navorsing is juis hieroor aangepak, om die verhale en interpretasies van die medenavorsers te hoor. Die posisionering impliseer dus dat die medenavorsers, die hoofkarakters en die regisseur, veronderstel is om die meeste te baat by die studie. Daar sal ook ander partye wees wat sal baat by die navorsing, soos die gemeentes waar die navorsing gebeur het, die breër wetenskaplike gemeenskap asook die breër sosiale gemeenskap.

**1.16. Waarom hierdie posisionering ten opsigte van die navorsing?**

Die navorsingsverhoog se agtergrond, lense waardeur dit gesien moet word en die mat waarop dit gebeur is in die vorige dele bespreek. Dit sal dus postmodern, postfundamentalisties, transversaal narratief, sosiaal-konstruksionisties en prakties-teologies wees.

Die eerste vraag wat beantwoord moet word is hoe ons by dié tipe praktiese teologie gekom het wat ek hier voorstel. Dan sal daar ook gekyk moet word na hoekom juis hierdie manier van werk. Wat reeds bespreek is, is van die redes waarom ek gekies het vir die metode van werk. Ek kies vir die vertrekpunte oor 'n verskeidenheid van redes. Ek gaan in die volgende deel 'n klein bietjie dieper ingaan op waarom juis hierdie paradigma en vertrekpunte gebruik sal word.

Die eerste rede waarom ek gekies het vir die manier van navorsing doen binne die paradigma, is omdat dit die wêreld is waarin ek grootgeword het. Dit is dus die wêreld wat ek ken. Dit is dus vir my soos Guba en Lincoln voorstel 'n manier van doen wat die wêreld vir my voorstel en kan beskryf (Guba & Lincoln 1994:107).

Die vraag is waar kom dit vandaan? Ek glo dat daar 'n paar ontwikkelinge is wat aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van praktiese teologie tot by dit wat ons vandag het. Die eerste is postmodernisme en globalisering. Die ou manier van dink moes weer geëvalueer word, omdat mense ander vrae vra as wat voorheen gevra is. Dus moes ook die metodologie van navorsing begin om ander vrae te vrae.

Die volgende saak wat 'n groot invloed op die praktiese teologie gehad het, was die fenomenologie (Louw 2003:33). Die koms van die fenomenologie bring drie paradigmatiese skuiwe (Louw 2003:39):

- Van teorie na praktyk
- Van deduksie na induksie
- Van feite na interpretasies

Van die groot name wat hier genoem sou kon word is Schleiermacher. Vanweë sy invloed op die praktiese teologie, word praktiese teologie 'n manier om 'n bepaalde Christelike tradisie te interpreteer en oor te reflekteer (Louw 2003:39). Praktiese teologie word dan by Schleiermacher 'n toegepaste teologie. Wat egter belangrik is om van kennis te neem is dat daar nuwe klem geplaas is op sake soos ervaring en praktyk.

Van hier af is die volgende groot skuif die skuif na die hermeneutiese paradigma in praktiese teologie. As van die voorgangers sou Gadamer en Ricoeur hier genoem kon word. Hulle fokus op verklaring en verstaan. Dit gaan dus vir hulle oor die verklaring en interpretasie van data (Louw 2003:42). Verstaan is daarom 'n poging om deur die woorde van 'n teks te penetreer tot daar by die aanvanklike versteekte betekenis van die woorde gekom kan word (Louw 2003:42). Vir die hermeneutiek is taal en ervaring dus ongelooflik belangrik. En dit vat ons dan na die volgende groot ontwikkeling, naamlik die narratiewe benadering. Die benadering herken dat mense met en deur stories funksioneer.

Elke mens het kennis van en insig in sy verhaal. Die navorser is nie die ekspert in 'n ander persoon se verhale nie.

Wanneer daar dan dus na die narratiewe benadering gekyk word, kan 'n mens nie anders nie as om die hermeneutiese benadering en die fenomenologiese benaderings daarin raak te sien. Die Postfundamentalistiese manier van Praktiese teologie doen vat dit nog verder. Muller (2003:294) gee twee redes waarom die manier van Praktiese Teologie ‘n verbetering is op vorige hermeneutiese metodes:

> • *I share Bleicher’s concern about the inadequacy of the hermeneutical approach in situations where there is a continuous distortion of communication through the use of language.*
>
> • *Secondly, the apparent inadequacy of the hermeneutical approach to provide practical theology with real contextual outcomes. It seems to leave practical theology with theoretical abstractions. The “theories for praxis” thus created often remain distant from the real world.*

Daar is selfs skrywers wat die twee benaderinge kombineer en vanuit 'n hermeneuties fenomenologiese hoek met die narratief werk. Dis belangrik om te sien en te verstaan dat die narratiewe benadering uit die benaderings gebore is maar dat dit ook 'n verdere ontwikkeling is wat ander aksente en klem het.

Dit is daarom dat die verhoogdrama dan ook sal afspeel teen die epistemologiese agtergrond. Dit gaan dus nie net oor hoor en interpreteer nie. Dit gaan oor die hoor van die stemme op die navorsingsverhoog. Maar meer as dit gaan dit daaroor dat die stemme kennis het, dat die stemme begrip het van hulle spesifieke kontekste wat niemand anders het nie. Die stemme is wetenskaplike stemme met waarde vir die breër wetenskaplike gemeenskap. Die keuse vir die

epistemologiese benadering doen juis dit: dit hoor die mense op die verhoog se wetenskaplike interpretasies.

### 1.17. Posisionering in verband met ander sake

Die posisioneringe wat nou beskryf gaan word, is sake wat deur die hoofkarakters en myself op die verhoog gedra is. Ek moet myself dus ook posisioneer ten opsigte van hierdie sake.

Die grootste deel van die agtergrond van die navorsingsverhoog is reeds geskets. Dit plaas die navorsing en die navorsingsveld binne 'n baie bepaalde ruimte. Daar is egter steeds dele van die prentjie wat ingevoeg moet word. Ek glo dat ek ook moet kwalifiseer hoe ek sien die sake pas. Die studie verwag dat ek eerlik sal wees in my benadering in verband met sommige ander sake. Geen mens kan neutraal in 'n navorsingskonteks instap nie. Die verhaal wat elke mens lewe het 'n bepaalde invloed op hom en haar, wie hulle is en hoe hulle in die wêreld is.

My posisionering in verband met die sake is dus nie ononderhandelbaar en onbuigbaar nie. Dit moet eerder gesien word as 'n bewus wees van waar ek tans staan en 'n openheid om te groei en te leer by die medenavorsers en gespreksgenote. Die posisionering moet nie die gesprekke of die navorsing domineer nie. Die posisionering is nie dogma nie, maar 'n poging tot 'n eerlike verantwoording en nadink oor sommige sake. Die posisionering is nie uit myself gebore nie, oor die laaste tien jaar is ek ongelooflik baie beïnvloed deur verskeie persone en werke. Ek sal ook erkenning aan daardie persone en werke gee.

#### 1.17.1. Identiteit

Die groot vraag wat gevra sal moet word wanneer die navorsingsdrama beskryf word, is wie is ek en hoe ek dit geword het. Net so 'n belangrike vraag is waar

kan ek word wie ek bedoel is om te wees en dit sluit dan by die volgende vrae aan: Wie is ons? Wie is ek? Hoe het dit gekom dat ek, ek is? Wat is ander mense se invloed op wie ek is? Dit is duidelik dat 'n persoon se identiteit nie in isolasie gevorm word nie. Identiteit word in sosiale verhoudings gekonstrueer. Identiteit sou dus as 'n sosiale konstruk gesien kon word. Wie ek is en my identiteit kan dus sosiaal gekonstrueer word, en dan by implikasie ook verander word.

Côté en Levine (2002) het die multidimensionaliteit van identiteit ondersoek en waar identiteit gesien kon word, is daar drie aspekte geïdentifiseer:

- Hoe ons onsself sien.
- Hoe ons met ander mense in verhouding staan.
- Hoe ons inskakel by die gemeenskappe waarvan ons deel is.

Wanneer ons dus oor identiteit praat kan ons nie anders as om te praat oor die narratief se invloed op ons identiteite nie. Volgens Fay (2000:2) maak ons as mense sin van wie ons is deur stories oor dit wat ons verstaan, maar ook dit wat ons nie verstaan nie (Fay 2000:2). Müller (2000:9) wys daarop dat die hede, die verlede en die toekoms nie van mekaar losgemaak kan word nie. Dit is dus een van die wegspringpunte van die hele narratiewe benadering. Wanneer ons dus ons verhale vertel is dit niks anders as die konstruering van die toekoms nie (Müller 2000:9). Met ons verhale konstrueer ons egter nie net ons toekomsverhale nie maar ook wie ons graag wil wees en wil word. Ons droom dus in ons verhale ook oor ons identiteit. Dreyer (1999:366) wys op die belang van die narratief in die vorming van identiteit en lig die verhouding tussen identiteit en narratief so uit:

> *In contemporary scholarship it has become commonplace to observe that speakers use the site of narratives to construct particular identities [where] each telling of a story offering the narrator a fresh opportunity to create a particular representation of herself.*

Identiteit is dus storie- of verhaalgebonde.

Die postmodernisme plaas verdere klem op die siening dat ons verhale ons identiteit konstrueer. Daar kom egter 'n aspek by. Nie net deur my eie verhale nie maar ook deur die verhale van die mense rondom my konstrueer ek my identiteit. Kennis word dus ontwikkel en verkry deur mense wat saamwerk eerder as net deur individuele kenners (Dreyer 2006:1320). Ander mense in jou sosiale konteks is dus wesenlik deel van 'n mens se menswees (Dreyer 2006:1320).

Ons sou dus kon sê dat, deur verhale wat vertel word oor en in mense en verhoudings, konstrueer 'n mens se identiteit (Demasure & Müller 2006:412). Wanneer 'n mens vra wie 'n persoon is, kry 'n mens min as antwoord 'n naam en van. Meeste van die tyd sal mense met stories reageer op die vraag. Jou konteks waar jy vandaan kom, die mense met wie jy saam was is dus alles 'n invloed op wie jy is, wat jou identiteit is.

Demasure & Müller (2006) wys daarop dat binne die benadering van byvoorbeeld Ricoeur word 'n baie sentrale plek aan verhale gegee, juis omdat verhale die mag het om te verander (Demasure & Müller 2006:412). Die postmodernisme en veral die poststrukturalisme het ons opnuut kom wys dat taal, met ander woorde, woorde en begrippe se betekenis kan verander. Die vloeibaarheid van taal het dus tot gevolg dat 'n mens se identiteit veranderend en tydelik is. Dit is juis so omdat ons, ons verhale met taal konstrueer.

Wanneer 'n mens dit weet en die implikasies van die siening van identiteit verstaan, het dit implikasies vir hoe 'n mens jou identiteit in die toekoms konstrueer. 'n Belangrike komponent van die studie is identiteit. Dit is my hoop dat my medenavorsers sal besef dat hulle 'n bepaalde sê het in wie hulle is, en dat hulle sal verstaan dat hulle nie net is soos hulle is nie (hier word nie na homoseksualiteit verwys nie), maar dat hulle 'n keuse het.

Die implikasies vir 'n narratief gekonstrueerde identiteit is dus (Stanford[9]):

- Omdat my persoonlike identiteit 'n narratief gekonstrueerde identiteit is, kan ek sin maak van myself, wie ek is, in my betrokkenheid en verhouding tot ander mense.
- In verhouding met ander, neem ek nie sommer 'n rol aan of in wat aan my gegee word nie. Ek kan myself verander deur my eie pogings, en ek kan ander beïnvloed om ook te verander.
- Die mens is liggaamlik en het biologiese en psigologiese swakpunte. Ek kan dus nie alles aan myself en van myself verander nie. Jy moet jouself ken. Jy kan jouself dalk nie verander nie maar ander mense se sieninge oor jou kan verander.
- Tog is ons interaksie met ander mense baie belangrik.

Die groep met wie ek werk het 'n baie bepaalde identiteit. Hulle verwys na die identiteit as 'n "skewe" identiteit. Mense buite hulle groep of dan subkultuur sien hulle as moeilikheidmakers en mense wat nie sukses in die lewe sal hê nie. Die verhale wat baie van die meisies oorvertel is juis ook verhale van mislukking. Die meisies leef ook hierdie identiteit, hulle maak moeilikheid waar hulle gaan. Dit het nou al as gevolg gehad dat 'n paar van hulle geskors is uit die skool uit en sommige van hulle het selfs drastiese stappe soos pogings tot selfmoord en aanranding, geneem.

My posisionering in verband met identiteit en die manier hoe identiteit gevorm word, is dus 'n sosiaal-konstruksionistiese posisionering. Identiteit is dus sosiaal gekonstrueer. Die sosiaal-gekonstrueerde identiteit kan gedekonstrueer word en nuwe verhale, verhale met en van hoop kan 'n uitvloeisel hiervan wees.

Identiteit is dus nie vas, onbuigbaar en ewig nie. Mense kan verander wie hulle is. Ek glo dat dit ook die essensie van die boodskap van die Bybel is; mense kan verander. Dit is 'n belangrike beginsel wat deurgaans aan die medenavorsers

[9] http://plato.stanford.edu/entries/ricoeur/

gekommunikeer sal word en vir hulle uitgewys sal word. Die siening is op 'n ander manier van toepassing op seksualiteit en homoseksualiteit. Ek glo nie dat die verskynsels homoseksualiteit of seksualiteit sosiaal gekonstrueer is nie. Ek glo wel sommige sake aangaande seksualiteit en homoseksualiteit en selfs die woorde "seksueel" en "homoseksueel", en veral homoseksuele en seksuele identiteite wel sosiale konstrukte is. Die konstrukte verwag van mense om op bepaalde maniere op te tree, binne 'n bepaalde boksie. Ons sou dieselfde kon sê oor sake soos heteroseksueel en biseksueel, ensovoorts. Ons kan nie op 'n ander manier oor die sake praat as met konstrukte nie. Dit is egter belangrik om die sake te identifiseer as konstrukte en dan spesifiek as sosiale konstrukte.

Op die navorsingsdrama se verhoog is dit belangrik om te besef dat identiteit deur ons verhale gevorm word. Dit is egter net so belangrik om daarop te let dat daar ruimtes geskep moet word waar mense hulle narratiewe identiteit kan ontwikkel. Dat die stories van wie wil ek wees, wie droom ek kan ek wees, vertel sal word. Dit is net so belangrik dat daar plekke geskep sal word waar die verhale geleef sal kan word.

### 1.17.2. Seksualiteit

Een van die plekke waar die meisies in die navorsingsdrama gesoek het na die identiteit wat bespreek is, is in seksualiteit en seks. Hulle het almal doelbewus met die verhaal na die navorsingsverhoog toe gekom.

My eerste vraag na ek gesê het wat ek in die vorige deel gesê het, is: Wat is seksualiteit? Hoe meer 'n mens lees hoe meer ingewikkeld raak dit om presies te verduidelik wat seksualiteit is. Kok (2004:41) wys daarop dat daar 'n verskeidenheid faktore is wat beïnvloed wat seksualiteit is en hoe dit funksioneer. Die manier hoe seksualiteit gesien word, word dus beïnvloed deur 'n verskeidenheid van sake, wat insluit, biologiese, sosiologiese, historiese, religieuse, etniese en wetenskaplike verstaan (Kok 2004:41).

Biologiese prosesse wat insluit genetiese, hormonale, neurale en vaskulêre faktore word ook geassosieer met menslike seksualiteit. Daar is dus 'n mediese sy aan menslike seksualiteit. Dié sy is teenwoordig en kan nie sosiaal gekonstrueer of gedekonstrueer word nie. Die manier hoe daar met die mediese kant in gesprek getree word, kan egter sosiaal-konstruksionisties benader word.

Menslike seksualiteit kan geïdentifiseer word as die maniere waarop mense hulself uitdruk en ervaar as seksuele wesens (Kok 2004:39). Alles rondom dit is sosiaal-gekonstrueerde sake. As mense gee ons ook bepaalde waarde aan die seksuele en hoe ons dit interpreteer. Ons moet dit sien vir wat dit is, naamlik sosiale konstrukte, deur mense in bepaalde kontekste gevorm en daargestel. Die wortels hiervan lê baie diep. Kok (2004:39) verwys daarna as prehistories. In die antieke vrugbaarheidskultusse sien ons afbeeldinge van geslagsorgane. Seksualiteit en die nadink oor seksualiteit het 'n plek in menslike denke vir duisende jare. Juis daarom glo ek is dat dit so 'n  moeilike terrein is om binne te gaan en gemaklik oor te praat. Beukes meen dat Foucault gaan so vêr as om te sê dat die menslike seksualiteit wat eintlik 'n natuurlike saak was, 'n objek van die wetenskap gemaak word (Beukes 2002:291). Op hierdie manier is mense vervreem van die seksuele en praat oor seksualiteit.

Seksualiteit is in die negentiende eeu nie net verklaar tot objek van studie in die mediese wetenskap nie. Beukes wys op vier herhalende temas wat sistematies in ander dissiplines bestudeer is (Beukes 2002 :291):

- Die liggame van vroue word in die negentiende eeu multidissiplinêr geseksualiseer vanweë die rol daarvan as geboorte-orgaan. Die konsep van histerie, byvoorbeeld, word ontwikkel en gediagnoseer as die resultaat van seksuele probleme.
- Die pedagogisering van die seksualiteit van kinders word in die negentiende eeu wyd bestudeer. Kinders moet te alle koste beskerm word

teen die gevare inherent aan masturbasie en hulle seksualiteit in die algemeen.

- Die sosialisering van voortplanting geniet intense aandag deur dit in verband te bring met die fundamentele uitgangspunte van die biologiese en sosiologiese evolusieleer. Die belangrikheid van seksualiteit vir voortplanting en die behoud van die spesie word gekontekstualiseer binne dissiplines soos demografie en sosiologie.
- Die seksualiteit van volwassenes word ’n enorme terrein van studie op grond waarvan alle vorme van perverse afwykings as gevaarlik en uiteindelik as dissident getipeer word. Die hoogtepunt hiervan was waarskynlik die reduksionistiese studies van Masters en Johnson in die vyftigerjare op grond waarvan, byvoorbeeld, die vroulike orgasme omvattend fisiologies en psigologies bestudeer is en die resultate wye akademiese belangstelling en mediadekking geniet het.

Dit is dus duidelik dat die konstrukte wat aangaande seksualiteit ontwikkel het, in baie opsigte skadelik was. Seksualiteit is geweldig kompleks en moet as niks anders as dit gesien word nie, naamlik kompleks. Dit is egter inherent deel van wie ons is. Kok (2004:40) gaan verder om hierdie kompleksiteit te verduidelik aan die hand van die tien fases van seksuele ontwikkeling van die mens. Die tien fases het ook nie die aller antwoord nie. Ek glo dit is belangrik om hiervan kennis te neem, maar dit is ook nodig om kennis te neem van die feit dat daar altyd uitsonderinge is. Die tien fases van ontwikkeling van seksualiteit is dus volgens Kok (2004:40):

1. Chromosomeseks: Het 'n persoon 'n 46 XX- vroulike of 'n 46 XY- manlike chromosoompatroon?[10].
2. Gonadale seks: Het die persoon testikels of eierstokke?

[10] Daar bestaan nie ‘n gay- chromosoom nie, daar is wel ander disfunksies, soos Klinefelter se sindroom en Turner se sindroom. Die disfunksies kan egter behandel word deur manlike en vroulike hormone toe te dien.

3. Hormonale seks: Het die persoon meer androgeen of meer estrogeen?
4. Seks van interne organe: Het die persoon byvoorbeeld 'n prostaat of het hy 'n uterus?
5. Seks van eksterne organe: Is daar 'n penis of is daar 'n klitoris, 'n skrotum of 'n labia?
6. Breinseks: Het die brein manlike of vroulike strukture en vlakke van chemikalieë?
7. Seks gegee by geboorte: Wat het die dokter gesê toe hy of sy die baba die eerste keer gesien het? Seun of dogter?
8. Geslagsidentiteit: Besef die persoon hy is 'n dogter of 'n seun? Die konsep is gevestig tussen die ouderdomme twaalf tot agtien.
9. Geslagsrol: Wat sê of doen die persoon om ander mense te laat besef dit is 'n seun of 'n dogter?
10. Seksuele oriëntasie en identiteit: Is die persoon lief vir dieselfde geslag, homoseksueel, of vir die teenoorgestelde geslag, heteroseksueel of beide geslagte, biseksueel?

Die tien fases hanteer die ontwikkeling van seksualiteit. Heteroseksuele, homoseksuele en biseksuele mense is en bly seksuele wesens met seksualiteit. Die tien fases bepaal nie hoe mense heteroseksueel word nie; dit bepaal wel of mense mans of vrouens is.

Die posisionering is dus dat seksualiteit 'n komplekse saak is waarop ons nie maklike vereenvoudigde antwoorde kan gee nie. Seksualiteit word deur baie sake beïnvloed waarvan sosiale konstruksionismes maar een faktor is. Saam met die medenavorsers gaan verhale geëksploreer word wat moontlik aan die area van seksualiteit kan raak. Dit sal saam met hulle geëksploreer word, en daar sal gekyk word na die konstruksionismes wat rondom seksualiteit bestaan. Van die voorbeelde sou wees wat die rol van die man en die rol van die vrou is. Konstrukte wat aangaande hierdie saak sou kon bestaan is dat 'n man moet

werk, 'n vrou maak kos, mans huil nie, vrouens is meer emosioneel, ensovoorts. Dit neem ons na homoseksualiteit en my posisionering wat hierdie komplekse saak betref. Ek glo as ons na alle aspekte van homoseksualiteit kyk is dit op geen manier minder eenvoudig as die sake aangaande seksualiteit nie.

### 1.17.3. Homoseksualiteit

Die verhaal oor homoseksualiteit is 'n baie ou verhaal wat oor duisende jare gevorm is. Daar is reeds 6 500 jaar gelede al oor homoseksualiteit gepraat. In Papirusgeskrifte wat uit die tyd dateer is dit duidelik dat homoseksualiteit toe reeds teenwoordig was (Du Plessis 1999:14). Dit bly egter 'n verhaal vol wanopvattings en vooroordele (Du Plessis 1999:14). 'n Groot deel van die navorsingsverhoogdrama handel oor homoseksualiteit. Die meisies het die verhaal saam met die verhaal van seks en seksualiteit na die verhoog toe gebring. 'n Groot deel van die kies van die medenavorsers/hoofkarakters het hieruit geskied. Die hoofkarakters het almal op die een of ander manier 'n verhaal vertel waar homoseksualiteit 'n belangrike deel van die verhoogstuk was en in sommige gevalle na die studie ook nog is.

Die vraag oor hoe ek myself posisioneer oor 'n saak soos homoseksualiteit, is 'n vraag waarmee ek baie lank en hard geworstel het en steeds mee worstel. Foucault (1988:110–111) vra hom retories af:

> *How is it that in a society like ours, sexuality is not simply a means of reproducing the species, the family, and the individual? Not simply a means to obtain pleasure and enjoyment? How has sexuality come to be considered the priviliged place where our deepest truth is read and expressed?*

Die siening van die kerk is baie keer 'n siening waarin homoseksualiteit gesien is as 'n doodsonde; 'n sonde wat verhewe staan bo ander sondes. Die sogenaamde sonde is verder vir meer as 'n dekade lank al een van die groot

sake wat deur sinodes bespreek en hanteer is. Lewis (2009) wys daarop dat die benadering tot die hantering van mense wat 'n homoseksuele identiteit aangeneem het, kan lei tot sekere psigologiese afwykings en selfs selfmoord.

Die saak aangaande homoseksualiteit is deur sommige mense as so belangrik en sentraal geag dat dit tot kerkskeuring sou kon lei. Baie mense hou vol dat homoseksualiteit 'n keuse is wat 'n persoon maak en dat mense baie maklik kan ophou om dit te doen. Homoseksualiteit is gesien as 'n tipe siekte wat genees kan word (Müller & Beyer 2007:124). Daar het sekere terapeutiese ontwikkelinge gekom waarin mense geleer is om net die versoeking te weerstaan of te onderdruk (Müller & Beyer 2007:126).

Ek het in my nadenke oor my posisionering na baie materiaal gekyk en baie materiaal gelees oor die onderwerp. Titels soos *Vir diegene wat die leuen glo dat hulle homoseksueel is*[11], *Homoseksualisme, probleem of simptoom?*[12], is nie ongewoon nie. Homoseksualiteit is in die benaderings baie keer 'n saak wat gesond gebid kan word. Die materiaal het die uitgangspunt, *Is jy gay? Wel moenie bekommer nie, ons sal jou help fix!* Ek het die materiaal van 'n bepaalde opleidingsentrum[13] in hierdie verband gekyk en in 'n video-insetsel stel hulle voor dat om van homoseksualiteit genees te word jy jou brein letterlik net moet herprogrammeer. Hoe jy te werk moet gaan om dit reg te kry is soos volg: Jy moet vir jou 'n dik poskantoorrekkie koop en dit om jou gewrig begin dra. Elke keer as jy dan 'n homoseksuele gedagte het moet jy die rekkie sover moontlik terugtrek en jouself op die manier dan skiet. Dit moet seer wees. Die teorie is daarop gebaseer dat homoseksuele mense plesier uit homoseksualiteit put. Daarom stel hulle voor dat jy die gevoel van plesier wat jy uit homoseksualiteit put moet vervang met pyn en later sal jou brein nie meer hieraan dink nie omdat dit seer is. My enigste bekommernis hieroor is dan waarom daar nog homoseksuele mense is? Die meeste van die gevalle waarmee ek gewerk het

---

[11] Filadelfia Opleidingsentrum.
[12] Gerhardus Horak
[13] Filadelfia Opleidingsentrum: Frans Cronje DVD 2

beleef elke dag baie meer emosionele pyn as wat enige rekkie ooit kan veroorsaak. Daar is baie posisionerings oor homoseksualiteit en baie van die posisionerings is skadelik. In my konteks het van hierdie posisionerings selfs selfmoorde en selfmoordpogings tot gevolg gehad.

Ons sou dus oor homoseksualiteit dieselfde kan sê as oor seksualiteit. Dit is 'n ongelooflik komplekse saak. Dit word verder gekompliseer deur sosiale konstruksionismes wat bestaan, konstruksionismes waarteenoor ons verplig is om krities te staan, veral as dit kan beteken dat 'n persoon se lewe in gevaar gestel kan word deur die konstruksionismes.

Wat glo ek nie oor homoseksualiteit nie? Die eerste vraag oor my eie posisionering kon nie wees wat ek wel glo nie. Dit wat ek geglo het is skadelik en baie beïnvloed deur my eie verhaal, 'n verhaal wat vol konstruksionismes was en is; konstruksionismes wat gevorm is vandat ek 'n baba was. Wanneer ek bang was toe ek nog klein was is die vraag baie maklik aan my gestel: Is jy 'n "moffie"? Wanneer ek gehuil het of saam my susters wou speel of nie uit die boom uit wou spring nie en selfs wanneer ek nie vreemdelinge vertrou het nie, was veral my pa se vraag: Maar is jy 'n “moffie”? Hoe ek geweet het wat 'n "moffie" is weet ek nie. Wat ek dus geglo het is dat homoseksuele mans, huil, bang is, vriendinne het en in 'n snaakse onnatuurlike stem met 'n vreemde aksent praat. My idee van homoseksuele vrouens was weer dat hulle soos mans lyk en soos mans sal optree en sal praat en dat hulle skeer. Ek moes myself dus posisioneer vanuit 'n hoek van wat kan ek nie glo nie en wat glo ek nie. Dit het gevra dat ek krities na myself moes kyk.

Wat glo en kan ek dus nie glo oor homoseksualiteit nie?

- Ek glo nie dit is 'n keuse wat mense doelbewus maak nie.
- Daar bestaan nie iets soos 'n homoseksuele geen nie (Jones & Yarhouse 2000:48).

- Homoseksuele mense is nie minder man of minder vrou nie.
- Homoseksuele mense is nie 'n sub- of laerklasmens nie. Hulle het gevoelens soos heteroseksuele mense, hulle is ook nie minder intellektueel nie.
- Die debat oor homoseksualiteit is nie eenvoudig nie en niemand weet regtig waar homoseksualiteit vandaan kom nie (Jones & Yarhouse 2000:52).
- Mense word nie homoseksueel as gevolg van molestering in hulle kinderlewens nie (Jones & Yarhouse 2000:52).
- Veroordeling en homofobie is nie aanvaarbaar nie (Dreyer 2006:158).
- Homoseksualiteit is nie 'n geneesbare patologie nie.
- Hormone soos estrogeen en androgeen bepaal nie homoseksualiteit nie (Jones & Yarhouse 2000:61).
- Die deel van die hipotalamus wat tradisioneel met seksualiteit en seksdrange te doen het, is dieselfde in homoseksuele sowel as heteroseksuele mense (Jones & Yarhouse 2000:48).
- Homoseksuele mense is nie noodwendig promiskueus nie (Müller & Beyer 2007:128).

Op die verhoog was homoseksualiteit dus nie 'n siekte of toestand wat genees moes word nie. Die fokus was die hoofkarakters se verhale, waarin homoseksualiteit maar een aspek van was.

Die vraag oor wat ek nie glo oor homoseksualiteit nie, neem my na die volgende belangrike vraag in my posisionering. Wat veroorsaak homoseksualiteit? Yarhouse en Jones (2000) hanteer die gesprek baie volledig. Daar word gekyk na die biologiese kant en moontlike biologiese oorsake en die moontlik psigologiese oorsake. Hulle konklusie is dat daar nie 'n enkele oorsaak is wat geïdentifiseer kan word nie (Jones & Yarhouse 2000:65). Daar moet dus gewaak word teen 'n moontlike heksejagtery en gekyk word na wetenskaplike feite oor waar homoseksualiteit vandaan kom. Ek glo dit geld nie net vir antihomoseksuele

nie maar ook vir prohomoseksuele posisionerings. Ek glo dat daar nie iets soos 'n eksakte wetenskap bestaan nie, juis omdat mense dit doen. Wetenskap is altyd tydelik en is 'n bepaalde bril om die werklikheid mee te beleef.

Die opsies om 'n mens self binne te posisioneer is dus baie beperk. Ek sou myself dus wou posisioneer op 'n punt waar ek met homoseksuele mense in gesprek kan gaan en nie net 'n posisionering waar ons óór hulle praat nie. Ek is baie versigtig vir 'n proposionele standpunt of posisie (Müller & Beyer 2007:129). Maar daarmee saam erken ek dat ek 'n baie bepaalde verhaal saam met my in die gesprek in neem en dat ek krities teenoor hierdie verhaal staan. Objektiwiteit is dus nie 'n honderd persent moontlik nie en in baie opsigte is dit 'n idee van die positivisme (Dreyer 2006:157). Die gesprekke sal dus steeds sosiaal-konstruksionisties en postfundamentalisties hanteer word. Daar sal dus kontekstueel en binne bepaalde verhoudings gewerk word. Waarhede en antwoorde kan alleen in verhoudings en in interaksie met ander mense gesoek word (Dreyer 2006:160). Die mense word dus in die eerste plek nie hanteer as 'n vrot spul, 'n vrotkol, skewes, gays, lesbene, moffies of homoseksueles nie, maar as mense met gevoelens, drome en doelwitte; mense met stories, stories wat gehoor moet word.

My posisionering aangaande homoseksualiteit is verder ook 'n posisionering wat beïnvloed is deur my beskouing van die Bybel, met ander woorde my Skrifbeskouing. Ek glo dat die Bybel die Woord van God is, in menslike taal deur mense geskryf. Die woord het deur bepaalde redaksies gegaan en is op 'n baie bepaalde manier deur duisende jare hanteer. Die Bybel is ook binne baie bepaalde kontekste geskryf en saamgestel, kontekste wat van mekaar verskil en ook van ons kontekste verskil. Die Bybel is verder ook 'n Bybel met kontrasterende gedagtes, juis as gevolg van die verskillende kontekste waarin dit tot stand gekom het. 'n Mens sou net na die verskillende godsbeelde kon gekyk het om dit verder te verduidelik.

Daar is egter 'n markonarratief wat ek glo reg deur die Bybel en die geskiedenis sigbaar is. God is 'n God wat by mense betrokke is. Hulle is mense wat eintlik vernietig moes gewees het oor hulle konstante oortredinge teen Hom. Maar hy het betrokke gebly en selfs later deel geword van die menslike bestaan en Sy lewe opgeoffer vir mense. Ek bou my geloof op die makronarratief, nie op hoe sterk die wyn in Johannes 1 was en of dit regte wyn was met alkohol in nie, ook nie op hoe moontlik of onmoontlik dit is om op water te loop nie. My geloof is daarop gebou dat God in my lewe betrokke is en in my lewe betrokke wil wees. Die Bybel bevestig ook die verhaal.

Wanneer ons dus oor die reëls en wette van die Bybel praat, glo ek dat dit juis vanuit hierdie hoek gesien moet word. Daarom stem ek saam met Dreyer (2004:182) dat die reëls soos volg gesien en geïnterpreteer moet word:

1. Reëls verloor hulle geldigheid wanneer kontekste verander.
2. Reëls is nuttig en beskerm selfs mense, maar wanneer daar konflik tussen die reël en die konteks kom, kan daar weggedoen word met die reël (ek glo nie ons ontken God op dié manier nie).
3. Indien daar konflik is, behoort die reël nie summier verwerp te word nie. As etiese waardes in die konteks swaar genoeg weeg, kan die reël tersyde gestel word.
4. Niks uit die konteks kan swaar genoeg weeg om 'n reël wat 'n daad verbied omdat dit immoreel is, tersyde stel nie.

Ek sou dus baie maklik by Müller en Beyer (2007:137) kon aansluit in verband met my persoonlike posisionering ten opsigte van sorg en in hierdie geval navorsing met homoseksuele persone. Die posisionering is dus[14] (Müller & Beyer 2007:137):

[14] Die konteks van sorg is hier vervang met die konteks van navorsing.

- Die manier waarop die navorsing benader word, word grotendeels beïnvloed deur my teologiese vertrekpunt.
- 'n Teologie wat op tydlose waarhede gebaseer is skep nie ruimte vir gesprek en wedersydse reflektering nie.
- 'n Teologie wat nederig genoeg is om te besef dat ons teologiese insigte nie gelyk gestel moet word aan die God se openbaring nie, bied ruimte vir gesprek.
- So 'n gesprek werk nie met proposisies of insigte wat reeds vasstaan en net linêer op die navorsing toegepas word nie.
- Die uiteinde van so 'n proses sou meervoudige dimensies kon inneem, byvoorbeeld 'n gesprek waar homoseksuele mense aanvaar word vir wie hulle is, en na hulle stories geluister word. En plaasvind in sinvolle interaksie met die Skrif.
- Die gevolg hiervan is dat die kontekste wat geraak word deur die navorsing: dat die gemeenskappe erns sal moet maak met die aanvaarding van homoseksuele mense se verhale. Veral die kerk sal op 'n manier moet kennis neem van die verhale en dit akkommodeer as deel van die verhaal van God wat betrokke is by mense.

Op die verhoog is daar baie gepraat oor homoseksualiteit of om 'n “skewe” te wees. Binne die verhale was hierdie saak soos 'n refrein. Wat baie belangrik is, is dat daar nie na die verhoog gekyk is deur die lens van "ons sal julle genees want homoseksualiteit is 'n siekte nie". Die hoofkarakters het met die verhaal na die tafel toe gekom. Later sal hulle ook die konsep verduidelik soos hulle dit verstaan en beleef het.

### 11.7.4 Geloofsgemeenskap

Die geloofsgemeenskap is 'n volgende saak wat deur die medenavorsers en myself op die verhoog geplaas is. Die geloofsgemeenskap sou soos 'n tipe mat

gesien kon word op die navorsingsverhoog. Of die spesifieke gemeenskappe daarvan gehou het of nie, die verhaal se vertrekpunt was die geloofsgemeenskap.

Dit is dus onmoontlik om die geloofsgemeenskap buite die gesprek te laat. Die geloofsgemeenskap het 'n baie sentrale rol te speel binne die gesprekke met homoseksuele mense. Dit is juis so omdat baie van die konstrukte wat daar oor homoseksuele mense bestaan op 'n manier in die kerk en uit die kerk gebore is. Hiermee bedoel ek die kerkstruktuur soos ons dit op aarde kan sien. Ons sou kon redeneer oor hoe 'n groot rol teologiese konstrukte hier kon speel. Maar ek dink vir die huidige kan 'n mens sê dat die geloofsgemeenskap hier die fisiese ruimte is, 'n kerkgebou en terrein en mense. Aan die ruimte is bepaalde betekenis gegee deur die hoofkarakters. Die studie sal spesifiek kyk na wat die betekenis is wat deur die hoofkarakters gegee is aan die ruimte en konsep "kerk".

Ek praat hier spesifiek van die geloofsgemeenskap omdat ek dink dat mense soos die hoofkarakters in die navorsingsdrama, nie net in die NG Kerk is nie, maar deel van alle kerke en alle geloofsgemeenskappe. APK, PPK, AGS, NG, NHK, die kerk onder die boom en die Evangelies Gereformeerde kerk, ensovoorts is. Mense met verhale soos dié van die hoofkarakters, is 'n realiteit wat in alle geloofsgemeenskappe leef. Ek glo net dat dit baie maklik is om dit te laat lyk en klink na 'n gesprek wat net sekere gemeenskappe raak. Baie van die beskuldigings wat gemaak word, word dan juis ook spesifiek teen sekere geloofsgemeenskappe gemaak. Vir die doel van die navorsingsdrama is daar gekyk na verhale van mense binne 'n bepaalde geografiese area. Hulle is afkomstig uit verskillende geloofsgemeenskappe.

Met dit gesê glo ek die geloofsgemeenskap het 'n baie bepaalde doel wat dit in mense se lewens moet vervul. McKnight (2005) verduidelik dat 'n geloofsgemeenskap verhoudinggedrewe is. Die doel is om mense as 'n

gemeenskap met verskille en gebreke, bymekaar te kry, mekaar te bemoedig, op te bou en uit te stuur. Dit vind alles binne gemeenskap en verhoudings plaas. Dit voel soms of dit juis die teenoorgestelde is wat deur geloofsgemeenskappe gedoen word. Mense vertel verhale van seer, verwerping, onderdrukking en kliekvorming eerder as verhale van opbou.

Een van die stories wat my medenavorsers herhaaldelik vertel het, is juis dit. 'n Verhaal van 'n gemeenskap waar hulle alleen staan en geoordeel word, verhale wat verwerping, haat en pyn inhou.

Ek is self deel van 'n geloofsgemeenskap wat die verhaal vertel. Ek posisioneer myself dus as deel van 'n geloofsgemeenskap; 'n geloofsgemeenskap met baie gebreke. Ek glo egter ons moet mense iets van die liefde van God vir mense kan laat voel as hulle op enige manier by 'n geloofsgemeenskap betrokke raak.

**1.17.5. Die verhaal van die NG Kerk en homoseksualiteit**

Die kerk se rol as deel van die agtergrond van homoseksualiteit is 'n baie belangrike rol. Vir die grootste deel was die rol van die kerk nie baie positief nie. Ek kan selfs so ver gaan as om te sê dat die rol van die kerk baie keer afbrekend en negatief was. Eerder as 'n verhaal van liefde, is die verhaal baie keer 'n verhaal van verwerping en marginalisering van mense. Die verhaal is 'n verhaal vol pyn en seer wat mense moes ervaar.

Die verhaal in die NG Kerk is ook nie 'n nuwe verhaal nie. Die verhaal het in die sestigerjare reeds op die tafel gekom. Die antwoord was eenvoudig: homoseksualiteit is sonde. Tydens die sinodesitting van Wes-Kaapland in 1995 is 'n historiese besluit geneem in hierdie verband. Daar is besluit dat daar weer gekyk moet word na 'n Bybels-gefundeerde pastoraat aan homoseksuele mense. Wat die besluit vir my meer histories maak is dat daar ook besluit is dat homoseksuele mense by die navorsing betrek sou word. Hulle sou dus kon insae

hê in die ontwikkeling van die pastorale model. Die besluit is myns insiens die res van die kerk tien jaar vooruit gewees. Ek glo nie eers 2007 se sinodesitting het so ver gekom soos die 1995-besluit nie. Daar sou nie net óór mense gepraat word nie, maar wel mét mense.

Daar is in dieselfde verslag genoem dat die sinodesitting en die kerk moet waak om nie dieselfde uitsprake te maak as wat daar oor dans en swem op Sondae gemaak is nie. Die aanbeveling waaroor die sinode moes besluit was:

- Gemeentes sal die stuk ontvang met die oog op informasie, diskussie, versorging en begeleiding van die homoseksuele persoon.
- Gemeentes word dus versoek om erns te maak met die behoefte aan 'n ondersteuningstelsel vir homoseksuele persone binne die gemeenskap van gelowiges. Die mense moet aanvaar word, en daar moet gewaak word teen 'n onsensitiewe stigmatisering, eensydige veroordeling, marginalisering, en verwerping.

Hoewel die gesprek grotendeels oor pastoraat gehandel het, het dit 'n definitiewe standpunt gemaak. As ons mense verwaarloos, verwaarloos ons die evangelie.

Alhoewel dit die geval was en daar wel besluite soos dié geneem is en behandel is, was dit nie die rigting waarin die NG Kerk sou beweeg nie. Hoewel daar 'n groot groep lidmate in die NG Kerk is wat geen probleem het met homoseksualiteit nie, is daar ook 'n groot groep wat 'n wesenlike probleem het met homoseksualiteit. Ons sien veral in Kerkspieël[15]-data dat daar definitief twee strominge in die NG Kerk is. Daar is die groep wat sê dat dit onaanvaarbaar is en meen dat die Bybel duidelik is oor die saak. Homoseksualiteit is teen die wil van

---

[15] Die Kerspieëlopname word elke twee jaar gedoen. In die verlede is dit elke vier jaar uitgevoer. Hierdie projek bestaan uit drie departemente of teikengroepe:
- Die plaaslike gemeente.
- Die ampsdraers.
- Die leiers in die gemeentes.

God (Bisschoff 2008:1). Daar is egter 'n groot groep mense wat nie seker is nie. Ek vind myself soms in hierdie posisie. Wat die saak kompliseer is die twee uiterste standpunte wat daar bestaan oor homoseksualiteit. In die literatuur vind ons duidelik twee groepe. Ek verwys na die groepe as 'n prohomoseksualiteit-groep en 'n antihomoseksualiteitgroep. Beide groepe het baie oortuigende standpunte. In baie gevalle gebruik hulle ook die wetenskap en die Bybel, maar hulle misbruik dit egter net so veel.

Die algemene sinode van Oktober 2002 besluit dat hulle hulself nie verder kan assosieer met van die vorige besluite en die verslag oor homoseksualiteit nie. Die verslag en besluite het homoseksualiteit summier afgekeur en gesê dat dit teen die wil van God is. Die gesprek het gelei tot groot onenigheid. Die opdrag is toe gegee dat daar weer na die Skrif gekyk sal word in hierdie verband (Bisschoff 2008:2).

Die gesprek is met die besluit vir die eerste keer van 1986 af weer regtig op die tafel van die kerk gewees (Bisschoff 2008:2). Dit voel vir my op dié punt of die gesprek weer by 1960 was, 'n besluit soos dié van Wes-Kaapland 1995 sou die gesprek moontlik 'n ander tipe momentum gegee het. Wat belangrik en 'n stap in die regte rigting was, was die feit dat die gesprek weer oop was en mense weer uitgedaag sou word om te dink.

Die volgende algemene sinode in Oktober 2004 lei 'n volgende era in. Die era maak dit duidelik dat daar wel 'n alternatiewe standpunt bestaan (Bisschoff 2008:2). Die sinode formuleer ook 'n aantal standpunte oor homoseksualiteit. Die standpunte was (Bisschoff 2008:2):

- Die roeping van die kerk is om die Evangelie in alle omstandighede aan alle mense te bring. Dit sluit ook menslike seksualiteit in.
- 'n Verskoning is gerig aan alle homoseksuele mense en hulle gesinne wat deur die NG kerk seergemaak is.

- 'n Bevestiging om ondersteuning te bied aan homoseksuele mense en om 'n pastorale model te ondersoek is gegee.
- Die materiaal wat ons in die Bybel oor homoseksualiteit kry, kan verskillend geïnterpreteer word.
- Alleen 'n huwelik tussen 'n man en vrou kan erken word deur die kerk.
- Promiskue gedrag by homoseksuele en heteroseksuele mense word afgekeur.
- Alle mense het deel aan God se liefde, ongeag van hulle seksuele oriëntasie. Daarom moet hulle as deel van die kerk aanvaar word.

Om oor die spesifieke besluit te reflekteer is moeilik. Die sessie was met 'n bepaalde atmosfeer gelaai, wat ek nie glo werklik oorvertel kan word nie. Die idee wat ek kry is dat vir die eerste keer van 1995 af daar 'n tree in die regte rigting was: homoseksuele mense moet as deel van die gemeente gesien word.

Die algemene sinode van 2007 bevestig weer die besluit wat in 2004 geneem is. Die 2007-sinode besluit verder dat predikante wat homoseksueel is, selibaat moet lewe. Homoseksualiteit moet in liefde hanteer word, so ook die debat oor homoseksualiteit.

Die debat ontvou egter op 'n ander manier as wat die verwagting aanvanklik was. Eerder as in 'n gees van liefde, gebeur die gesprek baie keer in 'n gees van veroordeling plaas. Dit is so erg dat daar groepe is wat dreig om weg te breek as hulle nie hulle sin kry in die debat nie. Daar is ook groepe wat reeds weggebreek het.

Die positiewe is dat die gesprek uitgebrei het en dat daar mense is wat vra na wat van hulle verwag word. Hoe moet ek optree om die wil van God te doen? Die debat het uitgekring tot op gemeentelike vlak. Die gedagte is dat daar nie meer net oor nie maar ook met mense gepraat sal word.

Kerkspieël het van 2005 af navorsing oor die verhaal gedoen. 10 000 vraelyste is binne die NG kerk uitgegee. Van die 10 000 vraelyste is 3 976 terugontvang (Bisschoff 2008:3). Daar is in die eerste opname veral gefokus op die besluite van die algemene sinode. Die data lyk soos volg:

| **Church leaders and decisions on homosexuality (2005) (%)** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| In the current debate on homosexuality the following viewpoints are used. Please give your honest opinion on each of the statements. (Results in %) | Strongly agree | Agree | Uncertain | Disagree | Strongly disagree |
| The Church caused pain in the past to people with a homosexual orientation | 12 | 32 | 15 | 25 | 15 |
| The Church acted correctly when apologizing to all homosexuals and their families where the love of God was not visible in the conduct of the Church | 14 | 35 | 14 | 20 | 17 |
| It is possible that the available information in the Bible regarding homosexuality can be interpreted differently | 9 | 32 | 12 | 23 | 24 |
| Only the union between one man and one woman can be regarded as a marriage | 79 | 16 | 2 | 1 | 2 |
| Promiscuous homosexual practices are against the teachings of the Bible | 66 | 21 | 7 | 3 | 3 |
| All people, disregarding their sexual orientation, are included in God's love | 46 | 35 | 9 | 6 | 4 |
| All people, disregarding their sexual orientation, should be accepted on the ground of their confession of faith as full members of | 27 | 32 | 15 | 14 | 12 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| the Church | | | | | |
| The witness of faith and commitment of all people, disregarding their sexual orientation, should be accepted | 25 | 34 | 16 | 14 | 11 |

(Bisschoff 2008:4)

Die ondersoek wat deur die bostaande tabel weergee word sou die volgende tot gevolg kon hê. Gemeenteleiers het gevoel dat (Bisschoff 2008:3):

- Die kerk het die regte ding gedoen deur jammer te sê vir die seer wat veroorsaak is aan mense met 'n homoseksuele oriëntasie.
- Die huwelik bestaan as 'n eenheid tussen een man en een vrou, huwelike tussen mense met dieselfde geslag is nie aanvaarbaar nie.
- Die interpretasie van die tekste oor homoseksualiteit skep probleme. Daar bestaan duidelik twee verskillende standpunte.
- Die term "seksuele oriëntasie" wat gebruik is in die debat oor homoseksualiteit moet verder verduidelik word, veral die oorsake en redes vir homoseksualiteit.

Dit is dus duidelik dat na 2005 die gesprek op 'n ander manier op die tafel was as voorheen. Teoloë het baie tyd en energie in die debat ingesit en selfs gewone gemeentelede het die saak indringend bespreek. Die gevolg hiervan was beslis 'n groter verdraagsaamheid. Almal was en is egter nie ewe verdraagsaam teenoor homoseksualiteit en homoseksuele mense nie. Die debat het nog nie gedraai nie en daar is steeds twee uiterstes wanneer daar na die saak gekyk word.

In 2005 is daar saam met die vorige tabel ook 'n ope vraag gegee wat deur 47% van die 3 958 respondente ingevul is (Bisschoff 2008:5). Die volgende verhaal is deur die navorsing vertel:

| **Open question: What is your point of view on homosexuality** | | | |
|---|---|---|---|
| | | | % |
| **Not accepting or being against homosexuality** | | 1348 | **72** |
| • Wrong, disapprove | 200 | | |
| • Bible related response | 219 | | |
| • Sin, Against will of God | 396 | | |
| • Not intention of creation, etc. | 94 | | |
| • Repent, etc. | 177 | | |
| • Not acceptable, don not practice | 200 | | |
| • Therapy, counseling, healing, etc | 62 | | |
| **Positive or accepting homosexuality** | | 162 | **9** |
| • Accept, tolerate, not reject, not condemn | | | |
| **Neutral response** | | 331 | **18** |
| • Decision of individual, | 50 | | |
| • Born this way | 75 | | |
| • Complex issue | 55 | | |
| • General | 40 | | |
| • Who am I to judge; God will judge, etc | 58 | | |
| • Handling by the Church | 53 | | |
| **Uncertain** | 25 | | **1** |
| • Uncertain, no comment, etc. | | | |

(Bisschoff 2008:5)

Die verhaal beklemtoon dat daar groei is. Groei glo ek in 'n positiewe rigting. Mense aanvaar nie meer dinge omdat iemand gesê het dit is so nie. Die verhaal

wat deur die navorsing vertel word, is daar is 'n groep mense is wat begin vra na hoe ons dit anders kan verstaan, en dalk is God groter as ons konstrukte. Die verhaal wat deur die navorsing vertel word, beklemtoon egter ook die 1986-manier van dink. Daar is steeds 'n baie groot groep mense en denkers wat glo dat homoseksualiteit sonde is en nie beoefen moet word nie. Homoseksualiteit is sonde en moet bely word voor die Here. En wanneer 'n mens in terapie hard genoeg hieraan werk kan homoseksualiteit selfs genees word.

Die Kerkspieëlnavorsing het in 2006 nog 'n stap verder gegaan. Daar is weer 'n vraelys uitgegee wat in die erediens deur gemeentelede ingevul moes word. Die doel hiervan was om gemeentelede se stemme te hoor oor bepaalde sake in die kerk. Die vraelys het ook homoseksualiteit ingesluit. In die vraelys was 'n deel wat gerig was aan die predikante, die deel is ook op die predikante gefokus. Die vraelys is uitgegee aan 1 927 predikante waarvan 818 voltooi is. Dus het 42% gereageer (Bisschoff 2008:5).

Die eerste ronde data het gewys dat 76% teen homoseksualiteit is en die 24% wat oor was, kon in drie groepe verdeel word (Bisschoff 2008:6).

1. 17% is positief oor homoseksualiteit.
2. 6% is nie seker nie.
3. 1% is vaag.

Dit is dus duidelik dat die verhaal wat in die kerk vertel word oor homoseksualiteit nie tans 'n baie positiewe gesprek is nie en dat dit marginalisering van mense kan meebring. Die taal wat gebruik is in die verhaal is stereotiperend. Die verhaal is nog meer so as die leiers 'n bepaalde standpunt ingeneem het. Die standpunt word onmiddellik 'n "maar"-standpunt. Ek sal die sondaar aanvaar "maar" die sonde kan ek nie aanvaar nie. Die skade van so 'n standpunt is in baie gevalle meer gevaarlik as om mense fisies dood te maak. Homoseksualiteit is nie so eenvoudig nie. Ek weet dat daar teoloë is wat na hierdie manier van dink verwys as pannekoekargumente en as oneerlik. Die gesprek is kompleks. Die "maar"-

standpunt is in homself marginaliserend. Bisschoff (2008:8) wys verder ook hoe taal verneder, verwerp en uitsluit in die verband.

| **Explicit marginalising language or formulas** | | |
|---|---|---|
| | % | n |
| Unnatural | | 13 |
| Abnormal | | 8 |
| Reject | | 25 |
| Diverging/deviation | | 12 |
| Hatred | | 11 |
| Abomination | | 5 |
| Should not be allowed in the office, etc | | 7 |
| Refuse to conduct marriage; NO to gay marriage, etc | | 15 |
| Other: | | 14 |
| • Contrary to Gods creation of man and women (anatomy) | | |
| • I do not want a "gay" colleague | | |
| • "Do not touch me" | | |
| • Abomination in the eyes of God | | |
| • "Bah!/Ugh!" | | |
| • Ungodly mutilation of Scripture | | |
| • Personality disorder | | |
| • Practice horrible | | |
| • No problem with "queer" people (Afrikaans "moffies") | | |
| • Maladjustment | | |
| • Provoking God | | |

| | | |
|---|---|---|
| • Dysfunctional way of thinking | | |
| • Do not want such a person to accompany my child on a Sunday school camp | | |
| • "Is it possible for two boys?" | | |
| Total | 14 | 110 |

(Bisschoff 2008:8)

Die taal wat ons dus gebruik wanneer daar oor homoseksualiteit gepraat word en na homoseksualiteit verwys word, is in baie gevalle taal wat 'n verhaal vertel van mense wat gemarginaliseer is. Die manier waarop daar oor bepaalde sake gepraat word, het die vermoë om mense se stemme af te sny en hulle nie as deel van 'n bepaalde gesprek te sien nie (Freedman & Combs 2002:13).

Bisschoff (2008:9) gaan egter verder deur die verhaal van magsdiskoerse te vertel. Die probleem is soos ek vroeër geredeneer het, dat die diskoerse ontwikkel word deur hulle wat mag het en die diskoerse word dan om mense afgeforseer. Mag moet van onder af boontoe werk en nie anders om nie. Kennis is mag en ek glo dit is 'n positiewe saak as kennis mag is. Dit moet nie net aan die wat reeds mag het meer mag gee om mense verder te marginaliseer nie. Die diskoers aangaande homoseksualiteit gebeur nie sonder dat sekere mense sekere mag uitoefen nie (Bisschoff 2008:9).

Die vraag word dus verder gevra: Kan die teenwoordigheid van 'n magsdiskoers geïdentifiseer word? Indien wel, in watter mate bestaan dit (Bisschoff 2008:9). Die volgende skema is gebruik in die analisering van die data (Bisschoff 200810):

- Uitdrukkings teenwoordig in magdiskoerse is geïdentifiseer.
- Aandag is gegee aan antwoorde wat geformuleer is op 'n manier wat mag dekonstrueer in 'n gemeenskap.

- Antwoorde wat op die Bybel gebaseer is, is geïdentifiseer maar nie by die gesprek ingesluit nie.
- Die res van die data het nie in die bogenoemde kriteria geval nie.

Die volgende verhaal is vertel (Bisschoff 2008:9):

| **Power discourse in the discussion on homosexuality?** | | |
|---|---|---|
| | % | |
| Power discourse | 17 | 135 |
| Deconstruction | 23 | 178 |
| Bible related response | 18 | 145 |
| Uncertain | 42 | 328 |
| | | 786 |

(Bisschoff 2008:8)

Dit is duidelik dat daar veral binne die NG Kerk baie sterk magsdiskoerse betrokke is as daar oor die verhaal oor homoseksualiteit en die kerk nagedink word. Woorde soos "nie-normaal", "behandel hulle soos", "nie-natuurlik", "oortreding van God se wil en "ek kan dit nie aanvaar nie" is van die taal wat gevind is in magsdiskoerse (Bisschoff 2008:9).

Dit is gelukkig net die een kant van die verhaal. Die ondersoek het ook opgelewer dat daar mense is wat dekonstruktiewe taal gebruik. Die tipe taal dui 'n openheid aan om wel in gesprek te gaan met van die bestaande diskoerse en weer die magsverhoudings te ondersoek. Taal soos die is nie eenvoudig nie. Ek is nie so seker daaroor nie: "hulle is welkom in ons kerk" is van die taal wat 'n mens kan verbind aan 'n moontlike openheid en bereidheid om met konstrukte in gesprek te gaan. Verhale van hoop kan uit die tipe sieninge gebore word. Hoewel daar na die taal as pannekoekredenasies verwys word, glo ek dat dit op 'n openheid dui om dieper te soek.

Die verhaal van homoseksualiteit en die NG Kerk is op geen manier 'n eenvoudige verhaal nie. Dit is ook nie 'n verhaal wat sonder enige invloede leef nie. Daar is verskillende kontekste wat in ag geneem moet word wanneer die verhaal gelees word. Die verhaal is ook 'n verhaal wat met trauma en pyn gepaard gaan.

In die breër verhaal oor identiteit en homoseksualiteit het die verhaal tussen die kerk en homoseksualiteit 'n baie groot invloed. Die verhaal van die meisies wat later vertel sal word is 'n verhaal waarin die kerk 'n definitiewe invloed het. Ongelukkig is dit in baie opsigte 'n negatiewe invloed. Saam met die groep meisies sal daar gekyk word na hoe die verhaal op so 'n manier oorvertel kan word dat dit hoop skep en nie pyn nie. Die verhaal van die kerk is egter maar een deel van die groter verhaal en daarom sal die ander verhale ook in die hoofstuk vertel word.

**1.17.6. Die verhaal van Randpoort-gemeente**

Die verhaal van die Nederduitse Gereformeerde gemeente Randpoort is 'n verhaal wat letterlik ouer is as die verhaal van die dorp self. Die Nederduits Hervormde of Gereformeerde gemeente Randpoort is van die Moedergemeente Krugersdorp afgestig op 23 April 1918, deur die destydse Ringskommissie, dii JF Naude, W Nicol en L Fourie in die skoolgebou te Randgate (Le Roux 2008:6). Die dorp is eers heelwat later gestig.

Die jaar 1918 was een van die donkerste jare in die geskiedenis. Daar was die verskriklike griepepidemie wat mense afgemaai het en in daardie jaar het die Eerste Wêreldoorlog gewoed (Le Roux 2008:6). In die jare rondom 1918 was daar 'n toeloop na die Witwatersrandse goudvelde en was die voortekens reeds daar dat die landelike bevolking in 'n stedelike bevolking verander. Dit was nie

net mense wat 'n materiële bestaan kom soek het nie. Hulle net ook die kerk en godsdiens met hulle saamgebring (Le Roux 2008:6).

Die geskiedenis in die laaste 90 jaar het vir die gemeente baie goed en baie sleg mee gebring. Een van die verhale wat aan my vertel is deur 'n oom wat al 50 jaar lank in die gemeente is, glo ek is 'n baie belangrike verhaal. In die onlangse geskiedenis het daar binne die gemeente twee baie sterk groepe ontwikkel: aan die een kant 'n konserwatiewe groep wat glo dat dinge moet gebeur soos vyftig jaar gelede, en aan die ander kant is daar 'n vernuwende groep wat wil hê die gemeente moet bly beweeg en mense bedien op 'n manier wat sinvol en eietyds is. Dit is ook hoe ek dit gevind het toe ek in die gemeente gekom het. Dit was in so 'n mate waar dat kort na van die mense op die kerkraad uitgevind het wat die tema van my studie was, een van die ooms opgestaan het en gevra het of ek homoseksueel is.

Oom Jood[16] het vir my vertel waar die ding begin het. Hy het vir my vertel dat dit nie altyd so was nie. Dit alles het begin toe 'n baie bekende dominee 'n reeks dienste daar kom aanbied het. Die reeks het daaroor gegaan dat Afrikanerskap baie belangrik is. Hy het onder andere gemeen dat dit sonde is om nie 'n geloftefeesdiens te hou nie. Op dié stadium het die gemeentes reeds nie meer 'n geloftediens gehou nie. Al die gemeentes in die dorp het toe al saam 'n versoeningsdagdiens gehou. Die saak was vir van die lidmate en predikante so 'n ernstige saak dat daar later tot politieke vergaderings in die kerk gehou is. Een van die predikante het toe sy voet neergesit en die vergaderings is gestop. Daar is toe 'n tweede erediens begin en met gevolg ook 'n tweede gemeente in die eerste gemeente. Toe die twee gemeentes in een gemeente nader aan mekaar getrek word, het baie van die meer konserwatiewe lidmate geskuif na die APK[17] en EG[18]. Die lidmate het egter nie almal geskuif nie en baie van hulle is steeds

[16]Fiktiewe naam.
[17] Afrikaanse Protestantse Kerk
[18] Evangelies Gereformeerde Kerk

deel van die gemeente. Dit is dus duidelik dat die verhaal oor homoseksualiteit en die gemeente nie 'n baie vreedsame verhaal is nie.

Die volgende deel van die verhaal wat ek wil vertel is hoe mense binne die gemeente as individue oor homoseksualiteit en die kerk voel. Hier is van vraelyste gebruik gemaak wat aan 'n redelike diverse groep mense in die gemeente uitgedeel is. Die volgende verhaal is deur die vraelyste vertel[19].

Die 50 vraelyste is aan die kerkraad en diensraad van die gemeente uitgedeel, waarvan 48 terugbesorg is. Die groep is gekies omdat hulle weet dat ek besig is met die studie. Die leiers is ook deur die mense in die gemeente gekies, wat beteken dat daar 'n redelike groot groep mense is wat dink soos hulle dink. Die groep verteenwoordig 'n baie groter groep. Die motief hiervoor was om die houding van die gemeente ten opsigte van homoseksualiteit en die beoefening van homoseksualiteit te bepaal. Ek glo dit sal help om die verhaal van die gemeente teenoor die groep meisies met wie ek werk, te verwoord. Ek het die vrae gefokus om vrae wat oor die konstrukte oor homoseksualiteit bestaan.

| **Randpoort-gemeente se verhaal** |
|---|
| 1. 76% van deelnemers meen homoseksualiteit is 'n probleem in Randpoort-gemeente. |
| 2. 53% sê dat homoseksualiteit 'n keuse is. |
| 3. 15% meen dat iemand homoseksueel kan word as 'n vaderfiguur afwesig is. |
| 4. 7% meen dat kinders wat gemolesteer is homoseksueel sal word. |
| 5. 100% meen dat deur met die teenoorgestelde geslag se speelgoed te speel geen invloed op homoseksualiteit het nie. |
| 6. 15% meen dat meisies wat seergekry het in verhoudings kies om homoseksueel te wees. |
| 7. Niemand glo dat arm mense se kinders homoseksueel is nie. |

[19] Sien addendum vir volledige vraelys.

| |
|---|
| 8. 70% glo dat 'n mens nie homoseksueel gebore kan word nie. |
| 9. 76% meen dat daar nie iets soos 'n homoseksuele geen bestaan nie. |
| 10. 84% meen dat homoseksualiteit genees kan word. |
| 11. 15% glo dat daar medikasie is wat kan help om homoseksualiteit kan genees. |
| 12. Niemand glo dat straf kan help om homoseksualiteit kan genees nie. |
| 13. 77% glo dat pastorale en sielkundige behandeling kan help met die genesing van homoseksualiteit. |
| 14. 15% meen dat homoseksualiteit net 'n fase is waardeur 'n persoon gaan. |
| 15. 38% gril vir homoseksuele mense. |
| 16. 15% sal nie eers met homoseksuele mense praat nie. |
| 17. 23% meen dat homoseksualiteit sonde is en die mense nie by die kerk behoort nie. |
| 18. 84% voel homoseksualiteit is sonde maar die mense hoort wel by die kerk. |
| 19. 15% meen dat homoseksuele mense verdien nie 'n gelyke plek in die samelewing nie. |
| 20. 46% stel dit dat homoseksuele mense abnormaal is. |
| 21. 30% voel dat homoseksuele mense nie welkom is in die gemeente nie. |
| 22. 100% ken iemand wat homoseksueel is. |
| 23. 46% voel dat homoseksuele mense nie lidmate van die kerk mag wees nie. |
| 24. 15% voel die gemeente moet mense straf wat homoseksualiteit beoefen. |
| 25. 53% van die deelnemers meen mense wat homoseksualiteit beoefen gaan in die hel brand. |
| 26. 84% voel homoseksualiteit is onaanvaarbaar. |
| 27. 72% voel homoseksuele mense moet skaam voel oor hulle homoseksualiteit. |
| 28. 100% voel dat die gemeente 'n verskil kan maak in homoseksuele mense se lewens. |
| 30. Ander opmerkings: |

- Homoseksualiteit is sonde. God sal alle sonde straf.
- God het 'n afsku in homoseksuele mense.
- Een homoseksuele mens kan ander mense beïnvloed om ook so te word.
- Sonde bly sonde.
- Sonde moet bely en gelos word.
- Rus die gemeente toe om die mense by te staan.
- God het gekom vir siekes en nie vir die gesondes nie.

Uit die vraelyste is dit dus duidelik dat Randpoort se verhaal veral ten opsigte van homoseksualiteit 'n ingewikkelde verhaal is. Die vraelyste het duidelik gewys dat homoseksualiteit nie 'n verskynsel is waarmee die lidmate, of dan die leierskap vertroud was of noodwendig verstaan het nie. Daar is ook 'n onverdraagsaamheid van die kerk se kant af teenoor homoseksualiteit. Die houding het ook duidelik uitgestaan in die gemeente en lidmate se hantering van die meisies met wie ek in gesprek is. Ek glo dat die gemeente en in baie opsigte my houding teenoor die meisies met die spotprent uitgedruk sou kon word:




**1.17.7. Die verhaal van Randfontein**

'n Baie belangrike deel van die dekor van die navorsing is die konteks waarbinne ek en die medenavorsers onsself bevind. Die verhaal van Randfontein is nie 'n eenvoudige verhaal nie. Die implikasies van die verhaal is egter baie belangrik in

die breër verhaal. Die verhaal van die dorp Randfontein is 'n verhaal wat verweef is met die verhaal van die medenavorsers se verhaal en net so ook met my verhaal. Ek sê so omdat die verhaal en die geskiedenis van die dorp verweef is met die verhale van die mense wat hier woon. Ek sal amper so ver gaan om te sê dat die dorp deel van die mense se gene is.

Die heel eerste verhaal wat ek in die groter verhaal wil vertel is die verhaal van die dorp en homoseksualiteit. In gesprekke met mense oor homoseksualiteit word dit baie gou duidelik dat dit nie 'n onbekende verskynsel in Randfontein is nie. Die vreemde van die verhaal aangaande Randfontein se verhaal in hierdie opsig is dat dit nie so algemeen onder mans voorkom nie. Ek het baie rondgevra en kon met twee persone praat wat nie tans in verhoudings is nie. Homoseksualiteit onder vroue is egter baie meer algemeen. Dit in so 'n mate waar dat ek my studieveld baie moes afbaken tot die groep tussen 14 en 19. Die vroue se verhaal in die dorp is na twee kante toe nie aangenaam nie. Aan die een kant is daar 'n baie konserwatiewe groep mense wat niks met die mense te doen wil hê nie. Die dames kry dus baie swaar en moet hulle verhoudings wegsteek. Aan die ander kant is daar verhale van veral die ouer dames wat jonger meisies in seksuele dade in lok met die belofte van geld en ander dinge. Baie mense is dus nie positief oor die dames nie, en baie versigtig vir hulle.

Om die dorp self se verhaal te vertel kan 'n mens nie anders nie as om by die mense en die dorp self te begin nie. Baie van die mense wat hier woon was al letterlik van voor die stigting van die dorp af hier. Van die medenavorsers se grootouers was betrokke by die stigting van die dorp. Die mense is dus letterlik al vir generasies lank in en deel van Randfontein. Wat die belang van die konteks nog verder beklemtoon is dat dit die enigste plek is wat baie van die jongmense ken. Die meeste van my medenavorsers was nog nooit vir langer as 'n dag uit die dorp uit nie. Hulle glo ook omtrent almal dat hulle vir altyd in Randfontein sal bly.

Die verhaal van Randfontein begin al in 1912. Dit is egter nie die stigting van die dorp Randfontein nie. Randgate is in 1912 geproklameer as dorpsgebied (Hamman 2004:II). Randgate is ook die area van die dorp waar ek en meeste van die medenavorsers onself bevind. Die dorp Randfontein is eers in 1929 geproklameer (Hamann 2008:II). Die eerste gemeente wat gestig is, is die NG gemeente Randpoort in 1918 (Le Roux 2008:1).

Randgate is op 'n plaas gestig met die naam Randpoort wat aan 'n mnr. Botha behoort het in die laat 1800's (Van den Berg 2000:2). Die families, soos die Van den Bergs, Mattews'e, Du Toit's en Koks is steeds invloedryke gesinne in Randfontein. Baie van die mense is verder ook op die een of ander manier familie van mekaar.

Dit is verder ook belangrik om te weet dat Randgate en Randfontein afsonderlik ontwikkel het. Dit blyk egter dat die twee dorpe later outomaties deel van mekaar geword het. Randgate was hoofsaaklik die Afrikaanssprekende dorp. Die dorp se naam moes Randpoort gewees het. Die administrateur was Engels en het gevra dat hulle moet verduidelik wat "randpoort" beteken. Hy het toe besluit dat Randgate 'n beter naam is (Van den Berg 2000:3). Baie van Randgate se inwoners was mynwerkers in en om Randfontein (Van den Berg 2000:3). Die Meeste mense was dus ambagsmanne wat 'n redelike sterk middelklas gevorm het.

Die verhaal het na 1994 egter baie verander. Baie van die myne is heeltemal geprivatiseer. Die voorheen sterk myndorp het minder sterk geword. Die myne het baie van hulle werk uitgekontrakteer. Die situasie het so verander dat in 'n gemeente waar daar voorheen 70% myners was, daar nou skaars 10 gesinne is wat direk by mynbedrywighede betrokke is. Baie mense werk in Johannesburg. Daar is baie mense wat nie werk kry nie en baie van die gesinne verdien twee duisend rand of minder per maand. Die mense doen al meer stukwerk en kontrakwerk om aan die lewe te bly. Die huise waarin die gesinne woon is in baie

gevalle al generasies in die familie en mag en kan baie keer nie verkoop word nie. Die gesinne is dus gestrand, kopers kan nie gevind word nie en daar is in baie gevalle ook nie huurders nie. Elke tweede huis het 'n "Te koop"-bordjie op en baie min van die eiendomme word verkoop. Die huis oorkant my is al in die mark vir meer as 'n jaar, en mense kom nie eers kyk nie.

Dit is dus duidelik dat die verhaal van Randfontein 'n verhaal is wat vertel van nood en swaarkry. Die nood word verder beklemtoon as 'n mens na die verslag van Fourie (2008) oor die nood van en in Randfontein kyk. Die verhaal van nood is 'n verhaal wat met die verhaal van die dorp en dan by implikasie ook met die verhaal van die medenavorsers verweef is.

In Randfontein is daar nege skole (Fourie 2008:1). Die nege skole is genader en daar is aan hulle gevra wat die spesifieke nood is wat hulle tans beleef (Fourie 2008:1). By al die skole was werkloosheid van ouers, armoede en drank- en dwelmmisbruik, 'n probleem (Fourie 2008:1). Ander probleme soos slegte skuld, behuising, egskeiding en basiese behoeftes is ook genoem. Die skole meen dat die probleme veral sosiaal en emosioneel op die kinders 'n impak het (Fourie 2008:2).

Die verhaal word verder beklemtoon as daar na die NG Welsyn (2007/2008) se verslae gekyk word. Die welsynskantoor in Randfontein, wat in Randgate is, word beman deur vier voltydse maatskaplike werksters, wat in die omgewing van 320 gevalle per maand hanteer (Fourie 2008:2). Die getal sluit egter nie die mense wat by die kantoor opdaag in nie. By die 320 gevalle kan 275 mense per maand bygetel word wat eenmalige hulp ontvang (Fourie 2008:6). Die dienste wat gelewer word, is hoofsaaklik aan blanke mense, waarvan baie in Randgate en op die plotte rondom Randgate woon.

Ongeveer 75% van die sake wat NG Welsyn Randfontein hanteer, is plasing van kinders in pleegsorg (Fourie 2008:7). Wat die statistiek vererger is dat daar baie

kinders is wat uit enkelouergesinne kom, gesinne wat baie swaar kry. Uit 'n rugbyspan is daar 10 kinders wat uit enkelouergesinne kom. Die kinders is dus verplig om na hulleself om te sien terwyl hulle ouers stukwerk doen of motorwagte is. Kindermolestering en verwaarlosing kom dus baie algemeen voor (Fourie 2008:8). Daar word tot ses pasgebore babas per week deur hulle ouers weggegooi in Randfontein (Fourie 2008:8). Die kliniek kry behalwe vir die ses babas per week ongeveer 35 gevalle per week waar kinders mishandel is.


Drankmisbruik kom voor by een uit elke drie huisgesinne in Randfontein (Fourie 2008:8). Die ergste drankmisbruik kom voor by kinders in graad 8, met ander woorde 14-jarige kinders (Fourie 2008:8). Drankmisbruik onder laerskoolkinders is egter ook nie ongewoon nie. By een van die laerskole in die dorp is dit een van die sake wat baie indringend aandag geniet. Ander probleme wat veral tieners raak is gesinsgeweld en promiskuïteit onder tieners (Fourie 2008:8). Dit het veral 'n invloed op kinders tussen die ouderdomme 13 en 18.

Die sake wat reeds genoem is, is maar een kant van 'n groter probleem. Die probleme soos armoede, het ook 'n definitiewe impak op ander sake soos byvoorbeeld misdaad. Die misdaad is in baie gevalle ernstige misdaad, soos moord, aanranding en verkragting. Ek moes in die afgelope 18 maande baie van die sake in my studeerkamer hanteer het. Daar is byvoorbeeld een van ons gemeentelede letterlik 400 meter van die kerk af doodgeslaan deur 'n persoon wat dwelms misbruik het. Daar is in 2007 'n kind deur rowers op haar ma se skoot doodgeskiet. Ek hanteer op 'n weeklikse basis gevalle waar erge gesinsgeweld betrokke is. Ek is ook tans by twee gesinne betrokke waar die broodwinners ernstige lewerskade opgedoen het as gevolg van oormatige alkoholinname. Die bank in Randgate is in die 18 maande twee maal beroof. Verkragting is ook nie 'n vreemde fenomeen nie. Ek het al 'n dame gehelp om so 'n saak te rapporteer. Die gevolg was dat ek deur die polisie geïntimideer is. Hulle het my aangeraai om eerder die saak te laat vaar, anders sou ek die gevolge daarvan moes dra.

Sekuriteitsmaatskappye rapporteer dat inbrake radikaal in Randfontein toeneem, en die inbrake gaan gewoonlik met aanranding en selfs moord gepaard (Fourie 2008:10). Dwelmhandel is verder 'n baie groot probleem wat baie inwoners radeloos het. Die gevolg hiervan is dat baie tieners van dwelmmiddels afhanklik is.

Die konteks is dus deurtrek met sosiale probleme, wat dit in baie gevalle vir die inwoners baie moeilik maak om verhale van hoop te vertel. Behalwe vir die genoemde sosiale probleme is die omgewingsfaktore ook 'n belangrike aspek van die konteks. Besoedeling speel 'n baie belangrike rol in hoe mense nadink oor die konteks waarin hulle, hulself bevind. In 'n gesprek met 'n bekende dokter in Randfontein, het hy vir my genoem dat siektes soos, asma, longprobleme weens lugbesoedeling, tering, kanker en oor-, neus- en keelinfeksies nie vreemde siektes is nie en dit bly toeneem. Die siektes wat gewoonlik in die winter algemeen is, is in Randfontein regdeur die jaar 'n probleem.

Die redes vir die siekte is die sandhope en die slikdamme wat 'n mens reg rondom die dorp kry. Daar is ongeveer ses slikdamme en vier sandhope wat 'n mens kan sien rondom die dorp. Die sand en slik is van die neweprodukte van die goudsuiweringsproses. Die neweprodukte kan vir niks anders gebruik word nie. Die stof van die slikdamme en sandhope waai letterlik kilometers ver en is oral. Die stof is egter nie die grootste probleem nie. Die slikdamme, sowel as die sandhope se stof het in die suiweringsproses in aanraking gekom met swaelsuur, sianied en uraan. Die gifstowwe is nie alles uit die stof verwyder nie. Behalwe dat die stof oral is, is dit ook giftig (Hocking 1986:238). Sommige mense meen selfs dat die stof die rede is dat daar so baie psigologiese afwykings in die dorp is.




**Goudsuiweringsproses (Hocking 1986:238)**

Die implikasies van al die verskillende sake in die verhaal van Randfontein wat genoem is, is veral sigbaar in die spreekkamers van terapeute en beraders in Randfontein. In gesprekke met sielkundiges uit die dorp word die verhaal nog verder beklemtoon. Huweliks- en gesinsprobleme is van die mees algemene probleme wat voorkom, veral ouers wat nie hulle kinders kan hanteer nie (Fourie 2008:9). Stres en depressie is ook baie algemene probleme. Selfmoord en selfmoordpogings kom dus ook baie algemeen voor. Dwelmverslawing is glad nie vreemd nie. Die verslawings varieer van gewone pynstillers tot heroïen.

Die een kant van die dorp se verhaal is 'n verhaal waarin armoede, besoedeling dwelm- en drankmisbruik en gesinsgeweld algemeen is en mense op 'n manier 'n hopelose bestaan voer. Dit is egter nie die enigste verhaal nie, maar wel die dominerende verhaal. Die verhaal het baie meer invloed en sê op hierdie stadium as die positiewe verhale en verhale van hoop. Van die trotsste mense wat ek ken is mense wat in die dorp bly, mense wat ten spyte van armoede verhale van hoop vertel en drome vir hulle self het; mense wat hulle kinders grootmaak as mense met hoop, mense wat droom.

Die verhaal van Randfontein het in baie opsigte die verhaal geword wat op die verhoog uitgebeeld is. Die meisies het die verhaal van hopeloosheid wat by baie mense in die dorp leef saam met hulle gedra en selfs toegelaat dat die verhaal hulle lewens in 'n mate beheer. Vir baie van die meisies het daar nie 'n wêreld buite Randfontein bestaan nie. Dit was vir hulle die wêreld. Die impak van die konteks kan dus nie onderskat word nie en was altyd op die verhoog teenwoordig.

**1.17.8. Die verhaal van die skool**

Die verhaal is nie amptelik opgeteken nie. Die verhaal is deur onderhoude met onderwysers en die medenavorsers geskryf[20].

Die verhaal van die skool dien verder ook as 'n baie belangrike deel van die dekor van die verhaal. Die skool waar die meeste meisies hulle bevind het toe die navorsing begin is, glo ek het 'n baie groot invloed op die verhaal wat vertel is. Baie van die meisies is egter intussen geskors of is na ander skole toe. Die verhaal van die skool bly belangrik omdat dit die plek is waar baie van die meisies die eerste keer met mekaar in aanraking gekom het. Die skool het ook 'n baie bepaalde siening ten opsigte van die groep meisies wat deel is van die drama.

Die skool se verhaal moet verder ook verstaan word teen die agtergrond van die dorp se verhaal wat reeds vertel is. Dit maak die verhaal meer driedimensioneel. Die groter verhaal is 'n verhaal van droomloosheid en doodsheid. Die verhaal is hoofsaaklik die verhaal van die kinders. In my werk met die kinders van die skool is dit baie duidelik dat die kinders nie vreeslik groot dunk van hulself en hulle toekoms het nie. Baie min van die kinders het regtig enige ambisie. Uit 'n groep van 250 graad 10-kinders is daar nie eers 60 wat natuur-en skeikunde en wiskunde het nie. Wanneer 'n mens met die kinders praat oor drome sal hulle

[20] Die vorm wat die onderwysers ingevul het is deel van die addendums.

baie moeilik praat oor wat hulle drome vir hulleself is. Baie kinders sal reguit sê dat die politieke situasie in ons land van so 'n aard is dat dit in elk geval nie help dat hy of sy droom nie. In 'n gesprek met 'n ouer het hy gesê dat hy sy kinders belet om te droom, dit help in elk geval nie 'n mens droom nie.

In gesprekke met die onderwysers van die skool maar ook ander skole in die dorp word die probleme net beklemtoon. Baie van die onderwysers sê dat hulle nie langer hier kan skoolhou nie. Daar is tot soveel as 15 onderwysers per jaar wat wegtrek. Die kinders vloek die onderwysers en in ekstreme gevalle word die onderwysers selfs deur ouers en kinders aangerand. Die gevolg is dat veral onderwysers in skaars vakke soos wiskunde, natuurwetenskap en rekeningkunde eerste skuif. Dit laat ongelooflike leemtes.

Die skool se verhaal spesifiek rondom die navorsingsverhaal is amper 'n meer negatiewe verhaal as die verhaal van die Bybel. Daar is by geleentheid na die meisies verwys as die vrotkol en ook na Randpoort se lesbene. Die beraders van die skool het in een geval probeer om demone uit een van die meisies te dryf. Die skool het selfs sover gegaan as om 'n pastoor van 'n charismatiese onafhanklike kerk te kry om die meisies te salf en die demone uit die hele groep uit te dryf. Dié wie se demone nie uitgedryf kon word nie is uiteindelik geskors of gevra om die skool te verlaat.

Die skool het die hele homoseksualiteitsaak, veral uit die kantore van die beraders, aan die okkulte verbind en daar is gemeen dat die grootste probleem die duiwel en demone is. Dit is egter ook van hier waar ek baie van die meisies met wie ek gewerk het geleer ken het.

Wat die skool se geskiedenis betref, is dit belangrik om te noem dat daar vroeër jare twee skole was wat saamgesmelt het. Sodoende is daar een model C-skool gestig waar die Afrikaanse kinders wat nie na 'n tegniese skool toe wou gaan nie, geakkommodeer is. Die skool wat gesluit is, het baie probleemkinders gehad.

Die enigste opsie was dat die twee skole gekombineer is. Die skool wat gesluit is was die skool wat die mense wat die plotte wes van Randfontein en tot naby Westonaria gewoon het, geakkommodeer het. 'n Baie groot persentasie van die kinders het dus uit die laerinkomstegroep gekom.

Die kinders het in baie gevalle sosiale wangedrag getoon en dit was vir die onderwysers moeilik om met die kinders te werk. Die verduideliking van die huidige situasie word baie keer aan die samesmelting gekoppel. Die skool waar my medenavorsers hulself bevind het, is nou die naaste skool.

My ervaring van gesprekke met mense oor die skool was in baie gevalle 'n ervaring van ontkenning en 'n geïrriteerdheid. Dit het die heeltyd vir my gevoel of die skuld vir kinders se gedrag en toestande in die skool rondgeskuif is. Dat daar probleme is, kan dus glad nie ontken word nie. Waar die skuld lê is egter 'n volgende vraag.

Wat dra die verhaal van die skool by tot die verhoogdrama waarbinne die navorsing dit bevind?

- Die meisies waarmee gewerk is kom uit verskillende dele van Randfontein, nie net die weste en plotte nie.
- Beraders het oortree deur bepaalde rituele toe te pas, en kinders te "misbruik".
- Die skool is een van die plekke waar die meisies mekaar ontmoet het en waar 'n groot deel van hulle interaksie met mekaar geskied het.
- Die skool reflekteer die probleme wat in Randfontein bestaan.
- Die skool is nie die rede waarom daar wangedrag en allerlei sosiale probleme is nie.

### 1.18. Hoofstukindeling en verduideliking van werkswyse

#### 1.18.1. Die sewe bewegings

Die manier waarop die navorsing gedoen sal word, is die sewe bewegings soos deur Müller (2005:76) gebruik. Müller ontwikkel die manier van werk uit die postfundamentalisme van Van Huyssteen. Daarom is dit logies dat die werkswyse gekies is om die navorsing te doen. Dit is ook 'n natuurlike uitvloeisel van die teologiese en epistemologiese vertrekpunte wat vroeër verduidelik is. Die navorsing is dus verder ook narratief van aard. Die klem sal dus hier nie net op die feite geplaas word nie maar op die mense met wie daar gewerk word hulle kontekste en verhale (Müller 2003:295).

#### *1.18.1.1. Hoofstuk 1 – Posisionering: inkleding en agtergrond van die verhoogdrama*

*'n Spesifieke konteks word beskryf.*

Die verduideliking van teoretiese vertrekpunte en konsepte vind plaas. Die fokus hier lê op die agtergrond, wie op die verhoog is en hoe die regisseur homself teenoor die verhoog plaas. Die navorsingsposisionering sal hier grotendeels hanteer word. Die spesifieke konteks van die verhaal sal hier geskets word. Die hoofstuk sal dus die verhaal vertel van hoe die verhoogdrama benader sal word en wat die aanvanklike verwagtinge van gespreksgenote is.

Die wêreld waarbinne ons onself bevind is 'n wêreld waarin mense anders begin dink. Realiteit word sosiaal gekonstrueer, binne 'n bepaalde konteks (Müller 2005:77). Dit is 'n wêreld waarin "normaal" baie dinge kan beteken. Die benadering aan die bod is postmodernisme. En anders as wat daar baie kere geredeneer word, is dit nie net 'n tyd wat op modernisme volg wat weer verby sal gaan nie (Van Huyssteen 1998:3). Die wêreld word steeds deur 'n modernistiese manier van dink gedomineer, waar baie dinge wit en swart is. Die hartseer is dat groot dele van moderne teologie deur die modernistiese manier van dink gedomineer word. Wanneer mense nie by 'n standaardformule ingesluit word nie is hulle abnormaal of sondaars waarvoor net die hel se vuur alleen kan werk.

#### 1.18.1.2. *Hoofstuk 2: Bekendstelling van die hoofkarakters*

*Inkontekservarings word na geluister en beskryf.*

Die navorsingsdrama begin hier deur die bekendstelling van die hoofkarakters en hulle verhale. Navorsing word binne die beweging empiries gedoen (Müller 2005:78). Ek wil die verhale wat die meisies het om te vertel hoor, dit verstaan en hulle help om die verhale te kan oorvertel met integriteit (Müller 2000:72). Dit gebeur deurgaans aan die hand van die medenavorsers en gespreksgenote. Hier sal daar in besonderhede na die meisies se verhale geluister word. Versorgers en ander spesialiste se mening sal hier ook geraadpleeg word.

Die beweging tussen om na verhale en ervaringe te luister en dit te beskryf sal dus in 'n sirkulêre beweging plaasvind. Die proses sal begin by die luister na die verhale van die meisies, en hoe hulle dit dan interpreteer. Ek sal dan na die literatuur en die akademiese gemeenskap se interpretasies van die interpretasies kyk. Ek sal dit dan interpreteer en dit terugneem na meisies. Hulle sal die geleentheid gegun word om dan kritiek hierop te lewer en dan hulle ervaringe van die interpretasies te gee. Dit sal dus voortdurend deur die studie gebeur. Ek sal deurgaans poog om soveel moontlik terugvoer aan en van die meisies te kry. Daar sal van kreatiewe maniere, soos kuns, poësie, ensovoorts, gebruik gemaak word om die beweging te inisieer en te fasiliteer.

#### 1.18.1.3. *Hoofstuk 3: Interpretasies van ervarings word gemaak, beskryf en ontwikkel in samewerking met medenavorsers en gespreksgenote*

Volgens die metode van navorsing doen, stel die navorser nie net in beskrywings van ervarings belang nie. Die belangrikste hier is jou medenavorser se eie interpretasie van die ervarings (Müller 2005:80). Hier gaan dit dus nie oor data nie maar oor die interpretasie van jou medenavorsers en gespreksgenote.

#### 1.18.1.4. *Hoofstuk 4: 'n Beskrywing van ervarings soos dit deurgaans verryk word deur tradisies van interpretasie*

Daar bestaan in die wêreld spesifieke diskoerse en elke gemeenskap het 'n stel ongeskrewe reëls (Müller 2005:81). Hier sal ek probeer om 'n aantal van die diskoerse te identifiseer. Daar sal ook in samewerking met die medenavorsers gekyk word na hoe die diskoerse bepaal word en waarom daar op bepaalde maniere opgetree word. Daar sal na die medenavorsers geluister word, maar daar sal veral na die kunste gekyk word, wat oor die konteks praat (Müller 2005:82).

Die tradisies en interpretasies moet verder ondersoek word en ook weer geïnterpreteer word. Dit sal met behulp van en aan die hand van 'n literatuurstudie gedoen word. Die akademiese gemeenskap waarvan ek deel is sal en het my al baie beïnvloed om sekere keuses te maak. Die literatuur waarna gekyk sal word, is amper direk deur my akademiese gemeenskap beïnvloed. Dit is veral waar as 'n mens praat oor navorsing en navorsingsmetodologie.

#### 1.18.1.5. *Hoofstuk 5: 'n Besinning op die religieuse en spirituele aspekte, veral op die teenwoordigheid van God, soos dit verstaan en ervaar word in 'n spesifieke situasie*

Die is nie 'n geforseerde poging om oor godsdiens te praat nie. Die beweging is 'n eerlike poging om te hoor hoe die medenavorsers die teenwoordigheid van God beleef (Müller 2005:82). Ek sal probeer om dit sover moontlik sosiaal-konstruktivisties te benader soos deur Müller voorgestel (2005:81). Die navorser se eie belewenis sal ook 'n bepaalde rol speel in die beweging (Müller 2005:82).

Aanvanklik sal daar nie gepraat word oor religieuse sake nie. Dit is egter onvermydelik dat daar wel oor geloofsake en ervaringe van God gepraat sal word, deels omdat baie mense dink dit is wat van hulle verwag word as hulle by

of in die teenwoordigheid van 'n predikant kom. Ek sal egter sover moontlik probeer om dit nie van my kant af te forseer nie.

### 1.18.1.6. *Hoofstuk 6: 'n beskrywing van ervarings, verryk deur 'n interdissiplinêre ondersoek*

Interdissiplinêre werk is baie ingewikkeld. Taal, redenering, strategieë, kontekste en maniere om oor menslike ervarings te praat verskil tussen die verskillende gebiede (Müller 2005:83). Die interdissiplinêre ondersoek is egter 'n baie belangrike deel van die prakties-teologiese ondersoek (Müller 2005:82). Die beweging soek die mening van ander teologiese dissiplines, maar ook van ander wetenskappe (Müller 2005:83). Die navorser sal luister na die ander wetenskappe om dan alles te probeer integreer (Müller 2005:83).

Die ander vakgebiede waarna ek gaan kyk word in groot mate deur my tema onderstreep. Ek sal vir 'n groot deel binne die geesteswetenskappe bly. Die kunste sal egter ook genader word om interpretasies te maak. Om egter seker te maak dat die ander vakgebiede relevant bly vir die studie, sal ek dit steeds teen my teologiese vertrekpunt toets, en vanuit die vertrekpunt interpreteer.

Binne die vertrekpunt wat ek gekies het, glo ek dat ek wel die vryheid het om binne ander vakgebiede rond te beweeg. Daar is meer as een bril om die wêreld deur te sien en ek glo dat om die studie deeglik te doen daar van die ander brille ook gebruik gemaak word. Die post-fundamentalisme skep die ruimte om die studie te doen. Van Huyssteen sê dit is 'n moeilike proses waarbinne konflik en botsing nie uitgesluit is nie (1998:5). Dit sal in groot mate van die navorser afhang of hy met 'n vreedsame elegante "*duet*" of 'n gewelddadige "*duel*" te doen sal hê (Van Huyssteen 1998:6).

### 1.18.1.7. *Hoofstuk 7: Die ontwikkeling van 'n alternatiewe interpretasie, wat verby die plaaslike gemeenskap wys*

Die manier van praktiese teologiese navorsing behels meer as om net ervarings te beskryf en te interpreteer (Müller 2005:83). "Alternatiewe interpretasies" beteken dat die manier van beoefening van teologie ook dekonstruksie impliseer (Müller 2005:83). Die brawe treë moet geneem word om by 'n nuwe verhaal uit te kom (Müller 2005:83). Die verhaal wys verby die plaaslike gemeenskap (Müller 2005:83). Dit sal nie gebeur as daar streng gestruktureerde metodes is nie. Dit gebeur wel as daar holisties na verhale gekyk word, die proses is sosiaal-konstruktivisties (Müller 2005:83). Die medenavorser word ook genooi om te help om nuwe betekenis te gee, hulle help dus om die nuwe/alternatiewe verhaal te skryf.

Die beweging sal nie sinvol kan geskied as die vorige bewegings nie sinvol afgehandel is nie. Hier word verwag dat die verhaal holisties verstaan sal word (Müller 2005:83). Die betrekking van medenavorsers en ander kundiges kan dus nie uitgesluit word nie. Die beweging is deel van 'n groter sosiaal-konstruktivistiese proses wat daartoe verbind is om nuwe betekenis en beter verstaan mee te bring (Müller 2005:83). Ek glo dat die proses reeds in beweging en aan die gang gesit sal word en dat dit sal ontwikkel deur die studie. Daar sal deurgaans sosiaal-konstruktivisties omgegaan word (Müller 2005:83).

**Hoofstuk 2**

*Inkontekservarings word na geluister en beskryf.*

**Bekendstelling van die hoofkarakters**

### 2.1. Inleiding

Die doel van die hoofstuk is om die verhale van die hoofkarakters so goed as moontlik te vertel en dan saam met hulle in die volgende hoofstuk 'n resensie oor hulle ervaringe en verhale te skryf. Die doel hiervan kan so verduidelik word:

> *Our lives are made of stories: stories handed down from our parents, stories we have created out of our experience, stories about our loves, our words, our explorations, our joys, our disappointments, our learning – the soul's story. By creating stories, we create and re-create ourselves* (Albert 1996:ix).

Navorsing word binne die beweging empiries gedoen. Dit gebeur deurgaans aan die hand van die medenavorsers. Hier sal daar in besonderhede na die hoofkarakters se verhale geluister word. 'n Narratief (verhaal) ontstaan volgens Morgan (2000:5) in mense se lewens na aanleiding van gebeure wat mettertyd in volgorde volgens 'n bepaalde intrige ontwikkel het. Ryk beskrywings soos Michael White (1997) daarvan praat, is een van die oogmerke van die volgende hoofstukke.

Ek sal van verskillende metodes gebruik maak om hulle hul verhale te laat vertel en ook te hoor. Die meisies is almal redelik kreatief, wat die moontlikheid daarstel om van kuns en kreatiwiteit in die proses gebruik te maak.

### 2.2. Etiese sake

Die etiese sake rakende die groep meisies is baie meer ingewikkeld as wat dit aanvanklik geklink het. Ek moet die meisies beskerm maar binne sekere etiese riglyne bly. Een van die eerste probleme waarmee ek geworstel het, is dat 80 persent van die meisies minderjarig was toe ek met die studie begin het. Ek wou graag hê dat die meisies se ouers moes weet dat hulle deel van 'n studie is. Ek kon egter nie vir die ouers sê dat hulle kinders op die stadium met 'n homoseksuele identiteit identifiseer nie. As ek dit doen, sou alle vertroue tussen my en die meisies geskend wees. Die meisies het in meeste gevalle by my opgedaag as gevolg van die een of ander probleem by die skool of by die huis. Ek het dus die ouers se toestemming om met die kinders te werk, hoewel ek nie vir hulle kan sê presies waaroor nie. Ek het ook elke meisie se toestemming afsonderlik gekry. Hulle het almal ingestem om met die groep en afsonderlik met my saam te werk.

Geen regte name sal genoem word nie. Daar is van skuilname gebruik gemaak wat die meisies self gekies het. Die skool en die betrokke gemeente se name sal ook nie genoem word nie, hoewel die skool en die gemeente kennis dra dat die studie gedoen word en ek van beide instansies toestemming gekry het. Die meisies se verhale sal vertel word op 'n manier wat aan hulle 'n plek gee in hulle konteks. Hulle sal bepaal wat ek mag sê en wat nie. Na voltooiing van elke beweging sal daar aan hulle terugvoer gegee word.

In die hele proses glo ek dat dit belangrik is dat ek lojaal aan my teologiese en epistemologiese vertrekpunte sal bly. Die konteks sal my in die eerste plek dwing om dit te doen. Die konteks waarbinne ek werk, verwag van my om getrou te bly aan my teologiese standpunte; weg van die positivisme maar ook weg van die liberalisme. Verder is ek ook deel van 'n akademiese gemeenskap in die vorm van kontakweke waar ek herinner word hoe belangrik dit is om binne my vertrekpunte te bly.

Die beweging tussen die luister na verhale en ervaringe en dit te beskryf sal dus sirkulêr wees. Die proses sal begin by die luister na die verhale van die meisies, en hoe hulle dit dan interpreteer. Ek sal dan na die literatuur en die akademiese gemeenskap se interpretasies van die interpretasies kyk. Ek sal dit interpreteer en dit terugneem na meisies. Hulle sal die geleentheid gegun word om dan hierop kritiek te lewer en dan hulle ervaringe van die interpretasies te gee. Dit sal dus deurgaans deur die studie gebeur. Ek sal deurentyd poog om soveel moontlik terugvoer aan en van die meisies te gee en te kry. Daar sal van kreatiewe maniere, soos kuns, poësie ensovoorts gebruik gemaak word om die beweging te inisieer en te fasiliteer.

**2.3. Keuse van akteurs**

Die verhale waarna daar hoofsaaklik geluister sal word, is van die groep meisies wat by ons in die gemeente is. Hulle almal het op die een of ander stadium in hulle lewens met 'n homoseksuele identiteit geïdentifiseer. Ek sal egter ook na die verhale luister na van hulle vriende in die subkultuur of dan die groep wat na hulleself verwys as die "skewes". Die vraag of almal homoseksueel gaan wees wat by die groep gaan inskakel is egter 'n volgende vraag. Selektering in hierdie geval gaan dus van hulle self af gekom. Almal wat hulself tuis voel binne die groep sal die geleentheid gegun word om hulle verhale te vertel sodat dit in die eerste plek vir hulle sin maak en indien moontlik selfverstaan en selfaanvaarding sal help ontwikkel. Die groep is dus 'n vrywillige groep waar die meisies deur assosiasie sal kan inskakel.

Daar het deur die loop van die twee jaar wat die groep by my was baie meisies gekom en gegaan. Die meisies wie se stories hier neergeskryf is, is dié wat vir langer tye teenwoordig was. Die groep van twaalf is meisies wat ek baie goed leer ken het. Ek het baie van die meisies twee keer of meer per week gesien; baie van hulle in terapie. Twee van die meisies het deur die hof na my verwys nadat hulle by 'n winkel goed gesteel het. Van die ander meisies het na ons

jeugaksie op Vrydae gekom en my van daar af leer ken. As die meisies dan iemand moes laat bysit in verhore by die skool, was ek gewoonlik die een wat dit moes doen. Die ouers het in baie gevalle glad nie omgegee nie. Ek moes ook in 'n paar gevalle hospitaalbesoek doen na mislukte selfmoordpogings.

Die drama in die volgende hoofstuk is geskryf deur 'n groter groep. Ek sal die groep gespreksgenote noem met 'n paar medenavorsers tussen hulle. Die “medenavorsers” was 'n baie kleiner groep. Daar was 12 wie se stories neergeskryf is en 19 wat die groep die meeste van die tyd bygewoon het. Die gespreksgenote was partykeer tot soveel as 25. Die meeste meisies wat ek op een slag gesien het, was 30. Dit alles het ten doel om die meisies se verhaal so deeglik moontlik te vertel. Ek moes die subkultuur wat na hulle verwys as die "skewes", leer verstaan.

**2.4. God se toneelstuk**

Dit is vir my baie belangrik om te begin met die toneelstuk van God. My teologiese vertrekpunt verwag van my om ook die toneelstuk van God in die verhaal te inkorporeer. Ons sou dit die toneel van genesing kon noem. My vertrekpunt is nie om met die Bybel te kom en mense van hulle "homoseksualiteitsiekte" te genees nie. Baie van die meisies het juis by my kom sit omdat hulle erken het dat die verhaal van God vir hulle belangrik is. Die verhaal is dan ook nie noodwendig die verhaal van die kerk nie. Die meisies het steeds 'n begeerte om te leef in die teenwoordigheid van God.

My verstaan van die toneelstuk van God is 'n toneelstuk wat reeds voor Adam en Eva begin het. Die toneelstuk eindig egter nie met die laaste vers in Openbaring nie. Die toneelstuk leef vandag steeds soos dit in Abraham, Isak en Jakob geleef het en later in 'n Petrus, Johannes en Paulus. Die toneelstuk is 'n toneelstuk waar God 'n pad stap met mense; mense wat dit maar deels regkry om hulle roeping in die wêreld te leef soos dit van hulle verwag word. God het steeds by

die onvolmaakte mense betrokke gebly deur die eeue. Op dieselfde manier het hy ook 'n teenwoordigheid in ons lewens. Die meisies het in baie gevalle ook die teenwoordigheid of minstens die soeke na die teenwoordigheid erken.

Die toneelstuk van God is groter as die kerk, groter as individue en groter as net Sondae. Die toneelstuk is ook deel van elkeen van ons verhale. Ons kon dit wou ontken maar dit is daar. Dit is baie keer in 'n negatiewe lig en net so baie keer nie baie sentraal nie. Die toneelstuk van God was ook by elke meisie teenwoordig. Daar sal ook later gekyk word na hoe die verhaal van God in die meisies se lewens gefunksioneer het en steeds funksioneer.

**2.5. Bekendstelling van akteurs**

Die verskillende hoofkarakters gaan nou bekend gestel word. Hulle is na 'n groepsessie gevra om hulle verhale so deeglik moontlik te gaan skryf. Die doel hiervan is dat hulle volledig medenavorsers genoem sal kan word en nie net gespreksgenote of toeskouers is nie, hoewel daar ook gespreksgenote betrokke is. Die doel hiervan is nie om te soek na oorsake vir homoseksualiteit of om te kyk na ooreenkomste tussen die verhale nie. Die doel van die bekendstelling is die verstaan; die verstaan van die meisies en hulle kontekste. Die bekendstelling is 'n bekendstelling van hoe hulle hul werklikheid verstaan. Daar was dus nie 'n regte en verkeerde antwoord in hierdie fase nie. Daar sal telkens aan die meisies gevra word hoe die geloofsgemeenskap hulle kan help om hulleself en die wêreld beter te verstaan.

Die manier waarop die meisies bekend gestel gaan word, is in fases. Die eerste fase is 'n verhoogkaart. Die verhoogkaarte is in twee groot groepe gemaak. Die opdrag was dat hulle hulself aan die gehoor moet bekendstel deur 'n verhoogkaart te maak. Die opdrag was om die kaart so te maak dat as iemand daarna kyk hulle sal weet wie sy is, en meer van haar sal verstaan. Hulle het nie voorskrifte gekry oor hoe die kaarte moet lyk nie. Die verhoogkaart vertel dus die

storie van die nou, in baie gevalle die probleemverhaal. Daar is egter uitsonderings waar die verhoogkaart deel van die verledeverhaal is. Die proses het oor twee en 'n half jaar geloop en sommige van die hoofkarakters se verstaan van hulleself en hulle seksualiteit het verander. Daar sal by die verhale daarop uitgebrei word.

Die tweede fase is dat hulle verhale waarin hulle die hoofkarakters is geskryf moes word. Ek het vir hulle vrae[1] gegee wat hulle kon gebruik as riglyn. Die opdrag toe hulle die verhaal moes skryf was dat hulle moet verduidelik wie hulle is, hoe hulle hulself verstaan, hoe hulle geword het wie hulle nou is en wat die kerk en godsdiens rol hierin was en is. Die verhaal is deel van die toneelspel van die lewe waarmee elke meisie besig was en is.

Die volgende vrae is as basiese riglyn gebruik:

- Vertel jou verhaal.
- Wat was die groot invloede in jou lewe wat jou gebring het tot waar jy vandag is?
- Hoe verstaan jy seksualiteit?
- Is jy homoseksueel?
- Was jy ooit homoseksueel?
- Kan 'n mens besluit jy is homoseksueel?
- Hoekom is jy deel van die groep?
- Wat dink jy is die redes vir jou homoseksualiteit?
- Hoe kan die kerk mense bystaan wat deur dieselfde dinge gegaan het as jy?
- Hoe kan die kerk jou bystaan?
- Wat is jou droom vir jouself?
- Hoe gaan jy dit bereik?

[1] Nie almal het die vrae gebruik nie.

Die volgende fase is dat hulle moet vertel wat hulle droomverhale is. Ek het gevra dat hulle so wyd moontlik daaroor sal dink. Hulle opdrag was om nie te dink aan die dinge wat hulle kan keer of in die pad staan nie, maar hoe hulle daaroor droom. Dit het hier gegaan dat die meisies moes dink oor wie sy kan wees, waar sy haarself sien en wat die geloofsgemeenskap se rol hierin is.


Die sessies wat hierna gevolg het, het grotendeels uit groepwerk bestaan. Baie van die meisies het in hierdie tyd dele van hulle verhale verander en selfs hulle verhoogkaarte oor gedoen. Daar sal van die groepwerksessies gedokumenteer word om 'n ryker verhaal te skets.

My mikpunt was om in die volgende hoofstuk 'n drama saam die meisies te skryf wat iets vertel van die groep se verhaal. Karampetsos wys herhaaldelik daarop dat daar baie keer genesing in teater lê en dat dit waardevol is (1995). Nietzsche wys ook daarop dat drama genesing kan bring (1956:58). Wanneer ons na 'n drama kyk wat buite ons afspeel is dit baie keer maklik om die dinge wat daar gebeur te gebruik en toe te pas in ons lewens. Dit gee baie keer rigting. Dit is ook 'n deel van die doel van die drama wat die meisies sal skryf.

Die drama het verder ook ten doel om die meisies daarop te wys dat hulle wel die kennis het wat vir hulle mag kan gee om beheer van hulle eie situasies te neem. Die drama is in baie opsigte 'n tragedie wat ons dan ook so sal uitdruk, maar hopelik 'n tragedie met 'n verskil, naamlik 'n tragedie wat tragies sal eindig vir die kritici en positief vir die hoofkarakters. Daar sal later weer aandag gegee word aan die verhaal van hoop; die verhaal waar die meisies se selfkennis vir hulle mag sal wees. Die verhale moet so deeglik moontlik vertel word en die drama sal deel van die proses wees. Daar word internasionaal baie fokus geplaas op die feit dat kinders by magte is om hulle situasies te verduidelik, te interpreteer en te analiseer. Hierdie sal dus deel van 'n groter poging wees om die meisies se verhale ook so aan die akademies wetenskaplike gemeenskap te vertel.

## 2.6. Yolandi[2] – Cat

### 2.6.1. Verhoogkaart[3]




[2] Skuilname is gebruik om die meisies te beskerm.
[3] Partykeer gebruik die meisies kru taal. Ek wou nie alles redigeer nie. Daar is 'n paar taalwysigings aangebring, byvoorbeeld om van die vloekwoorde uit te sny, maar origens is met die verhale so na moontlik by die meisies se oorspronklike weergawes gehou.

### 2.6.2. Cat se storie

Ek het eers in 'n ander dorp gebly. Baie kleiner as Randfontein. Meeste van my moeilikheid het daar al begin. My halfbroer het my van kleins af gemolesteer. Dit was eers net 'n lekker speletjie. Dit het al meer en meer gebeur. Baie keer kon ek hom nie keer nie want hy was baie groter as ek. Ek was toe nog nie skeef nie. Ek het eers baie later besluit dat ek skeef is, eers hier in Randfontein.

My ma en pa het altyd tot baie laat gewerk. Ons moes maar meeste van die tyd self reg gekom het by die huis. My pa het by die spoorweg gewerk en my ma in 'n bottelstoor. Hulle het al twee baie hard probeer om vir ons 'n goeie lewe te gee. Dit het nie altyd so goed gewerk nie. My ma het 'n verhouding gehad met 'n ou wat omtrent my halfbroer se ouderdom was. En sy en my pa was altyd aan die baklei. En hulle het ons kinders altyd betrek by hulle gevegte. My halfbroer het die swaarste van ons almal gekry.

Hy is baie keer onnodig geslaan. Hy is ook gereeld weggejaag. Ons het almal gewonder wanneer gaan hy sy goed vat en regtig loop. Toe hy omtrent my ouderdom was, het hy dit ook gedoen. Sy goed gevat en geloop. Ons het hom nog nooit weer gesien nie. Ons hoor maar net verskillende stories oor hom. My ouma sê hy verkoop *drugs* in Benoni. Maar sy is ook nie meer lekker in haar kop nie. Hy het dit maar swaar gehad, ek weet toe hy klein was, het een van my ooms hom gemolesteer. Almal het geweet maar niemand het ooit iets gesê nie. Ek het hom baie keer jammer gekry.

Ek hou nog steeds van ouens, maar ek het 'n meisie ook. Die ouens *mind* nie as meisies, meisies het nie. Vir van die ouens is dit nogal sexy. Ek weet nie regtig wat ek sal kies as ek moet besluit tussen ouens en meisies nie, want ek geniet al twee ewe veel. Ek het nou net 'n meisie, ek en my vorige ou het nie so lekker uitgewerk nie. En nee ek gaan ook nie vir jou vertel hoekom nie. Ek dink nie dit het enige iets met die dominee uit te waai nie. Sê maar net dit is *complicated*.

Ek dink nie ons groep is so sleg soos almal sê nie. Ons pla niemand as hulle ons net uitlos nie. Maar mense moet altyd aan ons karring en probeer om ons Christene te maak. Ek wil nie deel van die *jocks* wees nie, los ons net waar en soos ons is. Nie een van ons het nodig om *gefix* te word nie. Ek dink daar is 'n paar ander mense wat meer probleme as ons het.

Ons as gesin was nooit regtig deel van die kerk nie. Ek en my ouers was nog nooit saam in die kerk nie. Nie eers vir 'n begrafnis nie. My ma en pa sê al twee hulle is Christene en ek weet ons is in die NG Kerk en ons het Bybels by die huis. My pa steek sy Bybel hoog bo in sy kas weg want hy het allerhande *crap* daarin wat hy nie wil hê moet wegraak nie. My ma se Bybel lê langs haar bed, maar ek weet nie of sy dit lees nie en daar is iewers een van daardie groot rooi kinderbybels wat ek en my suster partykeer lees.

Ek het vir die eerste keer hier regtig kerk toe gekom. Al my pelle is hier en ons kuier lekker na en voor die tyd. En ek kry kans om te rook. Sondae is my ouers by die huis dan kan ek nie rook nie. En my ouers gee nie om, om my kerk toe te bring nie. Hulle glo dit is goed vir my om die kerkding te doen. Hulle sê dat dit my dalk sal help om van my balhorigheid ontslae te raak. Maar ek weet nie of ek heeltemal *into* die Christending is nie. Christene is *freaks*! Ek wil nie 'n *freak* wees nie.


Die kerk moet ons nie *judge* nie, ek hoor party keer die ou tannies praat, hulle skinder oor ons. En ons *laaik* dit nie baie nie. Eendag is eendag wat ek dit nog gaan verloor met een van hulle, dan gaan ek vir hulle mooi vertel wat ek van hulle dink. Die kerk moet ons aanvaar soos wat ons is. Ons wil nie anders aantrek of ons *makeup* anders doen nie, dalk eendag as ons oud is. Daar is 'n kerk vir skewes in Pretoria. Miskien moet ons 'n kerk begin vir skewes soos ons, jy kan maar ons dominee wees.

**2.6.3. Cat se droomstorie**

Ek wil net klaarmaak met skool. Dit is nou vir my 'n probleem. Gelukkig hoef ek nog net tot einde volgende jaar hier te bly. Die onderwysers gee my baie moeilikheid. Hulle hou nie van my nie omdat ek mooi is. Dan sal ek seker kollege toe gaan en leer om 'n haarkapper te word. Maar ek wil ook 'n *pornstar* word. Maar nie met mans nie. Waar dit net meisies is. My ma se een vriendin het dit al gedoen. Sy sê mens kan tot R3 000 vir 'n fliek maak. Ek sal dan so drie of vier flieks 'n maand maak. Dan behoort ek *ok* te wees. En dan kan ek altyd hare begin doen as ek te oud is om nog *porn* te maak. Mens kan dit doen tot jy so 45 is, hulle noem jou dan net *milf*. As ek genoeg geld gemaak het wil ek iewers ver van Randfontein af gaan bly. In Pretoria of iewers waar niemand my sal herken van my *porn*-flieks nie. Dan sal ek besluit wat ek verder wil doen. Ek weet nie regtig of die kerk my kan help nie.

### 2.7. Chiquita – Kittie

#### 2.7.1. Verhoogkaart



### 2.7.2. Kittie se storie

Kittie wou nie haar eie verhaal skryf nie en het ingestem om net haar verhaal in breë trekke te vertel. Ek skryf dus die verhaal in my woorde wat deur Kittie gelees en goedgekeur is.

Ek is in die Kaap gebore waar my pa en ma 'n bedwinkel oopgemaak het. Dit het daar met ons baie goed gegaan. Dit is ook toe wat my ouma-hulle by ons ingetrek het. Hulle het baie swaargekry. My pa het toe 'n winkel in Randfontein oopgemaak omdat dit hier goed gegaan het met die ekonomie. Die winkel in Randfontein het baie goed gedoen. My ouers het toe besluit dat hulle eerder meer energie in die winkel wil insit. Hulle het toe getrek en hier kom bly waar ons nou is.

My ouers is nie regtig kerkmense nie. Hulle gaan net so nou en dan kerk toe as daar troues en begrafnisse by die kerk is, maar dit is omtrent dit. Ek dink my ma-hulle is verder nie lekker met die kerk nie na wat met my gebeur het in graad nege.

Ek het by die kerk betrokke geraak deur die vorige dominee. Hulle het naby aan ons gebly. Hy het baie lank gevra of ek nie wil saamgaan jeug toe nie. Ek het toe een Vrydag gesê dat dit reg is en ek is toe saam jeug toe. Ek was toe van graad sewe af deel van die jeug, en was omtrent altyd by die kerk. Dit was ook baie lekker.

Ons het na 'n ruk begin om by een van die groepleiers se huise te gaan kuier elke Vrydag na jeug. Daar was gewoonlik baie drank. Almal het baie daarvan gehou om na hulle huis toe te gaan. En een aand na ons weer so baie gedrink en daar gekuier het, was ek so dronk dat ek nie veel kan onthou nie. Wat toe gebeur het, is dat die groepleier by my geslaap het. Ek kan nie veel daarvan onthou nie, ek was te dronk. Dit was my eerste keer gewees. Ek het toe die

dominee vertel en hy het my ouers kom sien. Almal was kwaad en teleurgesteld. Dit het vir my gevoel of ek 'n mislukking was. En ek het besluit dat ek nooit weer 'n ou sal hê nie en dat ek niks met mans uit te waai wil hê nie.

Ek en Nuki was toe in 'n verhouding en na dit ek en Maria. Nuki se ma het geweet ons is seksueel aktief want sy het vir Nuki en haar meisie gevang terwyl hulle besig was om seks te hê. Ek was toe ook in 'n verhouding met Rita, almal is bang vir haar, sy is 'n baie mooi *lesbian* met baie geld. Sy het my baie bederf en ek het toe by haar ingetrek. Sy het vir my baie sakgeld gegee en ek het alles gehad wat ek wou hê. My ouers het niks daarvan gehou nie, hulle het baie vir my gesê dat ek huis toe moet kom. Ek dink nie dit het hulle te veel gepla nie want hulle hoef nie vir my ook nog te gesorg het nie. Rita het my toe gelos vir 'n ander meisie in graad elf. Dit was nogal hartseer, maar ek het besluit dat ek daaroor sal kom.


Dit is toe dat ek en Desere met mekaar deurmekaar geraak het. Maar sy was "bi", ek het haar twee keer saam met ouens gevang terwyl ons seksueel aktief met mekaar was. Ek dink sy is nou swanger met een van daardie ouens se kinders. Niemand is seker nie, want sy het baie rondgeslaap. Dit is ook deur haar wat ons betrokke geraak het by heksery. Ons het die huis waar jy bly getoor. Niemand het meer van die vorige dominee gehou nie toe besluit ek en Desere dat ons hom gaan toor. Dit het gewerk, want hy is kort daarna weg.

**2.7.3. Kittie se droomstorie**

As ek regtig enige iets kon word sou ek graag 'n prokureur wou wees. Ek sal graag iemand wil wees wat nie die heeltyd vir ander mense goed hoef te vra nie. Om in my eie plek te bly en my eie kar te hê. Ek dink dit sal ook lekker wees om dan kinders te hê, kinders wat ek kan bederf en vir wie ek alles kan gee wat ek nie gehad het nie. Dink net dan kan ek hulle almal Kinderkrans toe bring. Sodat jy hulle mooi van die Bybel en van Jesus kan leer.

**2.8. Chavern – Dark Angel**

**2.8.1. Verhoogkaart**



### 2.8.2. Dark Angel se storie

Jy gaan in die hel brand jou *faggot*! Dit was min of meer my ma se eerste reaksie toe sy uitgevind het ek is seksueel aktief. Sy het gedink ek slaap saam met seuns. Sy was boos toe ek vir haar gesê het ek slaap saam met meisies. Sy weet ek het al saam 'n ou ook geslaap. My suster het my ge*split*. Maar dit was nog ok. Die pastoor het daardie demoon uit my uitgedryf en olie op my kop gesmeer. Hy is sommer 'n drol. My naam was in die kerkpapiertjie vir 'n hele maand. Almal moes vir my bid, niemand het geweet hoekom nie. Daar het "tienerprobleme" gestaan.

Die nuus dat ek met meisies slaap was vir my ma so erg dat sy 'n week lank nie kerk toe was nie. My ma gaan omtrent elke dag twee keer kerk toe. Die pastoor het die keer na ons huis toe gekom. Hy en my ma het ons huis skoongemaak om van die demoniese magte in ons huis ontslae te raak. My musiek het hulle uit*gefreak*. Hulle het 'n klomp goed uit die huis uit gevat en verbrand. My ma sê sy kon die demone in die vuur hoor skree.

My naam het weer in die kerk se blaadjie gekom. Weer "tienerprobleme". Daar het gestaan mense moet bid teen die bose magte wat kinders aanval. Ek onthou goed hoe 'n tannie my ma gevra het wat fout is met Chavern en ek het toe geantwoord, " Ek is 'n lessie ! 'n *Faggot*!"

Dit was die laaste wat ek kerk toe hoef te gegaan het. Ek het toe met ander gelowe begin eksperimenteer. Meeste van die gelowe is gemors en dit werk nie regtig nie. Ek en 'n paar van my vriendinne het *Wiccan getraai*. Dit is so bietjie soos satanisme maar nie so *hectic* nie. En dit is omtrent net meisies wat daaraan deelneem.

My en my ma se verhouding was nie goed gewees voor die hele ding nie. En dit het net slegter geword. Ek weet hulle het selfs 'n spesiale biduur gehou om vir

my te bid. Ek het selfs gehoor hoe my ma bid dat ek nie meer 'n *faggot* en 'n *pervert satanist* moet wees nie.

Die goed is nie so erg nie, grootmense en die kerk het dit opgeblaas. Nou word ek permanent by die skool gemonitor omdat ek een periode *gebunk* het. Ek moet elke periode 'n vorm laat teken om te wys dat ek wel daar was.

Die kerk en kerkmense kan my help deur net van my *case* af te klim en met hulle eie sake besig te wees. Ek is nie deur demone geïnfesteer nie! Daar is niks fout met my nie.


By ons laaste gesprek het sy haar verhoogkaart gevat en die "ja" wat sy by, "Is jy skeef" gesit het, deurgehaal en 'n "nee" geskryf. Sy het vir ons vertel sy en haar ma het vrede gemaak. Sy het nou 'n kêrel en sy is baie gelukkig saam met hom. Haar ma het ook toestemming gegee dat hulle kan trou as hulle wil. Die kerk is ook nie regtig so sleg nie, mens moet net leer om die mense daar te verstaan.

**2.8.3. Dark Angel se droomstorie**

Die kerk kan my help deur uit my pad uit te bly. Veral as hulle my net wil oordeel. As hulle my kan ondersteun sal dit goed wees maar as hulle my gaan oordeel moet hulle eerder weg bly. Ek wil graag eendag 'n sielkundige word sodat ek mense kan help.

**2.9. Charmajne – Pienkie**

**2.9.1. Verhoogkaart**



**2.9.2. Pienkie se storie**

Sjoe, dis 'n lang storie wat ek moet skryf. Ek weet nie regtig waar om te begin nie want daar het al so baie goed met my gebeur wat 'n invloed op my gehad het. Baie goed positief en net so baie goed negatief. Maar die negatiewe goed moet 'n mens eintlik net positief sien.

Wie is Pienkie? Al die klein goed wat mens dink maak nie saak nie, het tog 'n invloed, al was jy nog te klein om te onthou wat regtig gebeur het. Dit bly by 'n mens. Soos toe ek klein was, het my dagmoeder my baie geslaan. Mens kan sê mishandel. Van daar af het ek woede-uitbarstings gekry. My woede kom dus van 'n lang tyd af, maar die stukkie van my lewe het tog 'n positiewe invloed op my gehad. My ouers kon my nie slaan nie, want ek het toegeslaan soos 'n boek. Hulle moes ander maniere kry om my groot te kry. Ek is met my naelstring om my nek gebore en is amper toe al dood. Die positiewe van al die dinge is dat ek besef dat God daar was en my beskerm het.

In 2001 is my boetie gebore. Dit was vir my sleg want ek was nie meer die witbroodjie nie. Alles het oor hom begin gaan. In 2002 is my ma amper dood gewees van 'n operasie wat sy gehad het. Ek moes na my boetie gekyk het. My pa was daar maar hy het dagga gerook. Hy was daar maar hy was ook nie regtig daar nie, as jy weet wat ek bedoel. Ek en my pa het 'n baie slegte verhouding of kom ons sê nie eers 'n verhouding nie. Dit pla my want al wat ons doen is baklei. Hy wil nie hê ek moet my lewe geniet nie. Hy dink baie keer nog ek is 'n klein meisie, maar ek is nie meer nie. Hy was nie daar vir my toe ek klein was nie en nou wil hy my nie laat gaan nie want hy dink nog steeds ek is klein.

My ma se ouers was ook baie so gewees, hulle wou my nooit geken het toe ek klein was nie. Nou wil hulle vrede maak, maar dit is nie hoe dit werk nie. Jy kan nie van iemand verwag om alles te gee as jy nie daar was vir daardie persoon

nie. Ek was vir 'n groot deel van die familie nog altyd die swartskaap. Nooit niks reg gedoen nie.

Party goed vergeet 'n mens nooit nie. Ek het akrobatiese gimnastiek gedoen toe ek klein was, ek het dit baie geniet. My afrigter het my hard gedruk, ek het seergekry en mag dit nie meer gedoen het nie. Ek mis dit nou nog baie.

Ek het baie geëksperimenteer met goed, ek doen nou nog. Toe jy my geleer ken het, was ek skeef. My pa het 'n baie groot invloed daarop gehad. Ek het mans gehaat oor hom. Ek wou nie deurgaan waardeur my ma moet gaan nie. Ek het gedink ek sal nooit trou nie. Maar ek het ook maar net geëksperimenteer. Ek dink alle mense eksperimenteer maar met iets in hulle lewens.

Ek het dagga ook gerook maar dit is nie heeltemal my ding nie. Want ek dink daardeur probeer mens net weghardloop van jou probleme af. En jy moet jou probleme *face*.

Wat ook 'n baie groot invloed op ons almal gehad het, is ons twee vriendinne se selfmoord. Ek sien dit net so dat daar geen probleem is dat jy jou eie lewe hoef te vat nie. Mens kan die goed hanteer.

Ek het baie verander van die eerste keer af wat ons bymekaar was. Ek dink nie die kerk is so slegte plek nie. Dit gaan seker maar oor die mense. Julle het my nogal baie gehelp. Ek gaan volgende jaar belydenis aflê. Die kerk beteken vir my baie. Dit is een plek waar ek nie meer die heeltyd hoef voor te gee ek is iemand wat ek nie is nie. Jy het my al so baie gehelp. As dit nie vir jou was nie sou die hof ons toegesluit het oor ons *shoplifting*. Wat die kerk dalk anders kan doen is om nie kinders wat probleme het te veroordeel nie, almal maak foute en almal eksperimenteer. Mense moet ook nie skinder nie, ons het al gehoor hoe van die ou tannies ons bespreek het, dit was nie lekker nie. Mense moenie *fake* wees nie, dit stoot mense van die kerk af weg.

**2.9.3. Pienkie se droomstorie**

Ek wil baie graag eendag 'n model word. En klaar wees met skool. Dit is vir my belangrik dat mense die regte dinge moet doen. Miskien sal ek so iets by doen. Dalk sal ek studeer terwyl ek modelwerk in Parys gaan doen. Ek wil net gelukkig wees en nie deur ander mense geoordeel word nie. Almal maak foute.

## 2.10. Anuchka – Nuki

### 2.10.1. Verhoogkaart



### 2.10.2. Nuki se storie

Ek het in 'n huis grootgeword waar beide my ouers bietjie *retarded* is. My ma en my stiefpa is vir lang rukke op dwelms. Ek dink my ma is skoon maar ek weet my pa rook nog elke dag boom. Hy verbeel homself baie keer die polisie jaag hom. Dit is vrek snaaks, dan moet ek en my suster altyd vir die polisie sê hy is nie daar nie. Daar was nooit polisie nie en die helfte van sy lyf het in elk geval onder die bank uitgesteek.

Wanneer hy en my ma hoog was, was dit altyd draaglik by die huis, en ons het baie keer lekker gelag vir die twee. Die moeilikheid het gekom as hulle nie hoog was nie. My ma het my baie keer vasgehou dat my stiefpa my kan slaan. Dit was baie keer oor klein goedjies. Hulle het my baie keer geslaan dat ek bloei. Ek en my sussie het al weggeloop. Maar toe het ons nog groter moeilikheid gehad.

My regte pa het my en my ma gelos. Ek dink nie hy kon dit uithou met my ma nie. My ma was na sy my gehad het so mal soos 'n haas.

Ek weet nie hoe dit gekom het dat ek skeef geword het nie. Ek hou baie keer van seuns ook. Dit hang seker af van hoe 'n mens voel. Ek het net op 'n dag besef ek is skeef. My eerste meisie het selfmoord gepleeg. Niemand weet regtig hoekom nie. Ek dink dit is omdat haar broer haar verkrag het en niemand wou haar glo nie. Dit is ook waar sy skeef geword het. En van daar af het goed verkeerd gegaan vir haar. My ma het eendag op ons ingestap terwyl ons besig was. Gelukkig het sy vir niemand gesê nie. Sy het gedink ons eksperimenteer net. Ons het dit vrek baie gedoen.

Ek het na haar dood twee keer probeer om selfmoord te pleeg. Eenkeer by die skool, deur myself met my das te verwurg en die ander keer deur pille te drink. Met die pille het ek dit amper reg gekry. Ek was baie siek vir seker 'n week na die tyd. Ek weet nie of ek dit weer sal doen nie.

Ek is nou vir amper 'n jaar uit die huis uit en dinge begin vir my beter raak. Ek werk nou by my oom se winkel en deeltyds werk ek aan my graad 12. Ek was verlede kwartaal die sterkste student gewees. Ek gaan volgende jaar bietjie by my ouma in Londen bly sodat ek kan dink wat ek graag wil doen.

Oor meisies en ouens weet ek nog nie regtig nie. Ek is maar versigtig om nou weer in 'n vaste verhouding met iemand te wees, omdat ek weet dat ek weggaan. Ek hou van meisies maar ek hou ook van seuns.


Wat kan die kerk vir ons doen en beteken? Ek is nie regtig seker nie. Miskien moet hulle net doen wat jy doen. Nie die heeltyd probeer om vir ons te sê wat ons moet doen nie. En dalk moet hulle net meer na ons luister. Ek dink nie regtig dat die kerk enigiets kon verander het aan wat met my gebeur het toe ek jonger was nie, maar as hulle kon, sou dit goed gewees het. Ek dink net die kerk moet daar wees vir ons en nie moed opgee as dinge begin moeilik raak nie. Partykeer wil 'n mens net hê mense moet daar wees vir jou. Ek dink die Bybel sê ook ons moet daar wees vir mekaar.

**2.10.3. Nuki se droomstorie**

Wanneer ek kan droom oor waar ek graag wil wees sonder om te dink aan die goed wat in my pad kan staan, wil ek graag iets doen waar ek mense kan help. Ek weet nog nie wat nie. Ek weet net daar is baie mense en kinders wat swaarkry, nie net in geld nie, wat iemand nodig het om vir hulle lief te wees en vir hulle om te gee. Ek wil graag so iets doen. Maar ek sal sien as ek terugkom van Engeland af.

**2.11. Juanri – J3**

**2.11.1. Verhoogkaart**



Don't like me?? Well fuck u then.

Bitch

Juan-3

Why? Why Not

F*ck the people

WE ARE THE PEOPLE

Naam: Juandri

Van: Swarepoel

Ouderdom: 15

Gebore: 1992-01-04

Fav Kleur: Pink & Swart

N 4 J

I ♡ Nadine...

I'M Full of HATE

Hou van: Pizza, girls, jol, drank en alles wat leka is in'i lewe

Haat: mans, stuckup mense, mense wat my nie aanvaar vir wie ek is nie.

Eendag wil ek 'n... Prokureur, ek wil vir vrouereqte gaan baklei.

Who gives a fuck

My liefie: Naddy Harmse

Persoonlikheid: Ageresief; Bitchy; Who fucking cares??

HATE HATE RULES

**2.11.2. J3 se storie**

Ek is partykeer spyt ek het skeef geword. Ek hou van ouens. Ek glo nie 'n mens word skeef gebore nie. Ek het gekies om skeef te word. Ek ken een meisie wat ek dink skeef gebore is, Rita. Sy is so bietjie ouer as ons, miskien so 30. Maar dit maak nie saak nie, want sy lyk in elk geval soos 'n man. Sy betaal partykeer van ons om saam met haar seks te hê. Een van die meisies het al by haar gebly. Rita het baie geld en sorg goed vir ’n mens. Dit hou net nooit lank nie, net so maand of so. Ek dink van die *girls* gaan vir Rita net vir haar geld, dis hoekom dit nooit hou nie.

Ek dink ’n mens besluit om skeef te word deur mans. Hulle maak ’n mens net seer en hulle drop ’n mens net so maklik. Meisies doen dit nie. Wanneer ons met mekaar uitmaak is dit nie so erg nie, ons weet hoe om mekaar ordentlik te hanteer. Ek was nou al in ’n paar verhoudings en ek het nog nooit so seer gekry soos met ouens nie. Mans molesteer ook meisies en daarom besluit hulle dan om skeef te word. Maar ek ken nie iemand wat skeef is omdat hulle gemolesteer is nie, ek weet net dit kan gebeur. Baie van die meisies wat in ons groep is wat skeef is, is skeef omdat hulle wil in wees en omdat hulle aandag soek. Daar is ook meisies wat skeef is oor groepsdruk. Ek dink hulle wil so graag deel wees van ons groep dat hulle enige iets sal doen tot saam 'n ander meisie sal slaap.

Ek weet vir 'n feit dat ek nie so gebore is nie, ek het besluit om skeef te wees. Ek het skeef geword omdat ek gedink het my eerste meisie is 'n ou. Ek was gefassineer deur haar, en toe ek uitgevind het sy is skeef toe besluit ek *so what*, ek sal ook skeef wees. My suster was toe al lankal skeef. Dit was toe vir my baie lekker, sy het my nie *gedrop* soos mans mens *drop* nie. Meisies vry ook beter as ouens want hulle weet wat ander meisies soek en wat om te doen. Alle mans is *droppers*, pa’s, ouens en stiefpa’s. Ek het in die tyd ook begin rook, die ander meisies het my *gedare*, hulle sou vir my 'n bottel vodka gekoop het as ek ook rook. Ek het toe gerook en 'n hele bottel vodka gewen. Dit is vir my nogal lekker

om te rook. Ek rook partykeer *weed*, maar nie altyd nie, net wanneer ek erg stres. Soos voor my verhoor toe ek vir Nikita geslaan het. Dit was vir my baie erg.

Ek moes haar slaan want sy het die heeltyd iets oor ons skewes te sê. Baie van die mense by die skool sê dat ons is sataniste, en ek is nie 'n satanis nie. Mense verskil net. Ek dink ook elke mens mag sy eie opinie hê. Ek hou net nie van 'n gehuil en 'n ge-amen nie. Daar is 'n paar mense wat meer gereeld geslaan moet word. Maar ek is nou so erg in die moeilikheid dat ek eerder nie iemand sal slaan nie. Die onderwysers pik net op my. Buite die skool het ek nie veel probleme nie. Ek het ge*shoplift* en in die moeilikheid gekom. Ek was amper in die moeilikheid; die dominee het my en my vriendin uit die moeilikheid uit gekry. En ek en my suster het eenkeer weggeloop na ons 'n erge pak slae gekry het. Ons hele gesin moes toe in die hof gewees het. My ma en pa is gewaarsku om ons nie weer so te slaan nie. Die regter het ook gesê dat as ons weer wegloop ons ook in die moeilikheid gaan kom. Ek dink dit is waar my pa se *weed*-rokery weer erg begin het, hy is omtrent altyd hoog en lê net altyd voor die TV.

Ek wil nie hê dat ander mense altyd vir my moet vertel wat ek moet doen en hoe ek dit moet doen nie, ek is groot genoeg om my eie besluite te maak. Ek weet nie altyd presies wie ek is nie. Dit voel baie keer vir my of ek 20 verskillende mense is, wat almal gelyk wil wees. Dan is daar nog baie mense wat maak of ek my sussie is, ek is nie my sussie nie ek het my eie naam, ek is nie my van nie, en ek is nie my familie nie. Ek is ek, en ek soek spasie om myself te wees nie wat ander mense besluit het ek moet wees nie. Anders as my familie het ek 'n droom vir myself. Ek weet ook wat ek moet doen om dit te behaal, ek weet ek sal baie hard moet werk veral aan natuurwetenskap en wiskunde, en ek doen dit ook. Ek gaan eendag 'n prokureur word. Ek soek ook eendag kinders wat ek anders kan grootmaak.

Oor die kerk is ek nie altyd ewe seker nie. Ek dink nie die Bybel sê dat om skeef te wees, is sonde nie, maar ek is nie seker nie. Ek dink dit is sonde as mans skeef is, dit is net nie reg nie. Dit is nogal grillerig. Meisies is anders. Ek weet nie regtig wat die Bybel sê oor skeef wees nie. Ek weet maar mense sê die Bybel sê dis sonde, maar ek gee nie regtig om nie. Ander mense doen baie erger goed as wat ek doen.


Die kerk en mense by die kerk kan ons help deur nie altyd ons verlede teen ons te hou nie. Hulle kan ook raad gee wanneer dit gevra word en nie net wanneer hulle goed dink nie. Die kerk moet leer om mense te aanvaar, maak nie saak wie hulle is nie. En die mense by die kerk moet bietjie minder skinder!

**2.11.3. J3 se droomstorie**

Almal dink altyd ek gaan soos my suster uitdraai. Ek weet jy het dit ook al gedink. Maar ek sal almal nog wys. Ek weet ek het al baie drooggemaak maar ek is anders as my suster, ek het drome vir myself. Ek gaan skool klaarmaak, dan gaan ek regte studeer in Pretoria. Ek sal 'n beurs of iets kry. Ek wil graag 'n advokaat word. Ek glo ek weet genoeg om ander vrouens te help. Ek wil ook graag kinders hê.

## 2.12. Joanè – Sex Kat

## 2.12.1. Verhoogkaart



**2.12.2. Sex Kat se storie**

Hoe ek skeef geword het, kan ek nie onthou nie. Miskien was ek net nog altyd so. Ek glo nie dit is verkeerd nie. Ek kom van Randfontein af ons het nog altyd hier gebly, eers in Randfontein self nou op die plotte. Ek ken nie regtig my pa nie. Hy is 'n skofbaas in Westonaria. Ons sien hom so een keer 'n jaar, as hy nie geld het vir dop nie of as sy "*girlfriend*" hom uit die huis uit gejaag het. My ma is al twee keer geskei. Haar eerste man en sy seuns het met my en my sussie gekarring. Toe my ma uitgevind het, het hy ons almal weggejaag en gesê ons is kak, en moeilikheid. Ons het hom nog nooit weer gesien nie. My ma is toe weer getroud met 'n ou wat sy skaars geken het en nog baie jonk is. Hy is nogal *cool*, hy los ons ten minste uit en hy hou my ma besig genoeg. Ek mag doen net wat ek wil. As ek wil gaan jol is dit *ok*, en as ek gesuip terugkom is daar niemand wat my *hastle* nie. Ek mag *even* sy kar ry.

Ons is in die Apostoliese kerk, maar ons was seker vyf jaar laas daar. Hoe die kerk my kan help weet ek nie regtig nie, hulle sal my net laat sleg voel omdat ek skeef is en dit al met ouens gedoen het. Ek dink my ma wil nie kerk toe gaan nie omdat ons nie geld het nie.

As ek moet sê wie ek is en hoe ek myself verstaan sal ek nie regtig kan sê nie. Ek dink as ek klaar is met skool sal ek iets gaan doen waarin ek baie geld kan maak, soos 'n prokureur of 'n *shrink*. Maar vir nou moet ek net eers met skool klaar maak, dit *suck*. Die onderwysers *hassle* my baie. Ek dink hulle weet ek is skeef. Ek weet nie of my ma dalk vir hulle gesê het nie. Hulle dink ek is 'n satanis, maar dis nie waar nie. Hulle dink dit omdat ek en Nuki eendag in die badkamer gerook en gevry het. En toe hulle ons *bust* het Nuki gemaak of sy besig was om 'n aanval te kry. Die juffrou was *stupid* en het gedink ons is besig om demone op te roep. Daardie juffrou is sommer net vertraag. Sy het 'n ding met Nuki aan, sy wil Nuki uit die skool uit hê. Ons het al haar kar se wiele afgeblaas. Sy het geweet dit was ons maar sy het nie *proof* gehad nie.

Maar ja dit is ek, hou van *party*, dop en seks (met meisies).

### 2.12.3. Sex Kat se droomstorie

Ek sal daarvan hou om mense wat probleme het te help. Ek sal goed daarmee wees want ek het baie probleme. My vriende kom altyd na my toe vir raad. Maar vir nou is my droom om net klaar te kry met skool. Want dit *suck*. Die kerk kan my nie help nie. Hulle is net besig met 'n gepratery, dit help my niks nie ek het geld nodig, om eendag te kan gaan leer en uit die *shit* dorp weg te kom. 'n Gepratery gaan my niks help nie. Ek weet ook nie of hulle vir my geld gaan gee nie, hulle sal bang wees ek koop dagga of iets wat ek kan snuif. Ek drink, maar ek gebruik nie *drugs* nie, ek is nie *stupid* nie. Ek sal ook eendag kinders wil hê, as ek baie geld het om vir hulle te wys *stuff* is anders, en nie soos toe ek klein was nie. Ek sal nogal 'n goeie ma wees, wat na my kinders sal kyk.

## 2.13. Naidene – Nody

### 2.13.1. Nody se storie

Nody was nie die hele tyd deel van die groep nie. Haar ouers het verhuis en sy is saam. Sy is weer terug in Randfontein, maar nie meer deel van die groep nie. Ek het ook haar verhaal geskryf en sy het dit goedgekeur soos dit hier vertel word. Die verhaal is ook met haar toestemming oorgegee aan die CMR in Randfontein, en hulle is besig om die saak te ondersoek.

Nody was een van die rustiger meisies in die groep. Die ander het altyd gesê dit is omdat sy dink dat ek 'n regte dominee is. Nody het my gesê dat dit nie die geval is nie. Sy het net nie so baie daarvan gehou om lelik te praat soos die ander nie. Sy het in die eerste twee sessies niks gesê nie. Later met gesprekke oor seksualiteit het sy begin praat. Nody het gemeen dat om homoseksueel te wees vir haar nie 'n keuse was nie. Sy het gesê dit is net hoe sy is. Mens kan dit nie kies nie. Jy is net so.

Nody het begin deur te vertel dat dit by hulle huis baie swaar gaan en dat hulle baie keer nie kos het om te eet nie. Haar pa is 'n alkoholis wat haar, haar ma en kleiner boetie mishandel. Maar nie seksueel nie. Hy is die meeste van die tyd te dronk om enige iets te doen. Haar ma is 'n goedkoop prostituut. En die besigheid gaan nie baie goed nie. Die meisies in Randfontein is te maklik. Niemand in die dorp sal betaal vir seks nie. Nody sê sy voel baie keer skaam oor wat by hulle huis aangaan. Sy het vertel dat sy en haar boetie baie keer kos en goed moes steel sodat hulle kon eet. Baie van die klere wat sy dra is gesteelde klere en dit wat nie gesteel is nie het “ons by ons kerk[4] gekry”. Sy is emosioneel as sy vertel hoe dit baie keer by die huis gaan. “Dit is nie lekker daar nie. Maar ek kan nie anders of weg nie, want wat van my boetie?”.

[4] Die kerk se naam en tipe leiers kan nie genoem word nie, aangesien daar ondersoeke aan die gang is. Die saak is twee jaar gelede reeds aangegee.

"My ma-hulle is nie so betrokke by die kerk nie. Die leier van ons gemeente kom haal my vir jeug op Vrydae. Waarom hy my kom haal is vir seks. Hy en sy seuns het al saam my geslaap. Ek gee nie regtig om nie, ek voel niks as dit gebeur nie. Hulle het dit al afgeneem ook, met 'n videokamera". Nody het aan my bevestig dat dit nie so erg was nie en dat sy regtig nie omgee dat dit gebeur nie.

Die stories het egter begin versprei en ek was verplig om ook die saak aan te meld, met haar toestemming. Nody was nie die enigste teiken van die persoon nie. Hy het ook met seuns en ander minderjarige meisies seksuele wandade gepleeg. Die ander meisies in die groep het ook hiervan geweet. Dit is hoe die hele voorval op die lappe gekom het.

Nody doen goed in haar skoolwerk. Die onderwysers het baie min probleme met haar. Mense weet sy is homoseksueel, want sy sit altyd in die groep waar almal sit wat sê hulle is homoseksueel. Sy hou nie daarvan as mense sê hulle is skeef nie. Sy meen daar is niks skeef aan haar nie. Nody sê sy weet sy is anders en sy hou van meisies, maar sy doen niks verkeerd nie. Daar is baie meisies wat baie meer rondslaap. Dis nou wel met ouens. Maar dit is vir niemand 'n probleem nie. "Ek het twee meisies gehad en almal het 'n probleem daarmee".

"Wat kan die kerk vir ons doen? Hulle moet ons nie veroordeel nie. Ek wil aanvaar word sonder enige bybedoelings. Ek glo die Here aanvaar my net soos ek is. Hoekom kan hulle nie dit ook so doen nie? Die kerk het altyd bybedoelings. As hulle nie net geld soek nie soek hulle iets anders. Ek vertrou nie die kerk nie. Hulle is in die ding net vir hulle self, en hulle gee nie om oor wat van ons word nie. Hier is 'n gedig wat iets verduidelik van hoe ek voel en wie ek is.

**I am someone**

**By: Annastasia Aressia**

I am someone
I walked past a dead face
even though the person was alive
I saw my eyes in the mirror
and cried at the sight
I looked at a person I didn't know
and I met a friend
I got heads to turn
when I walked past
I learned a lot about myself
when I lost a new friend
I cried every tear in my body
when I thought about love
I got hit bad
then got back in the ring
I climbed a mountain of rocks
and saw an eagle fly overhead
I heard terrible things about myself
when no one thought I was listening
I realised I was strong
when I didn't cry when it hurt
I found out who I was
when I was with someone else
I thought I was lost forever
when a friend found me
I held a life in my hand
and it was my own
I was a pawn in someone else's game
so I surrendered to a brook
I walked the fine line between surviving

and not wanting to survive
I still am
I am someone

"Party keer is dinge vir my moeilik, maar ek weet ek moet aangaan".

**2.13.2. Nody se droomstorie**

Nody se droom is om 'n Ingenieur te word. Om goed uit te dink. Sy wil haar boetie op die regte pad hou dat hy nie so baie moeilikheid maak soos sy gemaak het nie. Haar droom is verder dat haar pa homself sal regruk en haar ma weer haar kop sal *uitsort*. Sy is lief vir haar familie, en sy wil nie hê dit moet wees soos dit nou is nie. Sy wil saam haar ouers in dieselfde ry in die kerk sit en nie wonder wat sy en haar boetie gaan eet as hulle by die huis kom nie, dis niks lekker nie. Sy wil 'n mooi huis hê waarheen sy haar vriende kan nooi, wat nogal lekker sal wees.

**2.14. Shay – Souty**

**2.14.1. Verhoogkaart**



**2.14.2. Souty se storie**

Dit gebeur nie net nie. Daar is ernstige goed wat gebeur in 'n mens se lewe wat 'n mens baie seer maak en dan word 'n mens skeef. Dit is hoekom ek skeef is. Dit het al begin toe ek so sewe jaar oud was. My beste maatjie, 'n seuntjie 'n jaar ouer as ek, wat oorkant ons gebly het by sy ouma en oupa, het ’n baie ouer oom gehad (16/17 jaar oud). Die oom van hom was in die spesiale skool. Ons het eendag nog so lekker buite gespeel toe die oom van hom daar kom *intjip* het. Hy het gemaak asof hy my onvoer ek het geskree en hom geklap. Hy was net baie sterker as ek. Hy het my gedra en agter die bosse in die tuin gaan neersit. Ek was vrek bang vir hom. Hy het my nog altyd uit-*gefreak*. Hy wou my nie los nie. Hy het geweet sy ma en pa wat in die sitkamer was, kon hom nie daar sien nie. My hart het vinnig geklop en ek was bang. Hy het van die plante afgebreek en in my klere gedruk. Hy het toe oral aan my begin vat. Hy het bo-op my gelê en sy voël ook uit sy broek gehaal en dit op my gevryf. Ek het geskree en gehuil. Maar sy ma en pa het gemaak asof hulle niks hoor nie. Ek wou net huis toe gaan, maar my ma was weg. Daarom moes ek die dag daar kuier. Ek en my maatjie het toe maar die hele dag binne gespeel. Hy was ook bang vir sy oom. Later toe my ma my kom haal was ek kwaad en hartseer. Ek het haar vertel wat gebeur het. Die ou se ma en pa het net gesê dat ek jok en dat ons buite gespeel het en dat dit nie so is nie. Ek kan nog onthou dat ek vir my ma gesê het om nie vir enige iemand te sê wat gebeur het nie. Later die maand het ons weggetrek na 'n ander dorp. Maar ek het daaroor gekom.

Ek het van ouens gehou toe ek in graad 8 toe is. Daar het ek 'n ou ontmoet wat net so *screwed-up* was. Hy het my begin slaan en my gedreig. Hy het my die een dag met 'n broodmes gedreig om saam met hom te slaap. Sy ouers was nie by die huis nie. Ek was weer net so bang. Ek het hom gesmeek en hy het nie gestop nie. Ek het begin huil en hy het nie gestop nie. Hy het my baie seer gemaak. Ek dink dit is waar ek 'n verdere haat vir mans en ouens gekry het.

Verder daardie jaar het daar die storie versprei onder die ander *girls* by die skool. Die ou het vir almal gaan vertel. Die bliksem. Dit het ding by die skool vir my baie moeilik gemaak. Ek het begin *fight* met die ander *girls* wat so *laaik* om te skinder. Ek het al my pelle verloor. Net die skewe *girls* het verstaan. Hulle was daar vir my. Hulle was die enigstes wat my verstaan het ek het toe een van hulle geword. Dis waarom ek skeef is. Hulle het my gehelp baklei en die ander *girls* op hulle plek gesit.

Ons skewes het geleer om te *survive*. Hulle het my ook geleer rook, *weed* en ander goed ook, om van al die stres ontslae te raak. Dit het ook moeilikheid veroorsaak. By die skool is ek altyd in die moeilikheid en by die huis. Dit is net 'n *gefight* altyd, met die ander *girls* by die skool en met my ma-hulle. Die *girls* by die skool is net snobs en verstaan ons nie. Dan dink hulle net liegstories oor ons skewes uit. Dan kry ek weer net verder moeilikheid. My ma-hulle verstaan nie en *fight* ook met my want die skool bel haar as ek in so 'n *fight* was. Dan moet sy en my pa na die verhore toe kom. Ek was al 'n week geskors oor my gerook en *gefight*. Maar hulle weet nie ek is skeef nie. Hulle sal dit niks *laaik* nie.

Ek het saam my meisie na haar kerk toe begin gaan. Ek kon nie na my kerk toe gaan nie. Die dominee was net oud en nie *lekka* nie. My ma het my na hom toe gevat maar hy het nie verstaan nie. Hy het my net *gejudge* en vir my vertel dat ek in die hel gaan brand. My meisie se dominee was nog jonk en het nie *bad* gepreek nie. Hy was *orraait*. Hy het ons nie *gejudge* nie en ons nie uit laat voel nie. Hy het ook nie skinderstories vir almal van ons skewes vertel nie. Hy het ons baie keer gehelp as ons in die moeilikheid was. Hy het ook al na van die verhore toe gekom. Soos die keer toe ek met *porn* van die ander skewe *girls* en my meisie op my foon gevang is en toe ek *weed* by die skool gerook het. Dit het gehelp dat hy daar was. Die *onnies* wat my gevang het, was dan sommer meer *gechill*. Die straf was darem ook nie so erg nie. Hy het ons aanvaar en dit was lekker om na die kerk toe te gaan. Ons het nogal baie by hom geleer. Ek dink meer dominees moet so wees. Hulle moet 'n mens nie *judge* nie en verstaan dat

ons ook kerk toe wil kom en sien dat dit wat ons doen is nie sonde in. Ons is ook mense, net anderste mense.

### 2.14.3. Souty se droomstorie

Ek *laaik* dit nie dat mense en veral onnies en 'n mens *judge* en *label* nie. Ek *laaik* dit ook nie dat mense *fake* is nie. Ek haat *fake* mense. Ek weet wat ek met my lewe wil doen. Hulle hoef my nie te *label* as 'n *wash-out* nie. Ek is ook 'n mens met drome. Ek kan ook 'n sukses van my lewe maak. Ek gaan nog een van die heel beste en bekendste *designers* word. Ek gaan my eie *company* hê en my eie reekse skoene, klere, *accessories* en parfuum. Dit gaan spesiaal wees vir al die skewe *girls.* Ek weet mos wat ons wil hê.

**2.15. Annelie – Lie**

**2.15.1. Verhoogkaart**



### 2.15.2. Lie se storie

Ek is gebore in 1993 op die eerste Augustus in Krugersdorp in Van Wykstraat. Ek was vier maande oud toe trek ons na 'n woonstel in Luipaardsvlei, my ma en my regte pa is toe ook uitmekaar. Ons het daar gebly vir twee jaar. Toe ontmoet my ma my stiefpa. Hulle is toe later ook getroud. Ons het toe Glenharvie toe getrek waar hy op die myn gewerk het. Alles het goed gegaan vir omtrent drie jaar, toe begin die probleme. Hy het by die werk begin drink. Hy het al meer agteruit gegaan. Hy het my ma en ons baie mishandel. Hy het ons baie gereeld weggejaag. Hy het so aangehou drink tot hy sy werk verloor het. Ons is toe Westonaria toe. Ons het almal gedink dat dit beter sal gaan. Alles het ook vir 'n rukkie beter gegaan. Maar alles het toe net weer van voor af begin. Die drank het sy hele lewe oorgeneem, hy het 'n ander mens geword. Hy het elke Vrydagaand so dronk geword dat ek en my sussie vir hom moes wegkruip. Dit het net aangehou en aangehou, dit het soos jare gevoel. Na vyf jaar het my ma gatvol geraak en ons het ons goed gevat en gewaai. My stiefpa het haar gesmeek om terug te kom na hom toe. Toe begin alles weer van vooraf. Die keer het hy net 20 keer erger gedrink. Hy het ons baie erg mishandel en geslaan. Dit was so erg dat hy my ma een Kersdag so geslaan het dat sy amper dood was. My ma het toe finaal besluit dat genoeg, genoeg is. Hulle is toe permanent uitmekaar uit. Ons het toe na my sussie toe getrek in Rikasrus. Ons bly nou al drie jaar daar en ons het geen probleme hier nie. Daar is ook geen dronk mans nie.

Ek voel dat ek hardloop partykeer vir goed weg want ek weet nie noodwendig hoe om alles te hanteer nie. Die plek waar ons bly is klein en baie ver van alles af. Die naaste winkels is in Randfontein wat 28 kilometer weg is.

Ek het skeef geword omdat ek baie seer gekry het deur 'n ou. Ek het daarna gesoek na geluk, liefde en iets moois om aan vas te hou. Ek het toe besluit dat ek skeef is omdat ek die wonderlikste meisie ooit ontmoet het. Sy het vir my die wêreld beteken en doen nog steeds, maar ongelukkig het die geluk en liefde nie

vir ewig gehou nie. Sy sal altyd 'n baie spesiale plek in my hart hê, maak nie saak wat nie.

Vandat ek die storie geskryf het, het daar baie gebeur, my hele lewe het verander, ek het 'n heeltemal ander mens geword. As ek nou daaraan dink is die lewe sonder 'n man is dit eintlik *great*.

Ek is nie meer skeef nie, want die liefde en geluk wat ek by 'n meisie gekry het, het my net so seer gemaak soos dié by 'n ou. Dan kan ek eerder reguit wees as skeef. Meisies en ouens is baie dieselfde.

Baie meisies kan skeef en dan weer reguit wees. Ek persoonlik dink dit is heel normaal, veral as jy *bi* is. Dit is moontlik dat 'n meisie soveel liefde vir 'n *girl* kan hê as vir 'n ou.


Die kerk kan my help deur vir my te sê dat God het my uniek geskape.

**2.15.3. Lie se droomstorie**

My droom in die toekoms is om 'n sielkundige te word, want ek hou daarvan om met mense te werk. Ek gaan my droom bereik deur hard te werk, hard te leer en my beste te gee in alles wat ek doen. Ek sal ook moet wees wie en wat ek is.

**2.16. Christy**

**2.16.1. Verhoogkaart**



### 2.16.2. Christy se storie

GENADE, ek het al op verskeie geleenthede teruggedink aan my tienerjare en die enorme gevaar waarin ek myself so gereeld geplaas het, maar dan besef ek net weer dat liewe Jesus sy engele opdrag gegee om ernstig oortyd te werk, terwyl ek op my soektog na vrede is.

My ouers het my besonder beskermd grootgemaak en vir die eerste paar jaar van my lewe was ek absoluut dolgelukkig. My ouers het goeie fondamente vir ons gelê en het aan hoë standaarde voldoen. My pa het 'n goeie werk gehad terwyl my ma tuis gewerk het om sodoende genoeg tyd saam met ons te spandeer. In terme van ons Christelike opvoeding was die hele gesin betrokke by die kerk; my pa was 'n diaken, my ma was betrokke in die wyk en ons het soos alle NG-kinders, kerk en Sondagskool bygewoon. Daar is elke aand vir ons 'n storie uit die Kinderbybel gelees waarna ons elkeen met liewe Jesus gesels het. Ek het ook vir 'n tyd lank Kinderkrans bygewoon.

Op hierdie stadium het ons gesin al uitgebrei tot 5 (my ouers en twee boeties). Ek het van kleins af agtergekom dat ek my pa se oogappel was en in dieselfde asem besef dat my ma vreemd teenoor my optree, amper asof sy my nie liefhet nie. Sy het my wel mooi versorg en ek het niks ontbreek nie, behalwe 'n ietsie, ietsie wat ek as klein dogtertjie nie vir myself kon uitredeneer nie en al hoe ek daarvan kon sin maak was dat sy nie oor my gevoel het soos my boeties nie.

My pa het skielik in 1992 besluit om weer aansoek te doen vir parlementêre diens. Ons het nie geweet dat die ware rede agter die aansoek die oorsaak was van my ouers se huwelik wat besig was om ten gronde te gaan nie. Dit was 'n skok en groot aanpassing toe my pa vir die volgende ses maande weer in die Kaap gaan woon het. Ek kan onthou my ma het vir ure met my pa op die foon gesels nadat hy Kaap toe is en die gedagte dat hul gaan skei het by my begin spook.

My pa het na ses maande teruggekeer en ons drie kinders geroep en saam met ons op die agterdeur se trappie gaan sit. Hy het sy arms om ons gevou en die nuus aan ons gebreek. Sy hart was bitter seer en ek dink dit is die enigste keer in my hele lewe wat ek hom sien huil het.

Ek was vir my ma kwaad. Ek meen iemand moet die skuld kry en miskien was dit vir my makliker om my ma te blameer aangesien ons verhouding nie so sterk was nie.

Ek was in standerd 3 toe ek na 'n nuwe skool gegaan het. My juffrou het my in die hande van 'n baie vreemde meisie gelaat, wat geen vriende het nie. Sy was op skool reeds deurmekaar met ouer seuns en was vol stories van sake waarvan ek salig onbewus was. Dit het ongelukkig my kans om 'n groepie normale vriende te ontmoet heeltemal in die wiele gery, want ek is dadelik nie aanvaar deur ander nie. Die vreemde vriendin het net 'n klein rukkie gefigureer voor ek aanbeweeg het na gewone maatjies.

My hart was seer en ek was bitter ongelukkig en kan onthou dat ek baie begin slaap het. Vir 'n jong meisie het my ma gevoel dit is vreemd en my vir verskeie bloedtoetse gestuur, maar natuurlik was daar fisies geen fout nie. Hulle het nooit besef dat ek depressief was nie. Ek het voortgegaan om my nuwe lewe te lei en gehoop om 'n kans te kry om te ontsnap van die omgewing waarin ek my bevind. My ma het nie baie geduld met my gehad nie.

Ek het egter na 'n jaar gewoond geraak aan my nuwe situasie maar toe ontmoet my ma vir Mats[5]. Hy het geen respek vir ons gehad nie en 'n punt daarvan gemaak om ons te laat verstaan ons is kinders en hoe ons voel en ons opinies tel nie. Hul is 'n jaar later getroud en toe trek ons weer. Gelukkig was ek op pad hoërskool toe en die verandering was vir my aansienlik makliker. Ek was

[5] Haar stiefpa.

opgewonde om weg te kom van die skool waarin ek was en om die geleentheid te kry om te wys wie Christy is. Ai, min wetende, het ek geen idee gehad wie ek is nie.

Ek en my ma het natuurlik vreeslik vasgesit vandat my pa uit die huis is en het mekaar nooit heeltemal verstaan nie. Ek het nie gevoel asof ek iemand het met wie ek kan redeneer oor my emosies of enige ander normale dinge wat in my lewe gebeur nie.

Ons het in my stiefpa se huis ingetrek nadat hul getroud is en daar was weer 'n drastiese verskuiwing in ons almal se lewens. Die reëls en regulasies van die nuwe pa was ondraaglik en ek het al hoe meer verlore gevoel. Niemand was bereid om vir my 'n rede te gee vir besluite wat hulle neem nie en ek was nie toegelaat om enigiets ten twyfel te trek nie.

Ek het begin rook, alkohol gebruik en van tyd tot tyd dagga gerook. Ek was soms saam met die vriendekring na klubs toe, genade weet wat ek gedink het, want ek was skaars 14 jaar oud. Ek het steeds sport beoefen, alhoewel my punte afgeneem het en die verhouding met onderwysers drasties verander het. Ek het 'n probleemkind geword en in plaas van ondersteuning of leiding het my verhouding met my ma ten gronde gegaan. Ek het op haar geskree, gevloek, haar ondermyn in elke moontlike opsig en uit die huis verdwyn in die aande om saam met vriende te kuier. Op 'n dag is die vriendekring gevang met dagga op die skoolgrond en ek was natuurlik deel van die groep. Ons het onsself daaruit gejok maar is wel vir 'n week uit die skool geskors. Dit was die begin van die einde. Ek het meer hand uitgeruk. Die dominee was 'n slag ontbied vir huisbesoek maar ek het 'n belaglike grap gemaak van die hele situasie en vir al die grootmense gelag. My ma was raadop. Ek het intussen my hare afgeskeer en na nog 'n tiener-"*stunt*" of twee het my ma my na my pa gestuur sodat ek kan wegkom uit die skool en vriendekring waarby ek betrokke was. Ek was gruwelik kwaad vir haar en gesê sy kan maar my tasse pak indien sy wil hê ek moet trek.

Sy het my klere gepak en ek is weg uit die huis met 'n donderstorm. Ek en my ma het daarna vir ongeveer twee jaar bitter min met mekaar gepraat en ek wou nie meer met haar 'n verhouding gehad het of haar gesien het nie – dit het vir my gevoel asof sy my finaal verwerp het.

Ek het 'n verhouding met my beste vriendin gehad kort voor ek uit die huis is. Ek het geen idee hoe dit gebeur het nie en kan tot vandag nie heeltemal sin maak uit die hele situasie nie. Dit was iemand vir wie ek baie omgegee het en ek het al gewonder of die rede daarvoor die onstabiele verhouding wat ek met my ma gehad het was en of dit maar net was hoe dit was. Dit het vir my gevoel of dit die enigste plek is waar ek nie hoef te skree en rebelleer nie.

Ek het ook geweet dat die verhouding met 'n meisie my ouers en sommer net die samelewing oor die algemeen heeltemal sal grief, maar ek was gemaklik daarmee omrede ek geweet het dit so verkeerd is. Sover my kennis strek weet my ouers glad nie dat ek 'n verhouding met haar gehad het nie.

My pa was op daardie stadium besig om 'n restaurant in Springs te begin en ek het vanaf standerd 8 daar skool gegaan. My hare was egter steeds afgeskeer en die arme onderwysers op die klein dorpie het net moeilikheid gesien en van die staanspoor is ek geïdentifiseer as 'n moeilikheidmaker. Ek het geweier om sport te doen, alhoewel dit iets is wat vir my 'n goeie uitlaatklep was en waarin ek 'n groot belangstelling gehad het. Ek het verdwyn in die skadu van ander studente, so het ek ook my matriekjaar rustig en sonder enige prestasie voltooi.

My pa was onder baie druk by die werk en hulle was maar min tuis, met die gevolg dat daar steeds nie veel van 'n *support system* was nie. Daar was weer 'n groep vriende waarby ek vir 'n klein rukkie betrokke geraak het wat op 'n slag by die ons huis dagga gerook het. Ek het hul nie vertrou nie en wou nie betrokke raak nie maar het wel in die moeilikheid beland toe een van die meisies dit met die skool gedeel het. Die skool het my ouers in kennis gestel. My pa het my

daarna glad nie meer vertrou nie, aangesien ek reeds by die vorige skool daaroor in die moeilikheid beland het. Dit is ook die rede waarom hy my vriendskap/verhouding met die meisie in Pretoria gestop het. Ons het mekaar wel skelm gesien, maar my pa het dit ook op 'n stadium uitgevind en sy vertroue in my was finaal gebreek.

Ek was moedeloos en het vir baie dinge nie meer kans gesien nie. Ek kan onthou dat ek soms myself met 'n lemmetjie op my arms gesny het. Dit het gelukkig nooit heeltemal hand uitgeruk nie.

Ek het later 'n meisie (Lien) ontmoet met wie ek lank uitgegaan het. Ek was nie lief of verlief nie, maar ek kon haar manipuleer en dit het my uitstekend gepas. Ek het weer eksperimenteer met dwelms, maar dit was meer 'n kwessie van my *image* as wat dit regtig gegaan het oor die eksperiment self. Ek was altyd bang en ongemaklik met die hele situasie maar het my emosies eenkant toe geskuif.

Ons was later van tyd goeie ondersteuning vir mekaar en het 'n charismatiese kerk begin bywoon waarin ons, ons harte opnuut vir Liewe Jesus gegee het. Sy het in 'n Christelike *band* begin speel en my vriendekring het begin verander. Steeds tussen al die nuwe “Christen”-vriende was ek baie ongemaklik – asof ek nie myself kon wees nie. Mense was *image*-bewus en het hul geestelike ondervinding uitgelap en opgeblaas om vir almal te laat verstaan hoe betrokke en "naby" hulle aan God leef.

My pa het nie gehou van die verhouding waarin ek was nie omrede hy duidelik bewus was dat Lien en haar vriende dwelms gebruik het (die hele groep het by die restaurant gewerk, met die gevolg dat hy hul almal geken het). Ek kon egter nie vir my pa verduidelik dat ek nie meer deel was van die vriende nie, aangesien my ouers nooit geweet het van my verlede nie.

Ek het baie sleg met my pa oor die weg begin kom en ons het mekaar glad nie verstaan nie. Ek het my tas gepak en op 'n dag vir hom gesê dat ek by Lien se ouers gaan bly en my matriekjaar voltooi voordat ek weer teruggaan Pretoria toe. Dit was die laaste keer in twee jaar wat ek en my pa met mekaar gepraat het. Dit was tot vandag toe een van die simpelste dinge wat ek nog ooit aangevang het. Dit het 'n aaklige storie geword.

Ek het matriek goed geslaag en stadig maar seker tot my sinne gekom. Ek het egter nie geweet wat ek wil studeer na skool nie en teruggetrek Pretoria toe na my ma-hulle waar ek by 'n firma begin werk het tot ek besluit wat ek wil swot. Ek en my ma het vriendinne begin word en stadig maar seker deur ons jarelange wantroue en probleme begin werk. Na nog baklei en saam huil het ek ons mekaar begin verstaan en sy is vandag vir my 'n steunpilaar in my lewe na wie ek opkyk en respekteer.

Ek het begin verantwoordelik raak en was reg om die lewe aan te gryp en 'n eerbare suksesvolle persoon te word waarop ek, my ouers en Liewe Jesus kan trots wees. Lien het skielik vir my 'n frustrasie geword en was emosioneel totaal afhanklik van my. Ek het die verhouding beëindig en was reg vir 'n nuwe begin. Ek het gefokus op my werk en familie. Dit was heerlik om nie meer in 'n emosionele warboel te wees nie.

Ek het vir Frederik ontmoet, begin Ekonomie studeer en op 'n dag my pa gebel waarna hy gevra het ek moet vir hom kom kuier. Dit was eers 'n baie formele vergadering tot hy my gedruk het, waarna ek weer sy oogappel was en hy weer die beste pa in die wêreld.

Ek het soms weer die pad effens byster geraak en moes weer 'n paar lewenslesse leer, maar het besef dat 'n mens nie 'n lewe kan lei sonder dat jou fondament vasstaan op die genade en vertroue van Liewe Jesus nie.

Ek is tot vandag bitter spyt oor die jare wat ek nie met my ouers oor die weg gekom het of die tyd wat ek nie met hulle gepraat het nie. Ek kry skaam vir my swak gedrag oor die algemeen en my hart pyn om te dink aan die aaklige voorbeeld wat ek as ousus vir my boeties was.

Vandag verstaan ek presies waar beide my ouers se bekommernis vandaan gekom het, alhoewel ek nie heeltemal saamstem oor die manier waarop hulle my hanteer het nie, maar ek besef ook dat ek die oudste kind is en het dit glad nie vir hul maklik gemaak het nie.

Ek het eksperimenteer met verskeie dwelmmiddels; alhoewel ek elke keer bang was en gehoop het Liewe Jesus beskerm my en dit is asof ek geweet het op die een of ander manier al hierdie dinge iets in my verlede gaan word en dat ek nooit op my eie was nie al het ek so gevoel – asof Liewe Jesus my spasie gegee het om hand-uit te ruk maar my nooit gelos het nie.

Die kerk het my in die steek gelaat en was heeltemal *clueless,* maar die fondamente wat my ouers vir my gelê het toe ek klein was, het 'n definitiewe impak gehad wat my altyd bygebly het.

My pa het altyd daarop gehamer dat 'n mens se keuses konsekwensies het en dat mens altyd die verantwoordelikheid van jou keuses moet aanvaar. Dit het my altyd bygebly, want wanneer ek net iets meer belaglik wou aanvang as waarmee ek reeds besig was, is dit asof iets my teruggehou het. En as tieners dink ek dit is belangrik om dit te onthou: 'n mens doen maar simpel goed en sommige dinge kon so anders uitgedraai het. 'n Mens moet maar om steeds net probeer dink oor wat jy doen tussen al die ander emosies en gevoelens wat in jou hart en kop rondhardloop.

Vir tieners kan ek net sê dat dit belangrik is om jouself uit-te-*figure* maar om dit te doen het mens soms net die perspektief en ondersteuning nodig van iemand wat

jy respekteer en vertrou. Dit is belangrik dat mens nie moet moed opgee wanneer iemand in 'n kerk of ander posisie jou teleurstel nie, want dit is nie Liewe Jesus wat jou *drop* nie, dit is net 'n mens. Soek rond tot jy 'n plekkie kry waar jy jouself met die hulp van ander kan ontdek en verstaan. 'n *Nice* kerk, goeie vriende, 'n groepie wat jou nie oordeel nie (maak nie saak wat jy soms kwytraak nie). Daar is niks fout daarmee om *weird* en deurmekaar te voel nie. Ek dink dit is maar net 'n tienerding.

Dit is baie *weird*. Een keer 'n jaar gaan ek deur so 'n vreemde tyd (gewoonlik aan die begin van die winter). Dan raak ek nostalgies, dink aan my verlede, onthou dinge wat ek eerder wil vergeet, maak vrede met sommige situasies en raak opnuut kwaad of spyt oor ander, maar ek het geleer om nie meer in warboel van emosie vasgevang te word nie en fokus daarop om elke jaar vir Liewe Jesus te vra om my te dra en te leer wat ek moet leer sodat ek kan aanhou groei en nie deur my verlede gegaan het sonder om die nodige lesse te leer nie en dat ek sal aanhou groei elke keer wanneer ek weer daaraan dink.

Ek het vir 'n groot deel van my lewe baie woede en hartseer in my rondgedra en is heeltemal deur my emosie beheer. Ek dink steeds nie ek is iemand wat sommer dinge aanvaar nie en dink soms ek is 'n gebore rebel, maar het definitief die meeste van die tyd beter beheer daaroor en kan my emosie beter kommunikeer en op 'n gesonder manier uitdruk.

Ek besef nou dat kerke mense is en nie God nie. Ek het onlangs eers met die hulp van 'n *great* groepie ontdek waaroor Jesus gaan en is honger om meer te leer en te groei na die beeld van ons Skepper.

### 2.17. Gevolgtrekking

Dit wat die meisies in die hoofstuk vertel en bespreek het, is in baie opsigte die eerste drama. Dit is die verhoogdrama wat elke dag besig is om af te speel. Die

meisies het in hulle taal vertel hoe die drama lyk wat hulle elke dag besig is om te leef. Die meisies het ook al reeds begin om bepaalde sake te interpreteer. Die noodverhaal, maar ook die verledeverhaal is in groot mate in die hoofstuk vertel (Müller 2000:72). In die volgende hoofstuk sal baie meer klem gelê word op die meisies se verstaan en interpretasie van die verhale. Ganzevoort (2006:2) beklemtoon individue se eiesoortige ervaring van gebeurtenisse soos volg: "*The meaning of words does not exist outside of the conversations in which it functions*".

Deur die interpretasies hoop ek dat die meisies sal begin beweeg na 'n plek toe waar hulle sal droom oor die toekoms en dinge anders sal begin sien as wat hulle gedoen het tot op hierdie stadium. Die droomverhale is op dié stadium nog baie *dun,* maar ek glo dat die verhale deur die loop van die navorsingsverhaal verhale sal word wat vir elke medenavorser, hoofkarakter en gespreksgenoot die nodige kennis sal bring om op die verhoog van die lewe die mag te hê om lewens te lei waarin daar hoop is en waar veral die hoofkarakters regtig hoofkarakters sal wees en nie net bykarakters nie.

Die volgende hoofstuk hanteer die feit hoe die meisies die verhoogdrama van hulle lewens verstaan.

## Hoofstuk 3: 'n Resensie van die drama saam die hoofkarakters

*Interpretasies van ervarings word gemaak, beskryf en ontwikkel in samewerking met medenavorsers en gespreksgenote.*

### 3.1. Inleiding

Volgens hierdie metode waarop navorsing gedoen word, stel die navorser nie net in beskrywings van ervarings belang nie. Die belangrikste hier is jou medenavorser se eie interpretasie van die ervarings (Müller 2005:80). Hier gaan dit dus nie oor data nie maar oor die interpretasie van jou medenavorsers en gespreksgenote. Die hoofstuk sou dus gesien kon word as die resensie van die lewensdrama van die meisies deur die meisies. Die hoofstuk sal verder help om "dik" verhale te vertel soos White (1997:17) daarna verwys. Met die interpretasies van die verhale kom daar steeds aspekte by en onthou 'n mens nog dele van die verhaal. Die verhale groei dus steeds en is nie afgesluit nie. Volgens White en Epston (1990:9–10) onderskei die narratief tussen dominante en alternatiewe verhale. Die dominante verhale is gewoonlik die probleemdeurdrenkte verhale (*problemsaturated stories*) wat die alternatiewe (positiewe) verhale oorskadu.

In hierdie hoofstuk sal die meisies 'n drama skryf oor hulle ervaringe om ons te help om te verstaan wat hulle beleef het en steeds beleef. Daar sal ook begin word om alternatiewe verhale hier te ondersoek. Die drama het twee take. Die eerste is om die meisies mag te gee en hulle te help om hulle eie omstandighede beter te verstaan. Met ander woorde, hulle sal gebeure organiseer op maniere en oor tyd sodat dit vir hulle sin maak (White & Epston 1990:10). Ten tweede sal dit die lesers help om die meisies se wêreld beter te kan verstaan en te kan interpreteer.

Die interpretasie aan die hand van die drama is dus om mag te gee aan die persone wat betrokke is; aan die leser, die navorser en veral aan die medenavorsers. White en Epston (1990:10) wys daarop dat die sukses van die storie wat so vertel gaan word, daarin lê dat dit die betrokke persone (in hierdie geval die meisies) sal help met toekomstige storieverteling, en uiteindelik die leef van die stories. Schrag (1997:39) sluit hierby aan deur te sê dat narratiewe identiteit gevind word deur die vertel van selfnarratiewe.

Daar sal ook van die groepsessies hier weergegee word. Tydens die geleenthede het daar baie inligting oor hoe die meisies bepaalde sake verstaan na vore gekom. Al die groepsessies kan nie vir die doel gebruik word nie. Ek het sover moontlik probeer om in die groepsessies uit te vind hoe die meisies hulleself en mekaar en ook seksualiteit verstaan. Die interpretasies sal ons help om die drama beter te verstaan. Dit sal ons ook help om die meisies en hulle leefwêreld beter te verstaan. 'n Groot deel van wie ons is, is opgesluit in die stories wat ons vertel en die interpretasies wat ons daaraan gee. Om jouself te kan wees, moet jy rekenskap kan gee van wie jy is (Schrag 1997:26) en dit doen ons met ons stories.

Daar sal ook ander sake aan die orde kom waaroor die meisies sal reflekteer. Daar is baie interpretasies wat gemaak kan word. Hier gaan dit nie oor die ervarings van mense buite die konteks en buite die groep nie. Ek wil spesifiek hier op die interpretasies van die meisies fokus. Ek sal telkens net notas maak na die gesprekke. Ek sal ook my gevolgtrekkings met die meisies deel en hulle toets oor my interpretasies.

### 3.2. Interpretasies oor algemene sake

Dit gaan hier oor hoe die meisies hulle groep beleef en ook hulle interpretasies van hulle verhale. Dit is belangrik om die interpretasies saam met die meisies te maak. Baie van die konsepte wat die meisies gebruik verskil van die normale of

tradisionele manier waarop die bepaalde konsepte verstaan word. Die interpretasies begin ook reeds as dekonstruksie van die verhale funksioneer.

### 3.3. Groepsessie: Wat doen julle om te ontspan?




In hierdie sessie het ek nie veel met die meisies uitgerig gekry nie. Hulle het in 10 minute die twee bladsye gemaak, met regte dagga en 'n sigaret. Ek het die dagga weggegooi en die sigaret in sy plek gelaat.

Die gesprek was nie vreeslik lank of konstruktief nie en 'n hele groep van die meisies het in die helfte van die gesprek uitgestap en gesê hulle gaan rook.

Hulle was nie vreeslik gesteur daaroor om met my te deel dat hulle dwelms gebruik, rook en baie drink nie. Een van die meisies het gesê dat hulle katte slag en grafte opgrawe wanneer hulle nie te dronk is nie. Die ander meisies het vir haar gefluister dat ek 'n dominee is en dat sy nie nonsens moet praat nie.

Hulle het haar dadelik gekoregeer deur te sê: hulle hang soms in die begraafplaas uit, maar hulle het nog nooit iets uitgegrawe nie. Hulle sê dat die begraafplaas afgeleë is, en almal bang is vir jou as jy daar rondlê.

Een van die meisies het toe haar koeldrank op die mat uitgegooi. Dit was die einde van die sessie.

### 3.3.1. Die meisies se interpretasie

Hulle sê dat hulle nie gewoonlik is soos hulle daardie aand was nie. Hulle het net so opgetree omdat hulle my nie geken het nie. Hulle het my nie vertrou nie. Hulle gevoel was dat ek klaar te veel weet. Hulle het gedink dat hulle in die moeilikheid gaan kom oor wat hulle gedoen het. Hulle het weer bevestig dat hulle nie regtig grafte opgrawe nie. Dit is net lekker daar (by die begraafplaas), want daar is niemand wat hulle kan oordeel nie. Dit is baie rustig daar.

### 3.3.2. My interpretasie

My gevoel is dat 'n mens nie te veel hierin moet lees nie. Dit is gevaarlik om afleidings te maak op grond van wat die meisies nie gesê het nie. Dit is duidelik dat daggamisbruik vir baie van die meisies 'n probleem is. In sommige gevalle gebruik van hulle ook ander dwelms.

Wat ook baie duidelik is, is dat die meisies 'n eenkant groep is. Hulle voel dat die enigste plek waar hulle rustigheid kan ervaar, in die begraafplaas is. Ek het die idee gekry dat dit is waar hulle voel hulle hoort.

Ek glo nie dat die keuse van die begraafplaas as kuierplek iets te doen het met die okkulte nie. Dit gaan meer daaroor om uitgeskuif en anders te wees.

Wat in die sessie ook na vore gekom het, is die feit dat die meisies my probeer skok het. Die begraafplaas is ook vir hierdie rede gebruik. Die feit dat dit hulle kuierplek was en dat die mense dit geweet het, het baie mense geskok. Die skok het in baie gevalle 'n tipe vrees by mense ontlok. Dit het die meisies goed gepas, want dan het die mense nie die vrymoedigheid gehad om die meisies te berispe oor van die goed wat hulle gedoen het nie.

Die laaste opmerking oor die sessie is dat die meisies se taalgebruik baie swak is. Hulle vloek ongelooflik baie. Hulle gebruik ook 'n tipe taal wat verskil van die taal wat ander tieners gebruik.

### 3.4. Groepsessie: By en na die verhoor

Verstaan kan eers 'n manier van weet word as dit 'n manier van wees geword het. Ek het in die loop van die twee jaar wat ek met die meisies in gesprek was ongelooflik baie dinge saam met hulle beleef, wat my gehelp het om hulle ander eienskappe ook raak te sien, soos die hartseer, die bang, die hoop en die andersheid van elke meisie. Ek sien dit ook as deel van die interpretasie en verstaan saam met en van die meisies. Op dié manier het hulle my in hulle wêrelde toegelaat en my gehelp met interpretasies. Ek moes huise besoek, meisies dokter toe vat, partykeer net na liefdesverhale luister, hospitale besoek, preek terwyl hulle besig was met ander goed, hofsittings bywoon en in die geval waarvan ek hieronder gaan vertel, ook 'n dissiplinêre verhoor bywoon. In die proses het ek die meisies baie goed leer ken.

Twee weke na die sessie waar hulle gesê het wat hulle graag doen om te ontspan, het een van die meisies se ouma se suster my gekontak. Sy het uitgevind dat ek by die kinders betrokke is. Sy het aan my verduidelik dat die kind groot probleme het en dat ek asseblief by die groep moet uitkom.

Die meisies wat in die vorige sessie die plakkaat gemaak het, is by die skool gevang met dagga. Om die saak egter te vererger, het een van die meisies te laat agtergekom dat die onderwyseres in die badkamer is en toe die daggarook in die onderwyseres se gesig geblaas.

Die een meisie se ouers het by my gepleit dat ek asseblief saam met die meisies na die verhoor toe moes gaan. Ek moes vir die skool verduidelik dat ek verstaan dat die meisies (in hierdie geval net hulle kind) probleme het maar dat ek by hulle betrokke is en dat ek gaan probeer om hulle gerehabiliteer te kry.

Die Maandag het ek by die skool opgedaag en die drie het toe voor die hek vir my gestaan en wag. Ek dink ek was meer op my senuwees as die meisies. Hulle was al drie baie dankbaar dat ek gekom het. J3 was baie jammer oor die koeldrank wat sy omgegooi het en die ander twee het my dominee genoem.

Aan die begin van die verhoor is al die gaste verwelkom. Die beheerliggaamvoorsitter het gesê hy verstaan nie regtig wat ek daar doen nie maar dat hy aan my 'n spreekbeurt sal gee.

Die sake is een vir een gestel. Die meisies is toe nie net vir die rook van dagga aangekla nie, maar ook van vandalisme, bakleiery, rook op die speelgronde, ontwrigting van klasse en omdat hulle onderwysers gevloek het. Daar is getuies geroep om elke saak te kom bevestig. Onderwysers, kinders, die faktotum en selfs die sekuriteitswag het kom getuig. Vir my het dit gelyk asof hulle skuldig was van alles waaroor hulle aangekla is. Daar was egter twyfel oor besonderhede soos of hulle die sekuriteitswag een of twee keer gevloek en met klippe gegooi het.

Toe dit my beurt was, het ek nie regtig geweet wat om te sê nie. Ek het toe maar verduidelik dat ek wel by die meisies betrokke was en dat ek bereid sou wees om die pad met hulle te stap.

Die meisies is almal skuldig bevind op sewe aanklagte. Die reëling was dat ek die meisies van die volgende week af een keer per week moes sien. Die meisies is almal vir 'n maand lank geskors. Hulle het ook almal finale waarskuwings gekry.

**3.4.1. Die meisies se interpretasie**

(Ook hier hou ek so na moontlik aan die meisies se oorspronklike taalgebruik. Soms is die ergste vloek- en kragwoorde uitgelaat.)

"Ons het nie regtig van jou gehou aan die begin nie. Ons het net geweet dat ons dit bietjie sagter sou hê omdat jy daar was. Baie van die goed wat ons gedoen het, het ons gedoen omdat ons hoog was. Ons het nog steeds geweet dit is verkeerd."

Op die vraag waarom hulle die goed gedoen het, was die meisies se reaksie eenvoudig: "Ons weet nie. Mense maak ons net partykeer kwaad en dan baklei ons." Die een meisie het gesê dat wanneer iemand haar kwaad maak, sy geen beheer het nie. Sy het gesê sy weet nie hoekom dit so is nie. Die ander meisies het gemeen dat dit was oor die baie dagga wat sy rook. Almal in die groep rook omtrent dagga maar sy rook die heel meeste.

**3.4.2. My interpretasie**

Die was nie die eerste gesprek wat ek met die meisies gehad het nie, maar dit was wel die eerste keer waar ek glo ek die meisies se vertroue begin wen het. Ek het geweet dat hulle al drie met die "skewe" groep assosieer. Hulle was ook deel van die vriendekring van die twee meisies wat die vorige maand selfmoord gepleeg het.

Wat vir my hier baie duidelik begin word het, was die onbetrokkenheid van die meisies se ouers. Hulle was almal nog baie jonk en hulle moes alleen deur die verhoor sit. Nie een van hulle het 'n voorspraak gehad nie. Die sake is gestel en hulle moes net sê of hulle skuldig of onskuldig was.

Ek het beleef dat die meisies graag wou sê hoe hulle voel en wat gebeur het. Dit was verder duidelik dat daar baie probleme was wat hanteer sou moes word.

Dit het vir die meisies baie beteken dat ek daar was. Gewoonlik doen mense nie vir hulle goed soos dit as hulle nie iets daaruit kan kry nie.

**3.5. Groepsessie: Oor nonsens (leuens) praat**

Een van die probleme waarmee ek van die begin af moes worstel was leuens. Die meisies het dikwels soveel leuens vertel dat hulle self nie meer altyd geweet het watter storie die waarheid was nie. Een van die meisies het vir my haar storie vertel waarvan ek 'n klankopname gemaak het. Later het sy vir my die storie geskryf en die twee stories was totaal verskillend. Daar was nie net klein verskille nie. Die stories self het grondiglik verskil.

Christy[1] het begin deur haar storie oor leuens te vertel. Die meisies het toe almal ooreengekom dat dit meer nonsens praat is as leuens. "Almal het mos meer as een storie oor dinge. Dit is normaal. Die stories wat ons hier vertel ken baie van ons ouers nie eers nie. En ons moet vir die onderwysers ook heeldag stories vertel anders sal ons permanent in die moeilikheid wees."

Ek het probeer om aan hulle te verduidelik dat om so baie stories te hê sake net vir 'n mens moeilik maak, omdat 'n mens moet voorgee dat jy iets is wat jy nie is nie. Ek het vir hulle gesê dat dit hulle onder baie spanning plaas. Hulle het egter

[1] Christy is 'n jong volwassene wat later by die groep ingeskakel het as 'n mentor vir van die jonger meisies en ook deel was van die studie groep.

volgehou dat hulle nie 'n ander keuse het nie. Hulle moes nonsens praat, aangesien dit hulle help om uit die moeilikheid te bly. "Dit is 'n "skill" wat ons moes leer."

### 3.5.1. Die meisies se interpretasie

"Ons praat nie altyd nonsens nie. As ons hier is, praat ons meeste van die tyd die waarheid. Nonsens praat kry ons baie keer uit die moeilikheid. Ons weet nie wie vir jou gejok het nie maar dit was dom. Christy se storie het vir ons baie beteken. Sy het dieselfde storie as ons en sy het dit gemaak en sy is mooi. Ons sal almal graag minder nonsens wil praat. Maar ons moet baie keer; ons kan nie anders nie."

### 3.5.2. My interpretasie

Ek het regtig op hierdie stadium nie geweet of ek enige iets vir die groep meisies beteken nie. Hulle was almal nog baie jonk en dit het vir my gevoel of hulle lewens totaal buite beheer was. Elke week het ek meer en meer oor al hulle wandade, dwelmmisbruik en sekslewens te wete gekom. Christy het my bemoedig deur voor te stel dat ek geduldig moet wees en bly. Baie van die meisies se lewens is vir 14 of 15 jaar lank net afgebreek en nooit opgebou nie. Ons moenie dink dat ons dit in 'n paar maande gaan regmaak nie. Die leuens, veral in die groot groep, het my steeds gepla. Dit het vir my in baie gevalle gevoel of die meisies 'n leuen lewe.

### 3.6. Groepsessie: Ek het vrae




Die meeste van die meisies was op hierdie stadium al by my vir individuele sessies. Ek glo dat ek die meisies al redelik goed ken en hulle kultuur begin verstaan. Ek het gevra dat die groot groep vir my die volgende nege vrae spesifiek aangaande homoseksualiteit moet beantwoord. Die vrae is die sake wat veral in die homoseksualiteitsdebat gebruik word. Die vrae kan ook in die werk van Jones en Yarhouse (2000) gekry word.

*1. Word meisies homoseksueel as hulle verkrag word?*

"Nie altyd nie. Daar is partykeer net goed wat in 'n mens se lewe gebeur. Maar dit kan ook wees dat meisies na hulle verkrag is 'n vrees vir mans ontwikkel, en dan kies om skeef te wees. As dit 'n man buite die familie is, is die kans skraal want die mans in haar gesin sal haar dan bystaan. Maar as dit 'n man binne haar familie is, is die kans groot, omdat iemand wat sy vertrou het haar vertroue in mans gebreek het."

*2. Word meisies homoseksueel as hulle gemolesteer is?*

"Nee, dit is nie waar nie. Ons ken 'n meisie wat gemolesteer is en vandag nog mal is oor ouens." Nadat onderlinge beraadslaging plaas gevind het, voeg hulle die volgende by: "Dit kan dalk gebeur dat meisies so ook hulle vertroue in mans kan verloor en dan skeef kan word."

*3. Word meisies homoseksueel as hulle nie poppe het nie en met karretjies moes speel toe hulle klein was?*

"Ja en nee, partykeer is meisies vir 'n kort ruk *tomboys,* maar sodra hulle groter word sal hulle anders daarna kyk. Maar speelgoed het niks te doen met skeef wees nie. Dis in elk geval seksisties om te sê dat meisies moet net pop speel. As 'n meisie 'n *mechanic* wil word, kan dit nie beteken sy is skeef nie. Elke mens maak self die keuse of hy of sy so wil wees of nie."

*4. Word 'n mens homoseksueel gebore?*

"Nee, dis 'n "*shit*"-storie daai! Jy kan nie skeef gebore word nie, dit is jou keuse."

*5. Kan 'n mens besluit jy is homoseksueel?*

"Ja, mens kan. Ons almal moet ons eie besluite maak."

*6. As mens homoseksueel word, het dit iets met jou brein te doen?*

"Nee, dit het niks met jou brein te doen nie. Jou brein doen net wat jy vir hom sê om te doen."

*7. Is meisies wat homoseksueel word skeef want hulle pa's is swak en nooit daar nie?*

"Nee, nee, nee! Soms kan dit gebeur maar regtig baie min. Dit sal nie sommer gebeur nie; ons weet mos dat alle mans nie dieselfde is nie. 'n Meisie kan 'n beter man kry as haar pa. Dis jou keuse om skeef te wees. Jy kan nie jou pa blameer vir jou skeefheid nie. Jy is as 'n vrou gebore en jy kan kies of jy 'n skewe of 'n reguit een wil wees."

*8. Raas meisies wat homoseksueel word se koppe?*

"Nee dit is nie waar nie. Nie een van ons is mal nie. Dit is net 'n fase. Party meisies kies om vir altyd in hierdie fase te bly. 'n Meisie weet wat 'n meisie wil hê. En selfs vir baie ouens is twee meisies saam baie sexy. En as 'n mens verlief raak op 'n meisie kan jy dit nie help nie. Dit is in elk geval lelik om te sê iemand se koppie raas, al is dit wat hulle doen hoe verkeerd."

*9. Hou ek daarvan om skeef genoem te word?*

"Nee, ons hou nie daarvan om skeef genoem te word nie. Baie min mense weet dat ons skeef is. En dit is nie lekker om skeef genoem te word nie. Ons wil nie hê die hele wêreld moet weet nie."

### 3.6.1. Die meisies se interpretasie

"Dit was soos 'n eksamen wat nie antwoorde het nie en waarvoor ons nie kon leer nie. Dit was nie lekker nie. Waar het jy die goed gekry?"

### 3.6.2. My interpretasie

Soos reeds gesê gebruik die meisies van die begin af redelike kru taal. Ek moet myself keer om nie te praat soos hulle nie. Ek het hulle gevra dat hulle asseblief minder moet vloek. Hulle probeer hard. Maar as hulle 'n vloekwoord sê en hulle dit besef, sê hulle twee ander vloekwoorde. Die tipe taal is baie aansteeklik.

Die meeste van die vrae wat ek gevra het, leef nie regtig in die meisies se harte nie. Hulle het vir my gesê dit voel soos 'n eksamen as hulle vrae so moet antwoord.

Die meisies hou verder ook nie van die woord "homoseksueel" nie. Hulle meen dit klink soos 'n siekte as hulle skeef is. Maar hulle wil nie skeef genoem word nie.

Die meeste van die vrae is opgestel op grond van die teorie waarom mense homoseksueel is en word. Die meisies was met die meeste van die vrae ongemaklik. Dit was veral waar in die groot groep. In individuele sessies het die meisies hulle standpunte gehandhaaf. Waar hulle egter individueel baie verskillend as in die groep geantwoord het, was met die vraag aangaande homoseksualiteit wat veroorsaak kan word deur mans en vaderfigure wat teleurstel. Die meeste van die meisies het gevoel dat dit wel homoseksualiteit kan veroorsaak.

My gevoel was dat die meisies nie in 'n wetenskaplike debat oor homoseksualiteit belangstel nie. Die groep was vir hulle belangrik, en dit was 'n keuse om deel te wees van die groep.

**3.7. Groepsessie: "Die lysie"**

Die nuus het redelik vinnig versprei dat ek by die meisies betrokke was. Die polisie het my kom sien en almal het begin skinder. Alle meisies met probleme is stadig maar seker aan my gekoppel of aan ons gemeente gekoppel. Die polisie het my oor twee dinge kom sien. Die eerste was my jeugbyeenkomste op Vrydagaande. Dit was vir hulle 'n probleem. Hulle het geglo dat dit die teelaarde was van die selfmoorde. Die tweede saak was dat daar blykbaar 'n lysie in omloop was waarop daar 'n groep meisies se name was wat in 'n bepaalde orde moes selfmoord pleeg, en twee het dit nou al gedoen. Ek moes vir hulle uitvind wie se name op die lysie was en waar die lysie was.

Ek het die jeugbyeenkomste wat op Vrydae plaasgevind het gestaak en die kinders na een van ons buurgemeentes toe gestuur. Tydens die volgende

groepsessie het ek dit goedgedink om met die meisies te praat oor die "lysie". Hulle het my toe gewaarborg dat die polisie verkeerd was en dat die mense onnodig skinder. Hulle het vir my verduidelik dat daar drie lysies was. Daar was een wat 'n groep opgestel het waarin die meisies gesê het hoe oud hulle wou word. Die twee wat selfmoord gepleeg het se name was ook op daardie lys.

Dan was daar 'n lys waarop die meisies die volgorde aangedui het waarin hulle hul maagdelikheid verloor het. Die twee wat selfmoord gepleeg het se name was ook op daardie lys. Die lysie het net aangedui dat hulle dit wel verloor het en nie hoe nie.

Die derde lys was 'n lys van dinge wat die meisies wou doen voordat hulle eendag sou doodgaan. Dié lys is opgestel nadat die twee selfmoord gepleeg het. Dié lysie het hulle toe ook aan my besorg.

Die meisies het vir my gesê dat hulle dink iemand die lysie by die skool verloor het met die name van hoe oud hulle wou wees as hulle eendag doodgaan. Dit is waar die skinderstorie begin het dat daar 'n selfmoordlysie was. Hulle het geglo dat die skinderstories begin het by een van die polisiebeamptes in die dorp se seuns. Hy was jaloers daarop dat hy nie een van hulle kon kry nie, daarom het hy altyd stories oor hulle versprei.

### 3.7.1. Die meisies se interpretasie

"Mense hou daarvan om te skinder. Dit is hoekom ons nie dieselfde goed doen as die ander kinders nie. Hulle het altyd iets te sê. Mense kyk nie na hulle feite nie dan versprei hulle stories oor goed waarvan hulle niks weet nie."

### 3.7.2. My interpretasie

Die sessie is deur baie meisies bygewoon. Dit was die grootste groep wat ek op een slag gehad het. Die meeste van hulle het gekom omdat hulle ongelukkig was dat ek die jeugbyeenkomste op Vrydae gestaak het. Hulle het gemeen dat dit onregverdig was. Ek het toe aan hulle voorgestel dat ons Donderdae by my huis vir hulle 'n aksie kon hou. Hulle het dit egter nie aanvaar nie. Dit het in die loop van die gesprek vir my duidelik geword dat die meisies geweet het dat daar 'n bepaalde stigma aan hulle kleef. Hulle het hulself beleef as verwerptes wat bymekaar moet staan ongeag wat. Hulle het gevoel dat hulle nie so sleg was nie en dat mense net moes leer om hulle te verstaan.

**3.8. Groepsessie: Verhoogkaarte**

Tydens die laaste sessie voor 'n skoolvakansie het ek gedink dat om die meisies beter te leer ken, ek hulle 'n opdrag moes gee wat hulle kreatiwiteit sou uitdaag. My hoop was dat die uitdaging van hulle kreatiwiteit sou kon bewerk dat kuns die hoofkarakters in staat sou stel om binne 'n beskermde omgewing nuwe ervarings en emosies te eksploreer: *"The client may use art to test out his dangerous thoughts and ungratified wishes in a safer way than directly in relation to the therapist"* (Gilroy & Dalley 1989:144). Ek het voorgestel dat die meisies vir my tydens 'n groepsessie 'n kaart moet maak waarin hulle hulleself aan 'n gehoor bekend sou stel.

Vir Ricoeur is dit noodsaaklik dat die verbeelding voortdurend nuwe moontlikhede bly oopmaak om verbande op ander maniere te kan lê sodat voorkom kan word dat daar gemaklik in "ons" en "hulle" verval word:

> *This anonymity of reciprocal relations in bureaucratic society can extend so far that it stimulates a causal connection belonging to the order of things. This systematic distortion of communication, this radical reification of the social process, tends, therefore, to abolish the difference between the course of history and the course of things. It is then the task of the*

> *productive imagination to struggle against this terrifying entropy of human relations* (Ricoeur 2007:180).

Verbeelding stel ons in staat om in al ons verhoudings met mense en met ons wêreld, te kan identifiseer. Daarom maak die verbeelding dit moontlik op praktiese vlak om te onderskei tussen die gang van die geskiedenis en die gang van ons stories en toekomsverhale.

Ek het gom, tydskrifte, karton en penne gegee wat hulle kon gebruik om die kaarte mee te maak. Ek het gesorg vir kos en koeldrank vir die groep. Daar was 15 meisies wat die sessie bygewoon het. Van hulle het egter nie weer gekom nie en ek het nie hulle verhoogkaarte ingesluit nie. Daar het wel ander meisies bygekom wat later verhoogkaarte gemaak het.

Ek het die geleentheid gebruik om die meisies beter te leer ken en nader aan hulle te kom. Daar was steeds 'n grens wat ek nie kon oorsteek nie. Met die drie wat ek by die verhoor 'n pad mee begin stap het en hulle "meisies" het ek 'n beter verhouding gehad. Hulle het gemeen dat ek anders was as ander dominees want ek "*Bible punch*" hulle nie die heeltyd nie. Hulle het gesê dat ek hulle aanvaar soos hulle was. Dit was vir my baie moeilik aangesien dit nie altyd noodwendig waar was nie.

### 3.8.1. Die meisies se interpretasie

"Die verhoogkaarte was vir ons 'n lekker opdrag. Ons het lekker saam gekuier. Dit het ons weer 'n kans gegee om te praat oor die goed waarvan ons hou. Dit was nie baie maklik nie en ons moes konsentreer om dit reg te doen. Meeste van ons se verhoogkaarte sal nou anders lyk. Ons het nogal baie gegroei."

Die meisies het in die meeste van die gevalle genoem dat hulle dink dat hulle dit nou anders sou doen en dat die eerste rondte baie kinderagtig was.

### 3.8.2. My interpretasie

In Breyten Breytenbach (2008:182) se *A veil of footsteps* lig hy ten minste drie belangrike aspekte van verbeelding uit:

• die verband tussen verbeelding en onthou

• die verband tussen verbeelding en identiteit

• die verband tussen verbeelding en die "praktyk" – die effek van die verbeelding op daaglikse optrede; op etiek en handelinge

Wat Breytenbach in *A veil of footsteps* doen, soos ook in al sy ander werk, hetsy poësie, prosa of skilderkuns, is om die verbeelding in te span om op 'n ander manier na die wêreld te kyk. My hoop was dat ook die hoofkarakters deur kuns op ander maniere na hulself en die wêreld om hulle sou kyk.

My gevoel was dat die sessie baie meer opgelewer het as enige van die ander sessies. Ek glo dat baie van die meisies se kreatiwiteit uitgedaag is en dat dit vir hulle 'n refleksietyd was oor wie hulle werklik was. Ek het die meisies baie beter leer ken. Wat opvallend was, was dat baie van die meisies nie hulle eie idees gebruik het nie, maar gekyk het wat die ander meisies doen en dan dieselfde gedoen het. Daar was ook van die meisies wat die opdrag so gou moontlik afgehandel het en buite gaan sit en rook het. Ook dit was positief en daar is goeie gesprekke gevoer in die tyd.

### 3.9. Groepsessie: Musiek

Die meisies het die aand toe hulle besig was met die verhoogkaarte begin om my uit te vra oor musiek. Hulle het my vertel waarna hulle graag luister. Hulle het toe voorgestel dat ons tydens die volgende groepsessie musiek moet luister. Wat in my guns getel het, was dat ek 'n redelike breë musieksmaak het.

Dit was steeds vir my 'n baie moeilike twee uur gewees. Al die musiek moes baie hard gespeel word, en hulle weet hoe om jou rekenaar se volume te stel dat selfs die hardste volume nog harder gestel kan word.

Van die groepe en kunstenaars waarna ons geluister het, was:

My Chemical Romance
Korn
Slipknot
Marilyn Manson
Rammstein
AC/DC (wat ek darem geken het)
Rave Zombi
Corpse
Kittie
Avril Lavigne
Pink

Een van die meisies het toe die lied gespeel:

**I kissed a girl (Katy Perry)**

This was never the way I planned
Not my intention
I got so brave, drink in hand
Lost my discretion
It's not what I'm used to
Just wanna try you on
I'm curious for you
Caught my attention

I kissed a girl and I liked it
The taste of her cherry chapstick
I kissed a girl just to try it
I hope my boyfriend don't mind it
It felt so wrong
It felt so right
Don't mean I'm in love tonight
I kissed a girl and I liked it
I liked it

No, I don't even know your name
It doesn't matter,
You're my experimental game
Just human nature,
It's not what,
Good girls do
Not how they should behave
My head gets so confused
Hard to obey

I kissed a girl and I liked it
The taste of her cherry chapstick
I kissed a girl just to try it
I hope my boyfriend don't mind it
It felt so wrong
It felt so right
Don't mean I'm in love tonight
I kissed a girl and I liked it
I liked it,

Us girls we are so magical

Soft skin, red lips, so kissable
Hard to resist so touchable
Too good to deny it
Ain't no big deal, it's innocent

I kissed a girl and I liked it
The taste of her cherry chapstick
I kissed a girl just to try it
I hope my boyfriend don't mind it
It felt so wrong
It felt so right
Don't mean I'm in love tonight
I kissed a girl and I liked it
I liked it

Die lied sê basies dat die dame in die lied 'n meisie gesoen het, maar dat sy dit nie gedoen het omdat sy homoseksueel was nie. Sy het dit gesien as 'n eksperiment. Sy het toe die meisie gesoen en dit was vir haar lekker, want meisies is net soveel soenbaarder.

Die meisies in die groep het nie baie daarvan gedink nie. Hulle het gesê dat hulle weet dat daar meisies was wat eksperimenteer daarmee om homoseksueel te wees, maar nie hulle nie. Dit is iets wat "*retards"* soos Madonna en Britney Spears sou doen, dis net "suf". Hieroor het die meisies die res van die sessie gedebatteer.

### 3.9.1. Die meisies se interpretasie

"Ons hou nie daarvan dat mense ons oordeel oor ons musiek nie. Baie van die musiek is aggressief en dit kan jou ook aggressief maak. Party van ons is soos

wat ons is oor die musiek wat ons luister. Maar dit is jou keuse om so te word. Musiek het nie hande en voete nie; dit kan niks aan 'n mens doen nie."

"Die Katy Perry-lied, "*I kissed a girl*" is van baie van ons waar, maar om verskillende redes. Die groep het ons almal aanvaar net soos ons is. Die skool het ons uitgeskuif en gesê ons het demone, ons ouers gee nie altyd om nie maar hier tussen die skewes is almal *ok*. Al hou almal nie ewe veel van almal nie."

**3.9.2. My interpretasie**

Ek het geweet dat daar op daardie stadium van die meisies was wat mansvriende ook gehad het, en hulle het geweet ek weet dit ook. Hulle het net gevra dat ek dit asseblief nie in die groot groep moet sê nie. Hulle sou self vir die ander sê as hulle daarvoor reg was. Die ironie was dat baie mense buite die groep ook geweet het dat die meisies seksueel aktief met meisies en seuns was.

Musiek is iets wat baie van die meisies in die moeilikheid gekry het. Die musiek waarna hulle luister het baie aggressiewe en neerdrukkende lirieke en klink donker. As ek vir 'n uur daarna geluister het, was ek aggressief. Wat verder vir my moeilik was, was dat 'n mens nie altyd kan hoor wat die kunstenaars sing nie. Vir die meisies was musiek nie so 'n groot probleem nie. Vir hulle was dit net nog 'n ding wat mens doen om van die wêreld te ontsnap; jy sit jou *ipod* so hard as moontlik en jy maak jou oë toe.

**3.10. Die drama**

**3.10.1. Inleiding**

Nietzsche wys daarop dat in 'n gehoor daar altyd mense sal wees wat sal wag vir die verskyning van die tragiese figuur (Nietzsche 1956:58). Karampetsos (1995:1) verstaan die tragiese figuur nie net as 'n karakter op die verhoog nie, maar ook in die gehoor. Dit wat op die verhoog gebeur is nie uit niks gebore nie.

Dit vertel die verhaal van mense en hulle worstelinge, vreugdes en teleurstellings. Nietzsche verwys na die teater as 'n metafisiese teater, wat die mag het om eksistensiële probleme te kan help genees (Nietzsche 1956:59). Die essensie van die menslike natuur is dat dit, dit wil uitdruk (Nietzsche 1999:21). Daarvoor moet daar 'n totale nuwe stel simbole gekry word; simbole wat nie net uit die mond kom nie maar van die hele liggaam en elke ledemaat (Nietzsche 1999:21). Drama is dus dikwels 'n manier van interpretasie van dinge wat in die wêreld gebeur. Baie keer is dit wat op die verhoog gebeur gedramatiseer en word dit baie erger gemaak as wat dit werklik is. Dit maak egter nie dit wat op die verhoog gebeur onwaar nie. Daar is altyd nog 'n deel van die waarheid daarin.

Daar sal ook opnuut gekyk moet word na die verhale van die meisies. Nuwe metafore vir hulle lewens sal ook gekry moet word. Karampetsos (1995:1) wys daarop dat van die antieke tyd af dramaturge aangemoedig is om dramas te skryf oor hulle gehoor en die gehoor se probleme. Die meisies gaan in die volgende deel 'n drama skryf oor dit wat hulle beleef. In Kershaw (1999:31) se beskrywing van die teater as 'n dissiplinêre sisteem verwys hy na die teater as, onder andere, 'n sisteem van kulturele produksie wat daarop gemik is om vorm te gee aan die vorming van die samelewing, by name klas, geslag, ensovoorts. By implikasie het die teater dus die mag om identiteit te skep en die teater skep dikwels *alternatiewe* identiteite. Deur drama kan mense dus droom oor dinge wat los van die drama dikwels absoluut en onveranderlik kan voorkom.

Die sin van die drama vir die navorsing is dat dit die verhaal los van die meisies ook kan vertel. Hulle staan 'n bietjie weg van hulle omstandighede en hoef daarom nie voor te gee nie. Die leser van die drama identifiseer met karakters, met persone wat optree, ly en hulle geskiedenis ervaar (Pambrun 2001:295). Die ervaring sal die hoofkarakters help om interpretasies te begin, maar wat buite hulle verwysingsraamwerk sal begin strek.

Die opdrag was in hierdie deel van die navorsing dat die meisies 'n drama moet skryf oor hoe hulle die lewe beleef. Nietzsche(1999:99) het gesê dat drama ongelooflike mag het om te stimuleer, te reinig en dit uit te druk wat mense beleef en in hulle lewens aan die gebeur is. Die proses het ten doel om aan die meisies verdere mag te gee; mag om hulle en die wêreld waarbinne hulle hulself bevind beter te verstaan en genesing te vind. Die drama sal dus 'n verdere interpretasie van die meisies se omstandighede wees.

### 3.10.2. Ses elemente van drama


Ek het in hierdie gedeelte nie te veel voorgeskryf nie. Ek het wel gevoel dat dit nodig was by die eerste sessie dat ek vir die meisies die ses[2] elemente van drama moes deurgee. Dit sou as breë riglyn dien vir die vertel van die verhaal.

Aristoteles (http://www.kyshakes.org/Resources/Aristotle.html) het die ses elemente geïdentifiseer. Dit word steeds gebruik in moderne drama en films. Die ses elemente is:

- Plot – wat in die verhoogdrama gebeur, die orde van die gebeure, wat gebeur eerder as wat dit beteken.
- Tema – wat dit beteken eerder as wat gebeur, die hoofgedagte van die drama.
- Karakter – die deel wat die hoofkarakter of -karakters in die drama sal weerspieël.
- Taal – dit wat die akteurs moet sê en die verhaal vertel.
- Musiek/ritme – dit kan die ritme van gesprekke wees.
- Die sigbare – die agtergrond waarteen die drama sal afspeel.

Die verhaal het 'n verloop (http://www.kyshakes.org/Resources/Aristotle.html) wat ook belangrik is.

[2] http://www.kyshakes.org/Resources/Aristotle.html




Ek het die inligting in die eerste sessie deurgegee en vir die meisies verduidelik hoe ek drama verstaan. Hulle het dit verstaan en met die volgende geleentheid begin met die beplanning van die drama.

Die skryf van die drama het langer geneem as van die ander groepsessies. Die meisies was vir vier sessies besig met die opdrag. Hulle moes 'n paar keer oor begin. Hulle wou nie hê die drama moet "*airy fairy*" wees nie. Hulle wou ook nie hê dit moet iemand anders se storie vertel nie. Dit moes *hulle* storie vertel, sonder dat iemand uitgelaat is. Die drama moes help dat mense sou besef dat hulle ook gevoelens het. Hulle droom ook oor goed.

### 3.10.3. Drama: Die een wat anders was

#### *3.10.3.1. Toneel 1*

***Die stem****:* Dit is die jaar 2008 in 'n stofbedekte goudmyndorp. Die dominee sê dit is die lelikste, vuilste dorp, waar die goud in die mense se harte is. Maar nie almal voel dieselfde nie.

***Daleen****:* Bliksems, dit is wat hulle is! Bliksems! Die dominee sê daar is goud in hulle harte, meer soos 'n bol kak as jy my vra! *Damn it!*
***Ma Saar****:* Jy beter jou taal *watch* – jy gaan nou twee tande minder hê! Jy was nou net by die kerk nou vloek jy weer so!

***Daleen:*** Nee, hoekom gaan hulle kerk toe! Hulle skinder net! Bliksems! Fok hulle almal! *Fok* die kerk! Ek sal nie weer gaan nie.
***Ma Saar:*** Ek het vir jou gesê jy moet daardie vuil bek van jou *watch*!

***Die stem***: 'n Bord vlieg uit die groot vrou se hand uit, en tref die muur reg langs Daleen se kop. Dié keer tref dit haar nie, maar sy is al een keer deur 'n mes getref. Sy moes vier steke kry.

### *3.10.3.2. Toneel 2*

***Die stem:*** Later dieselfde middag by die begraafplaas agter die Joodse kerk se muur. Die meisies wat teenwoordig is, is half gerook.
***Daleen:*** Ek wonder hoekom is goed so. Mens kry swaar, maar hoekom? My ma het my met 'n bord gegooi vandag, omdat die tannies by die kerk weer oor my geskinder het. Ek weet daar is 'n God of Iets, dis hoekom ek nog kerk toe gaan! Al suig dit! Gelukkig het ek jou! Jy is die enigste mens wat verstaan! Jy is die enigste mens wat my verstaan! Ek weet nie wat ek sonder jou sal doen nie.
***Die stem:*** Sy sit haar hand hoog teen die bobeen van die skraal meisie voor haar neer.
***Daleen:*** Het jy dit al met 'n meisie gedoen?
***Aniekie:*** Nee, het jy?
***Daleen:*** Nee, maar ek dink baie daaroor! Gaan ons dit doen?
**Aniekie**: Kom ons doen dit!
***Die stem:*** Sonder om verder te praat gryp die twee mekaar en vry baie rof vir seker 'n uur.

### *3.10.3.3. Toneel 3*

***Die stem:*** Maandagoggend vroeg by die skool staan almal in groepies en gesels. Dit is duidelik dat daar iets gebeur het. In Aniekie en Daleen se groep staan die meisies onbedaarlik en huil. Aniekie is nie daar nie.

***Daleen**: Hey,* wat huil julle so? Is die hoof *gefire* of iets? Waar is Aniekie?

***Lindie**:* Het jy nie gehoor nie?

***Daleen**:* Nee, dan sou ek mos nie gevra het nie. Wat is fout?

***Lindie**:* Dis Aniekie.

***Daleen***: Wat van Aniekie? Is sy *ok*?

***Lindie**:* Sy het haarself geskiet, sy is in die hospitaal, sy is in intensief! Hulle weet nie of sy dit gaan maak nie.

***Daleen**: Shit*, ek moet gaan!

***3.10.3.4. Toneel 4***

***Die stem***: Twintig minute later daag Daleen uitasem uit by die hospitaal op, doodmoeg. Daar is baie mense by die hospitaal, die ou dominee is ook daar. Daleen hoor hoe hulle praat. Aniekie is breindood. Hulle gaan die masjiene afskakel.

***Daleen**:* Here, hoe kan U dit doen! Ek is lief vir haar!

***Die stem**:* Aniekie se ma sit voor die kamer op die bankie in die gang.

***Daleen***: *Sorry* Tannie, ek wens daar was iets wat ek kon doen.

***Aniekie se ma***: Gaan net weg voor my! Ek wil nou nie een van julle etters sien nie!

***Daleen**: Sorry* Tannie.

***3.10.3.5. Toneel 5***

***Die stem**:* Mevrou Smuts is gelukkig ook daar en sy neem vir Daleen huis toe. Ma Saar is by die werk en Daleen is alleen by die huis. Sy draai vir haar 'n *joint* en gaan sit buite en rook. Dié is te veel vir haar om mee te cope.

***Daleen**:* Al hoe ek dit sal maak is as ek by Aniekie kan wees.

***Die stem**:* Gerook, raak sy bewus van Aniekie se teenwoordigheid by haar.

***Daleen**:* Aniekie is dit jy?

***Spook van Aniekie***: Ja dit is ek, ek kom jou haal. Ek wil nie alleen wees nie. Ek wil hê jy moet saam met my kom. Maar jy moet gou maak.
***Die stem***: Aniekie is skaars weg toe hardloop Daleen na Ma Saar se kamer toe. Ma Saar het baie pille. Daleen het iewers gehoor dat as jy baie pille drink sal jy maklik dood gaan.
***Daleen:*** Ek sal al die pille drink! Dan sal ek by Aniekie wees. Sy is al wat my verstaan.
***Die stem:*** Sy gaan in die badkamer in en drink al die pille wat sy kry, van voorbehoedpille wat in 1988 al verval het tot Panado's. Dit is baie seer om te sluk, maar sy is opgewonde want sy gaan by Aniekie wees.

### *3.10.3.6. Toneel 6*

***Die stem:*** Weer terug by die hospitaal. Stadig word sy wakker. Dit voel of iemand kookwater in haar keel af gegooi het. Dit is moeilik om te sluk, haar maag is ook baie seer.
***Daleen:*** Waar is ek? Waar is Aniekie?
***Suster:*** Jy is in die hospitaal, Jy is nie dood nie, net lekker siek. Julle jong klomp dink mos julle is *bullet proof.* Jy is nou al die derde een dié week. Vir jou part hoop ek maar die medisyne wat ons jou gegee het hou, anders gaan dit lekker seer raak en ek kan vir jou niks gee nie. Maar dit is wat mens kry as jy dink jy is slim.

### *3.10.3.7. Toneel 7*

***Die stem:*** Daleen raak weer aan die slaap. Sy is besig om te droom. Sy voel weer hoe hy haar vasdruk, hoe hy haar broekie uittrek. Sy ruik weer die *pine* en die vernis van die Wendy-huis en sy sweet.
***Daleen:*** Is dit dan hoe dit moet wees? Is dit wat jou oom veronderstel is om met jou te doen?

***Die stem***: Dit is seer, maar hy wil nie ophou nie. Sy wil skreeu, maar sy kan nie. Hy is te swaar en hy hou sy hand oor haar mond. As hy klaar is, sê hy vir haar: "Sê vir enige iemand en ek maak jou en jou boetie dood." Hy gee vir haar vyf rand sodat sy moet ophou huil.

### *3.10.3.8. Toneel 8*

***Die stem***: Dit het Daleen twee jaar gevat om oor Aniekie se dood te kom. Sy het nog twee keer probeer selfmoord pleeg, maar dit het nie gewerk nie. Sy kan glad nie meer sonder 'n trui loop nie, want sy het haarself baie lelik op haar arms gesny en sy kry skaam vir die merke. Dit help vir die seer. Nou is sy by 'n nuwe skool, want die vorige twee skole het haar gevra om eerder te gaan. Nou is dit pouse by die nuwe skool. Daleen het geweet dat sy net die *girls* moet soek wat rook dan sal sy *ok* wees.

***Daleen****: Hi,* gee julle om as ek saam met julle rook?

***Die groep***: Wat se *brand* rook jy?

***Daleen****:* Enige iets wat brand, as dit moet gras ook.

***Die groep***: *Hey,* ons ook! Wil jy Saterdag saam gaan jol?

***Daleen****:* Natuurlik! Waar?

***Die groep***: By Bundu, dit is waar ons uithang!

***Daleen***: *Cool!* Hoe kom ons daar?

***Die groep****:* Jy stap natuurlik! Net 'n *joke,* ons sal jou kom kry.

### *3.10.3.9. Toneel 9*

***Die stem***: By Bundu. Die musiek is baie hard. Die meisies staan in 'n groot groep en dans en gil oor en weer vir mekaar.

***Daleen***: *Hey,* wil julle nie gou gaan rook nie?

***Groep****:* Ja, dis reg, kom ons gaan!

***Die stem***: Buite die klub stap hulle om die hoek om te gaan staan en rook.

***Daleen***: *Hey,* het julle al *weed* gerook?

***Die stem***: Een van die meisies skud haar kop, waarna twee ander meisies ook hulle koppe skud. Dit is nie lank nie, toe is almal baie geïnteresseerd in die *weed*-rokery

***Groep****:* Is dit nie sleg vir jou nie?

***Daleen****:* Nee man, mens kan makliker ophou *weed* rook as wat 'n mens kan ophou om sigarette te rook. En hulle sê dat dit goed is vir jou longe as jy rook. Dit haal al die ou teer uit.

***Groep***: Dit klink goed, ons longe is juis goed opgepak van al die teer! Waar kry ons *weed*?

***Daleen****:* Ek het by my!

***Groep***: Gaan ons dit probeer?

***Daleen***: Dis reg! Ek draai gou vir ons 'n *joint*.

***Die stem***: Sy draai die *joint* en almal vat 'n trek. Toe die *joint* sy tweede rondte begin, stap twee van die meisies se ouers om die hoek.

***Ma 1****:* Wat die fok gaan hier aan!

***Ma 2****:* Ek dag julle slaap by Karlien se huis! En jy, jou skuim!

***Die stem***: Sy wys kwaad na Daleen toe.

***Ma 1***: Ja, dis jy wat hierdie kinders kak leer! Jy is 'n gemors! 'n Regte werfetter!

***Die stem***: Met dié stap daar 'n polisiebeampte om die hoek.

***Poot****:* Is daar 'n probleem, dames?

***Ma 2***: Hierdie gemors leer die kinders dagga rook!

***Poot*****:** Is dit waar?

***Die stem***: Die meisies kyk na mekaar en skud net hulle koppe.

***Daleen***: Julle *bitches*! Dit was nie ek alleen nie, dit was julle idee ook!

***Poot***: Dis mense soos jy wat ons jeug 'n slegte naam gee. Kom klim in dat ek jou polisiestasie toe kan vat.

***Die stem***: Daleen word in die vangwa gelaai en weggeneem na die dorp se polisiestasie.

### *3.10.3.10. Toneel 10*

***Die stem***: By die polisiestasie in 'n koue aanhoudingsel sit sy onder 'n kombers wat na *pee* ruik.

***Daleen***: My ma gaan my vrek maak! Die keer gaan sy my beslis wegjaag!

***Poot****:* Is jy nog hoog of is jy mal ook? Wat praat jy so met jouself?

***Daleen***: Nee, ek praat sommer met myself!

***Poot:*** Wie moet ons bel om jou te kom haal?

***Die stem***: Daar is 'n stilte. Sy dink wie sy kan bel. Haar ma sal nie kom nie en sy het nie 'n idee waar haar pa is nie – hy is dalk nog hoër as wat sy was. En al haar nuwe vriendinne het haar gedrop.

***Poot***: Toe jong, ek het nie die heel aand nie, ek wil ook huis toe gaan.

***Daleen***: Bel die dominee. Die jong een by Randgate.

***Poo*t**: Is daar niemand anders nie?

***Daleen***: Nee my ma het nie 'n *phone* nie.

***Poot***: Dis reg, ek bel hom.

***Die stem***: Na 'n lang ruk se stilte hoor sy die stem van die dominee. Sy weet nie regtig of sy verlig moet wees en of sy meer moet *stress* as voorheen nie. Gelukkig is dit nie Ma Saar nie.

### *3.10.3.11. Toneel 11*

***Die Stem***: Op pad huis toe. Die dominee sê niks nie. Daleen sê ook nie veel nie. Sy was lanklaas by die kerk. Sy voel bietjie skaam oor alles wat die laaste tyd gebeur het. Sy is stil en dink. "Dis laat en hy het my kom kry, hy het nie op my gegil nie, nie vir my gepreek nie, nie vir my gesê ek gaan hel toe nie. En hy kry niks uit die *deal* nie. Al gaan ek terug kerk toe, kan ons nie eers geld gee nie. Hy doen dit sommer net. Ek dink hy gee om. Kan dit wees dat hy vir my omgee? Die vrotste van die vrotste. Dit is lekker om te weet iemand doen iets vir jou sonder om iets uit die *deal* te kry."

***Daleen*:** Dankie, *doom*! Ek weet ek moet *change*, ek weet ek is nie op die regte pad nie. Ek sal regtig hard probeer. Ek sal verander. Ek weet ek moet.

### *3.10.3.12. Toneel 12*

***Die stem:*** Dertien jaar later. Sy sit voor die deur van 'n groot hofsaal in Johannesburg. Sy is baie *gestress*, benoud en weet nie regtig wat om te verwag nie. Sy kyk na die snye op haar arms wat nou al ligter is en wonder hoekom dit so was. Sy dink en wonder hoe sou dit gewees het as haar ma haar daardie aand kom haal het. Waar sou sy vandag gewees het? Sou sy hier gesit het? Die deur gaan oop.

***Bode***: Ons is reg vir u.

***Die stem***: Sy stap in. Sy kan voel hoe al die oë op haar gevestig is. Sy is die middelpunt van alles.

***Regter*****:** Dit is vir ons 'n voorreg om jou vandag op die advokaterol te plaas. Baie geluk!

### 3.10.4. Die meisies se interpretasie

"Die keer weet ons baie meer. Dit is ons storie wat ons geskryf het."

Daleen – is ons, sy moet dieselfde goed hanteer as ons. Sy het baie hartseer. Hartseer wat baie mense nie verstaan nie. Baie mense wil dit nie verstaan nie. Sy is ook skeef en probeer maar om uit die moeilikheid te bly. Dit is waar, ons soek nie moeilikheid nie, moeilikheid soek ons. Daleen moes met haar vriendin se selfmoord *deal*. Niemand weet regtig hoekom sy dit gedoen het nie. Maar op die ou einde maak Daleen dit.

Ma Saar – Baie van ons se verhoudings met ons ouers is nie baie goed nie. Baie keer is dit ons eie skuld en net so baie keer hulle skuld. Ons ouers het baie keer nie 'n idee wat aangaan nie. Baie van ons ouers drink en gebruik self ook dwelms.

Ou dominee – Dit wat ons haat van die kerk: die oordeel, die skinder en hartseer.

Poot – Ons dinge haal ons maar partykeer in. Dit is nie lekker nie. Maar dit moet partykeer gebeur. Die waarheid sal altyd uitkom.

Jong dominee – Dit is mense soos jy. Mense wat bereid is om ons 'n kans te gee. Dit hoef nie 'n dominee te wees nie, dit kan enige iemand wees. Ons almal het sulke mense, mense wat ons aanvaar net soos wat ons is. Mense wat ons kan *trust*.

Aniekie – is net daar om ons te herinner aan ons vriendinne wat selfmoord gepleeg het. Ons weet nie altyd hoekom hulle dit gedoen het nie. Miskien is dit omdat dinge net te veel geraak het. Selfmoord is *stupid*, jy dink jy gaan mense kry om meer van jou te hou en jou jammer te kry. Dit werk nie!

Daleen maak dit omdat iemand in haar geglo het en haar gehelp het sonder dat daardie persoon enige iets uit die saak kon gekry het.

### 3.10.5. My interpretasie

Die meisies moet dikwels goed hanteer wat ek glo nie deur kinders hanteer moet word nie. Dit is duidelik dat hulle hulself sien as randfigure. Die meisies het hoop. Op 'n manier glo ek hulle begin besef dat hulle kennis, dit wat hulle weet, ook mag is om hulle te help om anders te begin optree. Ons sal die kerk en ander organisasies self moet posisioneer om vir jongmense wat met hulle identiteit worstel 'n veilige plek te skep waar hulle hulself kan leer verstaan.

## 3.11. Interpretasie van elke meisie se verhaal en verhoogkaart

In hierdie afdeling van die navorsing het ek die meisies gevra om my te help om hulle verhale en dit waardeur hulle gaan beter te verstaan. Al die meisies het nie hieraan deelgeneem nie. Die meisies wat bereid was om die individuele sessies

by te woon, het ingeskakel. Op hierdie punt in die navorsing was daar redelike spanning in die groep. Een van die meisies het swanger geword en van die groep onttrek. Daar was ook van die ander meisies wat uit die groep onttrek het en gesê het dat hulle nie meer skeef wil wees nie. In sommige van die verhale en verhoogkaarte is dit ook duidelik. Wat verder bygedra het, is dat van die meisies uit die skool gekors is en na ander skole toe is. Die meisies het stadig begin om ander groepe en vriende te maak.

Die gevolg hiervan is dat ek in hierdie fase baie gesukkel het om samewerking van die meisies te kry. Ek het 'n groot deel van die navorsing met behulp van *Mxit*, *Facebook*, e-posse en soms oor die foon gedoen, wat almal redelik werkbare oplossings was. Dit was egter steeds vir my beter om in 'n gesprek met die meisies te wees waar ek hulle kon sien. Liggaamstaal sê dikwels meer as woorde. Ek het dus probeer om sover moontlik gesprekke te hê met die meisies.

Daar is twee dinge in hierdie afdeling gedoen.

- Die groep het geleentheid gehad om mekaar se verhoogkaarte te sien en dit dan te interpreteer. Elke meisie het dan die geleentheid gehad om te reageer en te sê hoe sy dit interpreteer.
- Daarna het ek en die meisie 'n gesprek gehad oor die proses en 'n interpretasie of dan 'n resensie geskryf van haar persoonlike drama.

**3.11.1. Resensie saam met Cat oor Cat**

**3.11.1.1. Die groep**

"Ons dink haar droom om 'n *porn* star te word, is bietjie van 'n lae droom. Sy is nie regtig so rof nie. Cat is eintlik baie stil. Sy luister baie depressiewe musiek en metal. Sy is definitief nie 'n satanis nie! Sy is te bang. Cat is eintlik baie slim. Sy leer net nooit nie."

**3.11.1.2. Cat se interpretasie van haar verhoogkaart**

"My verhoogkaart sê dat ek nie regtig omgee wat mense dink nie. Dit is my lewe en ek sal dit leef soos ek wil. Ek weet nie of ek regtig skeef is nie, ek wonder maar nog steeds. Ek weet ek is nogal slim, ek hou net nie daarvan om te leer nie. Dat ek stil is weet ek ook nie so mooi nie. Ek kan nogal baie praat. Ek is ook nog nie seker oor geloof nie. Mens sal kan sê ek glo eintlik niks nie."

**3.11.1.3. Cat se interpretasie van haar verhaal**

*Ek het eers baie later besluit dat ek skeef is, eers hier in Randfontein.*

"Ek dink maar ek het hier besluit ek wil skeef wees omdat hier ander skewe mense is. In my vorige dorp was daar baie min kinders. Meeste kinders het ver van ons af gebly in die myn-"*villages"*. In die hoërskool het ek eers geleer van skeef wees."

*My halfbroer het die swaarste van ons almal gekry.*

"Ek mis hom baie keer. Ek weet nie of hy altyd geweet het wat hy doen nie. Ek dink hy het gedink dit is hoe goed moet wees. Ek glo nie hy is die rede dat ek besluit het om skeef te word nie. Ek hou nog baie van seuns. Hy het dit aan my gedoen want iemand anders het dit aan hom gedoen."

*Die ouens "mind" nie as meisies, meisies het nie.*

"Dit is vir ouens baie meer grillerig as twee ouens saam is. Twee meisies saam is vir meeste ouens nie so erg nie. Hulle sal ook weer met so meisie uitgaan. Vir my vorige ou was dit sexy dat ek 'n meisie gehad het. Ek moes baie keer vir hom vertel wat ons doen."

*Ek dink nie ons groep is so sleg soos almal sê nie.*

"As jy nie ander vriendinne het nie, kan jy by die groep kom staan, al rook jy nie en al is jy nie skeef nie. Wanneer jy deel van die groep is, los mense jou uit. Ons

help mekaar en luister na mekaar se probleme. Ons groep gee om vir mekaar en beskerm mekaar."

*Kerk as kuierplek.*

"Ons sien mekaar eintlik net by die skool. Daar is dit nie so lekker nie, want ons word die heeltyd dopgehou. By die kerk kan ons net kuier en onsself wees. Jy preek ook nie so lank nie. Ons leer ook baie by jou. Maar ons kom omdat ons vriendinne hier na die kerk toe kom. My ouers gee ook nie om as hulle my hier kom aflaai nie."

*Christene is "freaks"! Ek wil nie 'n "freak" wees nie.*

"Nee, jy is nie 'n "*freak"* nie. Maar ander Christene is. Dit is soos hoe hulle aantrek. Die heel week trek hulle gewoonweg aan, maar op Sondae trek hulle trouklere aan. Hulle almal vloek ook en slaan hulle kinders en hulle hou nie eintlik van mekaar nie, maar Sondae is hulle heilig. Ons is altyd onheilig tot op Sondae en in die kerk ook."

*Miskien moet ons 'n kerk begin vir skewes soos ons, jy kan maar ons dominee wees.*

"As daar 'n kerk is waar almal dieselfde is en mense mekaar nie oordeel nie sal ek meer gaan."

*Maar ek wil ook 'n "porn star" word.*

"Ek weet nie meer of ek dit wil doen nie. Ek het gehoor die meisies wat dit doen kry siektes en allerhande beserings wat ek eerder nie wil hê nie. Ek dink ek sal by my tannie se skoonheidsalon gaan werk. Ek wou dit word want ek dink ek is mooier as meeste "*porn stars*"."

*Ek weet nie regtig of die kerk my kan help nie.*

"Al wie mens kan help is jy self. As jy nie self wil verander nie gaan jy nie verander nie."

### 3.11.1.4. My interpretasie van Cat

Cat is een van die meisies wat ek nie goed geken het nie. Sy was relatief stil by die groepsessies. Sy het baie meer gepraat as ons alleen was. Sake wat vir my uitgestaan het, was haar houding teenoor die woord "kerk". Ek glo nie sy het regtig 'n probleem met Christenskap nie. Sy beleef 'n probleem met mense in die kerk. Sy is 'n baie konsekwente kerkbywoner. Sy het baie vrae oor godsdienstige aspekte.

Wat vir my verder uitgestaan het, was haar houding teenoor die groep. Die groep het in baie opsigte die leemte in haar lewe vervul wat ek glo die kerk moes gedoen het. Die groep is vir haar 'n plek waar daar aanvaarding en liefde is vir mense is wat nie op ander plekke inpas nie.

Homoseksualiteit is ook nie regtig vir haar so 'n groot probleem nie. Seksualiteit is baie meer van 'n probleem. Ek sou dus hier wou verwys na homo-seks eerder as homoseksualiteit. Wat vir Cat belangriker is, is die seksdaad eerder as homoseksualiteit. Cat eksperimenteer met seks en by implikasie ook homo-seks. Aan die verhoudingskant is sy gelukkig met die ondersteuning van die groep en haar kêrel.

### 3.11.2. Resensie saam met Kittie oor Kittie

### 3.11.2.1. Die groep

"Kittie is vir ons 'n baie goeie vriendin. Kittie is 'n baie goeie naam vir haar, alles van haar is soos 'n kat. Sy is baie sag, maar sy kan ook baie erg katterig wees. Sy is baie eenkant en teruggetrokke. Sy is definitief nie 'n satanis nie, dit lyk in elk geval nie vir ons so nie. Sy *laaik* nogal *Goth*-goed. Ons dink sy *traai* te hard om haar woede weg te steek. Haar grootste probleem is haar ma se daggarokery. Sy is eintlik 'n baie sagte mens wat dit nie wil wys nie omdat sy

bang is sy word eenkant toe geskuif. Kittie was net skeef omdat sy haar seer so probeer verwerk het, want *girls* verstaan beter as ouens. Sy is lief vir musiek en leef haarself daarin uit. Die kerk is in elk geval vir nie een van ons daar nie. Hulle maak of ons eiers is, daarom *worry* ons in elk geval nie wat hulle sê nie, die kerk *suck*!"

**3.11.2.2. Kittie se interpretasie van haar verhoogkaart**

"Partykeer doen 'n mens dom goed. Baie van ons het saam besluit dat ons, ons verhoogkaarte so gaan doen. Ek wou op daardie stadium niks met die kerk te doen gehad het nie. Dit was altyd lekker tot die kerk my misbruik het. Ek gee nie regtig om wat die groep dink nie. Ek is lief vir hulle en gee vir hulle om maar hulle weet ook nie alles nie."

**3.11.2.3. Kittie se interpretasie van haar verhaal**

Kittie wou nie meer deelneem aan die navorsing nie, want sy voel nie sy is meer skeef nie. "Ek het nou 'n ou, en ons is baie gelukkig saam". Sy het verder vir my vertel dat hulle nou bymekaar gaan intrek en of het ek nie vir haar 'n rol swart sakke het om haar klere in te sit nie. Toe ek later saam haar uitstap, het ek ook die kêrel ontmoet. Op die vraag hoekom is sy nie meer skeef nie was haar antwoord, "Ek het besluit dat ek nie meer skeef is nie". Sy het verder vir my verduidelik dat sy nie dink sy regtig skeef was nie, maar net dat alles wat gebeur het, haar ge-*"confuse*" het.

**3.11.2.4. My interpretasie van Kittie**

My ervaring van Kittie is dat sy altyd bereid is om te help. As die ander weg is het sy nog gehelp opruim. Dit was vir my 'n skok dat sy deur 'n jeugwerker seksueel misbruik is. Kittie se geval het net weer beklemtoon dat daar ander aspekte as homoseksualiteit op die tafel is by die groep.

In haar geval is sy nie net by die kerk seksueel misbruik nie, maar ook deur volwasse homoseksuele vrouens. Daar was volwasse vrouens in die dorp in die tyd wat geweet het van die groep. Die meisies is soos Kittie vir tye lank misbruik. Die vrouens het die kinders letterlik gebruik as prostitute. As die vrou dan moeg was vir die een meisie is daar net oorbeweeg na die volgende meisie. Die meisies het nie regtig omgegee nie, want hulle het baie geskenke en geld van die vrouens ontvang.

Kittie is volgens my steeds besig om seksueel te eksperimenteer. Die man wat haar vir die laaste geleentheid gebring het, was aansienlik ouer as sy.

Ek sien steeds vir Kittie van tyd tot tyd rakende dinge waarmee sy worstel.

**3.11.3. Resensie saam met Dark Angel oor Dark Angel**

**3.11.3.1. Die groep**

"Dark Angel is woes deurmekaar. Jy kan nie 'n satanis en 'n Christen gelyk wees nie. Sy is slim genoeg om 'n sielkundige te word, sy moet haarself net eers uitsorteer. Ons almal is nie baie lief vir die kerk nie, omdat die kerk en pastore en dominees gebruik word om ons reg te probeer buig. Baie van ons ouers glo dit is die duiwel wat ons maak soos ons is. Die skool glo dit ook. Dis hoekom die pastoor ons kom salf het en die demone uit ons kom dryf het. Hy was die grootste demoon gewees. Hulle sê mos dit vat 'n groot demoon om 'n kleintjie te sien of so iets. Die tipe kerk sit mense af."

**3.11.3.2. Dark Angel se interpretasie van haar verhoogkaart**

"Dit is nie dat ek God haat of wil tart nie. Ek soek net ander maniere om goed te doen. Hulle kan almal sê wat hulle wil maar almal het al met heksery of satanisme geëksperimenteer. Ek is nie meer skeef nie."

### 3.11.3.3. Dark Angel se interpretasie van haar verhaal

"Ek weet nie regtig wat om nog te sê nie ek is nie meer skeef nie. Dit is mos waaroor die hele ding gaan. Omdat ons skeef is. Nou is ek nie meer skeef nie."

*Jy gaan in die hel brand jou "faggot"!*

"Dit was aan die begin sleg gewees dat my ma dit vir my gesê het. Maar hoe meer mense weet jy het probleme, hoe meer het ek daaraan gewoond geraak. Dit is nou vir my snaaks, maar dit was toe nie snaaks nie. My ma was baie kwaad."

*Ek het toe met ander gelowe begin eksperimenteer.*

Baie van die meisies in die groep het dit gedoen. Ek het 'n Moslembybel ook gekry. Maar dit was te veel vir my om 'n Moslem te word. Ons wou goed doen wat maklik was en waaroor jy nie eers 'n hele boek hoef te lees nie. Katinka het 'n heksboek iewers gekry. Dit was maklik en daar was prentjies. Almal het dit omtrent gedoen. In daardie tyd het ons die vorige dominee ook getoor. Maar dit was meer net 'n speletjie. Dit het nie lank gehou nie. Die voordeel was dat ons in die begraafplaas begin kuier het. Dit was lekker."

*Haar ma het ook toestemming gegee dat hulle kon trou as hulle wou.*

Ek en my ma het nou vrede gemaak. Ek dink sy is net bly dat ek nie meer skeef is nie. Sy glo dat die gebid gewerk het. Maar dit was my besluit om nie meer skeef te wees nie. En Ruan is baie sexy. Hy is nie soos die ouens hier rond nie. Hy is van Krugersdorp. Ek dink baie van die meisies vry mekaar eerder, want die ouens soek net een ding. En die Randfontein-seuns is net af. Al die ordentlikstes is gevat en net die gemors is oor. Jy kan nie met die ouens deurmekaar wees nie. My ma is gemaklik as ek met Ruan wil trou. Hy het goeie werk en sal goed vir my kan sorg."

#### 3.11.3.4. My interpretasie van Dark Angel

Die meeste van die meisies lê klem daarop dat hulle gekies het om skeef te wees. Wat Dark Angel uitgelig het, is die feit dat hulle eerder met meisies uitgaan as met die seuns so oud soos hulle. Die meisies sê dat dit die geval is omdat die seuns nie ordentlik is nie. Ek werk ook met 'n groep seuns wat baie sterk waardes het, wat die opmerking vir my moeilik gemaak het om te verstaan.

Een van die seuns het vir my vertel hoe hy by 'n meisie gaan kuier het en hoe sy voorgestel het dat hulle saam moet gaan bad. Sy was 14 jaar oud en hy 17. Hy sê hy het op sy fiets gespring en gejaag. Hy het gemeen hy is nog te jonk vir sulke dinge. Ek het dus nie volledig met die opvatting saamgestem nie.

Die kerk en frustrasie met die kerk is weer een van die temas wat baie duidelik op die voorgrond gestaan het. Ek glo dat een van die goed wat die groter groep, maar ook Dark Angel teen die kerk het, is hoe hulle probleme deur kerke hanteer is. Mense bedoel dikwels goed, maar in die proses is hulle nie bewus van watter skade hulle aksies kan aanrig nie. Die skool is ook in 'n mate skuldig hieraan. Die kerkgroepe wat baie gekry is om die kinders by te staan, het net die groep verder weggestoot eerder as wat dit gehelp het om die kinders te ondersteun en by te staan.

Daar is ook dikwels konflik in die kinders se ouerhuise, tussen die ouers sowel as tussen ouers en kinders. Die ouers laat dan enige iets toe solank dit die kinders se probleme en abnormale gedrag sal laat verdwyn. Daarom sal haar ouers haar op 16 reeds laat trou. Dit het net weer vir my duidelik geword dat ouers en veral enkelouers baie hulp, leiding en ondersteuning nodig het.

### 3.11.4. Resensie saam met Pienkie oor Pienkie

#### 3.11.4.1. Die groep

"Pienkie gee iets voor wat sy nie regtig is nie. Sy is ook nie regtig 'n satanis nie want sy gaan altyd kerk toe. Ons dink sy is bietjie 'n "*wannabe*". Sy is nie regtig skeef nie, ook nie *straight* nie. Die enigste regte verhouding wat sy al ooit gehad het was met 'n *dildo*. Sy is nie regtig deel van ons nie. Al hoekom sy skeef is, is omdat sy nie 'n ou kan kry nie. Sy het ook nie 'n droom vir haarself nie, behalwe dat sy altyd *weed* wil rook."

**3.11.4.2. Pienkie se interpretasie van haar verhoogkaart**

"Die ander weet almal ek gaan dit nog eendag maak. Hulle is maar partykeer so met mens. Ek is nie die enigste een in die groep wat dagga rook nie. Hulle almal doen of het al. Ek het al baie ouens gehad. Ek het net deur 'n tyd gegaan waar ek van meisies en ouens gehou het. Ek hou nog steeds van meisies en ouens. Ek verkies net op dié stadium ouens. Ek weet nie wie vir hulle die storie oor die dildo vertel het nie. Maar dit was lank terug. Oor geloof is ek nie seker nie. Kerk doen niks vir my nie, ek sit net daar en luister hoe die dominee lees en bid en 'n storie vertel. Ek besluit nog. Dalk sal ek AGS word."

**3.11.4.3. Pienkie se interpretasie van haar verhaal**

"Ek dink ek het nie veel probleme nie. Ek is partykeer aggressief. Maar dit raak beter vandat ek meer praat oor die goed wat my pla."

*Die positiewe van al die dinge is dat ek besef dat God daar was en my beskerm het.*

"God beskerm mense. Hy het werk vir jou wat jy moet doen voor jy doodgaan of iets. Ek glo in God, natuurlik. Ek hou net nie van die kerk nie. Ek bid baie keer. Maar nie soos in die kerk nie. Ek praat net met God."

*My pa was daar maar hy het dagga gerook.*

"Dis nie lekker om te weet jou ouers is op dwelms nie. Ek kry nogal baie skaam vir hom. Ek kan nie my vriendinne of vriende huis toe vat nie want my pa is baie keer gerook. Dit is waar ek ook geleer het om dagga te rook."

*Hy was nie daar vir my toe ek klein was nie en nou wil hy my nie laat gaan nie want hy dink nog steeds ek is klein.*

"Toe ek klein was, was hy altyd op een of ander "*bike rally*". En as hy nie dit gedoen het nie moes hy in 'n ander dorp gewerk het. En as hy by die huis was, was hy hoog of gesuip. Hy probeer nou opmaak vir die tyd wat hy verloor het toe ek klein was maar dit gaan nie so maklik wees nie. Ek is groot."

*Ek het baie geëksperimenteer met goed, ek doen nou nog.*

"Dit is omtrent almal in die groep se storie. Ons eksperimenteer met dagga, met seks, met skeef wees en met kerk. Ek is so van kleins af. As my ma haar stompie neergegooi het, het ek dit probeer rook toe ek nog baie klein was. Ek het altyd buite geslaap toe ek klein was en daarvan gehou om goed uitmekaar te haal."

*Ek het mans gehaat oor hom. Ek wou nie deurgaan waardeur my ma moet gaan nie.*

Dit gaan oor sy dagga-rokery. Hy is altyd gerook. My ma moes ons al drie grootmaak en sy werk in Johannesburg. En jy weet hoe moeilik my suster is.

*Wat ook 'n baie groot invloed op ons almal gehad het is ons twee vriendinne se selfmoord.*

Ons moes dit maar self hanteer. Niemand het met ons daaroor gepraat nie. Die een dag was hulle daar en die volgende dag was hulle weg. Die groep het besluit dat ons by mekaar sal staan en na mekaar sal kyk. Baie van ons was nie so naby aan die twee meisies nie, maar ons het hulle darem geken. Hulle was al twee skeef. My suster het met een van die meisies uitgegaan.

**3.11.4.4. My interpretasie van Pienkie**

In die groepsessie oor die verhoogkaart was die ander meisies baie kras en uitgesproke met Pienkie. Hulle het haar onder andere gespot oor masturbasie en dat sy net die goed doen omdat niemand anders van haar hou nie. Later het dit uitgekom dat die meisies uitgevind het dat sy met een van die meisies in die groep se broer seks gehad het. Van die ander meisies het ook van die broer gehou.

Van al die sessies wat ek met die meisies gehad het, was hierdie sessie die enigste sessie waarin ek beleef het dat die meisies regtig aanvallend was. Hulle het my later ingelig dat hulle gevoel het dat sy die groep teleurgestel het.

In die groepsessies het daar dikwels inligting na vore gekom wat later weer in die individuele sessies hanteer is. Pienkie se huislike omstandighede het ek baie goed geken. Haar ma het altyd oral 100 persent gegee, by die kerk en by die huis. Ek het haar pa nie regtig geken nie.

Wat besonder skerp uitstaan is die dwelmmisbruik in hulle huis. Dit het op meer as een manier 'n negatiewe uitwerking. Pienkie het nie by die skool of by 'n nagklub begin dagga rook nie maar by haar huis.

Die feit dat haar pa en familie nie baie betrokke was by haar lewe nie, is ook vir haar problematies.

Die groep het vir Pienkie ook 'n deel van haar ondersteuningstelsel geword in moeilike tye. Die groep het Pienkie in groot mate aanvaar, al het hulle geweet van die omstandighede by die huis.

**3.11.5. Resensie saam met Nuki oor Nuki**

**3.11.5.1. Die groep**

"Nuki is maar baie keer 'n drol. Maar op 'n mooi manier. Sy was altyd daar vir ons gewees toe sy in die skool was. Sy is soos ons groep se *"bouncer"*. Sy sal jou tande maklik uitskop."

### 3.11.5.2. Nuki se interpretasie van haar verhoogkaart

"Ek het dit gekies omdat dit mooi en lelik is. As mens vinnig kyk sien jy nie die drol nie, net die mooi. Dis soos wat ek baie keer is. Daar is baie mooi; jy moet net nie te lank kyk nie. Want dan sal jy die drol raaksien."

### 3.11.5.3. Nuki se interpretasie van haar verhaal

"Ek weet wat reg en verkeerd is maar ek sukkel om altyd die regte ding te doen. En ek is altyd waar die moeilikheid is. En niemand vra eers nie. Hulle veronderstel sommer net dit moes ek gewees het. Dit was altyd so met my stiefpa ook."

*Wanneer hy en my ma hoog was, was dit altyd draaglik by die huis, en ons het baie keer lekker gelag vir die twee.*

"My stiefpa het altyd fout gevind maak nie saak wat nie. As hulle nie gerook het nie was dit baie erg. Dan het my ma my vas gehou dat my stiefpa my kan slaan. Ek het partykeer gesukkel om my klere in die aand uit te trek soos hulle my geslaan het. Dit was baie erg. Ek het baie daarvan gehou as hulle dagga gerook het want dan het hulle my uitgelos."

*My regte pa het my en my ma gelos.*

"Ek voel baie keer kwaad vir hom. Hy betaal nog steeds my medies en hy stuur geld, maar ek het hom baie lanklaas gesien. Ek kan nie eers mooi onthou hoe hy lyk nie. Hy en my ma moes trou oor my. Dit is ook hoekom dit nie so lank gehou het nie."

*Ek weet nie hoe dit gekom het dat ek skeef geword het nie.*

"Ek hou van kleins af van meisies en van ouens. Ek het dit nie besluit nie, ek het dit ook nie gekies nie. Ek dink net dit is hoe ek is."

*Ek het na haar dood twee keer probeer om selfmoord te pleeg.*

Baie mense in die groep sny hulleself. Ek kan dit nie doen nie. Daarom het ek pille gedrink. Ek was vrek siek vir lank. Ek sal dit nie gou weer probeer nie. Die dag met my das was *stupid*. Ek wou eintlik net die juffrou skrik maak. Dit was nogal snaaks. Die eerste keer was baie meer ernstig en ek wou regtig net doodgaan. Maar dit was 'n slegte tyd vir ons almal."

*Ek is nou vir amper 'n jaar uit die huis uit en dinge begin vir my beter raak.*

"Ek is nou al amper 'n jaar uit Randfontein uit. En dit gaan regtig baie goed met my. Ek is die beste student in my groep. Ek sal seker volgende jaar klaar maak met graad 12. Ek sou nooit so goed gedoen het as ek hier gebly het nie. Ek mis my ma. Maar verder glo ek dit gaan goed."

**3.11.5.4. My interpretasie van Nuki**

Nuki was nie die enigste meisie in die groep wat selfmoord probeer pleeg het nie. Ek glo net sy is die een wat die naaste daaraan gekom het om te slaag. My ervaring van haar is dat sy 'n vriendelike, uitgaande persoon is. Daar is nie baie goed wat haar terughou van sukses in die lewe nie.

Terwyl sy op skool was, was dit egter anders. Sy was permanent in die moeilikheid. Ek het baie dissiplinêre verhore bygewoon. Dikwels was sy onskuldig. Sy was ook net so dikwels ook wel skuldig.

Nuki hou ook daarvan om van alles 'n grap te maak.

'n Belangrike deel van Nuki se storie is dat sy baie mishandel is. Sy het in 'n huis grootgeword waar dwelms en drank misbruik is. Nuki het 'n aggressie wat net onder die oppervlak lê. In die groepsessies was daar baie geleenthede waar sy die ander meisies gevloek en op hulle geskree het. Sy het by een sessie haar suster met 'n potlood gesteek.

Vandat sy uit haar ouers se huis getrek het, het haar gedrag aansienlik verbeter.

**3.11.6. Resensie saam met Sex Kat oor Sex Kat**

**3.11.6.1. Die groep**

"Ons ken haar nie regtig so goed nie. Al wat ons van haar weet is wat ons hier by die groep gesien het en sy is maar stil. Dit lyk of sy nogal hard kan moer. Maar sy is maar net soos ons: 'n tiener met baie "*issues"*. Dit lyk of sy dalk regtig skeef is. Ons weet nie regtig hoekom nie. Dit lyk nie of sy 'n droom het nie, behalwe dat sy baie geld wil hê. Sy moet maar net weet dat geld nie sommer net in haar hande gaan inspring nie. Sy sal maar bietjie moet werk. Sy rook ook bietjie te veel. Ons voel ook dat geloof en mense by die kerk "*fake"* is. Hulle sê 'n klomp goed wat hulle "*anyways"* nie doen nie."

**3.11.6.2. Sex Kat se interpretasie van haar verhoogkaart**

"Hulle is nogal reg. Ek kan hard moer, maar ek hou nie so baie daarvan om te baklei nie. Ek is nie regtig sleg nie. Wanneer mense my leer ken sal hulle sien dat ek "*ok"* is. Ek is ook nie 'n satanis nie ek hou net nie van die kerk nie omdat hulle mens "*judge"*. Ek glo in God, ek wil net nie kerk toe gaan nie. Almal in die groep rook te veel."

**3.11.6.3. Sex Kat se interpretasie van haar verhaal**

*Ons is in die Apostoliese kerk, maar ons was seker vyf jaar laas daar. Hoe die Kerk my kan help weet ek nie regtig nie, hulle sal my net laat sleg voel omdat ek skeef is en dit al met ouens gedoen het. Ek dink my ma wil nie kerk toe gaan nie omdat ons nie geld het nie.*

"Ek dink hoe die kerk ons kan help is om ons nie eers te "*judge"* nie. Hulle kan ons verder help om te leer, ons weet nie almal hoe om te leer nie en my ma weet ook nie regtig hoe nie. Sy het maar tot graad agt skool gegaan en toe kom ek. Hulle kan ons arm kinders dalk help om ons skoolfonds te betaal, anders gaan ek net tot graad 10 in die skool kan bly, want my ma het nie geld nie. Sy het al gesê dat ek haar sal moet help. Sy alleen sukkel en haar man werk vir min geld by 'n kontrakteur, sy "*pay"* betaal nie eers ons sigarette nie. So ja, die kerk kan help met skoolfonds. Ek weet nie eers hoekom ek die "*stuff"* skryf nie. Die kerk sal ons nie help nie. Ek glo ek is ok. Die goed sal alles eendag uitwerk. Ek is slim en skrik vir niks nie, ek weet ek sal dit nog maak. Ek sal almal wys wat dink ek gaan dit nie maak nie."

*En toe hulle ons "bust" het Nuki gemaak of sy besig was om 'n aanval te kry. Die juffrou was "stupid" en het gedink ons is besig om demone op te roep. Daardie juffrou is sommer net vertraag.*

"Die skool het nogal baie "*issues*" met demone. Hulle het al 'n pastoor gekry om die demone te kom uitdryf. Maar na dit was daar eers moeilikheid in die skool. Ons het nie demone nie. Ons maak partykeer net moeilikheid vir onsself. Alle mense het keuses."

### 3.11.6.4. My interpretasie van Sex Kat

Wat uitgestaan het in die verhaal van Sex Kat is die verhaal van die skool. Die skool het in sekere gevalle sake vererger en ingewikkeld gemaak. Dit is vir my moeilik om nou neutraal oor die skool te praat. In baie opsigte het die meisies se geveg ook my geveg geword. Ek is selfs van mening dat die regering se beleid

oor godsdiens in skole algemeen geldend gemaak moet word. Die tipe godsdiens wat by die betrokke skool beoefen word, is skadelik.

Wat vir my uitgestaan het van Sex Kat is hoe sy nie dit is wat haar bynaam is nie. Sy is wel "*Goth*" of dalk meer "*Emo*". Sy is baie stil en goed gemanierd. In baie opsigte pas sy ook nie regtig in by die groep nie. Ek voel dat sy met die groep geassosieer het omdat hulle haar aanvaar het. Sy rook wel. Ek het ook 'n baie sterk vermoede dat sy dagga rook.

Wat altyd onthou moet word, is dat die meisies nie alles vir my sê nie en ek weet dit. Daar is baie goed wat ek oor en van hulle gedurende die laaste twee jaar geleer het. Maar daar is egter net so baie dinge waarvan ek nie weet nie. Hulle sal dikwels na sake verwys waarvan hulle my nie wil vertel nie. Ek is dus bewus dat ek nie alles weet nie. Ek is net so bewus daarvan dat hulle dikwels leuens vertel.

Ek glo steeds dat ek in die laaste twee jaar genoeg van die meisies geleer het om te weet dat alles wat hulle vir my vertel het nie leuens is nie. Ek vertrou hulle, dalk partykeer meer as wat ek moet.

**3.11.7. Alexia se storie**

Alexia was nie volledig deel van die navorsing nie sy het soms die groepsessies bygewoon. Alexia se bydrae in die groepsessies was nie positief nie. Haar verhaal sou gesien kon word as die verhaal wat gepas het maar nie ingepas het nie. Sy was baie keer baie bitsig teenoor van die ander meisies. Sy het ook soos die ander meisies seksueel geëksperimenteer, maar ek glo nie sy was regtig deel van die groep nie. Sy het baie die idee voorgestaan dat sy die "normaalste" meisie in die groep was. Sy sou opmerkings maak soos: "Ek kon daaroor gekom het hoekom kan julle nie ook nie?" Sy het die Bybel verder ook baie fundamentalisties en letterlik geïnterpreteer.

Sy het die meeste van die groepsessies bygewoon vir die eerste jaar en nege maande van die studie, maar is toe Amerika toe. Wat haar verhaal baie anders maak, is die feit dat haar ouers baie betrokke was by haar verhaal. Die rol wat die kerk en ek en Christy in die ander meisies se lewens gespeel het, het haar ouers in haar lewe gespeel.

Ek het nie die ander meisies geleentheid gegee om Alexia se verhoogkaart of storie te interpreteer nie. Die redes hiervoor was dat sy nie self meer daar was nie. Verder het ek geweet hoe die groep oor haar gevoel het. Hulle het baie keer gesê dat hulle nie van haar hou nie. Hulle het dit net dikwels krasser uitgedruk.

**3.11.8. Nody se storie**

Nody se verhaal en verhoogkaart is nie geïnterpreteer nie omdat sy weg is voordat ons by die fase gekom het. Haar verhaal is vir my een van die ekstreme voorbeelde van hoe die "kerk" skade kan doen. Christy se betrokkenheid is een van die redes waarom sy haar verhaal vertel het.

Haar ouers is verder ook 'n baie goeie voorbeeld van hoe om jou kinders nie groot te maak nie. Nody was egter die beste gemanierde en akademies die sterkste meisie in die groep. Dit het net die feit beklemtoon dat jy nie soos jou omstandighede hoef te lyk nie. In die groter groep het Nody ook altyd 'n baie spesiale plek gehad en die ander het haar altyd met respek behandel.

**3.11.9. Christy se storie**

Oor Christy se verhaal wil ek nie te veel sê nie. Sy is 'n volwasse vrou wat ook met baie van die goed geëksperimenteer het waarmee die meisies geëksperimenteer het. Sy het so twee van die groepsessies wat met die meisies gedoen is bygewoon. Sy het haar storie met van die meisies gedeel.

Haar teenwoordigheid was altyd positief. Die meisies het selfs minder gevloek en gerook as sy daar was. Veral Nody het baie met haar gepraat.

Om iemand soos Christy by die groep betrokke te hê, was ongelooflik sinvol. As ek weer 'n soortgelyke studie moet doen sal ek weer iemand soos Christy betrek om te help. Ek sal veral hiervan gebruik maak in die begin. Die meisies het haar baie maklik vertrou.

### 3.12. Opsommend oor en saam met die akteurs

Ek het nie al die verhale op dieselfde omslagtige wyse as hierbo geïnterpreteer nie. Ek moes keuses maak om net sekere van die verhale op die manier soos in die voorafgaande gedeelte te interpreteer. Dit maak nie die ander minder belangrik nie. Ek het probeer om verskillende stories uit te lig. Ek sal in die volgende hoofstukke van die ander verhale ook gebruik maak.

Terwyl ek met die navorsing besig was saam met die meisies, het my oë oopgegaan vir 'n paar dinge. Dit was vir my moeilik om eenkant toe te staan en regtig te sê dat ek nie dinge weet nie, want ek het regtig nie geweet nie. Ek het altyd geglo ek verstaan tieners en die wêreld waarin hulle moet leef. Ek was dan self ook 'n tiener. Dit het my nie baie lank geneem om uit te vind dat ek eintlik geen idee het waarmee hedendaagse tieners elke dag te doen het nie. Oor homoseksualiteit kan ek dieselfde sê. Dit is baie maklik om daaroor te praat as dit as 'n losstaande kwessie hanteer word, byvoorbeeld soos in 'n laboratoriumgesprek (Kyk na die tekste, kyk na literatuur en ander mense se navorsing en maak dan 'n wetenskaplike uitspraak.). Die meisies het my baie vinnig oortuig dat dit nie so eenvoudig is nie. Daar is wetenskaplikes wat my uitspraak dat dit nie so eenvoudig is nie as 'n pannekoekredenasie sou afmaak. My gevoel is dat hierdie sake baie meer kompleks is as wat ons ooit kan dink.

Die meisies het my baie geleer oor hulle wêreld; 'n wêreld waarin hulle nie altyd regverdig behandel is nie. Hulle wêreld is gevul met mishandeling, molestering dwelms en volwassenes wat jongmense nie wil verstaan nie. Hulle het my ook geleer dat hulle nie bejammer wil word nie. Eerder as bejammering soek hulle erkenning en eer vir dit wat hulle wel bereik het. Van die kerk soek hulle nie bejammering nie en veral nie oordeel en straf nie. Hulle soek ondersteuning, emosioneel en geestelik en mense wat hulle Christenskap konsekwent uitleef.

Die meisies het my net so baie geleer oor hoe om wilskrag te hê. Hoewel ek dikwels gedurende die laaste twee jaar met hulle geraas het en selfs van hulle by die groepe en die kerk weggejaag het, het hulle altyd teruggekom en verskoning gevra of vir my gesê waar ek gefouteer het.

Hulle het my ook geleer dat hulle verhoudings in baie gevalle nie oor seks gegaan het nie. Die verhoudings waarin hulle gestaan het, was dikwels verhoudings waarin hulle ondersteuning gekry het in moeilike tye; ondersteuning wat hulle in baie gevalle nie by hulle huise en die kerk gekry het nie. Vir baie van die meisies was die verhoudings plekke waar hulle hulself kon vind en kon uitdruk op 'n manier waarin hulle gemaklik was.

Die meisies het my verder ook 'n nuwe waardesisteem gewys. Hoewel baie van hulle oortree het en dikwels in die moeilikheid was, het hulle 'n baie besliste waardesisteem waarvolgens hulle funksioneer. Die sisteem behels onder meer dat hulle daar moes wees vir mekaar en moes saamstaan. Dit was in so 'n mate waar dat die skool en die kerk na hulle verwys het as die vrotkol. Wanneer een oortree het, was almal in die moeilikheid. Hoewel hulle dikwels almal onskuldig was, het hulle hul straf aanvaar. Hulle het almal letterlik vir weke detensie gesit. Binne die groter groep was daar omgee en aanvaarding vir mekaar, iets wat my herinner aan die model vir Christen-wees soos Jesus self dit vir ons kom leer het.

Ek het ook geleer dat om net een stel redes aan te voer vir die rede waarom mense homoseksueel word, nie moontlik is nie. Ek sal selfs so ver wil gaan om te sê dat die homoseksualiteit wat by die groep meisies voorkom van individu tot individu verskil. Daar is 'n groep van die meisies wat ek glo homoseksueel is, en nooit weer met 'n man in 'n verhouding sal staan nie weens 'n verskeidenheid van redes wat wissel van molestering en mishandeling tot verkragting. Dit is egter nie die enigste redes nie.

Daar is 'n groot groep van die meisies wat net met homoseksualiteit geëksperimenteer het. Die eksperimentering het in die meeste gevalle oor 'n tydperk van twee jaar geskied. Baie van die meisies was nooit homoseksueel nie, maar het wel met homo-seks geëksperimenteer. Die groep wat ek mee begin het, het almal geglo dat hulle eendag met 'n vrou sou trou. Hulle was almal baie kwaad oor die algemene sinode van die NG Kerk se uitsprake oor homoseksualiteit. Ek moes een Sondag na kerk vir hulle verduidelik watter implikasies die besluite vir hulle het. Hulle sienings het in die loop van die twee jaar baie verander.

Die groep het drasties verklein en twee van die oorspronklike deelnemers is nou swanger. Met die maak van die verhoogkaarte het daar ook baie keer van die meisies oor die mooi ouens in die tydskrifte gepraat. Wanneer ek dan vir hulle gevra het wat dan van hulle homoseksualiteit geword het, sou hulle baie maklik antwoord dat mooi nou maar eenmaal mooi bly.

Die reis wat ek met die meisies onderneem het, was vir my 'n aangename ervaring wat 'n baie slegte begin gehad het met selfmoorde, selfmoordpogings hofsake en dissiplinêre verhore. Daar was selfs geleenthede waar ek saam die meisies in die hof moes verskyn.

Ek kan as breër interpretasie ook sê dat ek dit baie moeilik gevind het by die skool. Van die oomblik af wat hulle uitgevind het dat ek met die meisies werk,

was ek nie regtig welkom by die skool nie. Daar is byvoorbeeld in ope gesprekke na my verwys as die *lesbians* se dominee.

Ek het by die gemeente ook aanvanklik baie probleme ondervind omdat ek met die meisies gewerk het. Een van die ouderlinge het selfs op 'n kerkraadsvergadering die opmerking gemaak dat hulle seker was oor my kollega se seksualiteit maar nie oor myne nie.

Wat vir my baie problematies was, is die feit dat baie van die meisies op verskillende vlakke misbruik is. Twee van die meisies het vertel dat hulle seksueel deur amptenare van die kerk misbruik is. Gemeentes moet baie nou toesig hou oor die mense wat hulle aanstel om met kinders te werk. Gemeentes sal selfs sover moet gaan om mense te stuur vir sielkundige evaluasie. My probleem is dat die mense skade aanrig wat vir gemeentes onmoontlik is om te herstel.

My gevoel is dat die kerk vaardighede sal moet aanleer om by tieners in nood uit te kom, hulle nie te veroordeel nie, en mense op te lei om kinders en jongmense te begelei deur die moeilike tye. Dit moet alles geskied sonder om net eenvoudig te verklaar dat die Bybel dit as sonde sien en oortreders in die hel gaan brand. Die kerk sal sy lidmate moet leer ken, en verhoudinge moet bou wat verby menslike swakhede kan kyk.

**3.13. Wat sê die meisies oor die hele proses?**

"Die Bybel sê dit is verkeerd om skeef te wees. Maar dieselfde Bybel sê ook dis verkeerd om te skinder en amper almal wat ons ken skinder. Dieselfde met kwaad word en rondslaap. Mense is baie vinnig om ons te "*judge"*, maar hulle is self nie heeltemal op die pad nie. Dit is soos die storie van die man met die groot hout in sy oog wat die splinter uit sy vriend se oog wil haal. Baie van die mense wat ons "*judge"* doen baie erger goed aan mekaar en aan ander mense. Om

skeef te wees gaan nie net oor seks nie. Daar is van ons wat selfs gril vir seks en wat voel dat dit siek is, selfs tussen 'n man en 'n vrou. Dit gaan vir ons oor baie meer. "*Girls*" verstaan mekaar. Ons weet hoe om ons "*issues*" met mekaar te deel. Ons weet ook hoe om regtig lief te wees vir mekaar. Ouens verstaan dit nie altyd nie, en hulle het in elk geval net een ding op die brein. En wanneer hulle dit gekry het is hulle weg. Ouens is slap, "*girls*" is baie beter as ouens. Ons help mekaar ook om uit te vind wie ons regtig is. Vir ouens gaan dit net oor hulleself. Ons glo nie dat dit wat ons doen so erg sonde is nie. Die meeste van ons is amper altyd by die kerk, selfs al soek hulle ons nie regtig daar nie."

"Dit was vir ons lekker om jou beter te kon leer ken. Dit was ook vir ons lekker om te sien dat die kerk ons nie net altyd sal *judge* nie. Dit was baie keer vir ons moeilik om jou vrae te antwoord en om ons stories te skryf. Dit het ons baie gehelp om met jou te kon praat."

As die kerk regtig by tieners wil uitkom en hulle wil bystaan sal die kerk moet moderniseer en vernuwe. Maar hulle moet nog steeds hulle waardes behou.
"Die kerk kan ons bystaan as hulle regtig wil. Enige iemand kan ons help, hulle moet ons net nie "*judge*" nie."

### 3.14. Hoe kan ons mekaar help en bystaan?

Die toneelstuk soos ons nou reeds gesien het, is baie kompleks. Die vraag wat ek aan die meisies gestel het, was hoe hulle mekaar kon bystaan in hierdie toneelstuk waarvan hulle almal deel was en ook is.

#### 3.14.1. Luister

Dit sal baie maklik wees as ons net na mekaar luister. Jy kan baie help as jy wys dat jy omgee deur te luister. Goeie vrae help meer as goedkoop antwoorde.

### 3.14.2. Help mekaar

Jy kan dalk help deur jou vriend by 'n sielkundige, maatskaplike werker, predikant of onderwyser uit te kry. As hy of sy te bang is of ongemaklik voel, bied aan om die eerste keer saam te gaan. Jy kan net sy of haar vriend wees – iemand anders moet die rol van berader of terapeut inneem.

### 3.14.3. Wees net daar

In krisistye voel 'n mens dikwels eensaam. Dit voel of jou wêreld skielik stilstaan terwyl die res van die wêreld eenvoudig aangaan. In sulke tye is die teenwoordigheid van vriende baie nodig. Jou blote daar-wees kan baie help. Dit is partykeer nodig om net by jou vriend te sit. Dit is nie nodig om raad te gee of vrae te vra nie, net te sit. As jy nie fisies daar kan wees nie, stuur 'n *sms* of bly in kontak deur *Mxit* of *Facebook*. Dit help baie in moeilike tye om te weet iemand dink aan jou.

### 3.14.4. Kyk na jou eie binneste

Die beste ding wat jy vir jou vriende kan doen is om te sorg dat dit goed gaan met jouself. Sorg dat jy groei en iemand het wat jou raad kan gee. As jou vriend se krisis jou omkrap en ontstel, help dit hom of haar net mooi niks nie.

## 3.15. Gevolgtrekking

Deur die hoofstuk het ek so deeglik moontlik probeer om die meisies se interpretasies op die tafel te sit. Dit het in baie opsigte al in die vorige hoofstuk begin met die vertel van hulle verhale. Die drama van die meisies se lewens is nie afgesluit nie en soos Human (2003:43) tereg daarop wys, is die navorsingsdrama sowel as die meisies se lewensdrama dramas met 'n oop einde. Volgens Ricoeur (1995:309, 313–314) is 'n narratief van 'n mens se eie

lewe, 'n konstruksie met 'n begin (of verskeie beginpunte), 'n middel met hoogte- en laagtepunte en 'n einde wat aandui dat heelheid (*closure*) bereik is. Waar die woorde en sinne in 'n literêre narratief tot 'n einde kom, is die lewe oop na albei kante toe. Die vertel van die meisies se verhale moet hulle help om te verstaan dat hulle mag het om die gang van die drama te verander. Of soos Ricoeur voorstel meer as een beginpunt het.

**Hoofstuk 4: Waarom is dit so op die verhoog?**

*'n Beskrywing van ervarings soos dit deurgaans verryk word deur tradisies van interpretasie.*

## 4.1. Inleiding




Die navorsingsverhoogdrama wat reeds in hoofstuk een begin is, word nou verder geneem. Die meisies het in die vorige hoofstuk hulle dramas vir ons gewys en gehelp dat ons hulle drama beter kan verstaan. Hulle gebruik taal wat nie in die vorige hoofstukke bespreek kon word nie. Die taal is deel van hulle wêreld en die taal het ook 'n bepaalde verhaal om te vertel. Clandinin en Connelly (1994:415) sê: "*Stories are the closest we can come to experience as we and others tell our experiences. A story has a sense of being full, a sense of coming out of a personal and social history … Experience … is the stories people live. People live stories and in the telling of them reaffirm them, modify them, and create new ones"*. Taal is in die stories van die navorsings verhaal belangrik, omdat dit gebruik is om bepaalde konstrukte te vorm. Hierdie stories word deur gemeenskappe beïnvloed, verryk en soms afgebreek. Dit is ook waar vir die wêreld van die meisies en die dele daarvan wat in die navorsing gedeel is.

Daar bestaan in die wêreld spesifieke diskoerse. Elke gemeenskap het 'n stel ongeskrewe reëls (Müller 2005:81). In hierdie hoofstuk sal ek probeer om 'n aantal van die diskoerse te identifiseer. Berger en Luckmann (1966) definieer 'n sosiale konstruk as 'n uitvindsel van 'n bepaalde kultuur of gemeenskap.

Sosiaale konstrukte bestaan omdat mense daaroor saamstem, praat en optree asof dit bestaan en die reëls van daardie konstruk gehoorsaam. So ’n konstruk kan gedekonstrueer word en selfs van kant gemaak word, veral as dit skadelik is.

Daar sal ook in samewerking met die hoofkarakters gekyk word na die wyse waarop die diskoerse bepaal word en waarom daar op bepaalde maniere opgetree word binne die drama van die meisies. Daar sal na die medenavorsers geluister word, maar daar sal ook na die kunste en literatuur gekyk word, wat oor die konteks praat (Müller 2005:82).

Die tradisies en interpretasies moet verder ondersoek word en ook weer geïnterpreteer word. Seaburn(1992:391) het gesê dat patrone van interaksie en maniere om elke dag te hanteer, sowel as geloof, waardes en rolle amper op 'n magiese manier oorgedra word tussen mense. Dit is nie noodwendig altyd 'n slegte ding nie, maar 'n mens moet weet en verstaan waar ons tradisies en gelowe vandaan kom. Die wêreld waarvan ons deel is, moet nuut geïnterpreteer en onthou word. Om die wêreld telkens opnuut te onthou en ontdek verg kreatiwiteit. Ons kan nie volstaan met een bekende beskrywing van die wêreld nie. Ons kan nie volstaan met een beskouing van verhoudings tussen mense nie. Elke beskrywing en elke opvatting moet telkens herskryf en herontdek word deur dit anders te beskryf, anders te verwoord. Voortdurende, kreatiewe herskrywing voorkom dat die wêreld ’n onherbergsame plek word.

Die kreatiewe herskrywing kan van ’n onherbergsame wêreld weer ’n tuiste maak. Vir Ricoeur is dit noodsaaklik dat die verbeelding voortdurend nuwe moontlikhede sal bly oopmaak om verbande op ander maniere te kan lê sodat voorkom kan word dat daar gemaklik in “ons” en “hulle” verval word:

> *This anonymity of reciprocal relations in bureaucratic society can extend so far that it stimulates a causal connection belonging to the order of things. This systematic distortion of communication, this radical reification of the social process, tends, therefore, to abolish the difference between*

> *the course of history and the course of things. It is then the task of the productive imagination to struggle against this terrifying entropy of human relations* (Ricoeur 2007:180).

Dit sal met behulp van en aan die hand van 'n literatuurstudie en die hoofkarakters gedoen word. Die akademiese gemeenskap waarvan ek deel is sal en het my al baie beïnvloed om sekere keuses te maak. Die literatuur waarna gekyk sal word, is amper direk deur my akademiese gemeenskap beïnvloed. Dit is veral waar wat navorsing en navorsingsmetodologie betref.

### 4.2. Die wêreld van die hoofkarakters se eie taal

Wanneer ons oor tradisies van interpretasie begin dink is dit baie sterk gekoppel aan die verhoog waarop ons besig is en die taal wat binne daardie konteks gepraat word. Konstrukte soos waarmee in hierdie hoofstuk gewerk word, is deel van 'n sisteem van gesegdes, maniere van doen en strukture wat 'n reeks diskoerse help vorm. Dit dra by tot die wêreldbegrip en -interpretasie van mense (Freedman & Combs 1996:42–43). In die drama van die meisies is daar basies twee stelle konstrukte, naamlik:

- Dit wat die meisies in hulle eie groep gekonstrueer het.
- Dit wat van buite af op hulle afgedwing is.

Die proses van identiteitskepping kan volgens Martin (2007:67) op bepaalde maniere geskied en die mens het eintlik drie keuses binne hierdie proses:

- Die identiteit wat op jou afgeforseer word van buite, kan aanvaar word.
- Die mens kan hom daarteen verset deur die identiteit van *mens-wees* voorop te stel.
- Daar kan gestrewe word na 'n nuwe identiteit waaroor die mens self besluit en waarvan hy of sy die kontoere self bepaal.

Identiteitskepping is volgens Martin ’n aktiewe proses van doelmatige noodwendige keuses wat die individu moet uitoefen.

Konstrukte bestaan nie net nie. Die realiteit is dat dit met tyd gevorm word deur taal wat ons as mense gebruik. Beck (1997) voer aan dat “*the lives of human beings are to a greater or lesser extent sanctioned and regulated by society*”. Dit beklemtoon dat die gemeenskap waarin ons leef, die taal wat ons praat en die manier waarop ons optree help om konstrukte oor dinge te vorm. Konstrukte is dus ook nie tydloos nie, en sal dus met tyd en kontekste verander van vorm. Die realiteit is egter dat die skade wat deur die konstrukte gedoen kan word baie keer blywend is. Die impak van die skade bly baie keer baie langer as wat die impak van die konstrukte self gebly het. Daarom is dit dan ook belangrik dat mense toegerus moet word met taal om hulle te help om die konstrukte te de-konstrueer.

Konstrukte het ook 'n impak op 'n persoon se narratiewe identiteit. Die hele idee en moontlikheid van menslike identiteit is verbind aan die narratief en narratiwiteit (Brockmeier & Carbaugh 2001:15). Die konstrukte wat in 'n gemeenskap leef, word deel van mense se verhale wat deel word van mense se stories van mekaar maar veral ook van hulself. Uiteraard is taal een van die belangrikste merkers van identiteit. Volgens Anzaldua (2004:1027) is jy wat jy praat: “*Until I can take pride in my language, I cannot take pride in myself.”* Sy beweer verder dat *“being Mexican is a state of soul – not one of mind, not one of citizenship”.* Die taal wat binne die navorsings drama gepraat is, is 'n taal wat gepraat is maar in baie opsigte ook ‘n taal wat geleef is.

**4.3. Die taal wat op die verhoog gebruik word**

Die konstrukte wat by die meisies leef sal in hierdie deel oorsigtelik behandel word, waarna dit in meer besonderhede aan die bod sal kom. Die konstrukte wat

van buite of dan van ander mense af gekom het sal in die tweede deel van die hoofstuk hanteer word.

Die konstrukte wat op die verhoog was, was so deel van die verhoog dat daar nuut en anders na die konstrukte gekyk moes word. Deur verbeelding is ’n mens in staat om nuut te kyk na die bekende. Breytenbach (2008:11) stel die belang van reis soos volg:

> *Listen: you must continue travelling because the earth needs to be discovered and remembered again and again, cyclically, creatively, with her seasons and her sounds, with the warm breath of hospitality, with the healing touch of strangeness […] lest it becomes cold and impenetrable – a barren place of power and politics. The earth needs to be reminded of the eternity of one life.*

So moet ons ook nuut kyk na taal. Ons moet as mens bly ontdek en soek na nuwe maniere om oor die wêreld en ons self te praat.

Toe ek aanvanklik met die groep begin werk het, het ek die taal wat hulle gebruik het (hoewel hulle Afrikaans gepraat het) nie altyd verstaan nie. Hulle het baie gepraat oor dinge wat ek glad nie verstaan het nie. Daar was ook 'n geskrewe taal wat ek moes aanleer om met hulle te praat. Met baie van die meisies moes ek kontak hou deur middel van MXit[1]. Die taal wat hulle daar gebruik, is steeds 'n vorm van Afrikaans maar verskil van alledaagse Afrikaans. Die taal sê iets van

---

[1] **Wikipedia verduidelik MXit so: MXit** is 'n kitsboodskap-toepassing wat in Suid-Afrika ontwikkel word en wat hoofsaaklik op GPRS- of 3G-bevoegde selfone gebruik word. MXit bied beperkte versoenbaarheid met meer gevorderde kitsboodskappers soos Windows Live Messenger, ICQ, en Google Talk deur van die nie-verwante Jabber-poort gebruik te maak. Die koste aan MXit verbonde sluit in die prys vir internettoegang soos deur die gebruiker se sellulêre diensverskaffer bepaal, asook ander betaaldienste soos kletskamers wat op die program beskikbaar is. MXit se amptelike uitspraak is die Engelse "mix it" (*meng dit*), alhoewel die naam ook algemeen in Engels uitgespel word. Ongeveer 11 miljoen rekeninge is in MXit se gebruikerdatabasis geregistreer, en daar vind daagliks 17 miljoen intekeninge en meer as 250 miljoen boodskapversendings plaas. Alhoewel die program grotendeels in Suid-Afrika en Indonesië gebruik word, word dit daagliks in ongeveer 120 lande gebruik.

die wêreld van die meisies; 'n wêreld waarin 'n nuwe stel reëls geld. Die wêreld het kreatiwiteit verwag, en dit wou weer en weer ontdek word.

Ek het gedink dat ek tieners se taal en hulle wêreld goed verstaan, maar die wêreld van MXit was 'n totaal nuwe wêreld waarin ek baie vinnig moes leer om te kommunikeer. Dit was vir my vrou 'n baie groter frustrasie as wat dit vir my was. Dit het beteken dat ek baie keer tot baie laat in die aand betrokke was in gesprekke met die meisies. Op hierdie manier het hulle ruimte gehad om hulle stories te vertel.

Op die verhoog het daar behalwe vir die taal wat op MXit gebesig word, ook 'n taal ontstaan wat in gesprekke deur die meisies gebruik is. Ek moes leer wat die meisies bedoel met die volgende onderwerpe en terme: die kerk, Bybel, okkulte, selfmoord, Goth, *dildo, Emo*, om jouself te sny, die begraafplaas, die vrotkol, verhoudings, homoseksualiteit, vrouens kan nie meisies molesteer nie, vroulike homoseksualiteit is meer aanvaarbaar, groepsdruk, graad 10 as voldoende akademiese kwalifikasie, taalgebruik, normaal, daggamisbruik is nie 'n probleem nie, die uitwerking van musiek op mense, pornografie is onskuldig, die dominee en nie-skadelike leuens. Ek dink die meeste van die taal wat die meisies gebruik baie sterk gekoppel is aan die konstrukte waarmee hulle elke dag te doen kry.

**4.4. Die kies van taal en konstrukte**

Ek het die verhoog waarop die navorsingsdrama afgespeel het, baie goed leer ken, iets wat ook nodig was om te besluit oor watter konstrukte daar gereflekteer gaan word. Ek moes dus baie tyd binne die konteks, op die verhoog van die meisies spandeer. Ek moes hulle liggaamstaal en nieverbale kommunikasiemetodes leer ken. Ek het uitvoerige veldnotas afgeneem om te beskryf wat gebeur het deur na die proses te kyk, te luister en dit te bevraagteken (Gillham 2000). Sherman en Webb (1988:7) moedig aan dat die ervarings van deelnemers in ag geneem word soos dit geleef, gevoel en gedoen

is. Die taal waarmee ons groot word en waarbinne ons leef, help ons om ervarings te beskryf (Kotzé & Kotzé 1997:32). Ek kon deur my betrokkenheid op die meisies se verhoog hulle taal leer ken.

Die taal dui die spore aan waarlangs die verhale van die hoofkarakters gestap het. Konstrukte is en kan dus op hierdie manier gesien word as vingerafdrukke of voetspore wat deur mense se lewensverhale sigbaar is. Ricoeur (2004:13–5) onderskei in *Memory, history, forgetting* drie gebruike van die woord "spoor" ten opsigte van herinnering en geskiedskrywing. Eerstens kan spore dui op die dokumente, die geskrewe diskoers wat in die argiewe bewaar is waarop historici hulle verlaat om die verlede te rekonstrueer. Tweedens laat gebeurtenisse ook 'n "affektiewe spoor" in die geheue van diegene wat dit ervaar het. Enige herinnerde ervaring gaan gepaard met emosies – die verlede laat as't ware "spore" in 'n mens se gemoed. Derdens word spore ook verbind aan die indrukke wat op die brein gemaak word deur herinnering – die navorsingsterrein van die neurowetenskap wat die spore van ervarings in die individu se brein navors.

Ek is dus daarom aan die een kant deur die meisies gelei om die konstrukte wat van binne die groep ontwikkel het te gebruik. Die plek wat elke konstruk in hierdie "geheel" kry en die slot waarop die hele rangskikking afstuur, bepaal die betekenis daarvan (Ricoeur 1992:142). Daarom sal daar eers gekyk word na die konstrukte van die meisies en die plek wat hulle daaraan toegeken het. Aan die ander kant sal die konstrukte wat deur mense van buite af ontwikkel is en 'n bepaalde plek in die meisies se verhaal kry, ook hanteer word. Beide die groepe konstrukte kan gesien word as voetspore wat deur die verhale loop. Die meisies is ook die kenners van die voetspore en waar hulle vandaan kom (Morgan 2000:2). Hulle kennis sal gebruik word om die konstrukte in die verhaal te interpreteer en uit te wys.

**4.5. Konstrukte wat die meisies deel van die drama gemaak het**

In gesprekke met die meisies is dit die konstrukte wat op die tafel gesit is. Nie al die konstrukte is noodwendig skadelik nie. Dit is egter steeds belangrik om die konstrukte te herbesoek en te kyk na die betekenisse van elkeen en die verstaan van die hoofkarakters. Landman en Theron (2008:205–211) beskryf die konstrukte wat moontlik teenwoordig kan wees by mense veral in geestelike kringe aan die hand van die volgende vier groepe:

- Magsdiskoerse.
- Liggaamsdiskoerse.
- Identiteitsdiskoerse.
- Andersheidsdiskoerse.

Daar sal na die meisies se verhale gekyk word vanuit hierdie benadering. Dit sal egter nie noodwendig in die volgorde gebeur nie, maar daar sal binne die vier groepe as breë riglyn gewerk word. Konstrukte waarna daar gekyk sal word is: die Kerk, die dominee, die Bybel, homoseksualiteit en so voorts.

**4.5.1. Kerk**

Die eerste konstruk waaroor daar gepraat is, is die van die kerk. Peck (1993:166) verduidelik vir my uit die staanspoor die konstruk wat oor die kerk leef wanneer hy 'n waarskuwing aan die kerk rig, as hy die sondes van die kerk bespreek:

> *Perhaps the greatest sin of the Christian church has been that particular brand of arrogance, or narcissism, that impels so many Christians to feel they have God all sewn up and put in their back pocket. Those who think that they've got the whole truth and nothing but the truth, and that those other poor slobs who believe differently are necessarily not saved, as far as I'm concerned have a very small God*.

Daar is dus ‘n baie sterk konstruk van die kerk is die enigste weg na God. Wanneer daar veral vanuit die hoofkarakters se verstaan gekyk word na “kerk” is

en kan dit baie dinge beteken. Mense verskil wat kerk en kerkbegrip behels baie. Kärkkäinen (2002) bespreek ekklesiologie onder drie opskrifte, naamlik:

- Ekklesiologiese tradisies.
- Ekklesiologiese denkers.
- Kontekstuele ekklesiologieë.

Wanneer daar dan na die besonderhede gekyk word raak dit baie meer kompleks, want onder elkeen van die drie hoofopskrifte is daar omtrent tien verskillende benaderinge oor wat kerk is. Ek glo die maklikste manier om te verduidelik wat kerk is, is deur te sê dat kerk 'n groep mense is wat die naam van Jesus Christus bely. Bavink (1976:258) sê dat Kerk 'n gemeenskap is wat deel het in Christus en sy weldade. Kärkkäinen (2002:126) noem dié tipe kerkbegrip 'n Messiaanse verstaan van die kerk. Ek glo dat dit die wydste mees inklusiewe verstaan van kerkwees is. Mens sou kon kyk na die ekklesiologie van die feminisme van Moltman van Küng en so voorts. Dit is egter nie die doel van die studie nie. Kerk en kerkbegrip is eintlik 'n redelik eenvoudige saak wat deur mense en taal baie gekompliseer is.

Die meisies se verstaan van kerk was baie sterk gekoppel aan die mense wat hulself met die kerk assosieer, met ander woorde die lidmate. Verder het hulle die woord "kerk" baie sterk geassosieer met die aksies wat spesifiek op die kerkterrein gebeur het. Die meisies se verstaan van kerk was dus gekoppel aan die mense en aan die kerkterrein en die kerkgebou.

Die meisies het ook 'n baie sterk magiese plek aan die kerk toegeken. Hulle het geglo dat daar toorkrag op die kerkterrein en in die kerkgebou lê. As mens na die gebou toe gaan, is alles anders. Dit is waar mens gesond word en veilig is teen die wêreld. Die meisies het hulle ervaring oor wie God is ook baie sterk aan hierdie taal gemeet.

Die gevolg is dat van die meisies se seer op 'n manier versterk is deur die taal en verstaan van kerkwees. Nody se verhaal is 'n baie goeie voorbeeld hiervan. Op die een plek waar sy geglo het dat sy veilig is, het mense haar misbruik en gemolesteer. Van die ander meisies vertel ook hoe die kerk een van die plekke is waar hulle nie goed behandel is nie, beskinder is en as tweedeklas mense behandel is. Die kerk is in baie gesprekke dus nie in 'n positiewe lig beskryf nie. Baie van die meisies het die kerk gesien as die institusie waar hulle "reggemaak" moet word of anders waar daar mense was wat gedink het dat hulle die meisies kan "reg" maak. Dark Angel se storie is 'n baie goeie voorbeeld hiervan.

Baie van die meisies het later baie goed begin verstaan dat die kerk uit mense bestaan; mense soos hulle met foute en gebreke. 'n Ekklesiologie wat wyer gedefinieer is, het dit makliker gemaak om met die meisies te praat. Ek glo ook baie van hulle sal eerder praat van mense wat hulle seergemaak het as dat die kerk dit gedoen het.

Die realiteit is dat dié manier van dink oor die kerk nie uit die lug uit val nie. In die Afrikaanse kultuur leef die konstruk soos wat die meisies dit gesien het, redelik sterk. Ek glo nie dat dit altyd ewe sterk is nie, maar dat dit wel bestaan. Dink maar aan die manier hoe mense aantrek as hulle erediens toe gaan. Dit verskil totaal hoe die mense die res van die week lyk. Die meisies verwys ook in hulle verhale hierna. Taalgebruik op die kerkterrein en om die kerkgebou en selfs voor sekere leiers verskil ook. Daar is selfs mense wat voel dat dit sonde is om op die kerkterrein te rook. Ek het met 'n dame te doen gehad wat geen gemeente-aksies wou bywoon wat langer as 'n uur neem nie, omdat sy nie so lank sonder sigarette kon bly nie. Selfs met die aanbied van eredienste is dit 'n feit dat 'n diens wat in 'n kerkgebou gehou word altyd beter bygewoon word as 'n diens wat in 'n saal gehou word. Die konstruk dat dit wat ons kan sien op die kerkterrein heilig is, leef veral ook by kinders en jongmense.

Die meisies se verstaan van kerk en die negatiewe konstrukte wat hulle gebou het rakende die kerk is dus gegrond in 'n verstaan wat hulle geleer het van 'n gemeenskap van mense wat dieselfde dink.

Die konstruk wat by die meisies leef oor kerk is nie in alle opsigte negatief nie. Baie meisies het juis kerk toe gekom vir raad oor die sake waarmee hulle gesukkel het. Die meisies het ook nie 'n probleem gehad om kerk toe te kom as daar 'n krisis was nie. Hulle het verstaan dat die mense wat hulself met die kerk soos hulle dit verstaan het, assosieer op 'n ander standaard as die wêreld moet funksioneer. Die meisies het ook kerk toe gekom omdat hulle verstaan het dat die kerk die plek is waar daar vir alle mense liefde en aanvaarding moet wees. Binne hierdie opvatting, is die kerk is dus inklusief en eenvoudig.

Die dekonstruksie van die konsep “kerk” het dus in groot mate by die hoofkarakters self gebeur deur die loop van hulle betrokkenheid by die navorsingsdrama. Ek wil dan dus waag om te sê dat die kerk in sy suiwerste vorm op die navorsingsverhoog 'n plek is waar mense bymekaar kan kom en liefde en genesing sal beleef, ongeag van wie hulle is en van waar hulle kom.

**4.5.2. Die dominee**

Soos die konstruk oor die kerk is die meisies se verstaan van die dominee ook gevorm deur die breër konteks. Soos die kerk is die dominee gesien as heilig, sonder foute, die een wat eintlik alles moet weet, maar tog niks weet nie. In die teenwoordigheid van die dominee praat mense anders. Kras taal word vermy en wanneer dit wel gebruik word, vra hulle baie mooi om verskoning. Die dominee is iemand wat baie gesag het en mag het om 'n klomp goed reg te maak en reg te bid. Die konstruk word ook vir dominees geleer. Dit is veral binne meer konserwatief gereformeerde kringe waar. Bosch (1988:81) argumenteer dat voorspoed, vrede en vooruitgang in die Westerse wêreld aan die begin van hierdie eeu geheers het. “'n Gevoel van selfversekerdheid en meerwaardigheid

het die Weste en sy godsdiens gekenmerk" (Bosch 1988:81). Die realiteit is dat dit ook op dominees sy merk gelos het. Meerderwaardigheid is by baie dominees teenwoordig en dan sluit ek myself by in 'n baie groot probleem wat ons in kerklike geledere sal moet hanteer.

Die ironie is dat dit is ook die gedagte wat by mense en ook die hoofkarakters leef. Baie van die meisies het reguit gesê dat hulle goed voor dominees gedoen wat die dominees die idee laat kry het dat hulle heilig was, hulle agteraf anders daaroor gedink het. Die meisies het gesê dat hulle weet dat die meeste dominees nie 'n idee gehad het wat in hulle lewens aan die gang was nie, selfs nadat hulle vir weke in gesprekke met daardie dominees was. Hulle het selfs sover gegaan as om te sê dat hulle gedink het dat alle dominees dom is.

Die beeld van die dominee het aan die begin baie sterk by die meisies geleef en dit het my 'n lang tyd geneem voordat die verstaan van die dominee as heilig gedekonstrueer is. Die meisies het baie vir my dinge vertel wat ek kon agterkom blatante leuens was. Hulle het gesê dat hulle gedink het dat ek dit nie agtergekom het nie. Die bepaalde verstaan van die dominee het verdwyn toe ek die eerste keer by een van die meisies se dissiplinêre verhore moes verskyn. Dit was vir die meisies ongewoon dat 'n dominee wat "heilig" is by so iets kon sit en hoor hoe sy baie ernstige oortredings begaan het en steeds na die tyd met haar kon praat.

Die meisies het begin verstaan dat hierdie dominee net 'n mens is, soos ook blyk in die woorde van Heitink (2001) "… een predikant is ook maar een mens" (Heitink 2001:287). Baie van die meisies se konstruk aangaande dit wat 'n dominee of 'n pastoor is, het egter nie regtig verander nie. Hulle het my gesien as Anton, maar my kollega was steeds die dominee. Van die meisies het opmerkings gemaak soos, "Jy is nie soos 'n regte dominee nie".

Die dekonstruksie glo ek het begin die oomblik toe ek my hand na die meisies uitgesteek het in 'n tyd toe hulle nood beleef het. Ek moes myself keer om nie voortdurend met hulle te raas nie en om letterlik hulle vriend te word. Die verhouding was met van die meisies so heg dat hulle nie sou huiwer om hulle seer met my te deel nie.

Wat die gevoelens aangaande die dekonstruksie van die dominee egter bemoeilik, is dat baie dominees juis wil wees wat die konstruk is, naamlik die een met die mag wat alles weet. Dit is egter opvallend dat ten spyte van die Reformasie se wegbeweeg van die priesteramp, "dominee" (afgelei van die Latynse *dominus* – heer van die huis!) reeds vanaf die 17de eeu die aanspreekvorm word (Heitink 2001:14).

Dit was in die gesprekke dat die betekenis van my lewenstekste nuut *gelees* en *geïnterpreteer* is (Gerkin 1984:122). In baie opsigte wou ek 'n dominee wees. Ek wou iemand wees na wie mense opkyk; iemand met 'n titel en baie gesag. Ek het selfs gedroom oor al die mense wat na my sal kom luister as ek preek. Ek wou amper 'n tipe superster soos ons dominee wees. Die realiteit was baie anders en ek moes myself dekonstrueer en my verhaal herbesoek. Ek moes 'n taal aanleer wat vir meeste dominees vreemd was.

Die gedekonstrueerde dominee lyk baie anders. Die dominee is nie die belangrike ou daar ver op die kansel met die pak klere aan nie. Die gedekonstrueerde dominee is 'n vriend. Hy of sy is iemand wat nie noodwendig al die antwoorde het en al die mag nie maar iemand wat na my sal luister as ek seer het en nie sal voorgee dat hy of sy iets is wat hy of sy nie regtig is nie. Nouwen gebruik die metafoor van "*wounded healer*" reeds in 1979 in 'n boek van hom met die gelyknamige titel (Nouwen 1979:81). Ek glo Nouwen het die gedagte by Jung gekry wat aanvoer "*only the wounded physician heals*" (Jung 1961:156; Sedgwick 1994:1–7) Die gedekonstrueerde dominee is dus op geen manier perfek nie en hoef ook nie te wees nie. Predikante is hierdeur

aangemoedig om by die *redaksieproses* van hulle eie lewens betrokke te raak en te begin *skryf*, praat en lewe om "… hulle eie onsekerheid en pyn meer openlik te dra" (Burger 1995:125). Dit vra dat die gedekonstrueerde dominee ook weer na sy of haar roeping moet gaan kyk. Die letterlike konnotasie van roeping is om iets voor iemand neer te sit (soos byvoorbeeld voedsel) of ook om eenkant te sit, af te sonder (Quinn & Wacker 2000:141). 'n Gedekonstrueerde dominee is dus heilig, hierdie begrip verwoord veral die persoonlike toewyding van die dominee aan God – "... *a lifestyle that is visibly different. It is a life lived in close relationship with God*" (Towner 1994:163). Vir die meisies is 'n gedekonstrueerde dominee iemand wat nie aandring op 'n titel nie maar iemand wat vanself 'n vriend is, en wil wees.

**4.5.3. Die Bybel**

In hierdie afdeling wil ek op geen manier die gesag of die belang van die Bybel in Christenskap ondermyn of afkraak nie. Die Bybel vorm die bousteen van die Christelike geloof (Haag & Elliger 1999:22). Dit gaan hier oor die verstaan wat die meisies van die Bybel het en hoe hulle dit gekonstrueer het. Die kerk, die dominee en die Bybel is in hulle suiwerste humanistiese vorm en soos deur baie gemeenskappe gekonstrueer 'n bose drie-eenheid. Die drie word gebruik as instrumente waarmee mense toor en mekaar mee seermaak, met ander woorde hulle word letterlik as wapens gebruik. Wanneer dit egter gesien word soos dit bedoel is om gesien te word, is dié drie instrumente waarmee die wêreld letterlik verander kan word.

Wanneer daar spesifiek oor die Bybel gepraat word, kan 'n mens dit baie kompleks doen. Daar is letterlik duisende bladsye oor die Bybel in dogmatiese en ander boeke geskryf. My verstaan is dat dit wat in die Bybel staan en dit wat in die kerk geleer word baie nou met mekaar saamgaan. Karl Barth (1975:190) sê dat dit wat die kerk is, opgesluit is in die Bybel. Dit is egter nie net 'n boek wat

verstandelik geken moet word nie, maar dit is 'n boek wat met hand en voet geleef moet word.

Die Bybel is 'n baie prominente deel van die meisies se verhaal, maar soos die kerk en die dominee is dit nie 'n saak waaroor hulle baie positief is nie. Ek glo egter ook dat die Bybel juis vir hulle baie hoop sou kon gee. Die verstaan wat die meisies van die Bybel het, is niks meer as 'n konstruk nie. Dit is 'n konstruk oor wat mense en 'n gemeenskap daarvan sê en hoe mense die Bybel gebruik, eerder as 'n konstruk oor dit wat in die Bybel staan. Die negatiewe konstrukte wat by die meisies leef kan ook aan ’n fundamentalistiese beskouing van die Bybel by sommige mense toegeskryf word. Fundamentalisme is ’n universele verskynsel wat – in reaksie teen die modernisme – streef na die sekuriteit van ewige waardes, ’n stabiele wêreldbeskouing en die handhawing van tradisies (De Smidt 1998:37).

Die vraag is hoe en waarom die meisies se konstruk van die Bybel lyk soos wel die geval is. Een van die dinge wat baie jongmense van die Bybel en uiteindelik die boodskap van die Bybel af wegstoot, is die feit dat leiers met die Bybel in die hand teleurstel (Van der Watt 2000:34). Kittie se verhaal het dit veral beklemtoon. Die leiers wat voor mense die Bybel en die boodskap van die Bybel verkondig, het agteraf drank aan minderjariges uitgedeel en selfs die meisies gemolesteer. Nody se verhaal is die ekstreme vorm hiervan. 'n Kerkleier wat die Bybel moes hanteer het haar molesteer en misbruik.

Die inkonsekwentheid van leiers is waarskynlik een van die hoofredes waarom die meisies negatief is oor die Bybel. Wat die negatiewe beeld van die Bybel verder by die groep versterk het, was die feit dat mense baie keer die Bybel as 'n wapen gebruik het. Een aand net na ek by die gemeente gekom het, het die kinders woorde gehad by die jeugbyeenkoms. Die hoofkarakters was aan die

een kant en die *jocks*[2] was aan die ander kant. Die hoofkarakters is beledig en sleggesê en die Bybel is gebruik om die boodskap by die meisies tuis te bring. Die Bybel is gebruik as 'n wapen om diegene by te kom wat nie soos die groter groep gedink het nie. Die boodskap van die Bybel en die gebruik daarvan het vir baie meisies nie ooreengestem nie.

Die volgende aspek wat die meisies negatief gestem het, was die feit dat baie min van hulle al ooit self die Bybel gelees het en net so min weet wat in die Bybel staan. Die meisies se idee van wat in die Bybel staan is in groot mate gebaseer op dit wat hulle gehoor het in jeugdienste, kategese, by leiers en by geleenthede soos die een wat in die vorige paragraaf bespreek is. Die gevolg hiervan was 'n totale misverstaan van die Bybel. Fokkelman (1999:7) sê: *The most widely read book in the world is not necessarily the best read book. There are two sorts of reading. There is the sort we learned long ago, when we were five or six. The other sort is reading with understanding, receiving the text on the right wavelength*. Die konstruk oor die Bybel wat by die meisies leef, is in baie opsigte juis so omdat die Bybel net gedeeltelik gelees en boonop nie reg verstaan is nie.

Met dit alles gesê, was daar tog 'n bonatuurlike element vir die meisies in die Bybel. Volgens hulle verstaan is die Bybel 'n boek wat suiwer deur sy teenwoordigheid sekere magte het. Fundamentaliste beklemtoon die goddelike aard en eienskappe van die Skrif in so 'n mate dat die menslike sy van die Skrif nie tot sy reg kom nie (Berkouwer 1966:17). Op 'n manier het 'n ongewone bonatuurlikheid by die meisies se verstaan van die Bybel posgevat. Die Bybel kan volgens hulle gebruik word in rituele en dit kan net oopgemaak word, dan sal dit bose magte weg hou. Die meisies het nie noodwendig die inhoud geken nie maar hulle het geglo dat die Bybel van God of minstens van 'n bonatuurlike bron kom. Die meisies het dus aan die een kant 'n vrees vir die bonatuurlikheid van die Bybel en aan die ander kant 'n vrees vir hoe die Bybel deur mense gebruik

---

[2] Jocks is 'n groep waarin die kinders optree soos daar van hulle verwag word, gewoonlik akademiese en sportpresteerders.

kan word. In die verhoogdrama van die meisies was die Bybel dus 'n heilige sweep waarmee sondaars bygekom moes word.

Die konstruk van die Bybel is 'n konstruk wat baie wyer leef. Uit my eie verhaal kan ek goed onthou hoe my ouers nie regtig die Bybel gelees het nie. 'n Verhaal wat ek baie goed onthou is hoe my ma geglo het dat daar 'n spook in ons huis was wat haar gepla het wanneer sy wou slaap. Sy het net haar Bybel by Psalm 23 oopgemaak en die spook het toe (volgens haar) weggegaan. Die ironie is dat my ma waarskynlik vandag nog nie weet wat in Psalm 23 staan nie. Ek kan onthou dat ek en my susters baie ontsteld was, want omdat ons nie Bybels gehad het nie, die spook ons nou sou pla.

My teorie oor die konstruk is dat Bybels baie skaars in die verlede was. Die mense het die Bybels baie goed versorg en baie mooi gebêre. Die kinders se verstaan moes met tyd ontwikkel het dat dit 'n heilige boek is en 'n boek is wat sekere towermagte het. Mense sou baie die opmerking maak dat die Bybel heilig is. Mense het Bybels met vrees en angstigheid bejeën. Baie mense sou nie 'n Bybel weggooi nie al was die Bybel ook hoe gehawend. Die Bybels land gewoonlik by die kerk. Mense voer soms die rede aan dat 'n mens mos nie sommer 'n Bybel kan weggooi nie. Die Afrikaanse middelklas het in die 1980’s en 1990’s die idee verder in stand gehou en aangehou om die Bybel as 'n magiese boek te sien.

Ek glo ook dat die konstruk selfs verder teruggevoer kan word. Origines en sy navolgers het naamlik die allegoriese eksegetiese metode ontwikkel wat na goddelike woorde agter die menslike woorde gesoek het (Silva 1996:40). Origines en ander teoloë na hom het die goddelike aard en eienskappe van die Bybel beklemtoon ten koste van die menslike aard. Die Bybel het op die manier dus baie vroeg reeds ’n bonatuurlike element gehad. Deur die ontmensliking van die Skrif ontken die fundamentalisme die menslike wyse waarop die Skrif in die werklikheid ontstaan (Berkouwer 1966:25).

Die Bybel as boek moet dus gedekonstrueer word. Die inhoud van die Bybel moet verduidelik en geleer word. Die dekonstruksie van die inhoud van die Bybel moet ook gedoen word. Ek glo dat dit baie tyd gaan neem om mense weer te leer dat die Bybel 'n boodskap bring van 'n God wat 'n belang en 'n liefde in en vir mense het. Die Boodskap sal noodwendig 'n Boodskap wees wat die wêreld van die leser in ag sal neem en sal probeer verstaan. Marshall (1998:58) sien dit so:

> *We need to study not only God's Word but also God's world; we study the world in the light of the Word. We need to study not only Isaiah but also industry. Not only Philemon but also po-litics. Not only Acts but arts. It is not for us to choose between knowing the Bible or the world; we need to know the world biblically.*

Die Bybel moet dus weer verken word maar die wêreld waarin die boodskap tuis moet kom moet ook baie deeglik verstaan en ondersoek word, nie soos ons dink dit is nie maar soos dit werklik is. Teoloë is veral skuldig daaraan omdat ons dink dat die wêreld is soos wat ons dit beleef. Die gevolg daarvan is dat ons die boodskap van die Bybel in die lug laat hang. Fowler (1985:21) verduidelik op die volgende wyse:

> *We always relate to Scripture in the context of our prior experience of the Word-ordered creation ... without that experience it would be impossible to understand the Scriptures. For this reason it is impossible to begin with 'just the Bible' ... our experience of creation shapes our understanding of Scripture and, because of sin, in certain respects is bound to misshape it.*

Die gedekonstrueerde Bybel is dus 'n boek wat deur God geïnspireer is en deur mense geskryf is, wat as boek geen mag het nie. Verder moet ons bly besef dat ons God nooit volledig sal kan verstaan nie. Die God waarvan die Bybel praat bly steeds vir ons 'n misterie. Ridderbos skets die implikasies van die onverbreekbare eenheid soos volg:

> ... *divine inspiration does not necessarily mean that the men who spoke and wrote under inspiration were temporarily stripped of their limitations in knowledge, memory, language and capability of expressing themselves, as specific human beings in a certain period of history … We have to be careful, I think, not to operate as though we know ahead of time to what extent divine inspiration does or does not go together with the human limitations above. Inspiration does not mean deification ... it is not up to us, it is up to the free pleasure of God to decide what kind of effect divine inspiration should have on the mind, knowledge, memory, accuracy of those whom he used in his service, in order that their word can really be accepted and trusted as the inspired Word of God*. (Ridderbos 1978:25, 26).

Die God oor wie die Bybel handel is die Een met die mag. Hy is 'n God van liefde, liefde veral vir hulle wat om die een of ander rede gemarginaliseer is. Van der Watt (2000:137) voer aan dat die uitdaging is om weer vertroue in die Bybel te herstel. Meer as dit moet ons mense se vertroue, wat deur mense geskok is, in God herstel. Ons moet egter net bly besef dat elke definisie van die Skrif (sy aard, gesag, ens) ontoereikend sal wees, omdat die Bybel as gevolg van sy goddelike sy bokant ons menslike kenvermoë is (Ridderbos 1978:34). In 'n meer resente werk beklemtoon ook Bartholomew en Goheen (2004:12) dat die Bybel nie 'n warboel van teologiese leerstellings, morele lessies, historiese, stigtelike of poëtiese stukkies, beginsels, ensovoorts is nie. Die Bybel bevat net een "storie", 'n *"unified and progressively unfolding drama of God's action in history for the salvation of the whole world".* Hierdie drama handel oor die *"unified, coherent narrative of God's ongoing work within his kingdom*" (Bartholomew & Goheen 2004:12).

Dit is dus 'n boek met 'n verhaal oor 'n God wat by mense betrokke is. Die boek is 'n produk van 'n God wat by en met mense 'n pad stap. Mense het selfs 'n invloed in die skryf van die Bybel gehad. Dit is God se woord in mensetaal.

Volgens Veenhof (1984:9, 10) is so ’n idee van werksverdeling tussen God en mens (50%/50%, 99%/1% of selfs 100%/0%) ’n valse idee. God het 100% op goddelike vlak gewerk en die mens 100% op die menslike vlak. Volgens Fowler (1985:11, 12) lê die unieke van die Skrif nie net in die *vorm* as openbaring in taal nie, maar ook in sy *inhoud*. Die Bybel is dus ’n 100% goddelike en 100% menslike boek.

Ons sal dus in die dekonstruksie van die Bybel die volgende vrae moet vra:

• Watter rol speel my voorveronderstellings in my interpretasie van die Bybel?
• Is die Bybel ’n menslike geskrif, Goddelike geskrif, of is dit sowel menslik én Goddelik?
• Is die Bybel ’n teologiese eenheid of is dit ’n geskrif met dokumente wat verskillende teologiese aansprake verteenwoordig?
• Het die Bybel ’n kernboodskap?
• In watter lig moet teenstrydighede in die Bybel verstaan word?
• Kan die antieke wêreldbeeld van die Bybel versoen word met die hedendaagse wetenskaplike wêreldbeeld?
• Is die etiese riglyne van die Bybel geldig vir vandag?

Die Bybel moet dus gelees word met 'n sosiaal-konstruksionistiese bril in ’n postfundamentalistiese paradigma. Vrae moet gevra word op ’n nieveroordelende manier. Die foto beklemtoon die gebruik van die Bybel in sommige fundamentalistiese kringe.




SOME PEOPLE HATE GAYS SO MUCH that they regularly attend the funerals of gay people to gloat. After gay student Matthew Shepard was killed, protesters showed up at his funeral (above), led by a Kansas minister who is denounced by mainstream Christian leaders.

### 4.5.4. Homoseksualiteit

Homoseksualiteit is een van die sake wat op die verhoog tussen die hoofkarakters 'n op 'n baie bepaalde manier gekonstrueer is. Die konsep "homoseksualiteit" het binne die wêreld waarbinne ons leef 'n redelike standaardbetekenis en dit word ook so verstaan. Wanneer 'n mens begin praat oor homoseksualiteit en wat dit veroorsaak, moet ons verstaan dat ons reeds besig is met die vorming van 'n bepaalde konstruk (Du Plessis1999:7). Op die navorsingsverhoog het die meisies 'n baie unieke verstaan van homoseksualiteit gehad. Foucault (1978:191) se siening kan hierby aansluit. Volgens hom is homoseksuele verhoudings byvoorbeeld in die sewentiende eeu beskou as net nog ’n sonde waaroor gebieg sou moes word, maar in die negentiende eeu tree die homoseksueel as ’n afwysbare groep, ’n *tipe*, na vore: die Sodomiet was ’n ou sondaar, maar die homoseksueel is nou ’n spesie (Foucault 1978:191). Dit gaan dus in hierdie afdeling nie oor hoe akkuraat of hoe wetenskaplik korrek die konstruk van die meisies rakende homoseksualiteit is nie, maar hoe hulle dit gekonstrueer het en ook verstaan het. Dit gaan ook oor die erkenning dat homoseksualiteit 'n sosiaal gekonstrueerde konsep is wat in verskillende kontekste beslis verskillende betekenisse kan hê.

#### *4.5.4.1. Om skeef te wees*

Die hoofkarakters het aanvanklik oor hulself gepraat as die skewes. In Afrikaans is dit een van die terme wat gebruik word om neerhalend te praat oor homoseksuele mense. Homoseksuele mense is skeef en hulle wat heteroseksueel is, is reguit of dan *straight.* Die veronderstelling is dus dat homoseksuele mense gebreek is of abnormaal is. Cross en Epting (2005:54) meen dat hierdie etikettering sosiale, individuele en selfs politieke impak op mense het. Hierdie etikette kan negatief en destruktief wees. Dit kan kreatiwiteit vernietig. Maar dit kan ook gebruik word om platforms te skep waarvandaan daar

nuwe betekenisse en nuwe kreatiwiteit en 'n nuwe heel self geskep word. Die etikette moet net eers gedekonstrueer word.

Die hoofkarakters het die konstruk van gebrokenheid baie goed geleef, baie goed uitgebuit en net so sterk daarteen gerebelleer. Die meeste van die meisies het in hulle verhale gesê dat mense nie moet probeer om hulle te reg te maak nie, en dat hulle nie geoordeel wil word nie. Aan die ander kant het hulle hul aan my bekend gestel as die skewes.

Die skeefheid van die meisies het vir hulle baie in die feit gelê dat hulle anders oor 'n hele reeks sake gedink het en nie net oor seksualiteit nie. Hulle het die gesag van die Bybel, die plek van die kerk en die kerk se amptenare bevraagteken en geëksperimenteer met dwelms en seks. Wanneer mens met die meisies self gepraat het oor hulle "homoseksualiteit" of soos hulle daarvan gehou het "skeefheid" was dit baie duidelik dat dit nie net oor homoseksualiteit gegaan het nie. Die meisies het baie vrae gehad oor 'n verskeidenheid sake. Die probleem was dat die vrae nooit gehoor is nie omdat mense hulle blind gestaar het teen die homo-seks wat in die groep gebeur het. Seks was egter vir die meisies 'n baie kleiner prioriteit.

Die meisies se andersheid is dus aanvanklik deur mense van buite af as skeef gedefinieer. Die meisies het later die term geneem en van hulself begin praat as die skewes.

Die gedekonstrueerde skewe is dus iemand wat kritiese vrae vra en soms in die moeilikheid beland oor die manier waarop hulle dit gedoen het. Die skewes was verder mense wat magteloos was en in hulle selfbemagtiging baie onpopulêr gemaak is deur die massas. Hulle vrae was deel van 'n proses waarin die meisies gesoek het na 'n eie maar ook 'n kollektiewe identiteit. Die hoofkarakters kan dus eerder gesien word as 'n groep mense met vrae oor aanvaarde konstrukte. Die manier waarop hulle die vrae gevra het was egter soms skeef.

Die manier waarop die vrae gevra is was ook nie aanvanklik op hierdie bepaalde manier nie. Dit het so geword omdat hulle nie noodwendig die leiding of die ruimte gehad het om die vrae te vra nie. In baie opsigte is die hoofkarakters net gelaat om die vrae op hulle eie te vra. Die skeefheid lê dus in die manier hoe hulle konstrukte bevraagteken het eerder as oor wie hulle was.

#### *4.5.4.2. Homoseksualiteit*

Dit moet dus by die meisies nie in die eerste plek gesien word as iets wat 'n mens is nie. Homoseksualiteit is vir meeste van die meisies iets wat 'n mens doen. Lie se verduideliking van die konsep "seksualiteit" beklemtoon hierdie feit. Sy het gemeen dat seks aaklig is en dat sy niks daarmee te doen wou hê nie. Sy het seksualiteit en seks aan mekaar gelykgestel. Homoseksualiteit is volgens haar seks. Volgens die moderne psigologie is die mens 'n seksuele wese vanaf sy/haar geboorte (Hyde 1990:26vv). Homoseksualiteit is een van die maniere, reg of verkeerd, waardeur die meisies dit dan ook uitgedruk het. Hulle menswees is deur middel van seksualiteit verwesenlik en verwerklik.

Butler (1990:6) beskou *geslag* as 'n kulturele konstruksie wat die binêre aard van geslag uitdaag en waarbinne die opposisies man/manlik en vrou/vroulik nie as twee eksklusiewe kategorieë funksioneer nie, maar in 'n dinamiese wisselwerking aan mekaar verbind is. Hambidge (2000:7) se beskouing oor die geslagsdiskoers sluit hierby aan: Daar word eerder gekyk na *gender* as 'n *konstruksie*, dit wil sê, na al die verskillende posisies of betekenisse van geslag. So beskou beteken *gender* dan al die debatte oor hetsy die heteroseksueel, homoseksueel, biseksueel, transseksueel, transvestiet, ensovoort as voorstellings van 'n bepaalde oortuiging. Ek het my oortuigings op die verhoog van die meisies probeer afdwing en dit het nie gewerk soos ek dit beplan het nie. Wat belangrik is om te onthou, is dat dieselfde woord in twee verskillende leefwêrelde twee verskillende dinge kan beteken.

Vir baie van die ander meisies is dit ook so. Homoseksualiteit soos hulle dit verstaan, is 'n verhouding tussen twee meisies waar daar seks betrokke is. Die verhoudings is baie sterk op die gedagte dat hulle vir mekaar daar is gebaseer. Die groep het mekaar veral in die begin beskerm wat almal in die moeilikheid laat beland het. Daar is selfs aanrandingsake teen van die meisies gemaak en drie van die hoofkarakters is hieroor ook gevra om die skool te verlaat.

Die hoofkarakters se verhoudings met mekaar was in baie opsigte redelik sporadies. Dit het in die twee jaar wat ek met hulle gewerk het baie min langer as 'n maand gehou. Verhoudings wat wel langer gehou het is dié waar die meisies betrokke was by die volwasse homoseksuele vrouens in die dorp. Die verhoudings was egter ook meeste van die tyd nie verhoudings wat baie lank gehou het nie. Maar selfs wanneer die meisies in die verhoudings was, was hulle lojaal aan die groter groep. Kenmerkend van die mens se aard en wese was nog altyd om basiese ervaringe met mekaar te deel – byvoorbeeld rou, verlies, liefde en vreugde (Haag & Elliger 1999:35). By die meisies was dit ook so en daar was 'n byna onverklaarbare vriendskap tussen hulle.

Die groter groep se filosofie was dat hulle omsien na dié wat soos hulle is. Die konsep “homoseksualiteit” soos hulle dit dus gekonstrueer het is 'n konsep wat drie dinge ingesluit het, naamlik, seks, 'n verhouding met iemand van dieselfde geslag en lojaliteit aan die groter groep.

'n Gedekonstrueerde siening van homoseksualiteit in die konteks sou dus 'n verhouding tussen 'n groep meisies wees, waar daar met seks op 'n gereelde basis geëksperimenteer is. Dit is veral beklemtoon deur die feit dat die meeste van die meisies al op die een of ander stadium ook seks met iemand van die teenoorgestelde geslag gehad het, voor, tydens of na 'n verhouding met een van die meisies van die groep. Homoseksualiteit sou dus vervang kon word met homo-seks. Die verstaan dat hulle homoseksueel is, is nie 'n konsep wat die meisies begin gebruik het nie. Hulle het hulself skeef genoem, wat ingesluit het

dat hulle met seks eksperimenteer. Mense buite die groep het die konsep homoseksueel in op die meisies se verhoog neergesit. Dit het veral vir my duidelik geword in die groepsessies wanneer die woord "homoseksueel" gebruik is. Die meisies het aangedring op "skeef". Hulle het gesê dat homoseksueel nie in orde geklink het nie.

As verdere toeligting kan ons dus die volgende onderskeid tref:
• *Seksualiteit* is die kompleksiteit van gevoelens, gedagtes en gedrag wat die twee geslagte tot mekaar aangetrokke laat voel en wat uiteindelik tot die geslagsdaad lei.
• *Seks* is die biologies-fisiese geslagsdaad waarin gene, hormone, brein anatomie, ensovoorts 'n belangrike rol speel.

Vardy (1997:xi) som die morele waardes oor seksualiteit, wat in meerdere of mindere mate vir baie eeue in die kerk geldend was, soos volg op:

- *Sex before marriage is wrong.*
- *Homosexual behavior is wicked.*
- *Adultery is against the law of God.*
- *Masturbation is a grave sin.*
- *The main purpose of sex is procreation.*
- *Sex is only acceptable within the marriage of one man and one woman.*
- *A woman has a duty to provide sexual access to a man if she is married to him.*
- *Sex is to be treated with suspicion and as a temptation.*
- *Celibacy is a higher ideal than married life.*

Hierdie beskouings het later in die teologie die hoekstene geword waarop 'n teologie gebou is dat die seksdaad eintlik sonde is, dat die vrou die minderwaardige en ondergeskikte is en dat sy die verleidster is (Vardy 1997:10). Die tradisionele sieninge of konstrukte is byna almal deur die meisies in die

groep gedaag en self ongeldig gemaak. Homoseksualiteit gedekonstrueer vir die meisies was dus ‘n ruimte waar daar geëksperimenteer is met onder andere seks.

#### *4.5.4.3. Ek het besluit om skeef te word*

Volgens die moderne psigologie is die mens ’n seksuele wese vanaf sy/haar geboorte (Hyde 1990:26vv). Menswees word deur middel van seksualiteit verwesenlik en verwerklik. Thorp (1992:54) meen dat die gedagte van Foucault dat selfs die diepste seksuele kategorieë sosiaal gekonstrueer is, een van die kragtige ontwikkelings op die intellektuele horison is. Die meisies se keuse om skeef te wees is op dié manier ook deur hulle interaksie met die wêreld waarin hulle leef gevorm.

Baie jong mense is onseker oor hulle seksualiteit. In 'n studie waarin 34 706 adolessente deelgeneem het, het 10,7% van die respondente nie sekerheid oor hulle seksuele oriëntasie gehad nie (Remafedi, Resnick, Blum & Harris 1992). Wanneer ek spesifiek aan 'n homoseksuele identiteit dink is dit nie iets waarin ek glo mens 'n keuse het nie. My probleem was dat die meisies van die begin af gesê het dat hulle gekies het om skeef te word. Daar is baie redes waarom die keuse in die meisies se verhale gemaak is. Ek kon dit vir baie lank nie verstaan nie. Die rede daarvoor was dat ek my verstaan van homoseksualiteit op die meisies se wêreld wou toepas. Vir my was dit eenvoudig: ek het verstaan mens word homoseksueel gebore en daar is niks wat jy regtig daaraan kan doen nie. Ek wou selfs die meisies probeer beskerm deur van die teorieë wat ek geleer het oor homoseksualiteit en waarom mens homoseksueel word op hulle te probeer toepas.

Elke oefening wat ek aangepak het om die meisies eerder te laat praat van homoseksueel as skeef, het gefaal. Skeef was vir my 'n baie negatiewe konsep en ek wou hê dat die meisies eerder moes praat van homoseksueel. In 'n vraelys

het ek spesifiek probeer om te bepaal wat die meisies se redes of verstaan was van hoekom hulle deel van groep[3] was. Ek het al die opsies wat ek in die literatuur kon kry vir die meisies gelys en gevra dat hulle kommentaar daarop moes lewer . Die vraelyste is later bespreek. Dit was vir die meisies belaglik dat mense die tipe goed kon uitdink. Hulle het net eenvoudig geglo dat 'n mens kies om skeef te wees. Niemand of niks kan jou dwing om skeef te wees nie. Die opmerking waaroor hulle die heel meeste te sê gehad het, was dat mens homoseksueel gebore kan word.

Die meisies het egter redes gehad waarom hulle gevoel het dat dit beter is om skeef te wees. Die eerste rede waaroor die groep saamgestem het is dat wanneer jy eendag weer *straight* wil wees, jy dit kan regkry. Hulle het verder gemeen dat meisies 'n mens nie so seer kan maak soos ouens nie. Die groep was ook 'n groot rede waarom van die meisies die keuse gemaak het om skeef te wees. In die groep was daar vriende wat hulle aanvaar het net soos wat hulle was en wat hulle sou beskerm as hulle in gevaar was. Die hoofkarakters het gevoel dat daar meisies in die groep was wat net daar was omdat hulle gedink het dit is *cool* om deel van die groep te wees. Ek sal ook verder gaan deur te sê dat veral waar die volwasse vrouens betrokke was, daar ook 'n finansiële voordeel daaraan was om deel van die groep te wees. Die volwasse vrouens het geweet dat die meisies in die groep baie keer uit swakker omstandighede kom en hulle het daarvan misbruik gemaak. Die meisies is eintlik as prostitute gebruik. Vir die groep was dit uiters aanvaarbaar, en hulle het gevoel dat dit geen skade kon doen nie.

Die probleem was dat my begrip van homoseksualiteit en dié van die meisies totaal verskil het en meer nog, totaal verskillende konsepte was. Skeef is nie noodwendig homoseksueel op die verhoog waarin die meisies se drama afgespeel het nie. Skeef is definitief 'n keuse waar homoseksualiteit 'n deel is van wie 'n persoon is. Dit beteken nie dat daar nie attraksie tussen die meisies

[3] Sien addendum vir vraelys.

was nie. Seksuele identiteitsontwikkeling is 'n brose stadium waarin 'n mens tussen identiteite wissel. Vrouens met homoseksuele neigings kan 'n homoseksuele identiteit aanneem vir tye tussen drie en vier jaar (Yarhouse & Tan 2004). Na die tyd kan hulle weer 'n identiteitswisseling ondergaan en hetroseksueel word. McMinn (2005:369) meen dat "*While many adolescents with sexual identity confusion ultimately settle into a heterosexual orientation, approximately 2,8% of males, and 1,4% of females will eventually identify as gay or lesbian*". Daar is dus altyd die moontlikheid dat dit nie net 'n fase is nie. Dit is egter algemeen dat veral vrouens vir tye homoseksueel kan wees en dan weer later weer in heteroseksuele verhoudings betrokke raak (Diamond 2003:352). Die probleem is dat die meisies nie regtig in die tradisionele ouderdomsgroep val waarin dit gebeur nie. Diamond meen dat dit hoofsaaklik meisies tussen 18 en 25 is wat deur die fase gaan (Diamond 2003:353).

Vir Butler is die konstruksie van marginale en sosiaal onaanvaarbare moontlikhede 'n vereiste binne die dominant patriargale orde, aangesien die ondermyning en destabilisering van dominante waardes vanuit marginale posisies 'n moontlikheid word (Alsop, Fitzsimons & Lennon 2002:99). Butler se teorie sou baie goed binne hierdie konteks kon funksioneer. Wanneer 'n mens na die konstruk van skeef-wees kyk uit die meisies se oogpunt, is een saak baie duidelik. Dit het in die eerste plek nie gegaan oor homoseksualiteit nie ook nie oor seks per se nie. Dit het daaroor gegaan om aanvaar te word net soos wat die meisie is. In die groep was die meisie nie meer 'n randfiguur nie, net anders. Die groep het daardie sekuriteit vir die meisies gebied. Binne die groep was hulle aanvaar net soos wat hulle is. McMinn (2005:369) sê dat die mense in die bepaalde tyd van hulle lewens omgeevennote nodig het. Die omgeevennote se hooftaak is nie om die mense te probeer aanvaarbaar maak volgens samelewingsnorme nie, maar om net daar te wees vir die persoon. Terapie waarin mense "reg" gemaak word, of die sogenaamde heroriëntasieterapie moet eintlik verban word. Daar was ook al pogings in die onlangse geskiedenis waar dit probeer is (Zuriff 1997). Die groep was dan in 'n sekere sin vir mekaar

omgeevennote. In die groep hoef jou pa nie die rykste persoon in die dorp te wees nie julle hoef nie die mooiste kar te ry nie en julle hoef nie in die beste huis te bly nie. Inteendeel, jy hoef nie eers 'n kar of 'n pa te hê nie. In baie opsigte sal ek die groep skewes as 'n tipe kerk wil beskryf en as 'n groep waar jy welkom is net soos jy is.

## 4.6. Ander sake wat bepaalde betekenisse binne die groep gekry het

### *4.6.1. Die begraafplaas*

Die meisies se verstaan van die begraafplaas is in baie opsigte soos hulle verstaan van die kerk. Dit is 'n plek waar hulle net hulle self kon wees. Baie van die ander jongmense wat hulle lastig sou val was bang om in die begraafplaas in te gaan. Die konstruk was vir die meisies dat die begraafplaas 'n plek soos enige ander plek was. Die probleem was dat mense hulle daar gesien het en nie verstaan het waaroor dit gaan nie. Die meisies se kuiery in die begraafplaas in samehang met die manier waarop die meisies baie keer aangetrek het, het mense wat die meisies nie geken laat glo dat die meisies die duiwel daar aanbid. Heyes (2008) wys daarop dat rebellering en opstand baie keer deel van 'n gemarginaliseerde groep se strategie is om op te staan teen die sisteme en mense wat hulle onderdruk. Die begraafplaas is ook deel van die meisies se rebellering teen sisteme en mense wat hulle gemarginaliseer het.

### *4.6.2. Okkulte*

Die meisies se verstaan van die okkulte stem baie ooreen met wat oor die okkulte geskryf word. Hulle het ook verstaan dat daar 'n mate van kriminaliteit aan verbonde is. Die meisies het hierdie begrip daarvan verdraai en tot hulle eie voordeel gebruik. Baie mense was juis hieroor bang vir die groep meisies. In ons eerste paar sessies het die meisies probeer om my ook bang te maak. Die meisies sou byvoorbeeld vertel het hoe hulle my huis vervloek het en die plek getoor het. Baie van hulle het selfs op hulle verhoogkaarte gesê dat hulle die duiwel aanbid.

Die meisies het op 'n paar geleenthede gesê dat dit vir hulle lekker was as mense bang was vir hulle. Nukie was amper die mees ekstreme voorbeeld hiervan. Sy het gemaak of sy demone oproep in die mees saggeaarde onderwyseres se klas. Die onderwyseres het bedank hieroor. Dieselfde het in 'n badkamer gebeur toe hulle gerook het en uitgevang is. Die onderwyseres was so geskok dat sy van die rookinsident vergeet het. Die meisies het dus ook die okkulte gebruik as een van die maniere waarop hulle vrees by mense kon aanwakker. Op hierdie manier het hulle die mag gehad wat nie altyd die geval was nie.

### *4.6.3. Selfmoord*

Ek hanteer selfmoord juis hier omdat dit baie nou aansluit by die meisies se verstaan van die okkulte. Die twee selfmoorde het die hele dorp aan die praat gehad. Die meisies het 'n storie versprei dat daar 'n lysie was met 'n aantal name op van meisies wat moes selfmoord pleeg as deel van 'n groter ritueel.

Die realiteit was dat daar nooit so lys was nie. Die enigste lys wat bestaan is in my besit, en dit is 'n lys waarin die meisies sê wat hulle alles wil doen voordat hulle eendag wil doodgaan. Die meisies het egter voortgegaan om die storie van die lysie te versprei. Al die ouers was baie bekommerd. Hulle het gewonder of hulle kinders se name ook op die lys was. Daar is selfs 'n polisieondersoek hieroor geloods. In die groep was daar ook 'n paar pogings tot selfmoord. Die pogings was van baie ernstig tot belaglik. Ek was talle keer by die hospitaal en ook by huise waar die pogings plaasgevind het. Die meisies het verstaan dat dit 'n baie ernstige saak is, maar hulle het tog die feit dat hulle hierdeur die middelpunt van aandag was, baie geniet.

Hierdie gebeure het die meisies dus mag gegee. Dit was egter nie positief nie, maar op hierdie manier het hulle tog gevoel dat hulle stemme gehoor word.

### *4.6.4. Goth en Emo*

Hierdie is twee van die maniere waarop die meisies hulle uitgedruk het. Beide is redelik donker. Kenmerke van die twee groepe wat ook by die meisies teenwoordig was, is die feit dat daar soms selfmutilasie by die groepe plaasvind. Negentig persent van die meisies het hulself gesny. Hulle het mekaar ook soms gesny. Wat verstaan moet word van beide die groepe is dat dit nie okkulties is nie. ‘n Mens kom egter ook agter dat die meisies soms depressief is. Twee illlustrasies word vervolgens ingesluit:

Goth Emo

### **4.6.5.** ***Om jouself te sny***

Soos ek reeds gesê het, is dit iets wat die meeste van die meisies gedoen het. Die snye het gewissel van krapmerke tot baie diep snye wat soms deur dokters toegewerk moes word. Hulle het hulle met inspuitingnaalde gesny omdat dit die skerpste ding was waarmee jy dit kon doen. Die meeste van die meisies het gesê dat hulle doen dit omdat almal dit doen. Twee van die meisies het egter vir my vertel dat hulle hul sny omdat dit hulle laat vergeet van die ander goed wat met hulle gebeur het. Nody het vertel dat dit 'n mens beter laat voel vir 'n tyd.

## **4.7. Opsommend van binne die groep**

Wanneer ons na die meisies se verhale kyk, is daar letterlik honderde konstrukte van sake wat buite hulle kring 'n totaal ander betekenis kan hê en ook anders geïnterpreteer kan word. Die samelewing waarvan hulle deel is, het in baie opsigte bygedra tot hulle betekenisgewing van die konstrukte. My ervaring was

dat die meisies deur die konstrukte geroep en eintlik letterlik geskreeu het dat hulle raakgesien moes word. Die groep het aanvaarding gesoek in 'n wêreld wat vir hulle in baie opsigte net pyn gebring het. In die groep het hulle dit gekry wat hulle by die wêreld gesoek het en eintlik by die kerk moes gekry het, naamlik aanvaarding en liefde.

### 4.8. Konstrukte wat deur die breër gemeenskap op die tafel gesit is

Die meisies het in baie opsigte nie liefde en aanvaarding ontvang nie. Die roep na aanvaarding en liefde is misverstaan en het teenkanting van mense gekry. Daar was dus ook konstrukte wat in die gemeenskap oor die hoofkarakters en ook hulle wêreld geleef het.

#### *4.8.1. Vrotkol*

By die skool en in die gemeenskap het die meisies bekendgestaan as die vrot kol. Ouers wie se kinders nie deel van die groep was nie het gemeen dat die Here hulle geseën het deur die feit dat hulle kinders normaal was. Ek het van mense in die gemeente ervaar dat die meisies nie welkom by hulle was nie. Deur my werk met die meisies is ek deur baie in die gemeenskap gesien as een van die groep. Daar was selfs mense wat die feit dat ek by die kinders betrokke was aangevoer het as rede waarom hulle die gemeente verlaat. Die “vrot” was vir die mense iets wat as aansteeklik gesien is. By die skool is per geleentheid selfs in die skoolsaal verwys na die vrot spul van Randpoort. Die stories het versprei en my kerkraad het my gekonfronteer met die vraag of ek ook homoseksueel was. Baie mense het gevoel dat ons net die kol moet uitsny en dinge dan beter sal verloop. Met versugting wil ek waag om te sê dat die groep nie vrot was nie en, in baie opsigte selfs minder vrot was as die kerk. Die meisies het vir mekaar omgegee.

#### *4.8.2. Die plek van die vrou*

Wat die hele gedagte van die vrotkol vererger het, was die feit dat dit “vrouens” was wat so teen die norme opgetree het. Die gemeente het baie ouer lidmate wat baie goeie mense is. Hulle begrip van die plek van die vrou is egter in ooreenstemming met dit wat 50 jaar gelede die geval was. Die vrou se plek is in die kombuis. Die gemeenskap het dus soos Duncan en Barlow (2002) opmerk *“never truly viewed women as individual citizens endowed by the constitution with inalienable rights because they are to carry out traditional role expectations, despite the requirements of a modern economy*”. Die hartseer was dat die meeste vrouens ook hierdie siening gedeel het. Die meisies se “vrotheid” is hierdeur ook vererger. Hulle het ook nie aangetrek soos wat daar van vrouens in die gemeenskap verwag is nie.

### *4.8.3. Vrouens kan nie meisies molesteer nie*

Een van my groot probleme was die feit dat die volwasse homoseksuele vrouens die hoofkarakters uitgebuit het. Dit was vir my niks minder as statutêre verkragting en molestering nie. Vir die meeste van die mense was dit egter glad nie 'n probleem nie. Volgens hulle kan 'n vrou mos niks aan 'n groot meisie doen nie. Baie van die mense se idee van molestering was 'n man wat 'n minderjarige meisie molesteer. Die volle impak van die konstruk is nie ondersoek nie.

### *4.8.4. Vroulike homoseksualiteit is meer aanvaarbaar*

Die meisies het baie met die gedagte gespeel dat dit vir baie mense nie 'n probleem is as twee vrouens seks het nie. Die meisies het selfs gemeen dat die vir sommige mans aantreklik was dat 'n vrou met 'n vrou seksueel verkeer. Die meisies het byvoorbeeld gevoel dat dit verkeerd was as twee mans seks het. Die gemeenskap het hieroor dieselfde gevoel. Ek het van net een paartjie geweet waar 'n man met 'n man 'n verhouding gehad het. Terwyl die homoseksuele vrouens in die dorp redelik vrye teuels gehad het, is die twee mans baie erg aangerand op meer as een geleentheid, hulle motorvoertuie is beskadig en hulle is gevloek. Die volgende plakkaat beklemtoon die siening wat by mense bestaan:




### *4.8.5. Graad 10 is voldoende as akademiese kwalifikasie*

Toe ek in Randfontein gekom het, was ek geskok deur die groot hoeveelheid ongeskoolde mense wat daar was. Daar is ongelooflik baie mense wat glad nie skoolopleiding tot graad 12 gehad het nie. Baie min mense het enige naskoolse opleiding. Die hoofkarakters was ook die mening toegedaan dat skoolopleiding nie belangrik is nie. Die meisies se ouers het hulle in baie gevalle toestemming gegee dat hulle na graad 10 die skool kan verlaat. Die groep waarmee ek begin werk het, moes die betrokke jaar in graad twaalf gewees het. Van die hele groep is daar twee meisies wat graad 12 voltooi het en twee wat nou in graad 12 is. Vir die gemeenskap is 'n graad 10 of N1-kwalifikasie voldoende. Daar is baie mense wat nie so gevoel het nie. Die feit dat die mense so gevoel het oor akademiese opleiding het hulle ook nie slegte mense gemaak nie.

### *4.8.6. Daggamisbruik is nie 'n probleem nie*

Daggamisbruik van die hoofkarakters maar ook in die breër gemeenskap is 'n baie groot probleem. Die meeste van die meisies het, tot my skok, gedink dat dit makliker is om op te hou dagga rook as wat dit is om op te hou om sigarette te rook. Hulle het ook geglo dat dagga mens se longe skoon maak. Dagga het volgens hulle geen effek op 'n mens nie. 'n Mens kan dit rook sonder enige newe-effekte. Baie van die meisies se ouers het ook dagga gerook, wat enige

poging wat ek aangewend het om te verduidelik dat dit skadelik is in die wiele gery het.

#### *4.8.7. Die uitwerking van musiek op mense*

In Alexia se storie vertel sy van haar ervaringe aangaande musiek en hoe haar lewe verander het toe sy haar musiek vernietig het. Dark Angel vertel hoe een van die items wat die pastoor uit hulle huis uit gevat het en verbrand het, haar CD's was. Die musiek wat die meisies geluister het, was een van die grootste probleme wat die gemeenskap met die meisies gehad het. Die meisies het uit hulle pad gegaan om die musiek aan die hande te kry, omdat hulle geweet het dat mense 'n bepaalde opvatting aangaande *Heavy metal* gevorm het. Ek het 'n punt daarvan gemaak om vir die meisies se musiek aan die hande te kry wat in dieselfde genre was wat deur Christelike groepe gemaak is. Die musiek was baie harder as die sekulêre groepe s'n. Een van die onderwysers het uitgevind hiervan en vir die meisies gesê dat ek 'n *fake* dominee en 'n *fake* Christen is. Die konstruk wat die mense gehad het, het ooreengestem met een dame gesê het, naamlik dat die woorde dalk Christelik is maar dat die wysie in die hel gebore is.

#### *4.8.8. Pornografie is onskuldig*

Cat se storie hieroor is waarskynlik die mees eksplisiete. Sy voel dat sy vir die res van haar lewe gaan pornografiese flieks maak. Een van die groot krississe waaroor ek skool toe ontbied is, is dat die meisies 'n pornografiese video van mekaar in die badkamer gemaak het. Vir die meisies was dit 'n baie groot grap. Hulle het gevoel dis onskuldig. Die realiteit is dat dit 'n kriminele oortreding is om kinderpornografie te maak en te besit. Twee van die meisies is hieroor geskors. Die meisies se opvatting van pornografie is dat dit net prentjies is en geen skade doen nie. In 'n graad ses-klas by een van die laerskole is my probleem vererger. Ek het twee van die seuns gevang met pornografie op hulle telefone. Ek het die telefone gevat en die pornografie verwyder. Die seuns se pa het my die middag na skool gebel en tereggewys. Vir hom was dit ook onskuldig. Op 'n ander geleentheid het 'n graad 10-meisie haar selfoon vir my gegee om na 'n paar

foto's te kyk. Ek het pornografiese foto's van haar en haar vriendinne op haar selfoon ontdek. Ek glo dat pornografie ongelooflike skade doen, veral aan baie jong kinders.

### *4.8.9. Normaal*

Dit is seker een van die woorde wat die meeste gebruik is deur mense in die studie. Ek het gedink sekere dinge is normaal, die meisies het gedink sekere dinge is normaal en die gemeenskap het gedink sekere dinge is normaal. My groot vraag is wat eintlik normaal is. En wie bepaal wat normaal is? Elke mens dink sy of haar idees en verstaan van dinge is normaal.

Konstrukte per se is nie wat die skade doen nie. Wat die skade doen is as mense konstrukte godsdiens maak. Dit gebeur as ons, ons opvattings universeel maak en voel dat almal ons idee van normaal moet aanvaar. Anderson se gevolgtrekking klink aanvaarbaar: *"All of what I've learned can be catalogued in my memory and is there to use. It's all possibilities. The difference is my intention"* (Anderson 1997:251). Ons moet die openheid en volwassenheid hê om oor ons verstaan van sake te praat en dit te ontleed. Dit moet veral die geval wees as die konstrukte wat by ons leef skadelik is.

Een van die belangrikste dinge wat die navorsingsverhoog my geleer het, is dat 'n mens nie alles net moet aanvaar soos wat dit is nie. Peck (1997:167) se waarskuwing teen so 'n lewensuitkyk is hier van belang: "...*almost all the evil in this world is committed by people who are absolutely certain that they know what they are doing"*. Ons moet vra waarom dit so is, wie bepaal het dat dit is hoe dit is en vra of dit nie dalk herinterpreteer moet word nie. In die proses sal die kerk en gelowiges mense moet bystaan in liefde. Wat van ons in die proses van herinterpretasie verwag word, is geduld, liefde en aanvaarding.

### *4.8.10. Mag*

Wanneer daar na die meisies se verhale gekyk word, is een van die sentrale temas die tema van mag. Ganzevoort, Alexander en Veerman (2000:40) sê dat mag op baie subtiele maniere gekry word en dan gebruik en baie keer misbruik word. Die meisies se gevoel was dat mag iets was wat hulle nie gehad het nie. Mag was vir hulle iets wat ander mense gehad het waarmee daar skade aangerig is of waarmee hulle gestraf kon word. Hierteen het die meisies ongelooflik baie kritiek gehad. Kritiek bestaan net wanneer daar iets is wat anders is as wat jy dit verstaan (Foucault 1978:25). Die konstruk van mag is by die meisies tuisgebring deur volwassenes wat hulle mag in baie opsigte misbruik het. Baie van die meisies is gemolesteer en mishandel deur persone wat meer mag gehad het. Die begrip van die lewe en die konsep mag is 'n baie opsigte verweef. 'n Mens sou selfs kon sê dat dit uit dieselfde lap gemaak is (Foucault 1982:221). Die mag is nie noodwendig altyd negatief nie (Ganzevoort & Veerman 2000:40).

In hoofstuk een het ek al geskryf oor die verstaan van mag wat ook bepaalde gevolge vir myself kan inhou. Ek is aanvanklik ook gesien as net nog iemand wat mag gehad het. Die feit dat ek, “ek” is, 'n man, 'n predikant en ouer was, was alles vir hulle konstrukte van mag. Ek moes deurgaans vir die meisies sê dat hulle mag het, en dat ek net daar was om hulle te help om die mag te ontdek. Vir Gaventa en Cornwall (2006) is kennis as mag beslis 'n gevaar vir navorsing waarin deelname van mense verwag word wanneer dit verkeerd aangewend word. Ek moes baie hieroor nadink. Gaventa en Cornwall stel dit so:

> *Knowledge as power determines definitions of what is conceived as important, as possible, for and by whom. Through access to knowledge and participation in its production, use and dissemination, actors can affect the boundaries and indeed the conceptualisation of the possible. In some situations, the asymmetrical control of knowledge productions of ‘others’ can severely limit the possibilities, which can be either imagined or acted upon; in other situations, agency in the process of knowledge*

*production, or co-production with others, can broaden these boundaries enormously* (Gaventa & Cornwall 2006:122).

Die meisies het mense in magsposisies nie maklik vertrou nie. Hulle het teen enige vorm van mag gerebelleer. Hulle het mense met gesag verstaan as mense wat hulle stem wou steel. Leggo (1995:34) stel die vraag of dit ooit moontlik is om ’n ander se stem te “steel”. Is ons nie maar almal omring deur ’n see van stemme nie; my eie verskillende stemme tussen die verskillende stemme van ander? Hulle het geglo dat hulle nie 'n stem het nie, hoewel hulle tog 'n stem gehad het. Elke keer as 'n mens rebelleer of selfs teenkanting bied sê dit al iets van die magsverhoudings wat daar vorm of gevorm het (Foucault 1984:4). Ek kwalifiseer dat dit hier oor mag gaan en nie noodwendig gesag nie. Die twee is baie nou verbonde, maar daar was tog bepaalde gesagsfigure wat baie met die groep uitgerig het. Een van die mansonderwysers by die skool het genoem dat dit vir hom lekker was om vir die meisies skool te hou. Die meisies het weer op hulle beurt genoem dat hulle van hom gehou het omdat hy nie altyd aan hulle gekarring het nie. Die meisies het by hom selfs beter gedoen as by baie van die ander onderwysers.

Vir die meisies was mag baie meer as dit wat deur ander mense op jou afgedwing kon word en iets wat daardie persoon nie verdien het nie. Vir hulle was mag iets wat iemand gevat of afgedwing het. Hulle het hewig daarteen opgestaan en teenoor dit gerebelleer, byvoorbeeld teen die persoon wat die demone by die skool uit hulle moes dryf.

Mans is baie keer ook vir die meisies 'n simbool van mag. Van die meisies verduidelik dit veral aan die hand van vaderfigure. Hulle het baie verwys na vaderfigure wat mag gehad het maar dit nie regtig verdien het nie. Hulle het baie keer net mag gehad omdat hulle fisies sterker was. Foucault meen dat die vorme van kritiek nie noodwendig negatief is nie. Wanneer daar kritiek en teenkanting is kan dit help om 'n manier van “regering” te verbeter (Foucault 1978:28–29). Die

meisies se kritiek van veral hulle vaders en die manier hoe hulle mag gebruik, is nie positief nie. Ek het egter baie die indruk gekry dat hulle graag sou wou hê dat hulle pa's anders moes optree. Die konstruk wat deur veral die vaderfigure versterk is, is dat mag totaal negatief is.

Die meisies se eie uitleef van mag en hoe hulle dit verstaan het, is hierdeur beïnvloed. Hulle het gevoel dat omdat hulle nie 'n stem het nie, hulle nie mag het nie. Die meisies het later self die tipe mag gekry wat hulle gehaat het. Hulle mag het baie keer gelê in die vrees wat die ander kinders en in baie gevalle ook volwassenes vir hulle gehad het. Die feit dat almal, letterlik die hele dorp, oor hulle gepraat het, was ook vir hulle 'n verdere bron van mag. Hulle, wat in baie opsigte sonder 'n stem was, is gehoor deur middel van hulle optrede.

Vrees en 'n kragtige afdwing van gesag is dus deur die meisies as mag gesien. Hulle het dit gehaat, maar dit was iets wat hulle baie keer meer wou gehad het as enige iets anders. Hulle het ook geglo dat mag dus iets was wat aan enkeles gesag gee. Hulle het vir baie lank nie besef dat sonder om dit op gewelddadige maniere te vat, hulle ook mag kon hê nie. Ek het baie van die gedagte probeer maak dat daar 'n ongelooflike stuk mag in elke mens se storie lê. Soos Foucault (1983:350) dit stel, hoekom kan elke mens se lewe nie in 'n meesterstuk verander word nie? Om dié verstaan te begin leef het jy mag nodig. Wat nie noodwendig mag is wat jou bekend gaan maak nie, maar wel waarmee jy jou toekomsverhaal anders kan laat lyk. Die mag is dus soos ek vroeër gesê het kennis. Die meisies het die betrokke begrip van mag aanvaar en selfs in die "taal" begin praat, maar hulle het veral in gevalle waar hulle in moeilikheid gekom het, altyd terug gegaan na hulle "eerste taal" toe met ander woorde dat mag iets is wat ek net kan hê as ek dit met geweld vat en afdwing.

Foucault sien mag anders:

> *We must cease once and for all to describe the effects of power in negative terms: it 'excludes', it 'represses', it 'censors', it 'abstracts', it*

> *'masks', it 'conceals'. In fact, power produces; it produces reality; it produces domains of objects and rituals of truth. The individual and the knowledge that may be gained of him belong to this production* (Foucault 1986:194).

Dus eerder as om presies te sê wat mag is, moet ons eerder probeer reflekteer oor wat gebeur as mense mag het (Foucault 1982:217). Dit sal 'n mens help met die dekonstruksie van mag. Op die manier is mag iets wat verstaan kan word binne in 'n bepaalde konteks, wat uitgeoefen word deur mense wat in 'n bepaalde konteks bestaan.

**4.9. Gevolgtrekking**

Wanneer ons aan die drama dink wat spesifiek vir die studie op die tafel gesit is, is daar deurgaans interpretasies van konsepte en sake gemaak. Elke nuwe persoon wat na die navorsingsverhoog kyk, sal ook interpretasies maak. Dit gaan egter hier nie soveel oor die interpretasies van hulle wat buite die verhoog staan nie. Die verhoog wou in die eerste plek weet hoe die hoofkarakters hulle wêreld verstaan. Die verstaan is deurgaans beïnvloed deur die kontekste waarin hulle hul bevind het. Sou die meisies in 'n ander konteks geleef het, sou die stories en die interpretasies daarvan waarskynlik baie anders gewees het. Dit gaan dus hier oor wie die meisies is en wie hulle geword het in die wêreld waarvan hulle deel is.

Die meisies in die navorsingsverhaal het dus beweeg tussen die drie maniere van identiteitskepping soos Martin (2007) dit gebruik (sien 4.2 hierbo). Konstrukte wat op al drie vlakke geskep is, het 'n invloed gehad op wie die meisies geword het en as wie hulle hulself voorgestel het om te wees. Identiteitskepping is volgens Martin 'n aktiewe proses van doelmatige noodwendige keuses wat die individu moet uitoefen. Dit impliseer ook die voortdurende beweging tussen ruimtes en die oorskryding van grense. Dit het ook op die hoofkarakters se

siening van God is en hoe Hy in hulle stories en op hulle lewensverhoog teenwoordig is, ingewerk.

Die ideaal is dat die konstrukte wat ander mense gevorm het, nie sal bepaal wie 'n mens word of is nie. Die ideaal is dat 'n mens ook hier die nodige kennis sal hê om te bepaal watter konstrukte 'n rol in jou lewe sal speel en in watter mate dit 'n rol kan speel. In die proses het mens 'n veilige ruimte nodig om die konstrukte te ondersoek. Die kerk en die skool kan die ruimtes skep.

## Hoofstuk 5*:Waar was God toe ons gedans het?*

*'n Besinning oor die religieuse en spirituele aspekte, veral oor die teenwoordigheid van God, soos dit verstaan en ervaar word in 'n spesifieke situasie.*

### 5.1. Inleiding

Hierdie beweging van die navorsingsdrama sal kyk na hoe God op die verhoog beleef is en hoe die respondente, maar veral die hoofkarakters God beleef het en oor Hom gepraat het.

Die hoofstuk is nie 'n geforseerde poging om oor godsdiens te praat nie. Die beweging is 'n eerlike poging om te hoor hoe die medenavorsers die teenwoordigheid van God beleef (Müller 2005:82). Ek sal probeer om dit sover moontlik sosiaal-konstruksionisties te benader soos deur Müller voorgestel (2005:83). Die navorser se eie belewenis sal ook 'n bepaalde rol speel in die beweging (Müller 2005:82).

Een van die dinge wat ek moeilik in die studie kon ignoreer, is die religieuse aspek. Selfs die medenavorsers uit ander vakgebiede het op 'n manier vanuit 'n religieuse hoek gepraat oor die hoofkarakters. Dit is deel van die beperking van die "ek" wat in hoofstuk 1 bespreek is. Ek is vir baie van die mense die predikant. Daar is 'n persepsie wat by baie mense leef dat 'n mens anders moet optree as jy in gesprek is met 'n predikant. Die taalgebruik van die meeste van die respondente reflekteer dit ook.

Daarom gaan my fokus in hierdie hoofstuk nie wees oor hoe die meisies die kerk beleef nie. Ek gaan poog om regtig te kyk hoe hulle God en godsdiens sien en beleef.

Ek glo dat al was ek glad nie betrokke by die groep nie, sou die religieuse aspek steeds baie sterk teenwoordig gewees het op die verhoog waarna in die studie gekyk is.

**5.2. Die kerk as akteur van God**

Wanneer ons na die verhoogdramas kyk, word dit baie vinnig duidelik dat die meisies se idee en verstaan van God en geloof baie nou aan die kerk gebind is en nog meer spesifiek aan dit wat by die kerkgebou gebeur. Dit maak dit dus baie moeilik om die meisies se ervaring van God los te maak van hulle ervaring van dit wat by die "kerk" gebeur. Aangesien elke lidmaat van die kerk implisiet deel van God is, moet die rol van mense dus geensins onderskat word nie. Daar is baie gevalle in die meisies se verhale waar hulle hierdie feit ook bevestig het. Hulle verstaan van God is in groot mate gevorm deur die kerk wat uit mense bestaan. Die Bybel en lering van die kerk het 'n baie klein rol gespeel. Prins (2005:490) beklemtoon ook die tendens dat kinders baie min leer uit die Bybel en baie meer uit programme wat gemeentes geloods het om kinders se geloof te vorm.

Volgens die verstaan van die meisies is die kerk dus letterlik die verteenwoordiger van God op aarde en in hulle lewens. Dit klink met die eerste aanhoor daarvan na 'n baie goeie model om volgens te lewe en dit sou selfs gesien kon word as 'n kompliment vir 'n gemeente. Die kerk moet presies dit wees: verteenwoordiger van God op aarde. Die kerk is die plek, soos Prins (2005:487) dit stel waar geloof aan kinders geleer word en waar hulle beeld van God gevorm word.

Ek glo dat 'n stelling soos dié van Nietzsche ook om hierdie rede dan waarheid dra:

> *The concept 'God' invented as the antithetical concept to life – everything harmful, noxious, slanderous, the whole mortal enmity against life brought*

> *into one terrible unity! The concept 'the Beyond', 'real world' invented so as to deprive of value the only world which exists – so as to leave over no goal, no reason, no task for our earthly reality! The concept 'soul', 'spirit', finally even 'immortal soul', invented so as to despise the body, so as to make it sick – 'holy' – so as to bring to all the things in life which deserve serious attention, the questions of nutriment, residence, cleanliness, weather, a horrifying frivolity!'* (Nietzsche 2004:103–104).

Ek glo dat dit nie die manier is waarop dit veronderstel was om te wees nie maar as gevolg van mense en menslike waarheid kan ons baie hierin lees. Wanneer ons die kerk as akteur van God in die deel beskryf, is dit nie noodwendig 'n positiewe beeld nie. Hierdie God wat die kerk gebruik sou selfs as 'n deel van die probleem gesien kon word, eerder as deel van die oplossing. Die dans van die kerk, geloof en God is dus 'n baie duidelike deel van die verhoogdrama van die meisies.

Prins (2005:491) wys hoe jongmense se verhoudings lyk. Dit beklemtoon hoe belangrik verteenwoordigers van die kerk in jongmense se lewens is. 'n Groep tieners is versoek om aan te dui met watter volwassenes, benewens hulle ouers, hulle 'n verhouding gebou het wat van so 'n aard is dat daardie volwassenes vir hulle as rolmodelle dien in hulle geloofsvorming. Die reaksies wat verkry is, is die volgende:

1. Die dominee: 22%
2. Ouma/Oupa: 14%
3. Jeugleier by kategese/jeugaksie: 14%
4. Ander familie (meestal oom of tannie): 12%
5. Onderwyser/skoolhoof: 12%
6. Volwasse vriende (ouers van vriende en ouers se vriende): 11%
7. Broer/suster: 7%
8. Eie vriende: 5%

9. Huishulp: 1%

Die navorsing van Prins (2005: 491) maak dit duidelik dat die kerk 'n baie groot invloed het op jongmense se lewens, en by implikasie dan ook op hulle vorming van 'n beeld van God. Dit beklemtoon dus dat die kerk verhoudings met jongmense moet hê. Richards (1980:84) gee 'n goeie beskrywing van die kwaliteite wat in so 'n verhouding teenwoordig behoort te wees:

- Daar moet gereëlde en langtermynkontak met die rolmodel wees.
- Liefde is die basis waarop die verhouding gebou moet wees.
- Daar moet blootstelling wees aan die innerlike ervarings van die rolmodel.
- Die rolmodel moet in verskillende omstandighede en situasies waargeneem kan word.
- Die model moet konsekwent wees in gedrag, waardes ensovoorts.
- Die gedrag van die rolmodel moet korreleer met die oortuigings van die geloofsgemeenskap.
- Die rolmodel moet sy/haar gedrag verduidelik en in aansluiting daarby die nodige onderrig gee.

De Wet (2003:1466) gaan verder deur te sê: Geloofsvorming van tieners in die verbondsgesin vra dus 'n paradigmaskuif van 'n geïnstitusionaliseerde tienerbediening na 'n meer praktyk-, gesin-, verhouding-, gemeenskapsgerigte benadering. Geloofsbemiddeling aan tieners vra benewens kennis van die fisiese veranderinge by tieners, ook 'n deeglike begrip van die transformasie in hul denkwyse. Die kerk kan dus gesien word as 'n verteenwoordiger van God. Paris (2001:201) beweer: "*Personhood is not possible apart from participation in community, and a good community exists for the well-being of its members.*" Daar is egter twee beklemtonings van hierdie dialektiese verhouding: (1) die beklemtoning van die individu en (2) die beklemtoning van die gemeenskap. Barna en Hatch (2001:115) verwys in hulle studie na kulturele verskuiwings soos volg: "*In a decade when everyone's lifestyle will be so uniquely representative of themselves that there will not be 'lifestyle patterns' per se, Christians will*

*nevertheless have continual opportunities to show what a difference their faith makes in coping with the omnipresent chaos*." Dit beklemtoon net dat die kerk, soos die meisies in hulle verhale beklemtoon het, die verteenwoordiger van God op aarde is.

Barna (1995:109–115) verwys na faktore wat tieners in die 1990's gedefinieer het en hulle lewens gerig het. Hierdie faktore dui op sekere verskuiwings wat reeds vir 'n geruime tyd in die denke van tieners voorkom en wat die wyse van geloofsbemiddeling aan hulle direk raak, byvoorbeeld: persoonlike verhoudings tel en institute nie; die ontwikkeling van 'n karakter is van meer belang as sukses; gesinne is nie altyd beskikbaar nie, maar dáár word die beste emosionele ondersteuning gevind; een persoon kán 'n verskil in die samelewing maak, en tegnologie is tieners se natuurlike bondgenoot.

Die verstaan van die kerk as akteur van God is nie net negatief nie. Die meisies het dit in baie opsigte duidelik gemaak dat dié deel van die verhoogdrama ook positief was en vir baie steeds is, waar 'n verstaan van God oorgedra is wat positief is. Dat die kerk en die verteenwoordigers egter ook baie kanse verspeel het, kan nie ontken word nie.

### 5.3. God as die Een wat beskerm

Een van die gewildste metafore of Godsbeelde is die beeld van God wat beskerm. Ons sou ook kon praat van die gedagte dat God die goeie herder is, die een wat Sy skape oppas of beskerm. Ek glo ook dat dit een van die bekendste Bybelse beelde van God is, soos duidelik blyk uit Psalm 23. Daar is baie min mense wat nie die beeld ken nie.

Baie van die meisies het in hulle verhale en in die toevallige gesprekke gedeel dat hulle veral by die kerk veilig gevoel het. Wanneer daar oor God gepraat is, is daar ook baie keer na God verwys as die Een wat beskerm. Die meisies het ook

geen geheim daarvan gemaak nie dat die kerk baie keer die enigste plek was waar hulle veilig gevoel het. Baie van die meisies het vier keer of meer 'n week kerk toe gegaan om aksies daar by te woon. In dié opsig het die kerkterrein op 'n manier dieselfde veiligheid gebied as die begraafplaas.

Maar meer as net die veiligheid wat die terrein en die kerk gebied het, is een van die Godsbeelde wat baie sterk by die meisies geleef het, die beeld van God as 'n beskermer. Pienkie het byvoorbeeld in haar verhaal baie pertinent gesê dat God haar beskerm. God kan nie minder as 'n persoonlike God wees nie (McFague 2001:18).

Die beeld is veral in tye van nood deur die meisies onthou, hoewel baie van die meisies gesê het dat hulle nie glo nie en selfs dat hulle die duiwel aanbid en in hom glo. Ek kan 'n paar geleenthede onthou waar hulle dit bevestig het. Wanneer die meisies gebeure as 'n bedreiging ervaar het, het hulle óf by my huis opgedaag óf het hulle baie keer na 'n lang afwesigheid by 'n erediens opgedaag.

In een geval moes ek vir twee van die meisies in die hof gaan getuig het, nadat hulle vir diefstal gevang is. Hulle redenasie was eenvoudig dat Jesus die vrou in Johannes beskerm het terwyl sy tog verkeerd was. Op grond van hierdie verhaal het hulle verwag dat die kerk hulle moet beskerm.

Die kerk as instelling het dus vir baie van die meisies in hulle dramas 'n bron van veiligheid en beskerming geword. Vir die meisies is dit 'n belangrike deel van wie God vir hulle is. God beskerm. "*Mense het nog altyd hulle ervaring van God in menslike beelde en menslike taal beskryf. Dit kan nie anders nie. Menslike woorde en beelde is al wat beskikbaar is*" (Dreyer 1998:549). Die realiteit waarbinne die meisies se drama afspeel is die realiteit waarbinne hulle godsbeeld gevorm word.

**5.4. God wat liefhet en ons nie oordeel nie**

Wat baie nou aansluit by die gedagte dat God die Een is wat beskerm is die gedagte dat God nie oordeel nie en liefde is. Chirsty wat baie meer volwasse is en terugkyk op haar verhaal maak baie van die feit dat God genadig en liefde is. Die jonger meisies het dit almal ook op die een of ander manier gesê. Hulle sou gereeld sê: “Ons is nie gebreek nie; moet ons nie oordeel nie, ons is nie so sleg soos almal sê nie, daar is niks fout met ons nie”. Volgens die meisies se begrip is vir hulle baie duidelik dat God nie oordeel nie. Daarom was dit nooit vir die meisies 'n probleem om kerk toe te kom nie. Hulle het verstaan dat hulle daar net kon wees en nie geoordeel sal word nie. Hulle het verstaan dat: “Hier is daar nie sprake van eksklusiwiteit nie – nie ten opsigte van buitestaanders nie, nie ten opsigte van kinders nie, en ook nie ten opsigte van geslag nie” (Dreyer 1999:90). God is genadig en Hy oordeel nie.

Die beeld wat baie nou met hierdie beeld saamgaan dat God nie oordeel nie, is die gedagte dat God ons liefhet. Die meisies sien dit in groot mate soos McFague (1987:130):

> *We speak of God as love but are afraid to call God lover. But a God who relates to all that is, not distantly and bloodlessly, but intimately and passionately, is appropriately called lover. God as lover is the one who loves the world not with the fingertips but totally and passionately, taking pleasure in its variety and richness, finding it attractive and valuable, delighting in its fulfillment. God as lover is the moving power of love in the universe, the desire for unity with all the beloved, the passionate embrace that spins the “living pulsing earth” around, send the “blood through our veins”, and “draws us into one another's arms*”.

‘n God wat nie oordeel nie is vir die meisies ‘n God wat lief het. God, soos die meisies Hom verstaan, is 'n God wat nie oordeel nie, nie oor hulle sal skinder nie en hulle aanvaar soos hulle is, dus aan die hand van (McFague 2001:17) God wat hulle nie net met die vingerpunte lief het nie maar met alles. God se liefde is

liefde vir die wêreld, liefde wat tot uitdrukking kom wanneer God as vader, moeder, vriend, regter, koning, skepper en ook in terme van enige ander metafoor waarmee mense God in hulle gebroke wêreld mee verbeeld, by mense teenwoordig is.

**5.5. Kan God 'n Ma wees?**

By die lees van die meisies se verhale kan 'n mens ook die vraag vra: Kan God nie ook as moeder in die drama gesien word nie. Ek dink vir baie van die meisies sou dit baie makliker wees om oor God te dink in terme van 'n vroulike metafoor. Neuger (2006:63) skryf dat "... *when our primary images and metaphors equate God with a white, male ruler… it contributes to a culture in which white male rulership is seen, at the least, as normative, and at the worst, as divinely sanctioned.*" Wanneer daar dan dus oor God gepraat word in terme van vroulike metafore sou dit moontlik kon wees dat die meisies met die aspekte sou kon vereenselwig.

Die manlike beeld van God as enigste metafoor om van God te praat, werk nie vir al die meisies nie. Vir iemand soos Nody is dit een van die redes waarom sy nie veel met die kerk of God te doen wil hê nie. Vroulike metafore sou dit makliker gemaak het om met haar te praat oor God. Vroulike metafore alleen sou egter steeds nie genoeg gewees het nie, omdat sy ook negatiewe ervarings van haar ma gehad het.

Die realiteit is dat wanneer jy met die meisies oor God praat jy na alle moontlike metafore sal moet kyk en dat 'n mens nie uitsluitlik daaroor kan praat, nie maar dit ook sal moet lééf. 'n Godsbeeld by die meisies word nie deur woorde gevorm nie, maar deur op watter wyse ons in hulle lewensdrama deelneem as ons onsself Christen noem. En in hulle verwysingsraamwerk noem jy jouself nie 'n Christen deur bloot te sê jy is 'n Christen nie. Jy noem jouself 'n Christen deur jou assosiasie met die kerk soos wanneer 'n persoon op 'n Sondag of by geleentheid

by die kerk opdaag en deelneem aan kerklike aktiwiteite. In dié verband skryf Johnson (1992:4, 47): *that the images we use for God are not 'peripheral or dispensable to theological speech' or 'ecclesial and social praxis'. Rather they are powerful entities that may direct how people live their lives*." Paul Ricoeur (1967:349) sê: "*The symbol of God functions*." Dit is ook nie anders op die verhoog van die meisies se lewens nie en ook nie vir die navorsing nie. Daar is baie beelde van God, maar die vraag is hoe die hoofkarakters die funksionering van die Godsbeelde in hulle lewens verstaan.

**5.6. God is totaal afwesig**

In baie van die meisies se stories is dit duidelik dat nie saakmaak watter metafore of voorbeelde daar van God gebruik of geleef word nie. Vir die meisies is God afwesig en hulle gee nie regtig om oor watter geloof mens beoefen nie. Die meisies is net te veel teleurgestel. Hulle voer ook aan dat die enigste rede hoekom hulle kerk toe kom, is omdat hulle vriende daar is.

"Ons gee nie om oor God nie" was aan die begin (voor die meisies my beter leer ken het) die taal gewees wat baie van hulle gebesig het. Hoe beter ek die meisies leer ken het, hoe meer het ek verstaan dat dit nie noodwendig die geval was nie. Baie van die meisies het net al soveel keer seer gekry en met baie van hulle het dit onder die vaandel van godsdiens en die kerk gebeur. Daarna het hulle hulself oortuig dat daar nie 'n God is nie.

Die gevolg hiervan was in baie gevalle dat die meisies begin soek het na God en ervarings van God in ander godsdienste en op ander maniere. Die meisies het geëksperimenteer met wicca en die okkulte omdat hulle die ervaring gehad het dat God nie meer teenwoordig was in hulle lewens nie. Vervolgens beweeg ons na die hantering van die volgende onderwerp, naamlik dat God tasbaar is.

**5.7. God is tasbaar**

Die meisies het almal op die een of ander manier gepraat oor ervarings van God en godsdiens in taal wat tasbaarheid voorstel. Vir die meisies is godsdiens en God iets wat 'n mens kan ervaar en beleef. In hulle soeke na die tasbaarheid het baie van die meisies se paaie gekruis met die okkulte en veral met die sogenaamde wit-heksery (*wicca*).

Wat die gesprek oor die twee sake bemoeilik, is dat daar baie min vanuit die kerklike hoek nagedink is oor okkultisme en heksery. Daar is baie geskryf oor die kriminaliteit van die twee verskynsels. In die meisies se drama was dit een van die plekke waar hulle gesoek het na aanvaarding en 'n ervaring van die bonatuurlike.

Jonker (1991:5) omskryf die okkulte as 'n geloofsisteem met esoteriese kennis wat slegs aan 'n paar uitverkorenes en dié in opleiding bekend is. Dit is afhanklik van talente buite die normale vyf sintuie en staan in verhouding tot die bonatuurlike. Die woord “okkulte” verwys dus na alle aspekte wat met verborgenheid te doen het of in verhouding met die bonatuurlike staan en kan dus as 'n oorkoepelende term beskou word wat na verskeie okkultiese gelowe of aksies verwys (De Beer 2004:11). Volgens Bevolo-Manders en Dreyer (1998:736) is Satanisme 'n charismatiesreligieuse kultus wat gekenmerk word deur die godslasterlike omkering van alle Christelike norme en die Christelike ideologie. Volgens hulle sluit dit die aanroeping van Satan as voorwerp van verering in.

Vir die meeste van die meisies was dit net 'n manier om te eksperimenteer wat gekom het deur groepsdruk en die soeke na aanvaarding. Die meeste van die meisies wat betrokke was by die okkulte het berig dat dit “werklik” voel en wou weet hoekom die kerk nie so is nie.

Wanneer 'n mens suiwer oor die okkulte en heksery moet praat is die skadelikheid daarvan baie duidelik. Daar is ook 'n baie sterk kriminele sy daaraan verbonde. Dit word ook met die gebruik van dwelms geassosieer. Baie van die meisies het ook baie keer hiervan getuig.

My bedoeling is egter nie om die fenomene in besonderhede te bespreek nie. Daarmee wil ek ook nie die skadelikheid van die okkulte onderskat of vereenvoudig nie. Ons het baie in die groep oor die saak gepraat. Die meisies se ervarings van die okkulte was baie oppervlakkig en in baie opsigte gefabriseer. Die meisies was na my mening nie regtig sataniste of hekse nie. Daar is bepaalde sake wat my tot die gevolgtrekking laat kom dat die toetrede wat van hulle na die okkulte gemaak, hoe werklik dit ook vir hulle was, ook deel was van hulle soeke na God en identiteit. Dit was dus onomwonde deel van hulle eksperimentering.

Wat die meisies wat hierby betrokke geraak het beklemtoon het, was dat daar meer was as net dit wat ons met woorde kan beskryf. Hulle sou taal gebruik soos “Dit het gevoel, ervaring, ek kan nie vir jou verduidelik nie, dit was regtig”. Godsdiens en God is dus vir hulle baie sterk gekoppel aan gevoel en ervaring. God moet beleef kan word.

### 5.8. Algemene opmerkings in die navorsingsdrama wat dui op godsdiens en God

Wanneer ek na die gesprekke met die meisies kyk en hulle verhale lees en ook na hulle verhoogkaarte kyk, is dit baie duidelik dat die meisies baie nadink oor God en godsdiens. Teologies is hulle manier van dink nie noodwendig “korrek” nie, maar hulle is besig met God. Hulle is op geen stadium gedwing om by die kerk in te skakel nie, dit was hulle keuse. Dit is ook hoe ek die meisies en hulle situasie leer ken het.

Ander opmerkings wat die meisies gemaak het met verwysing na godsdiens en God sluit in:

- Daar is hoop.
- Geloof en gelowiges is skynheilig.
- Gelowiges oordeel.
- Geloof help nie regtig om enige iets beter te maak nie.
- Geloof en liefde is dieselfde.
- God hou nie jou verlede teen jou nie.
- God het my uniek geskep.

In en deur die navorsingsdrama het dit vir my meer en meer duidelik geword dat die meisies eintlik gesoek het na aanvaarding en 'n plek waar hulle kon bepaal wie hulle regtig is; 'n plek waar hulle veilig was en nie bang hoef te wees nie en dat iemand hulle gaan veroordeel of uitbuit en mishandel nie. Wat vir my positief was, is dat hulle dit by die kerk kom soek het. Dit was nie altyd so nie. My gevoel was aanvanklik dat die meisies my net wou ontwrig en my uit die werk uit wou hou. Ek sou in baie vroom taal kon sê dat die meisies op soek was na 'n ervaring van God in 'n wêreld vol onsekerhede en seer.

**5.9. Gevolgtrekking**

Godsdiens en God-*talk* is onlosmaaklik deel van die verhoog waarop ons onself bevind. Die hartseer is dat die verstaan van God in die verhaal gekontamineer is en op maniere gekonstrueer is dat baie meisies nie noodwendig deel wou gehad het aan die verhaal nie. Dit laat ernstige uitdagings vir godsdienstige instansies en leiers.

Die verhaal is egter nie totaal negatief nie. Daar is tekens dat baie van die meisies kerk toe gekom het omdat hulle gevoel het dat daar 'n Groter Hand teenwoordig was. Hulle het verstaan dat God genadig is, dat Hy hulle aanvaar

soos hulle is en dat Hy beskerm. Die kerk is ongelukkig nie op die stadium die instansie wat bepaal hoe God in hulle lewens sal funksioneer nie.

## Hoofstuk 6: Wat kan daar van ander vakgebiede geleer word?

*'n Beskrywing van ervarings, verryk deur 'n interdissiplinêre ondersoek.*

### 6.1. Inleiding

Die hoofstuk het ten doel om na ander navorsingsverhoë te gaan kyk en te luister. Die ander verhoë se interpretasie en verstaan van die navorsingsdrama is in hierdie deel van die studie belangrik. Daar sal ook weer na die meisies geluister word in dié deel van die studie. Twee van die meisies sal na die ander vakgebiede se interpretasies kyk en kortliks reflekteer oor hoe hulle die interpretasies sien. Müller (2009:203) wys daarop dat die interpretasies en bekommernisse van die meisies en die interdissiplinêre spanne nie noodwendig dieselfde is nie. Hy stel dat daar ook besin moet word oor wat vir die meisies belangrik is (Müller 2009:203). Die vier vrae waarmee daar in die hoofstuk gewerk is, is verminder na drie vrae toe (Müller 2009:227), met die klem op die meisies se ervarings en bekommernisse. Die werk is afgehandel vóór die vrae verminder is en oorgeskryf is. Die ekstra beweging deur weer terug te gaan na die meisies toe, is ingebou om die gaping te probeer vul. Die bekommernisse van die meisies sal dan hier aan die bod kom.

Interdissiplinêre werk is baie ingewikkeld. Taal, redenering, strategieë, kontekste en maniere om oor menslike ervarings te praat verskil tussen die verskillende gebiede (Müller 2005:83). Die interdissiplinêre ondersoek is egter 'n baie belangrike deel van die prakties teologiese ondersoek (Müller 2005:10). Die beweging soek die mening van ander teologiese dissiplines, maar ook van ander wetenskappe (Müller 2005:83). Die navorser sal luister na die ander wetenskappe om dan alles te probeer integreer (Müller 2005:83).

Binne die postfundamentalistiese manier van praktiese teologie bedryf, is om interdissiplinêr te werk 'n baie belangrike deel van navorsing. Die manier van

navorsing doen is versigtig vir relatiwiteit en ook vir subjektiwiteit van die multiversele en universele standpunte van fundamentalisme en nonfundamentalisme (Müller 2009:203). Die postfundamentalisme poog dus om op 'n derde manier te werk, naamlik transversaal (Müller 2009:203). Transversaal is dus om oor grense heen te werk wat deur mense, instansies en vakgebiede ontwikkel is. Dit is 'n baie werkbare manier om tussen verskillende dissiplines en vakgebiede te werk. Van Huyssteen (2007:19) stel dit soos volg:

> *In the multidisciplinary use of the concept of transversality there emerge distinct characteristics or features: the dynamics of consciousness, the interweaving of many voices, the interplay of social practices are all expressed in a metaphor that points to a sense of transition, lying across, extending over, intersecting, meeting, and conveying without becoming identical.*

Interdissiplinêre werk kan gebruik word om duideliker te spesifiseer wat die gedeelde standaarde en verstaan tussen teologie en ander wetenskappe is:

> *In an awareness of the history, theory, methodology and subject matter of particular disciplines, [it will] aim to explore how exactly these disciplines are brought together, transformed or transcended in different forms of interdisciplinarity, and what new forms of knowledge are created by these interactions* (Moran 2002:17).

'n Interdissiplinêre benadering:

> *can challenge traditional, outmoded systems of thought…; they can produce new, innovative theories and methodologies which open up the existing disciplines to new perspectives; they can help people to think more creatively about the relationship between their own subject and other ways of doing things* (Moran 2002:17).

Vanuit die vertrekpunt wat ek gekies het glo ek dat ek wel die vryheid het om binne ander vakgebiede rond te beweeg. Daar is meer as een bril om na die wêreld te kyk en ek glo dat om die studie deeglik te doen, daar van die ander brille ook gebruik gemaak moet word. Die post-fundamentalisme skep die ruimte om die studie te doen. Van Huyssteen (1998:5) sê dit is 'n moeilike proses waarbinne konflik en botsing nie uitgesluit is nie. Dit sal in groot mate van die navorser afhang of hy of sy met 'n vreedsame elegante "*Duet*" of 'n gewelddadige "*Duel*" te doen sal hê (Van Huyssteen 1998:6). Die proses kan dus nie anders nie as om die navorsingsverhoog te vergroot en te verbeter.

Die manier van werk is dus kontekstueel en stel belang in 'n verskeidenheid van interpretasies. Daarom kan dit ook nie anders nie as om weer terug te gaan na die konteks van die meisies toe.

**6.2. Kies van die interdissiplinêre span**

Die kies van die interdissiplinêre span is na my mening 'n baie belangrike deel van die studie. Die interdissiplinêre deel van die studie is vir my soos die besoek van ander navorsingsverhoë waarop daar deurgaans ook navorsingsdramas aan die gang is. Die ander verhoë het perspektiewe wat ek nie noodwendig het nie en wat die teologie alleen nie noodwendig sou kon gee nie. Die interdissiplinêre span en ondersoek sou dus dien as 'n waardetoevoeging tot die studie, maar ook tot die meisies en die navorser se lewens. Dit was 'n baie sinryke deel van die studie maar baie keer ook net so 'n groot frustrasie.

Ek glo daar sou moontlik kritiek kon wees op hierdie deel van die navorsingsmetode. Die kritiek sou veral gerig kon wees op die feit dat die samestelling van die interdissiplinêre span te veel dissiplines dek. Ek het egter werklik in hierdie deel van die proses gesoek na vakgebiede wat tot die drama soos ek dit verstaan en geïnterpreteer het, kon bydra.

Die kies van die interdissiplinêre span was aan die begin vir my baie eenvoudig. Ek moes 'n span mense bymekaar kry wat my kon help om te reflekteer oor die meisies se stories vanuit verskillende vakgebiede. Die groep mense is redelik vroeg in die navorsingsproses al saamgestel. Ek het die persone gevra of hulle sou wou deelneem en vir hulle die implikasies en my verwagtinge verduidelik. Ek het die meisies se verhale vir elke medewerker gegee en aangedui dat hulle ses maande het om 'n reaksie op die verhale te skryf en dat ek dan 'n uur se gesprek met hulle oor die verhale sou wou hê. Baie van die aanvanklike interdissiplinêre span het na die ses maande tydperk egter aangedui dat hulle nie meer kans sien om aan die studie deel te neem nie, aangesien hulle tyd baie beperk was.

Ek het toe 'n nuwe span gekies aan die hand van die volgende kriteria:

1. Mense wat as deel van hulle dagtaak met mense werk.
2. Mense wat akademies gekwalifiseerd is om met mense te werk.
3. Mense wat die konteks van die navorsingsdrama verstaan.
4. Mense wat beskikbaar en bereid was om te help.

Die kies van die span was dus 'n komplekse taak en het baie meer tyd in beslag geneem as waarop ek gereken het.

## 6.3. Bekendstelling van die interdissiplinêre span

### *6.3.1. Drama*

Die persoon wat die deel van die span sal verteenwoordig is Hester Brown. Hester het 'n BADrama- en BAHons-graad aan die Universiteit van Pretoria behaal.

### *6.3.2. Kommunikasiekunde*

Die persoon wat gekies is, is Sunette Rossouw, BA Kommunikasie (UOVS)

BAHons: Bedryfsielkunde (Unisa). Die wêreld van Kommunikasiekunde en taal het het 'n groot bydrae te lewer tot 'n studie soos dié. Kommunikasie is een van die belangrikste aspekte van menslike lewe. Gadamer (1982) wys daarop dat verstaan plaasvind op grond van dialogiese gesprek. Die gesprek gebeur ook binne 'n konteks wat ook in ag geneem moet word. Die meisies het oor baie sake verbaal en nieverbaal gekommunikeer.

#### *6.3.3. Onderwys*

Vir onderwys het ek van 'n span probeer gebruik maak. Ek het dit gedoen omdat die mense die kinders baie beter geken het en vanuit 'n ander hoek beleef het as ek. Ohna Visser (BEd Snr en VOO) was die persone wat ingespan is.

#### *6.3.4. Sielkunde*

Sielkunde en die interpretasie van 'n persoon met die kennis is baie belangrik vir 'n studie soos dié. Ilze Jansen is 'n Voorligtingsielkundige (MA Voorligtingsielkunde, MA Bybel- en Godsdienskunde).

#### *6.3.5. Maatskaplike werk*

Jose Kritzinger is die senior maatskaplike werker vir die Abraham Kriel Kindersorg se Langlaagtekampus. Jose se kollegas het ook bepaalde insette gelewer. Maatskaplike werk is een van die vakgebiede wat baie nou by die meisies betrokke was. Hulle interpretasie van dit wat op die verhoog gebeur het, is dus baie belangrik vir die studie.

#### *6.3.6. Menslike hulpbronne*

Menslike hulpbronne is een van die afdelings in die meeste maatskappye wat die meeste met mense te doen kry. Ek wil selfs waag om te sê dat hulle met meer mense te doen kry en met meer mense verhoudings bou as die meeste sielkundiges. Die persoon wat ek gekies het om deel van die span te wees is 'n menslikehulpbronbestuurder by Nedbank, Willie Labuschagne (DPhil (LPC) – Leadership, Performance & Change; MPhil (PPL) – Personal and Professional

Leadership; BAHons Semitiese Tale; BA (Admissie); Diploma – Human Resources Management, Diploma – Conference and Events Management. (Ek hou die titel soos wat dit op die diplomas verskyn.)

#### *6.3.7. "Life coach"*

Ek het ook besluit om iets te doen om die meisies meer positief in te stel. *Coaching* is een van die dissiplines wat daarop gemik is om 'n positiewe ingesteldheid by mense te bewerkstellig. Vir die deel van die studie het ek Elisia Coetzee gevra om te help. Sy is 'n gesertifiseerde *lifecoach*/leefstylafrigter. Sy het haar kwalifikasie deur *Results Coaching Systems* gekry in 2006. Hulle is 'n internasionaal geakkrediteerde opleidingsmaatskappy en voldoen aan al die vereistes van die "International Coaching Federation". Die kwalifikasie word dus internasionaal erken.

#### *6.3.8. PhD-groep*

In baie studies word daar verwys na studente of studiegroepe se bydraes tot 'n bepaalde studie. Die probleem wat ek daarmee het, is dat daar net aan die begin of einde van die studie dankbetuigings gedoen word. Ek het dus ook van die mense wat in die PhD-groep waarvan ek deel was, gevra om hulle bydrae te lewer in hierdie gedeelte van die studie. Chris Viljoen, Lafras Lombaard en Anneke Viljoen het met die deel gehelp. Hulle is almal PhD-studente aan die Fakulteit Teologie.

#### *6.3.9. Ander praktiese teologie*

My bedoeling in dié deel was om met meer internasionale kundiges in verbinding te tree. Die persoon wat my hier gehelp het, was prof dr R Ruard Ganzevoort, hoogleraar in Praktiese Teologie, by die Vrije Universiteit Amsterdam. Hy het al baie oor die onderwerp gepubliseer.

### 6.4. Vrae wat beantwoord moet word

Daar sou verskillende benaderings gevolg kon word ten opsigte van die vrae wat beantwoord moes word. Die metodes wissel van 'n vraelys tot by 'n vrye interpretasie van die interdissiplinêre span oor enige aspekte vanuit enige hoek. Die proses wat deur Müller (2009) ontwikkel is, is in die proses gebruik. Die proses rig die gesprek en keer dat daar net algemene teoretisering kan gebeur. Die verhale sal bespreek word aan die hand van die volgende vrae:

1. Wat is die sake wat jou bekommer wanneer jy die stories lees?
2. Wat is jou vakgebied se unieke perspektief op die storie?
3. Hoekom dink jy sal die perspektief deur ander vakgebiede waardeer word?
4. Wat sal jou grootste bekommernis wees as jou vakgebied nie ernstig opgeneem word nie?

Die verhale van die meisies is aan die interdissiplinêre span gegee om beantwoord te word.

**6.5. Reaksies van interdissiplinêre span**

Die interdissiplinêre span is dus almal mense wat op verhoë besig is om met mense en hulle verhale te werk.

**6.5.1. Drama**

Ek het nie aanvanklik met die gedagte gewerk om die navorsing as verhoogdrama te dokumenteer of te benader nie. Die gedagte het met tyd ontwikkel. Veral Nietzsche (1956) se "*The birth of tragedy*" het my in hierdie bepaalde rigting gestuur. Drama en die kyk na die drama kan genesing bring. Die narratiewe benadering werk ook met die beginsel dat stories, die vertel daarvan, die interpretasie daarvan en uiteindelik die hervertel van verhale genesing kan bring. Drama is volgens my 'n kreatiewe manier om 'n storie te vertel. Die

dramadeel sal twee fasette hê, naamlik die interpretasie van 'n kundige en dan 'n interpretasie uit die literatuur.

**Vraag 1: Wat is die sake wat jou bekommer wanneer jy die stories lees?**

My grootste bekommernis soos ek deur die verhale lees is dat dit voorkom asof die droomstories nie baie duidelik gedefinieer is nie. Ek sou graag wou gehad het dat die meisies 'n toekomsverhaal kon opstel. Sodoende kan hulle ’n duidelike toekomsplan opstel en mense identifiseer wat vir hulle as hulle gekose ondersteuningsisteem kan dien. Die meisies kan dan ook mense wat hulle in die verlede seergemaak het, in die rolle plaas waar hulle gemaklik met hulle is, of heeltemal uit hulle storie uitskryf. Navorsing het bewys dat indien planne nie neergeskryf word nie, dit nie bereik word nie. ’n Storielyn met ’n gedetailleerde rolverdeling van die toekoms is die ideale manier om doelwitte neer te skryf sonder dat dit voel soos ’n gedwonge sinlose oefening.

**Vraag 2: Wat is jou vakgebied se unieke perspektief op die storie?**

Ek dink dat my dissipline se unieke perspektief die bydra van helderder definiëring en verstaan van die storielyn sal help ontwikkel, asook die bydrae wat rolverdeling tot die lewensstorie kan maak. Dit kan die mag en vryheid gee om mense in die meisies se lewe in die rolle te plaas waar hulle die mense wil hê en nie waar die mense oorspronklik gefigureer het nie. Dit gee aan hulle meer vrymoedigheid om hulle droomstorie te kan skryf.

**Vraag 3: Hoekom dink jy sal die perspektief deur ander vakgebiede waardeer word?**

Die konsep om doelwitte en drome neer te skryf is ’n algemeen aanvaarde gebruik. Die meeste professionele mense van ander dissiplines erken ook die nut daarvan om nie net doelwitte te hê nie, maar om dit ook neer te skryf. Ek is

oortuig dat ander dissiplines ook die waarde daarvan sal erken om die droomstorie neer te skryf as 'n storie met rolverdelings en gedetailleerde planne van die wyse waarop die meisies dit wil bereik wat hulle wil.

**Vraag 4: Wat sou jou grootste bekommernis wees as jou vakgebied nie ernstig opgeneem word nie?**

Indien my bekommernisse nie hanteer word nie, sal die droomstorie nie helder genoeg beskryf word nie en dan gaan dit nie kan meewerk tot verandering nie. Die droomstorie is 'n inspirerende droom wat die moeite werd is om voor te veg. Die geskiedenis en navorsing het al menigmale bewys dat indien die droom nie helder genoeg gedefinieer word nie, dit nie behaal gaan word nie.

**Ter afsluiting**

Alhoewel ek sekere bekommernisse het, is dit vir my 'n baie bemoedigende ervaring om te sien hoe een mens wat onvoorwaardelike aanvaarding gee 'n groot verskil kan maak. Ek het in die stories van die meisies beleef hoe onvoorwaardelike aanvaarding jong mense se belewenis van God en die kerk onherroeplik kan verander.

#### *6.5.1.1. Unieke beskouing van drama*

- Die toekoms van die meisies is belangrik en moet beter gedefinieer word.
- Aan mense binne die meisies se verhale moet nuwe rolle toegeken word en mense wat die meisies doelbewus seergemaak het, kan selfs uit die verhale uitgeskryf word.
- Storielyn en storielynontwikkeling is baie belangrik. Die meisies moet hulle verhale ontwikkel.
- Die meisies het hoop vir die toekoms.

### 6.5.2. Kommunikasiekunde

**Vraag 1: Wat is die sake wat jou bekommer wanneer jy die stories lees?**

Ek dink al hierdie meisies het baie hard om hulp geroep met hulle dade, maar niemand het dit verstaan nie. Hulle het aandag gesoek, maar dikwels die verkeerde tipe aandag gekry.

Hulle agtergronde is tragies en die meeste van hulle het nie baie geleenthede gehad nie. Die ouers het nie belang gestel nie en het nie juis aandag gegee nie. Omdat hulle nie tuis ondersteuning gekry het nie, het hulle dit in die groep gesoek.

Die groep het hulle eie taal gehad, woorde soos “skeef” en “Wiccan” is gebruik en almal het byname gehad. Hulle het ook 'n erge mengelmoes van Afrikaans en Engels gepraat. Dié manier van praat het hulle deel van die groep laat voel en van ander onderskei.

Die meisies het in die meeste gevalle ook nie die vrymoedigheid gehad om met iemand wat kan help te praat nie. Hulle het onder mekaar gepraat, wat eintlik net die hele situasie vererger het.

Hulle dade spreek in hoofletters dat daar fout was! Hulle gedrag was 'n manier om hulle ongelukkigheid en onsekerheid oor te dra.

**Vraag 2: Wat is jou vakgebied se unieke perspektief op die storie?**

Die kommunikasie van die meisies was swak. Die nieverbale boodskappe wat hulle uitgestuur het, is nie raakgesien nie. Dit sluit in die lesbiese verhoudings, selfmoorde en -pogings, hulle kleredrag, die feit dat hulle as sataniste gesien is, ensovoorts. Die meeste van hulle se selfbeeld was laag en eintlik het hulle net hulp en aandag gevra.

Die seine wat hulle uitgestuur het, is verkeerd "gelees" en hulle is gesien as probleemkinders wat gestraf moet word. Die ouers of onderwysers het ook nie altyd hulle mengelmoestaal verstaan nie. Hulle het nie die regte manier geken waarop hulle hul probleme kon oordra nie. Vir hulle was die manier van praat iets wat hulle veilig in die groep laat voel het. Hulle het deur die gebruik van die mengelmoestaal gevoel hulle "behoort" iewers.

Hulle wou vir die samelewing 'n boodskap stuur dat hulle die onaantasbares was en dat hulle sterk genoeg in hulle groep was. Hulle het die reëls en norms wat vir die samelewing aanvaarbaar was, verwerp.

Hierdie meisies sal geleer moet word hoe om hulle gevoelens korrek oor te dra en dat aggressiwiteit nie die antwoord is nie.

**Vraag 3: Hoekom sal die perspektief deur ander vakgebiede waardeer word?**

Toe mense wat wou help met hulle begin praat, was die groep nie seker hoe om dit te interpreteer nie. Hulle kon nie glo dat iemand hulle regtig wou help nie. Hulle het nie ander mense vertrou nie. Eers later het hulle begin besef dat die bemoeienis eg is.

Ander mense wat help, soos sielkundiges of onderwysers, sal moet leer om op die meisies se vlak te kommunikeer en hulle taal te praat. Hulle sal ook moet leer om die nieverbale boodskappe wat uitgestuur word, korrek te lees. Onthou: dade tel meer as woorde!

Die manier waarop die meisies hanteer word en hoe daar met hulle en hul families gekommunikeer word, gaan die eindresultaat van hierdie hele proses bepaal. Hulle moet nie afgeskrik word nie, maar aanvaar word. Raas en baklei sal nie help nie. Ons moet hulle hier saggies en simpatiek hanteer.

Tydens kommunikasie word betekenis as volg oorgedra: slegs 7% geskied deur woorde, 50% deur liggaamstaal en 43% deur stemtoon en gesigsuitdrukkings. Luister is net so 'n belangrike deel van die proses. Dit moet deur alle terapeute in gedagte gehou word.

**Vraag 4: Wat is die grootste bekommernis as die vakgebied nie ernstig opgeneem word nie?**

As 'n mens na die meisies se droomstories kyk, het almal van hulle groot drome en hoop vir die toekoms. Dit sal tragies wees as hulle nie al hulle drome verwesenlik nie.

Hoe hierdie meisies gaan ontwikkel as hulle ouer word, gaan grootliks afhang van hoe hulle nou hanteer word. Daar moet op so 'n manier met hulle gekommunikeer en na hulle geluister word, dat hulle selfbeeld weer opgebou kan word en hulle as waardige burgers van die samelewing gesien kan word.

Dit sou baie jammer wees as terapeute nie kan deurdring tot hulle nie, en hulle voortgaan soos hulle gewoond is. Ek kan vir elkeen wat met die meisies werk aanbeveel dat hulle 'n boek oor kommunikasie moet bestudeer en dit in gedagte hou tydens sessies met die meisies.

Sonder kommunikasie kan daar geen kontak wees nie!

***6.5.2.1. Unieke beskouing van kommunikasiekunde***

- Die meisies roep verbaal en nieverbaal om hulp.
- Taal en die gebruik van taal maak 'n mens deel van 'n groep.
- Die meisies se unieke taal is nie raakgesien nie en net so baie is dit verkeerd geïnterpreteer.
- Taal is verbaal sowel as nieverbaal en die grootste deel is nieverbaal.

- Die meisies moet begelei word om hulle taal en taalvaardighede te ontwikkel.
- Die meisies se verhale moet interdissiplinêr benader word.
- Die meisies het almal drome.
- Die meisies het 'n verdraaide beskouing van mag.

### 6.5.3. Onderwys

**Vraag 1: Wat is die sake wat jou bekommer wanneer jy die stories lees?**

My gevoel is dat al hierdie meisies (of altans die meeste van hulle) mettertyd verander het. Daar was by almal gebeurtenisse waar een of beide ouers of ander familielede betrokke was en dan hoofsaaklik ook verhoudings met ouens wat skeef geloop het. Hul grootste vrees was dat hulle nie sover sou kom om mans weer te vertrou nie. Onderwysers etiketteer ook hierdie meisies as moeilikheidmakers en ek glo nie hulle is almal moeilikheidmakers nie. Ek dink nie een van hulle is regtig 'n moeilikheidmaker in eie reg nie, maar hulle doen wat hulle doen om aanvaar te word en om die aandag te kry wat hulle nie by hul ouerhuise ontvang nie.

Al die meisies het baie seergekry en nie geweet hoe om dit te hanteer nie, en het daarom mans begin haat. Verder het die meisies seks op 'n jong ouderdom ervaar. Dit kan hulle lewens vir altyd vernietig omdat hulle nie weet hoe om al die gevoelens te hanteer nie. Die seks was nie net met meisies nie maar ook met seuns. Hulle is baie onverskillig en moet besef dat seksueel-oordraagbare siektes 'n werklikheid is. Hulle is baie duidelik nie daaroor bekommerd nie. Hulle probeer al hulle seer verlig met ander goed soos drank en dwelms en dergelike dinge. Dit is nie die oplossing nie. Hulle sal hulp moet kry, al dink hulle hul het dit nie nodig nie. Hulle moet leer hoe om teleurstellings te verwerk en te hanteer. Verder ervaar hulle die skool en onderwysers baie keer net in 'n negatiewe lig. Hulle het die skoolopvoeding nodig om hulle drome waar te maak en om te gaan

studeer. Verder kan hulle nie net alles by die skool doen soos wat dit hulle pas nie. Dit is waarskynlik dat hulle dan 'n *gang* sal vorm dwelms, drank, en seks misbruik, baklei, en niks meer doen nie. Die lewe buite die skool is moeilik en ek dink hulle is te jonk om dit te besef. Dit is net jammer hulle sien dit nie so nie. Hulle voel ook dat reëls net daar is om hulle in te perk, maar dit is nie die realiteit nie. Reëls is nodig om jou verstaan van reg en verkeerd en daarom jou waardes te vorm wat die dinge in jou lewe betref. Hulle eksperimenteer ook baie met dinge waarvan hulle nie die invloed verstaan nie.

Verder wil hulle almal ook vir hulle kinders eendag in die toekoms 'n beter lewe gee as wat hulle gehad het en dit is vir my positief. Die meeste van die meisies het in moeilike omstandighede grootgeword en ek dink die meeste van die gesinne het hulp op verskeie vlakke nodig. Kerke in Randfontein kan meer doen om die mense te bedien en 'n groot omvang van hulp aan die families verskaf. Hulle moet bewus gemaak word van watter groot verskil goeie ouerskap maak. Dit is ook vir my duidelik dat hulle wel ook wonder oor dinge en weet dat alles wat hulle doen nie altyd so reg is as wat hulle in die stories skryf nie.

**Vraag 2: Wat is jou vakgebied se unieke perspektief op die storie?**

Ek dink ek kan regtig 'n baie goeie bydrae lewer omdat ek daagliks met alle tipes kinders werk. As onderwyser moet 'n mens altyd baie versigtig wees hoe en wat 'n mens sê en doen en hoe 'n mens optree. Dit moet te alle tye professioneel wees sonder om slegs jou as onderwyser se mening te gee. Ek ken verskeie meisies wat wel “skeef” is, en 'n mens moet net leer hoe om met hulle te werk. Hulle eerste instink is altyd om aggressief te wees en hulle is aan die begin opstandig, maar hoe meer ek met hulle gewerk het, hoe beter het ons mekaar leer ken, en het hulle my vertrou en ek het hulle behandel soos alle ander kinders. Die rede hiervoor is dat daar so 'n groot verskeidenheid leerders in die klas was wat uit verskillende agtergronde en kulture kom met verskillende sienings, seer, omstandighede en drome en daarom is hoe jy as onderwyser

optree, wat jy sê en wat jy doen so belangrik as voorbeeld vir die leerders. Ons werk 'n minimum van agt uur van 'n dag met kinders, en die halfuur of so wat ons hulle in die klas het, kry hulle meer aandag as wat die meeste van hulle vir 'n hele dag by hul ouerhuise kry. Aan die einde van 'n jaar het jy met een kind meer as 80 ure spandeer. Ons ken die kinders redelik goed na afloop van 'n jaar en ek het al agtergekom, dat dit nie saakmaak hoe "volwasse" hulle hulleself beskou nie. Almal hou van positiewe aandag en almal is maar net kinders.

Onderwysers kan 'n geweldige groot invloed hê op die leerders waarmee hulle in aanraking kom, omdat hulle omtrent elke dag saam met die leerders spandeer. Leerders hou onderwysers altyd dop en daarom moet onderwysers uiters versigtig wees en ook sensitief. Dit is belangrik om al die leerders te aanvaar met al hulle verskille, wat die leerders is en vir wie en wat hulle as individue is, anders kan dit probleme vir jou as onderwyser en met die leerders veroorsaak.

**Vraag 3: Hoekom dink jy sal die perspektief deur ander vakgebiede waardeer word?**

Ons as onderwysers sien die leerders selfs meer as wat hulle ouers hulle sien, en daarom leer 'n mens die leerders as individue regtig goed ken. Al weet jy as onderwyser nie alles van die leerders wat voor jou sit nie en hulle nie van jou nie, is daar tog 'n band wat vorm. Die meisies in die verhale is nie leerders wat meer probleme as ander leerders in die klas gee nie, behalwe J3 en Nuki, omdat hulle sal praat sonder om eers daaroor te dink. Verder is die meisies ook gemiddelde presteerders, alhoewel die meeste van hulle nie met wiskunde en fisiese wetenskap volhou nie. Dit is maar 'n algemene probleem onder die meisies. Dit kan wees as gevolg van hul omstandighede en daarom raak hulle probleme en die soeke na wie en wat hulle regtig is vir hulle belangriker as huiswerk en uithouvermoë. Ek dink dat as daar meer geleenthede is om die tipe leerders te help, hulle wel sal kan presteer.

Ander dissiplines kan waarde hieruit put omdat onderwysers baie nou betrokke is by die leerders omdat ons hulle so baie sien. Daarom sal van die leerders ook na van die onderwysers opkyk en die onderwyser begin vertrou. Dit is ook baie belangrik dat die onderwyser dit wat die leerder met hom/haar deel baie vertroulik sal hanteer en dit nie aan ander personeel sal oordra nie.

Wat ander dissiplines hier kan leer is dat daar baie plekke in die onderwys is waar ander professionele persone hulp kan verleen deur onderwysers op te lei en ook dat die persone self van hulle tyd sal gee om die skole (leerders en onderwysers) met die situasies te help. Onderwysers speel 'n groot rol in die leerders se lewe en daar is nie altyd die nodige tyd in die klasse om aandag aan die situasies en gebeure te gee nie. Die probleme is soms nie baie duidelik teenwoordig in die klas nie, veral as die meisies nie daaroor wil praat nie. Die meisies steek ook weg dat hulle probleme het, al het hulle hulp nodig, want hulle wil nie in die moeilikheid kom nie. Miskien voel hulle onbewustelik dat mense hulle gaan oordeel omdat dit wat hulle is nie voldoen nie aan die norm nie en hulle voel dat dit nie die skool se besigheid is nie.

Ander beroepe se mense werk dus nie so direk met kinders nie. Hulle sien dalk kinders een keer 'n week, waar ons elke dag met verskeie tipes kinders werk. Ek het die gevoel al gekry dat omdat ek nog relatief jonk is, hulle nog kan assosieer met 'n mens en dat ek hulle redelik goed verstaan. Die leerlinge leer ook hoe om jou te vertrou, wat hulle nie normaalweg gewoond is aan nie, en dit beteken vir hulle baie. Hulle voel dan dat iemand belangstel en omgee. Onderwysers is eintlik alle beroepe in een (beraders, ouers, opvoeders en dan moet ons hulle nog iets van die vak ook leer).

**Vraag 4: Wat sal jou grootste bekommernis wees as jou vakgebied nie ernstig opgeneem word nie?**

Ek dink dat as mense die onderwysers se menings ignoreer kan dit skadelik en nadelig wees vir alle leerders (nie net homoseksuele leerders nie). Daar is ook 'n gevaar dat ander dissiplines nie die probleme sien wat onderwysers daagliks moet hanteer nie.

Ek het al gevoel dat sommige onderwysers ook ingelig moet word oor hoe om kinders beter te hanteer. Ek leer ook nog, maar baie kinders se omstandighede is die oorsaak dat hulle “skeef” geword het. Ouers en volwassenes moet leer hoe om na kinders te luister, sonder dat die kinders die ouers voorsê wat om te doen. Kinders het baie aandag nodig en hulle wil 'n gevoel van aanvaarding beleef, tuis en in die omgewing waarin hulle woon. In hulle soeke na aanvaarding begin hulle met allerhande dinge eksperimenteer, en die meeste van die tyd bly dit nie by die eksperiment self nie. 'n Mens raak so vinnig gewoond aan die nuwe manier van leef dat jy te bang is om terug te keer na die ou lewe toe. As jou ondersteuningstelsel tuis en in die familie nie sterk genoeg is nie, kan 'n mens maklik verval in iets wat jou tydelik beter laat voel. Ek dink 'n mens moet nie 'n kind so hanteer dat hulle nie anders kan as om na ander moontlikhede te soek nie.

'n Mens moet na kinders luister, maar kinders moet ook respek toon vir alle “ouer” mense. Mense ignoreer kinders te vinnig. Kinders kan vir hulleself dink, maar hulle het bietjie leiding nodig, al is dit soms net om te kan weet hulle is nog op die regte pad. Onderwysers is net vir 'n klein rukkie verantwoordelik vir die kinders. Daarna (na skool in die middae, ens) is hulle op hulself aangewese en dit is dan waar die skade aangerig word.

#### *6.5.3.1. Unieke beskouing van onderwys*

- Etikettering is 'n probleem.
- Die rol van die ouerhuis is belangrik in die opvoeding van kinders.
- Die rol van die skool en onderwys is baie belangrik in die verhale van kinders.

- Mense is individue en hulle kontekste verskil. Almal kan nie dieselfde hanteer word nie.
- Onderwysers moet toegerus word om met probleemtieners te kan werk.

**6.5.4. Sielkunde**

**Vraag 1: Wat is die sake wat jou bekommer wanneer jy die stories lees?**

My grootste besorgdheid is dat die meeste van die meisies geen hulp ontvang het na die traumatiese gebeurtenisse wat hulle beleef het nie. Wat met elkeen van hulle gebeur het, is geweldig traumaties veral op hulle jong ouderdom en die meeste van hulle is toe nog deur hulle “significant others” soos byvoorbeeld 'n ma verwerp.

Hulle het beslis kwessies met vertroue, verwerping, aanvaarding (van ander en hulleself), selfwaarde, ensovoorts. Dit sal egter in terapie verken moet word.

Die hulp wat wel ontvang is, was ook nie in alle gevalle naastenby toereikend nie. Vanuit my Christelike perspektief is ek ook besorg oor die negatiewe beeld wat die meeste van hierdie meisies oor die kerk (spesifiek hier die lede van die kerk) het. Dit kan moontlik 'n lewenslange effek hê op hulle siening van veral mense in die kerk wat in die sogenaamde helpende professies staan.

Hulle is ook baie onseker oor hulle seksualiteit. Ek wonder of die meeste van hulle weet wat homoseksualiteit, biseksualiteit en lesbianisme is. Dit kan wees dat hulle deur die ander vroue wat beweer dat hulle lesbies is onder 'n wanindruk gebring is oor wat dit presies is.

Misbruik van alle kante blyk 'n groot tema in hierdie meisies se lewe te wees. Hierdie meisies word beslis deur die ryk lesbiese vriendin (Rika) misbruik. Die meeste is onder 16. Hulle is dus minderjarig en volgens die Kinderwet word dit

as statutêre verkragting gesien. Rika kan tronkstraf kry vir hierdie oortredings. Al die ander molesterings en verkragtings is natuurlik ook onwettig.

Dit lyk vir my egter of hulle te geredelik aanvaar wat met hulle gebeur het. Ek sou meer aggressie, woede, hartseer en ander dramatiese gedrag van hulle verwag het. Hulle word keer op keer teleurgestel deur mense wat sogenaamd vir hulle lief is.

Die feit dat hulle hulself al gesny het (selfskendingsgedrag) is 'n groot kwelling, soos ook selfmoord van die vriende en sekere van die meisies wat self al selfmoord oorweeg en probeer het.

Depressie en dwelmmisbruik is ook vir my probleme. Bogenoemde aspekte sal in die sielkunde byvoorbeeld deur 'n kliniese sielkundige hanteer word. Indien die kliniese sielkundige voel dit is nodig, kan 'n psigiater ook gebruik word.

'n Gebrek aan stabiliteit, sekuriteit en swak verhoudings van die meisies is vir my as voorligtingsielkundige 'n saak van kommer.

Die skool moet 'n tipe veilige hawe wees soos die kerk en dit is beslis nie die geval by die meeste van die meisies se skole nie.

**Vraag 2: Wat is jou vakgebied se unieke perspektief op die storie?**

In die sielkunde is verskeie paradigmas, teorieë en raamwerke beskikbaar waaruit hierdie meisies se trauma gehanteer kan word. Ek sou sê dat daar individueel met elkeen gewerk moet word en by die begin, begin moet word, want hulle huidige optrede spruit waarskynlik uit wat in die verlede gebeur het.

Dit is met ander woorde 'n kwessie van eers ou wonde oopkrap en dan werk na 'n proses van selfgenesing en aanvaarding. As hierdie kwessies nie deurgewerk

word nie, gaan hulle later in hulle lewe sukkel in seksuele en emosionele verhoudings.

Ek sou sê dit is my dissipline se een moontlike perspektief op hierdie meisies se situasie.

Ek het egter al te veel keer gesien dat gedrag van die verlede 'n voorspeller is van toekomstige gedrag. Hulle sal die verlede moet verwerk en leer hanteer sodat dit nie later 'n effek op hulle lewens en persoonlike ontwikkeling sal hê nie.

**Vraag 3: Hoekom dink jy sal die perspektief deur ander vakgebiede waardeer word?**

Ons werk dikwels saam met maatskaplike werkers wat waarskynlik in hierdie meisies se gevalle 'n rol sal moet speel, want hulle is minderjarig en die Kinderwet word oortree.

Kliniese sielkundiges en psigiaters kan hier 'n rol speel indien ek dit sou nodig vind om hulle te verwys vir 'n kliniese diagnose. 'n Psigiater kan geraadpleeg word vir medikasie indien nodig.

Die polisie kan ook hier 'n rol speel, want ons word verplig om kriminele sake by die Kinderbeskermingseenheid van die polisie aan te meld.

Prokureurs kan 'n rol speel indien ons een van die meisies of 'n paar of almal forensies evalueer. In daardie geval sal ek moet gaan getuig in die hof oor die resultate en bevindinge.

Die dominee of selfs jy (Anton) kan 'n rol speel veral as die vertrouensverhouding tussen jou en die meisies oor tyd opgebou is. As hulle jou vertrou sal jy 'n onmisbare skakel in die proses wees.

Dit is totaal onmoontlik om in gevalle soos hierdie nie interdissiplinêr te werk nie.

**Vraag 4: Wat sal jou grootste bekommernis wees as jou vakgebied nie ernstig opgeneem word nie?**

Kriminele oortreders kan met kriminele dade wegkom en dus dink dat hulle dit weer kan doen, want hulle het in die verlede daarmee weggekom.

Die ernstige emosionele probleme in al die meisies se gevalle en selfmoorde wat slaag is rede tot kommer.

Dwelm- (ek sluit alkohol hierby in, want die Elim-kliniek beskou alkohol ook as 'n dwelm) oordosis kan lei tot sterftes en/of gestremdheid.

'n Sekere seksuele oortuiging kan op individue afgedwing word weens 'n gebrek aan genoegsame kennis en 'n persoon met mag (Rika). Weet hulle byvoorbeeld regtig wat lesbianisme is?

Ernstige depressiewe toestande kan later in die individue se lewens na vore kom en hulle hele lewe en daaglikse funksionering kortwiek.

Skole moet 'n beter verstaan ontwikkel vir die omstandighede waarin sommige leerlinge hulleself bevind – hierdie kwessie sal onder die aandag van skole gebring moet word.

Daar moet beslis hulp aan hierdie meisies gebied word, want die meeste van hulle het nog hoop en het 'n positiewe uitkyk op die toekoms.

***6.5.4.1. Unieke beskouing van sielkunde***

- Traumaberading ontbreek.
- Die meisies verstaan nie seksualiteit nie.

- Verledeverhale het 'n impak op ons toekomsverhale.
- Die kriminaliteit verbonde aan volwasse vrouens wat tieners misbruik is beklemtoon.
- Plekke van veiligheid moet geskep en onderhou word.
- Die belang van 'n interdissiplinêre ondersoek word beklemtoon.

**6.5.5. Maatskaplike werk**

**Vraag 1: Wat is die sake wat jou bekommer wanneer jy die stories lees?**

- Die dogters kom voor as uitgeworpenes in die samelewing of die gemeenskap waarin hul beweeg het.
- Dogters skaar hulself by mekaar (ondersteuning – positief, maar ook negatief aangesien hul mekaar verder negatief beïnvloed het).
- Volwassenes was onbetroubaar, het hul verder misbruik en mislei. Dit was soos 'n valse godsdiens.
- Verbrokkelende gesinsisteme was aan die orde van die dag.
- Die dogters ervaar gebrek aan moederfiguur, sekuriteit en liefde – hulle is op soek na óf 'n moederfiguur óf stabiele volwassenes in hul lewens.
- Daar is bewerings van satanisme gemaak.
- Daar was selfmoordpogings.
- Die dogters het geen morele of godsdienstige waardes nie en hulle glo nie in God nie.
- Die dogters het erge bindingsversteurings (kan dus nie verhoudings bou en instandhou nie).
- Hulle vertoon 'n gebrek aan kennis aangaande homoseksualiteit.
- Hulle ervaar probleme met hul eie identifisering van geslagsrolle (geslagsrolidentiteit).
- Daar is 'n gebrek aan grense by hulle te bespeur.

- Daar is ongemak en onsekerheid rakende hulle eie seksualiteit.
- Aggressie en bakleiery kom voor.
- Hulle openbaar promiskue gedrag.
- Daar is volgehoue misbruik deur volwassenes.
- Faal die welsynsisteem die kinders?
- Daar is geen hulp en leiding om onkunde met seksualiteit reg te stel nie. Daar is geen ondersteuning nie.
- Viktimisering deur die skool en gemeenskap vind plaas met gepaardgaande stigma.
- Hulle het geen trots in hul eie verhoudings nie. Hulle is betrokke by onsuksesvolle verhoudings. Daar is ontrouheid binne die verhoudings of hulle het verskillende verhoudings op dieselfde tyd.
- Hulle het 'n onvermoë om lang verhoudings te handhaaf.

**Vraag 2: Wat is jou vakgebied se unieke perspektief op die storie?**

'n Holistiese benadering moet gevolg word – deur te kyk na die kind self, die skool en die familie, asook die verhoudingsvennote – kyk dan na die emosionele, fisiese, geestelike aspekte van die dogter en hoe al hierdie persone wat betrokke is die verskillende aspekte beïnvloed.

Verskillende professionele persone moet betrokke raak om die kwessies as 'n geheel te kan hanteer. Dogters wat byvoorbeeld depressief was as gevolg van die onsekerheid oor seksualiteit kon baat vind by terapie en mediese behandeling. As daar dan met die familie gewerk kan word rakende aanvaarding, ouervaardighede, beter ondersteuning aan die kind, kon dinge meer positief uitgedraai het.

Ondersteuningsnetwerke is belangrik.

**Vraag 3: Hoekom dink jy sal die perspektief deur ander vakgebiede waardeer word?**

Dit sluit die multidissiplinêre span in en werk met alle aspekte om die persoon as 'n geheel te help en te bemagtig, sodat die kliënt (individu) optimale hulp kan kry.

**Vraag 4: Wat sal jou grootste bekommernis wees as jou vakgebied nie ernstig opgeneem word nie?**

Die feit dat die individu dan deur die "krake" sal val en dat optimale hulp nie verleen kan word nie.

***6.5.5.1. Unieke beskouing van maatskaplike werk***

- Die meisies is gemarginaliseer.
- Viktimisering kom voor.
- Daar moet interdissiplinêr gewerk word.
- Waardes en waardesisteme moet ontwikkel word.
- Die vraag word dan ook gevra of welsynstelsels kinders faal.

**6.5.6. Menslike hulpbronne**

**Vraag 1: Wat is die sake wat jou bekommer wanneer jy die stories lees?**

- Die jong mense blyk van vroeg af seksueel aktief te wees, met meer as een metgesel.
- Ek wonder ook of die mense bekommerd is oor higiëne en geslagsiektes, byvoorbeeld vigs?
- Is daar 'n nuuskierigheid by ons mense oor geslagsverkeer met dieselfde gesag?
- Is die tendens onder dames vergelykbaar met dié van seuns en mans?

- Raak dames meer by mekaar betrokke om te eksperimenteer in terme van homoseksualisme as mans?
- Die feit dat daar groepvorming plaasvind dui moontlik op gemeenskaplike waardes, ondersteuning en 'n aangewesenheid op mekaar.
- Die feit dat volwasse dames ook by die jonger klomp betrokke raak laat my wonder of hulle die situasie probeer eksploiteer. Die ouderdomsgaping, lewenservaring, wysheid en goeie oordeel bring telkens vrae rakende die oordeelsvermoë van al die partye betrokke.
- Ek wonder ook hoekom hulle op die kort termyn fokus. Waarom is daar nie 'n tendens van verhoudings van 'n meer blywende aard nie?
- Is hierdie gedrag en leefwyse 'n soeke na iets dieper?
- Is dit die gedagte daaraan (positief of negatief – skuldgevoel) om skoon en rein te bly en jouself te bewaar vir 'n spesiale een – waarteen gerebelleer word?
- Kommentaar oor prostitusie: Wanneer is iets prostitusie? Is dit die betaling of uitruil van gunsies wat dit bepaal?
- Dit wil ook voorkom of die gedrag wat bestudeer word 'n moontlike verband het met armoede, gebroke ouerhuise en ook 'n bepaalde lewensiening of die gebrek daarvan waaraan die steekproefgroep van jong ouderdom aan bloot gestel is. Geld dit ook vir mense van dieselfde ouderdom in gelukkige huise of huise waarin 'n hoër moraliteit en etiek heers?

**Vraag 2: Wat is jou vakgebied se unieke perspektief op die storie?**

Uit 'n menslikehulpbronneperspektief word mense gesien as gelyk voor die wet. In terme van geslagsgelykheid en transformasie is daar geen diskriminasie oor geslagtelike voorkeur nie. Die vergelykbaarheid sou inkom om te bepaal of die individuele waardestelsel versoenbaar is met dit van die organisasie. 'n Etiese lewenswyse vind neerslag in gedrag waarmee die organisasie sou kon versoen. Sou hierdie gedrag lei tot seksuele teistering dan sou daar opgetree word op die

strengste moontlike manier. Indien dit wel wederkerig is sou geen optrede waarskynlik volg nie, tensy daar 'n reputasierisiko bepaal kon word. Maar solank daar ruimte geskep word binne die samelewing om jou "andersheid" of dan minderheidsgedrag uit te leef sal daar niks van kom nie.

Die mens het 'n moontlikheid tot keuse-uitoefening, en dit is duidelik dat keuses hier gemaak word, wat nie blywend is nie. Die getuienis kom ook na vore dat daar na willekeur hieroor besluit kan word.

**Vraag3: Hoekom dink jy sal die perspektief deur ander vakgebiede waardeer word?**

Elke vakgebied het 'n perspektief op 'n saak. 'n Fenomeen kan uit meer as een hoek bekyk word en elkeen het 'n unieke perspektief. Dan het elke vakdissipline 'n eie mening. 'n Meerdimensionele benadering bring die verskillende dimensies na vore wat nie sommer die geval sal wees met 'n enkele perspektief nie. Daar kan meer holisties oor die fenomeen besin word en die ingewikkeldheid van die verskynsel, die uniekheid van die mense betrokke wat elk haar eie opvoeding, karaktereienskappe, blootstellings, lewenservarings en -ondervindings, verstandelike reëls; oortuigingsvenster, skoling; invloedspersone, ensovoorts het tree sterk op die voorgrond.

**Vraag 4: Wat sal jou grootste bekommernis wees as jou vakgebied nie ernstig opgeneem word nie?**

Die kwaliteit lê in die waardering ten opsigte van die perspektief en die besef van die inherente waarde daarvan. Sou sekere aspekte of perspektiewe geïgnoreer of gewoon afgemaak word, is die antwoord soveel armer en kan ander moontlike perspektiewe wat lig kon werp nie geakkommodeer word nie. Dit sou bloot wetenskaplik onverantwoordelik en arrogant wees, tensy daar baie spesifiek vermeld word dat 'n enkele perspektief voorgehou word en dan met erkenning

van moontlike ander perspektiewe wat waarde tot die ondersoek kon toevoeg. Daar is 'n ondelinge ingewikkeldheid en 'n tipe verweefdheid in die verhaal of fenomeen. Sou net een weergawe beskou word, is daar 'n totaal ander kant wat wetend of onwetend geïgnoreer word.

#### *6.5.6.1. Unieke beskouing van menslike hulpbronne*

- Seksuele aktiwiteit met meer as een metgesel is problematies.
- Seksueel-oordraagbare siektes kan 'n probleem word.
- Groepvorming is vir die meisies belangrik.
- Is die homoseksualiteit wat voorkom eintlik meer nuuskierigheid?
- Is homoseksualiteit meer algemeen by mans of by vrouens?
- Eksploitering van die meisies is 'n probleem.
- Dit blyk of dit oor meer gaan as net seks.
- Gedrag hou verband met dit wat in die groter konteks gebeur.

### 6.5.7. "Life coach"

Die benadering is baie meer in besonderhede bespreek omdat die individue baie uit veral hierdie beskouing kan put. Die persoon het gevoel dat 'n mens elke meisie individueel moet hanteer omdat mense verskil. Die benadering se uitkomste is aan elke deelnemer oorgedra.
Aangesien die "life coach" Engelssprekend is, word haar kommentaar in Engels weergegee.

**<u>YOLANDI – CAT</u>**

**Concerns**

- Goals are not positive, no clear boundaries or values in her life.
- She had no example to learn form. Pathways in her brain are trained to form thoughts that may/do lead to negative or even harmful behaviour.

- She underestimates her potential as human and her value in the world and she doesn't realise that she is able to reach much higher/bigger goals.
- She was unable to enforce living within her boundaries when molested as a child and now have lost all sense of them, except to feel that she and her gang is different from the rest of the world.
- Cat does have the ability/tendency to look for positive aspects, and just needs to teach herself that it is in order to also notice her strong points and features.

**Unique perspective**

To change destructive habits into positive ones by setting clear goals that will lead to reaching a higher potential.

The importance of setting clear values and boundaries that could mark a clearer "playing field" or vision of what she would truly like to become or achieve

Without having an agenda of my own, I believe that Cat has the real answers inside her, but that she needs help in recognising them and discovering the way forward.

**Understood and appreciated**

If Cat is able to reach her potential she would have grown as a self-respecting individual in the process. She would then be able to lead a fulfilled and driven life with a positive attitude and would be able to reach bigger goals that she could ever imagine.

As a result she will have a positive effect on her community and encourage others to do the same.

Other disciplines will see the value of Cat's own life and that of her impact on society as a positive goal.

**If not taken seriously**

That Cat would never realise the value of changing habits and thinking patterns and would therefore never experience true happiness within herself. That she might never be comfortable with her place or contribution to society, and would therefore not add the value she is able to.

**<u>CHIQUITA – KITTIE</u>**

**Concerns**

- For Kittie to realise that no matter what happened in the past, she holds the key to her future. She is the only one who is able to mould her future, who is able to shape and build it according to her highest expectations.
- That she relies on other people to "create her happiness".
- Her choices are not made based on her own values or beliefs, but she rather seems to follow those of the person that makes her feel safe at a specific time.
- She does not seem to have enough confidence to be able to make her own choices or to follow her own dreams.

**Unique perspective**

- Not judging previous choices.
- As a life coach I value the importance of helping Kitty to notice and find her potential herself, without anyone deciding what this potential should be.

- The importance of managing her own thoughts and using them to create actions and ultimately habits that will bring out her potential and take her closer to valuing herself.

**Understood and appreciated**

Other disciplines will be able to see the value of Kittie being in charge of her own destiny and life, and the impact it could have on those around her.

**If not taken seriously**

By being led into different directions by various "agendas" of others for Kittie, she might never find the true person inside her.
She might never be able to truly find independence within herself or to recognise her potential and her ability to choose her own path.

**<u>CHAVERN – DARK ANGEL</u>**

**Concerns**

- The way Chavern feels that her mother and the church have judged her. Chavern seems to be very aware of her choices, habits and the impact it has on those judging her. She has the need to be able to fit into the world around her, without jeopardising herself.

- The ability to direct her thoughts and actions in line with her own value system is shown in the last conversation she had with the author. I acknowledge her growth in that she is able to separate herself from her situation and realise the need of others around her. Even more so that she is able to acknowledge that she does have the potential to be a part of the solution, thus reaching greater heights.

**Unique perspective**

The willingness to let Chavern find herself, to allow her to make her own choices based on her own values and beliefs.

**Understood and appreciated**

Because Chavern believes that others want to manipulate her into being what they want her to be, she will most likely not take any advice to heart. Therefore the value of her finding her own way, and discovering the answers for herself, is immense.

**If not taken seriously**

Will Chavern have the support she needs to reach goals much higher than she would normally set? Will she be able to continue to acknowledge her own potential as well as that of those around her?

**CHARMAJNE – PIENKIE**

**Concerns**

- Through her way of talking it seems as though Pienkie manages to stay positive even though her circumstances aren't always as rosy as most people would have liked. This shows that she has managed to direct her thinking in a positive way, so as to grow from whatever comes her way.

- It does concern me that even with this positive outlook, she answered "When do you want to die?" with "On my 30th birthday".

Could there be some underlying concerns or things she does not want to talk about that is still holding her back?

- The question about religion was answered with the two exact opposites: Christian and satanist. Perhaps she is not as self-assured as she would like to be?

**Unique perspective**

As a life coach I try to remain objective and without any judgment irrespective of the situation or my personal opinion of a situation, statement or idea.

The focus of coaching is to dream your future and then to make it real through setting and reaching goals, instead of dwelling in the past and analysing the problems. In this case, Pienkie is already showing that she supports this idea by not letting her past drag her down.

**Understood by other disciplines**

Keeping yourself focused on the future and what you could achieve encourage creativity which leads to better solutions and planning. I believe that irrespective of the discipline you support, we have all been in a situation where an objective input would have been appreciated – or could have been much more valuable than one's own opinion alone.

**If not taken seriously**

Pienkie might lose out on valuable input from herself. Not being given the opportunity to explore her own ideas deeper and to get to know herself through her own eyes, and not those of the people around her, could restrict her opportunities in life. Getting to know and set her own boundaries and values will

make it possible for her to distinguish between what she really believes is right and wrong.

**<u>ANUCHKA – NUKI</u>**

**Concerns**

- It seems as though Nuki feels that she does not really have a support system to turn to. Her parents were not able to provide the security she needed as a child, and still do not seem to be able to do so.

- I am concerned that she states that she doesn't know whether or not she might try suicide again. This shows that although she is trying to build on her future – completing grade 12 while working and her plans to visit England – she is not yet convinced about her value to and in the world.

**Unique perspective**

Being able to provide a support system where Nuki can learn to support herself. Showing her how to become aware of her own positive traits through reaching her goals. She will be more able to help others – her dream – if she understands herself.

**Understood by other disciplines**

If you do not believe in yourself, it is much more difficult to notice your value to the world. Other people cannot make Nuki value herself. This is something she needs to work on from within. Coaching can help her view herself through her own "looking glass" instead of through the eyes of those around her.

**If not taken seriously**

If Nuki reaches her dream to be a support for others, she will be able to provide something so important to others, that it could build a life where there might not have been one before. On her way to reaching this dream she will have built and grown her own life and self in order to become what she was meant to be.

If not taken seriously, Nuki might walk around feeling empty inside, while impressing the world from the outside.

**JUANDRI – J3**

**Concerns**

- J3 mentions that she just wants to be herself, but also that she doesn't really know who she is. On the other hand she feels that being a lesbian could not be wrong, while being gay definitely is.

  These are contradicting statements which lead me to be concerned about J3s value and belief system.
- Although she seems to know what she wants to achieve, and has also set up some goals on how to reach her dream, she doesn't seem to be clear on which paths to choose.
- She could benefit from clarity on what she truly believes and feels about moral and other issues in life, about who she really is, and where she would truly fit into life.

**Unique perspective**

Once again coaching will focus on being truly objective and nonjudgmental while helping J3 to find her own way. Coaching will help her to set boundaries, and make decisions that will benefit both her and her community in the long run.

The coaching perspective is that it is best for J3 to be herself, no matter who she is. During the journey towards her goals, she will discover many truths and traits about herself that will help her become her own unique self.

**Understood and appreciated**

In spite of the strong pressure of the world to conform to a standard mould, the value of being oneself is still understood. All disciplines can understand this value, and should therefore also understand the coaching perspective in this case.

**If not taken seriously**

J3 might end up being just another pawn on the big playing field of the world. She might not discover her true strengths, talents or belief system and could therefore lose out on her true purpose in life.

If she does not discover herself, she might fall prey to the pressure surrounding her and end up giving up on her dream. In the end, her help and contribution to her community could get lost.

**JOANE – SEX KAT**

**Concerns**

- Joane doesn't seem to know who she is, who she wants to be, or where she fits in. She does have an idea of where she wants to go, but not yet of how to get there.
- It seems that she knows that she wants to change things (or herself), but might not know what she wants the end results to look like.

**Unique perspective**

From a coaching point of view we would focus on noticing habits that are causing Joane to be confused about who she really is. Coaching realises the importance of helping her in developing a clear value system and practice making choices accordingly.

Having no agenda other than the one she has for herself, makes coaching a non-judgmental, objective support system.

**Understood and appreciated**

It's clear to see how changing habits can help Joane to become a happier, more fulfilled person. Most disciplines will appreciate the value of a true value system and the ability to live accordingly, within your own boundaries, and the impact this could have on both Joane and the people she influences.

**If not taken seriously**

Will she ever discover who Joane really is? Will she realise what it is that makes her unique and how to use her unique capabilities and talents? If not, will she be able to change her circumstance the way she really wants to?

**<u>NAIDENE – NODDY</u>**

**Concerns**

- It sounds as though Noddy goes through life because she has to, not at all because of the will to live; not because she feels there is something to accomplish or to become or to achieve.

- She could benefit from a clear vision of a dream. Striving to accomplish something – how small it might seem – could help Noddy to notice that she too has a purpose and to discover all the good traits and talents about herself, and what she has to offer. I am concerned about the feeling of loneliness and helplessness that I can deduct from the extract.

**Unique perspective**

I have an objective view of the power within Noddy.
I have the nonjudgmental awareness that this girl is not who she is able to be, but were formed and shaped according to her circumstances.
Even so, she is able to move above her circumstances to become the complete person she was meant to be, should she be given enough support.

**Understood and appreciated**

Coaching can give Noddy the opportunity to have an honest look at herself, to discover – without judgment, biased opinions or agendas – who she truly is. It can provide a support structure to set and achieve goals that are much greater than she would achieve on her own.

**If not taken seriously**

If Noddy is able to achieve her dream and provide for her family, as well as helping her parents to change their habits, and protect her brother from what she sees as "bad circumstances", she will be making a huge contribution to each of their lives, as well as the people involved in all their lives.

This could have a very positive impact on their community which could in turn impact the lives of other communities, thus creating a wave of positive change,

all of which could be lost should she not be given the proper opportunities to truly discover herself and her own strengths.

## SHAY – SOUTY

### Concerns

- What does Souty do with all that anger?

- The words “puzzled”, “fix”, “lost” on her card seems to be directly aimed at herself and her relationship to the world. Except for her group of friends, she does not seem to have a good support network. The priest does play a role – I’m just not sure to what extent?

### Unique perspective

Focus on helping Souty to find her own way to channel her energy into positive outcomes. Ways of changing actions and habits to build her own value system. To help her acknowledge her own strengths, and how to utilize them to reach her goals.

### Understood and appreciated

Because Souty feels that people do not understand her, or judge her personality, she finds it difficult to accept any help or support from anyone other than her friends.

Since coaching is objective, without judgment, and doesn’t give answers from an outside point of view, its value will be appreciated in helping Souty to find herself and the answers she is looking for.

**If not taken seriously**

The more people try to force their own agenda for Souty upon her, the more rebellious she will become. She does not want to fight, but how will she show the world who she really is if no one gives her the chance?

***6.5.7.1. Unieke beskouing van "coaching"***

- Daar is beklemtoning van die positiewe in elke verhaal.
- Elke persoon het die potensiaal om meer te bereik.
- Mense moet nie veroordelend benader word omdat mense die potensiaal het om te verander.
- Om te droom en mense te begelei om te droom, is belangrik.
- Die kreatiwiteit van elke persoon is belangrik.

**6.5.8. PhD-groep**

**Vraag1: Wat is die sake wat jou bekommer wanneer jy die stories lees?**

Die eerste indruk wat ek kry, as ek so deur die stories lees; is nie dat dit werklik oor seksuele oriëntasie of keuse gaan nie, maar meer 'n soeke na identiteit. Die bekommernis lê vir my daarin dat hierdie groep meisies eintlik die naam of term "homoseksualiteit" gebruik om op 'n manier vir hulself 'n identiteit te probeer skep het. As groep het hul dan ook hul identiteit gekry as 'n groep wat teen die normale en die sisteem gaan. Die feit dat die meisie gesê het dat dit net 'n fase was, bring weer die gedagte sterk na vore dat dit nie gaan net oor seksuele oriëntasie nie, maar in wese 'n uitroep en soeke na identiteit is.

'n Verdere kommer vir my is dat die groep by alles wat teen die norm ingaan betrokke was, asof hul wou rebelleer teen 'n bepaalde "sisteem" en waarvoor die sisteem staan en stry. Ek sal dit selfs waag om te sê dat die "sisteem", die geloofsgemeenskap of die kerk is. Hul gedrag was gemik teen wat in die

geloofsgemeenskap verkondig word. 'n Verdere bekommernis is ook die vraag of hierdie soeke na identiteit en die gedrag wat daarmee saamgaan, nie juis 'n hulproep in hierdie sisteem is nie. Kan ons dan werklik 'n groep mense net 'n “vrotkol” noem?

Die feit dat baie van die meisies seksueel aktief is, is ook kommerwekkend. Promiskuïteit en meerdere verhoudings lyk vir my baie algemeen onder die groep te wees. Ek is nie so seker of meisies van daardie ouderdom die emosionele kapasiteit het om 'n seksuele verhouding te kan hanteer nie en dan is daar nog sprake van meerdere seksuele verhoudings. Die potensiële skade aan hulle menswees is vir my baie kommerwekkend.

Wat my verder opval in die stories, is dat hulle self soos 'n kerk begin funksioneer, 'n organisme wat vir mekaar omgee. Die vraag kom egter weereens na vore waar die werklike kerk en die gemeenskap van gelowiges in hierdie meisies se soeke na identiteit was? Wat hiermee saamhang is dat hul wel kerk toe gegaan het, al het hulle gesê dat God en die kerk nie vir hulle is nie. Juis dan kan 'n mens weer opmerk dat hierdie meisies werklik 'n soeke het na aanvaarding en identiteit en die groep wat hulle gevorm het, kon vir hulle hierdie aanvaarding en identiteit onder mekaar gee.

Daar is twee gevalle van mishandeling wat jy noem wat kommerwekkend is.

'n Ander vraag wat by my opkom is waarom die literatuur wat jy geraadpleeg het se verstaan oor homoseksualiteit verskil van jou bevinding oor die meisies se eie verstaan hiervan. Is die meisies dalk 'n baie unieke groep?

**Vraag 2: Wat is jou vakgebied se unieke perspektief op die storie?**

Ons werk vanuit die praktiese teologie, en dit kan ons dan onmiddellik by die vraag bring, waar God, geloof en die gemeenskap van gelowiges in hierdie

verhaal inpas? Die unieke perspektief van my vakgebied op hierdie storie is dat dit moet vrae vra oor die praktyk van die kerk in die konteks van hierdie groep meisies. Hoe is die kerk teenwoordig of afwesig vir hierdie meisies? Verkondig die kerk die liefde van Christus ook aan hulle of is die kerk heeltemal ontoereikend?

In die laaste deel in die verhaal lees ons iets van dat die meisies wel kerk toe kom, maar nie in God glo en dat die kerk nie voldoende is nie. Dan ook onmiddellik die teenvraag: As hul dan nie in God glo nie, maar wel kerk toe kom, is hulle nie op soek na iets groters as hulself? Praktiese Teologie is tog waar ons weer bewus raak van God se besig-wees met mense in hul daaglikse lewe en dat Hy ook deel van hulle lewens wil wees. Wat ons hieruit kan leer, is dat ons dalk maklik kan oordeel as ons na hierdie meisies se lewens kyk en sê God is nie daar nie, maar my vakgebied kom my leer dat Hy wel daar betrokke kan wees.

**Vraag 3: Hoekom dink jy sal die perspektief deur ander vakgebiede waardeer word?**

Elke persoon in 'n bepaalde vakgebied kyk vanuit 'n bepaalde hoek na 'n storie of 'n saak. As ons net die een hoek van 'n bepaalde saak sien, sal ons ook nooit kan leer om holisties te dink en die vollediger prentjie te sien nie. Die perspektief sal waardeer kan word, al word daar nie altyd vanuit die teologie oor hierdie sake besin nie. Die feit is dat hulle wel ook by ons kan kom leer.

Dit sal waardeer word omdat die praktyk van die kerk so kan verbeter en meer word wat dit behoort te wees volgens die Woord. Praktiese Teologie kan lei tot die bemagtiging van gelowiges om meer van die vrugte van die Gees uit te leef. Dit gaan oor 'n vakgebied waarin die kerk nadink, sodat dit meer volgens die bedoeling van God sout en lig vir die wêreld kan wees.

**Vraag 4: Wat sal jou grootste bekommernis wees as jou vakgebied nie ernstig opgeneem word nie?**

Die kerk en die gemeenskap van gelowiges het tog 'n rol en 'n taak en die wêreld hier buite, en kan ook mense help om wel hul identiteit te vind, en vir mense te leer dat daar hoop is. As praktiese teologie nie hier ernstig geneem word nie, is dit dan nog vir ons moontlik om te sê dat daar wel nog hoop hoop vir hierdie meisies ook in hul soeke na identiteit kan wees.

***6.5.8.1. Unieke beskouing van die PhD-groep***

- Verhale gaan oor identiteit en nie net homoseksualiteit nie.
- Die meisies rebelleer teen gesag en veral ook teen die kerk.
- Die groep waarvan die meisies deel was, vervang die rol van die kerk.

**6.5.9. Ander praktiese teologie**

It is absolutely fascinating material that challenges many of our taken for granted ideas about religion, sexuality, etcetera. Obviously, my comments can only be very tentative, given the very brief summary I have read, but I give them to you for your consideration.

My first comment has to do with taking a thoroughly narrative approach to the issue of their sexuality. Indeed, literature and the *communis opinio* tend to think of homosexuality as an essentialist element of a person’s identity (although there seems to be evidence that female homosexuality is more often psychologically determined whereas male homosexuality is more often genetically determined). This material suggests that it can also be a narrative self-description that functions to cope with complex and threatening circumstances. In other words: maybe these girls used the notion of *skeef* to make sense of their experience of being different. Even more: they may have used a rather stigmatised self-description to describe their sense of being wounded, even desecrated.

My second comment builds on this and refers to the satanism charge. This again may function as a narrative way of coping. These girls may have taken their experiences of alienation and humiliation and transformed them into a spiritual narrative that empowered them. Maybe it was a dysfunctional strategy, but for the time being it gave them a sense of power, meaning, and communion. In short: I think I would focus on issues of power and abuse and the question how these girls have tried to rebuild their life through narrative reconstructions. If we want to understand their narratives and perhaps offer pastoral help to their likes, we have to try to grasp the narrative creativity they have found to cope with their situation, even if that creativity runs against what we would expect to be meaningful.

You write that you “have to do here with something more than just homosexuality”. I would add that that is always the case. Or better: I like to distinguish between the concept "homosexuality" and the experiences, identities, and behaviours of humans. We tend to think that homosexuality is "something", but it is more like a simplified and very Western concept that assumes that same-sex attractions, identity and behaviours coincide.

***3.5.9.1. Unieke beskouing van ander praktiese teologie***

- Die verhale daag die standaard-idees en -konsepte oor homoseksualiteit uit.
- Seksualiteit is baie nou gekoppel aan identiteit.
- Die meisies het keuses gemaak om hulle te help om sin te maak en om te funksioneer binne hulle konteks.
- Die manier hoe die meisies hulle beskryf wys tekens van stigmatisering.
- Die verwysings na satanisme kan 'n narratiewe manier van sin maak vir die meisies wees.

- Die meisies se verhaal oor mag en verkryging van mag is in die verhale disfunksioneel, maar dit was die manier waarop die meisies sin gemaak het van hulle konteks.
- Dit gaan altyd oor meer as net homoseksualiteit.

**6.6. Ooreenkomste tussen verskillende dissiplines**

'n Postfundamentalistiese benadering skep die ruimte om oor grense te kan werk. Daar kan binne die manier van werk transversaal van een vakgebied na 'n volgende beweeg word en van een konteks na 'n volgende konteks en van een tradisie na 'n volgende (Müller 2009:212). Alles wat deur elkeen van die kontekste gesê word hoef nie gebruik te word nie. Daar gaan selfs sake wees waarvan ons kennis sal neem wat nie bruikbaar sal wees nie. Van Huyssteen (2006:148) sê dat deur hierdie manier van werk mens uiteindelik by 'n veilige plek sal uitkom wat sensitief sal wees maar ook openbaar. In die ruimte kan daar dan heen en weer beweeg word tussen verskillende oortuigings. Vanuit hierdie ruimte kan daar dan interpersoonlike afleidings gemaak word. Op die navorsingsverhoog is daar ook gepoog om op hierdie manier te werk te gaan. Transversaliteit is soos ek dit verstaan op 'n paar plekke met betrekking tot bepaalde konsepte verkry.

Niemand het veroordelend te werk gegaan nie. Die mense wat van ander vakgebiede gehelp het met die studie was almal bekommerd oor die meisies en hulle toekoms. Die meisies se stories en die ontwikkeling daarvan was vir almal belangrik. Deur die nieveroordelende houding en omgee van die medewerkers uit ander vakgebiede is daar deur transversaliteit so ’n veilige, sensitiewe ruimte geskep soos wat Van Huyssteen (2006:148) voorstel. Binne die ruimte het daar gemeenskaplike verstaan plaasgevind en ook ontwikkel. Hierdie gemeenskaplikheid gaan in baie opsigte nie volledig wees nie. Van Huyssteen (2007:422) praat van gedeeltelike of dan grade van transversaliteit, wat beteken dat dit soms ook gedeeltelik gaan en kan wees.

Wanneer na die ooreenkomste van die verskillende dissiplines gekyk word, is daar altyd die gevaar dat daar sake ingelees kan word wat hoegenaamd nie deel van die dissiplines se bedoeling was nie. Die eerste saak wat ek glo 'n ooreenkoms was is die feit dat almal 'n besorgdheid oor die meisies gehad het, nie omdat een van die medewerkers gevoel het dat die meisies 'n jammer spul was nie, maar omdat almal besef het dat die meisies baie potensiaal het. Ek glo dat daar duidelike sake is wat op elkeen van die navorsingsverhoë uitgewys is wat op elke verhoog wel ooreengestem het.

Die meeste van die vakgebiede het saamgestem dat daar baie skade in die meisies se lewens aangerig is in die kontekste waarin hulle hulself bevind het.

Seksualiteit is een van die sake wat minder sentraal was vir die mense van ander navorsingsverhoë. Vir meeste van die interdissiplinêre span was seksualiteit (reg of verkeerd) een van die metodes wat die meisies gebruik het om uit te vind wie hulle is en aan hulle self 'n stem te gee. "Skeef" was dus nie noodwendig vir die medewerkers gekoppel aan seks of seksualiteit nie, maar aanduidend van die meisies se andersheid.

Die feit dat die meisies se droomverhale nie in die sentrum was nie en dat baie min gedoen is om die verhale te verwesenlik, was vir meeste van die medewerkers 'n probleem. Die span het dit ook op baie plekke beklemtoon dat die meisies se ondersteuningsisteme opgebou moet word. Dit sal help met hulle begeleiding om hulle droomverhale uit te bou. Baie van die dissiplines het verwys na positiewe of opbouende aandag wat aan die meisies gegee moes word.

Daar was ook baie aangaande die volwasse vrouens se betrokkenheid by die meisies en hoe dit hanteer moet word. Die gevoel is algemeen dat dit molestering van die meisies is.

## 6.7. Verskille en unieke bydraes van elke dissipline

Baie van die verskille het in taal gelê. Op verskillende verhoë is daar verskillende taalgebruik. Die verskillende dissiplines is egter almal mensgerig. Ons sou dus kon sê dat al die medewerkers 'n ooreenstemmende taal gepraat het wat ons vir die doel van die oefening *mens* kon noem. Daar is net soms verskillende dialekte van *mens* gebruik. Die dialekte is nie noodwendig negatief nie. Die dialekte vul mekaar aan om die navorsingsdrama te verryk. Die verryking kan impak hê wat die navorsingsdrama se impak tot ver buite die verhoog van die praktiese teologie en selfs teologie sou kon laat strek.

### *6.7.1. Drama*

Die eerste saak wat uniek is van die navorsingsverhoog is die feit dat daar deurgaans die verwagting is dat die meisies begelei moet word om 'n droomverhaal op te stel waarin hulle moet droom. Die verwagting is dat dit geskryf moet word sodat die meisies dit kan sien. Op die manier word die meisies die hoofkarakters van hulle eie verhale en is hulle nie meer net bykarakters nie. Dit is die betekenisse in die narratief wat terugverwys na die verlede en vorentoe projekteer word op die toekoms (Ricoeur 1981:171–176, 280–287).

### *6.7.2. Kommunikasiekunde*

Op die verhoog het dit baie gegaan oor taal en kommunikasie. Die taal en kommuniekasie is meer as net dit wat gepraat word. Die meisies het om hulp geroep en gevra vir hulp op 'n verskeidenheid van maniere. 'n Groot deel hiervan was nieverbaal. Die meeste menslike kommunikasie is nieverbaal.

Die klem is weer daarop geplaas dat mense gehoor moet word. Kommunikasie is 'n belangrike beginpunt op die meisies se droomverhale te aktualiseer.

### *6.7.3. Onderwys*

Wat die onderwysverhoog anders gemaak het as die ander verhoë, is dat hulle die meisies persoonlik geken het. Hulle het geweet van die groep en die meisies geken. Deel van die unieke klem van die onderwysspan was hoe hulle deurgaans die meisies as individue beskou het; mense wat gehoor moet word; individue en nie net die "vrotkol" nie.

Die onderwysbenadering het ook beklemtoon dat hulle die impak wat hulle op die kinders se lewens het verstaan. Daarmee saam is daar by hulle ook 'n baie sterk besef dat hulle daarvan bewus is dat hulle nie alles alleen en self kan doen nie. Om behoorlik impak te hê het hulle ook ander mense uit ander vakgebiede nodig. Hulle het ook baie klem op die feit geplaas dat hulle die ouers in die proses nodig het.

### *6.7.4. Sielkunde*

Terapie en voortgesette betrokkenheid by die meisies is baie belangrik en is veral deur die dissipline uitgelig. Die sake rakende seksualiteit is ook nie naastenby toereikend deur die meisies verstaan nie. Die kerk en die skool is veronderstel om plekke van veiligheid te wees en die meisies is hier ook verstoot en selfs misbruik. Die meisies sal begelei moet word tot genesing. Die proses kan nie anders as om interdissiplinêr te wees nie.

### *6.7.5. Maatskaplike werk*

Die navorsingsverhoog van maatskaplike werk is een van die vakgebiede wat waarskynlik die meeste met verhale soos dié van die meisies te doen het. Die unieke bydrae wat die verhoog weer vir die studie uitgelig het is dat gesins- en ondersteuningstrukture vir jongmense baie belangrik is. Die bekommernis is ook

uitgespreek dat die afwesigheid van moederfigure problematies is. Die holisiteit van mense is ook beklemtoon. Mense moet in totaliteit gehelp word. Dit help nie 'n mens doen terapie met iemand en jy stuur hom of haar terug na dieselfde disfunksionele situasie toe nie. Daarmee saam is hulpverlening uitgelig as 'n belangrike aspek wat deur die vakgebied geleer word.

### *6.7.6. Menslike hulpbronne*

Vanuit menslike hulpbronne is daar 'n hele aantal unieke sieninge. Menslike hulpbronne is op mense gebaseer maar in 'n totaal ander konteks. Die vertrekpunte kan egter steeds bepaalde waarde toevoeg.

Wat spesifiek seksueel aktief wees, betref is die eerste vraag wat gevra is wat van seksueel oordraagbare siektes. Uit 'n menslikehulpbronbestuursoogpunt is dit veral in Suid-Afrika 'n baie realistiese probleem. Die werksmag van enige maatskappy kan hieronder ly. Die bekommernis het moontlik by die meeste van die ander dissiplines geleef maar menslike hulpbronne en onderwys het die vraag eerste gevra.

Die volgende unieke bydrae van die dissipline was die vraag oor sosioëkonomiese omstandighede. Wat sou die invloed hiervan op die meisies wees? My gevoel is van die begin af dat veral die storie van Randfontein 'n baie bepaalde rol in die meisies gespeel het.

### *6.7.7. "Life coach"*

Die benadering se uniekheid lê in die eerste instansie in die positiwiteit wat daar uitgestraal word aangaande elke meisie en die potensiaal van elke meisie. Daar is feitlik nooit op die negatiewe van die verhale gefokus nie. Die positiewe is oor en oor beklemtoon.

Selfs sake soos manipulasie wat glad nie positief is nie, is deur die benadering gebruik as 'n positiewe aspek. Die feit dat elke verhaal as positief beskou is, laat dus die moontlikheid vir stories om herskryf te word sodat die meisies op 'n beter plek sal wees as waar hulle moontlik tans is.

#### *6.7.8. PhD-groep*

Die groep is mense wat besig is met studie in teologie. Daar is vrae gevra oor identiteit en die meisies se soeke daarna. Die rol van die kerk in die meisies se lewens is problematies maar tog is daar ook hoop. Die groep het ook opgemerk dat die groep vir die meisies in sekere opsigte soos 'n kerk begin funksioneer het. Christelikheid en Christenskap is ook beklemtoon.

#### *6.7.9. Ander praktiese teologie*

Ek het reg deur die studie op 'n manier verstaan dat aspekte van die hele navorsingsverhoog van die meisies nou verweef is en dat nie een aspek los van 'n ander staan nie. Dit is ook die geval met identiteit en homoseksualiteit. "Skeef" is hier dus deel van die meisies se selfbeskrywing, nie noodwendig net in terme van seks of seksualiteit nie, maar meer oor hulle andersheid. Wat my aandag verder getrek het, is die kompleksiteit en veelkantigheid van homoseksualiteit.

### 6.8. Moontlike ander vakgebiede wat sou kon bydra

Wanneer in terugskouing gekyk word na wat daar gedoen is en na watter vakgebiede betrokke was, is die gevoel wat by my leef dat daar ander vakgebiede is wat selfs verder tot die studie sou kon bydrae. Vakgebiede wat in die toekoms genader sou kon word sou die volgende kon insluit:

- Psigiatrie.
- Medies.
- Antropologie.

- Sosiologie.
- Taalteorie.
- Ander teologiese skole.
- Kriminologie.

Ek glo soos mens deur die verhale gaan, sal daar nog 'n hele paar kan wees wat genoem kan word. Die dissiplines wat gebruik is, is egter waarby die studie sal volstaan.

**6.9. Gevolgtrekking**

Die navorsingsverhoog sou dus baie armer gewees het sonder die transversaliteit van die postfundamentalistiese manier van werk. 'n Postfundamentalistiese benadering skep die ruimte om oor grense heen te kan werk. Daar kan binne die manier van werk transversaal van een vakgebied na 'n volgende beweeg word en van een konteks na 'n volgende konteks en van een tradisie na 'n volgende (Müller 2009:212). Alles wat deur elkeen van die kontekste gesê word hoef nie gebruik te word nie. Daar was selfs sake waarvan ons kennis sou neem wat nie bruikbaar was nie. Van Huyssteen (2006:148) sê dat deur hierdie manier van werk mens uiteindelik by 'n veilige plek sal uitkom wat sensitief sal wees maar ook openbaar. In die navorsing is daar dan heen en weer beweeg tussen verskillende oortuigings en vakgebiede. Vanuit hierdie ruimte is daar dan afleidings gemaak oor sekere sake. Transversaliteit is dus moontlik en gepas as daar veral met tieners gewerk word.

Niemand het veroordelend te werk gegaan nie. Die meisies het baie kere veral die kerk oor ‘n veroordelende houding gekritiseer. Die studie het dit nie gedoen nie. Die mense wat van ander vakgebiede gehelp het met die studie was almal bekommerd oor die meisies en hulle toekoms. Die meisies se ervaring was dat die mense omgee en nie daar was om enige voordeel vir hulle self te kry nie. Die meisies is dus eerste gestel. Die meisies se stories en die ontwikkeling daarvan

was vir almal belangrik. Stories van hoop was ‘n belangrike saak vir die interdissiplinêre span. Deur die nieveroordelende houding en omgee van die medewerkers uit ander vakgebiede is daar deur transversaliteit so ’n veilige, sensitiewe ruimte geskep soos wat Van Huyssteen (2006:148) voorstel. Binne die ruimte kon die meisies die eerste tree neem om hulle stories te ontwikkel. Binne hierdie ruimte het daar gemeenskaplike verstaan plaasgevind en ook ontwikkel. Hierdie gemeenskaplikheid gaan in baie opsigte nie volledig wees nie. Van Huyssteen (2007:422) praat van gedeeltelike of dan grade van transversaliteit, wat beteken dat dit soms ook gedeeltelik gaan en kan wees.

Dié tipe transversaliteit kan dus as oorsprong 'n ooreenstemmende vertrekpunt hê, soos dat die navorsingsdrama 'n nieveroordelende posisie en 'n besorgdheid oor die hoofkarakters inneem. Transversaliteit is in die navorsingsdrama op dié manier verkry en daarom glo ek daar is selfs transversaal geredeneer oor verskille tussen die verskillende vakgebiede en persone wat deelgeneem het. Ek verstaan dat selfs persoonlike vooroordele nie problematies is as daar op hierdie manier gewerk word nie. Van Huyssteen (2007:421) stel dat binne die transversale manier van werk dit nie daaroor gaan dat ons onsself teen standpunte of vir standpunte posisioneer nie. Dit gaan daaroor dat daar 'n ruimte geskep sal word waar daar saam gereflekteer sal word wat selfevaluasie insluit. In hierdie opsig glo ek dat die studie volledig postfundamentalisties en transversaal was.

Die verstaan wat die navorsingsverhoë aan ons bied, maak dit moontlik om die navorsingsverhoog van die benadering binne die praktiese teologie waarbinne ek myself bevind, baie te vergroot. Dit het net weer beklemtoon dat daar nie in isolasie gewerk kan word nie. Die hoofverhaal wat ek van die verhoë van die ander vakdissiplines kan kry is dat daar altyd meer faktore betrokke is. Daar is nie een vakgebied wat al die antwoorde het nie. Mense is meerdimensionele wesens, met 'n hele aantal dimensies.

Die interdissiplinêre ondersoek se groot verhaal sou dus as volg opgesom kon word: Die meisies waarmee daar in die studie gewerk is, is meisies wat deur bepaalde omstandighede op bepaalde maniere begin soek het na maniere om aanvaar te word en uit te vind wie hulle is. In die proses is hulle in soms verstoot, misverstaan en selfs misbruik. Die proses het skade aan die meisies aangerig. Dit is egter nie net 'n tragedie nie maar wel ook 'n verhaal van hoop. Dis 'n verhaal waarin die meisies met die regte begeleiding bo hulle omstandighede kan en sal uitstyg. Die verhaal is verder ook 'n verhaal van hoop vir ander jong mense en mense wat in 'n selfontdekkingsproses is. Daar is hoop en daar is mense wat bereid is om te help, te sorg en saam te droom. Die transformasie-element van die narratiewe benadering lê daarin dat dit ook die alternatiewe (positiewe) verhale in mense se lewens na vore bring en versterk, sodat 'n nuwe, positiewe verhaal geskep kan word wat die ou dominante verhaal vervang (White & Epston 1990:15).

Die interdissiplinêre ondersoek se bevindinge sal ook in die volgende hoofstuk verder geneem word en teruggekaats word na die relevante partye toe. Die posisie van omgee en nieveroordelend optree wat voortgespruit het uit die interdissiplinêre studie, sal ook gebruik word om dit te doen. Die verhoog kan net vergroot word as al die kennis wat hier opgebou is as 'n saak van erns beskou word.

## Hoofstuk 7: 'n Nuwer groter beter verhoog!

*Die ontwikkeling van 'n alternatiewe interpretasie, wat verby die plaaslike gemeenskap wys.*

### 7.1. Inleiding

Die manier van praktiese teologiese navorsing behels meer as om net ervarings te beskryf en te interpreteer (Müller 2005:83). “Alternatiewe interpretasies” beteken dat die manier van beoefening van teologie ook dekonstruksie impliseer (Müller 2005:83). Die brawe tree moet geneem word om by 'n nuwe verhaal uit te kom (Müller 2005:83). Die verhaal wys verby die plaaslike gemeenskap (Müller 2005:83). Dit sal nie gebeur as daar streng gestruktureerde metodes is nie. Dit gebeur wel as daar holisties na verhale gekyk word; die proses is sosiaal-konstruksionisties (Müller 2005:83). Die medenavorser word ook genooi om te help om nuwe betekenis te gee. Hulle help dus om die nuwe/alternatiewe verhaal te skryf.

Die beweging sal nie sinvol kan geskied as die vorige bewegings nie sinvol afgehandel is nie. Hier word verwag dat die verhaal holisties verstaan sal word (Müller 2005:83). Die betrekking van medenavorsers en ander kundiges kan dus nie uitgesluit word nie. Die beweging is deel van 'n groter sosiaal-konstruksionistiese proses wat daartoe verbind is om nuwe betekenis en beter verstaan mee te bring (Müller 2005:83). Ek glo dat die proses reeds in beweging en aan die gang gesit sal word en dat dit sal ontwikkel deur die studie. Daar sal deurgaans sosiaal-konstruksionisties daarmee omgegaan word (Müller 2005:83). Die deel van die studie sou baie maklik kon begin met die vraag: Wat is die bevinding dan nou, is homoseksualiteit reg of verkeerd? Is homoseksualiteit sonde? Die vraag oor wat homoseksualiteit veroorsaak sou ook gevra kan word.

Die antwoord hier is ongelukkig nie so eenvoudig soos 'n "ja" of 'n "nee" nie. Om hierdie vrae te beantwoord was ook nie die doel van die studie nie. Die studie het ten doel gehad om na tieners in nood se verhale te luister en vir hulle ruimte te skep om te eksploreer. Deur die vertel van die verhale en die hervertel daarvan was die hoop dat die meisies ryker verhale sou oorvertel waarin hulle nie bykarakters of dekor is nie maar dat hulle die hoofkarakters in die verhale sou wees. Die meisies moes dus leer dat hulle kennis mag is.

Die bevindinge is nie beperk tot die hoofstuk nie, hoofstuk 4, 5 en 6 maak ook bevindinge, wat nie als hier herhaal kan word nie. Daar kan egter steeds gevolgtrekkings gemaak word wat moontlik vir die breër gemeenskap en wetenskap betekenis kan hê. Die gevolgtrekking is saam met 'n groep van die meisies gedoen.

**7.2. Die kerk**

Die kerk is 'n baie belangrike deel van die studie. Die studie is gebore uit die kerk en was in baie opsigte ook die konteks waarbinne die navorsingsdrama afgespeel het. Dwarsdeur die interdissiplinêre deel van die studie en ook in die res van die navorsing is die kerk se rol herhaaldelik beklemtoon. Oor die kerk kan daar op baie maniere gereflekteer word. Vanuit 'n postfundamentalisties prakties teologiese hoek gesien, glo ek dat kerk kan help om haarself beter te posisioneer ten opsigte van werk met mense en in die besonder met tieners in nood.

Wanneer daar tradisioneel oor kerk gepraat word, dink 'n mens omtrent dadelik aan eredienste. 'n Groot deel van prakties teologiese navorsing gaan ook dan oor dié bepaalde uur. Die navorsingsdrama het hierdie klem kom verskuif. Dit maak nie die erediens minder belangrik nie, maar binne die manier van die bedryf van praktiese teologie kan die erediens nie die sentrum van kerkwees wees nie.

Die volgende belangrike uitgangspunt wat die studie na vore laat kom het was dat die kerkstruktuur nie die vermoë het om te sorg en om te gee nie. Ek weet ook nie of die struktuur dit hoef te doen nie. Kerkwees gaan oor mense; mense wat daar moet wees vir mekaar. My verwagtings van groter strukture is dat hulle ruimte sal skep vir omgee, maar nie dat hulle dit noodwendig self moet doen nie.

Die kerk bestaan uit mense; mense wat toegerus behoort te word om prakties teologies in die wêreld en met mekaar om te gaan. Wanneer ek dan praat oor die rol van die kerk in tieners wat nood beleef se lewens, bedoel ek mense wat deel is van die kerk.

Die rol van die kerk kan in die volgende punte saamgevat word soos deur die navorsingsdrama duidelik uitgewys is:

***7.2.1. Die kerk moet gesien word as 'n ontwikkelingsruimte.***

Meer as net in eredienste, kan die kerk een van die plekke wees waar mense ontwikkel word. Die meisies het ook na die kerk verwys as 'n plek waar hulle gelei kan word en waar hulle kinders eendag ontwikkel kan word. Die praktiese teologie het 'n groot rol te speel in die ontwikkeling van mense.

***7.2.2. Die kerk moet 'n plek van veiligheid wees.***

Veiligheid is 'n baie belangrike aspek van kerkwees soos uit die studie duidelik geword het. Die interdissiplinêre deel van die studie het baie klem op hierdie feit gelê. Dié ruimte kan en mag nooit deur mense wat skade wil aanrig binnegedring word nie. Die meisies het baie keer na die kerk verwys as een van die plekke waar hulle veilig gevoel het. Die studie het beklemtoon dat die kerk seker moet wees wie die mense is wat gebruik word binne die strukture. Dit laat weer vir die praktiese teologie ruimte om te help om metodes te ontwikkel om mense te

ontwikkel en hulle stories te leer ken, sodat geskikte mense op geskikte plekke ontplooi kan word.

### *7.2.3. Die kerk moet 'n "storied" en "storying community" wees.*

Van die begin af het die studie daarop gewys dat identiteit verhaalgebonde is. Die stories wat ek vertel, bepaal in 'n mate my identiteit. Hierdie verhale het ook impak op die mense rondom my. Binne die narratiewe manier van werk glo ons dat mense meer as een storie kan hê. Daar word ook verstaan dat stories in die loop van tyd kan verander en dat mense stories kan vertel waar hulle is en oor wie hulle graag wil wees. Die kerk is een van die ruimtes waar mense aangemoedig en toegerus kan word om hierdie stories van hoop te vertel. Die interdissiplinêre deel sowel as die verhale van die meisies het hierdie feite oorgedra en beklemtoon. Die kerk het 'n storie, want mense het 'n storie. Die kerk moet forums skep en ontwikkel waar mense hulle stories kan vertel en uitbrei, tot ryk gesonde verhale van hoop.

### *7.2.4. Die kerk moet 'n verlengstuk wees van wie God is.*

Die laaste groot slotsom is een wat die meisies baie sterk beklemtoon het: die kerk is die een plek waar God behoort te wees. In die nadink oor kerkwees en oor teologie sal daar baie kritiek op die punt wees, maar die meisies het kerk toe gekom omdat hulle geglo het dat hulle God daar sal beleef. Vir hulle is die kerk 'n verlengstuk van God. Die vraag wat ons onself dus moet afvra is in hoe 'n mate dit waar is. Dit beteken nie dat die kerk in allerhande vreemde charismatismes hoef te verval nie. Die meisies sou daarna verwys het as "*airy fairy*". Die behoefte wat die meisies gehad het was liefde, genade en aanvaarding, naamlik letterlik 'n plek waar hulle behoort, waar hulle net kon wees. Dit was die manier waarop hulle die Here wou beleef. Die kerk en die praktiese teologie is van uiterste belang om die kerk te help ontwikkel tot 'n gemeenskap waar omgee een van die kentekens sal wees.

## 7.3. Homoseksualiteit

Wanneer daar oor homoseksualiteit gepraat word in die verhoogdrama is daar 'n paar gevolgtrekkings wat gemaak kan word.

### *7.3.1. Homoseksualiteit is kontekstueel*

Wanneer daar na teorieë en literatuur oor homoseksualiteit gekyk word, kom 'n mens vinnig agter dat die teorieë oor alle grense heen en in alle kontekste geld. Dink in dié verband aan teorieë soos die teorie dat homoseksualiteit biologies is (Jones & Yarhouse 2000:60). Potgieter (2007:24–25) gee ook drie moontlike faktore wat universeel geld mee. Paulk (2003:36) in haar boek gee ook van die universele teorieë weer. Die verskil is dat sy ook redelik universeel dink oor die genesing van homoseksualiteit. Daar kan ook na die werk van Yarhouse en Tan (2004) gekyk word in die verband

Ek wil waag om op grond van dit wat op die navorsingsverhoog gebeur het te sê dat homoseksualiteit kontekstueel is. Die lewensomstandighede, saam met die sosiale kringe waarbinne die meisies beweeg het, het in die groep bygedra tot die keuse wat hulle gemaak het om 'n homoseksuele identiteit aan te neem.

Daar sal waarskynlik ander kontekste wees waarbinne soortgelyke tendense waargeneem sal kan word. Maar die verhaal en bevindinge sal nie universeel toegepas kan word nie. Die groep was baie beperk. Daar is byvoorbeeld nie met homoseksuele mans gewerk nie en die groep meisies was almal uit een skool en uit een vriendekring.

Die eerste groot bevinding van die studie is dus dat homoseksualiteit hier uiters kontekstueel is.

### *7.3.2. Homoseksualiteit om in te pas*

In die homoseksualiteitsdebat is daar 'n aantal oorsake wat genoem word as die oorsaak van homoseksualiteit. Hieronder val biologiese faktore, psigologiese faktore en sosiale faktore (Potgieter 2007:25). Die homoseksualiteit wat op die navorsingsverhoog afgespeel het, was nie een van hierdie nie.

Binne die navorsingsdrama was om 'n homoseksuele identiteit te aanvaar 'n manier om aanvaar te word en iewers in te pas. Binne die groep is almal aanvaar en het elke meisie 'n plek gehad waar sy behoort. Die groep het dit wat ander strukture moes voorsien aan die meisies gebied. Die groep het hulle veilig laat voel en daar kon hulle hulself uitleef.

'n Baie belangrike aspek van die homoseksualiteit vir die meisies was dat hulle gevoel het dat hulle hier geag word en veilig is. 'n Mens sou ook kon sê dat daar 'n mate van groepsdruk betrokke was.

### *7.3.3. Homoseksualiteit as seksdaad*

Homoseksualiteit is deur die meisies op 'n baie bepaalde manier verstaan. My begrip van wat homoseksualiteit is en die begrip van die meisies is totaal verskillend. Ek het verstaan dat daar bepaalde sake is wat meewerk om homoseksualiteit te veroorsaak. Die teorie dat meisies wat byvoorbeeld gemolesteer is en afwesige vaderfigure het en met seunsspeelgoed gespeel het toe hulle klein was, homoseksueel word (Jones & Yarhouse 2000:53–59). Elke keer as een van die teorieë aan die groep voorgehou is, het hulle vir my gelag.

Die meisies het gedink dat as jy seks met iemand van dieselfde geslag het, jy homoseksueel is. Homoseks was dus wat in die groep bepaal het of jy homoseksueel is of nie. Binne die groep was die meisies almal seksueel aktief met minstens een van die ander meisies in die groep. Die meisies in die groep

het dit ook glad nie probeer verberg nie. Hulle het ook seks gebruik om mense te skok.

Die derde bevinding wat ek wil maak is dat homoseks in hierdie konteks homoseksualiteit bepaal het en nie teorie oor breinpatrone nie.

### *7.3.4. Homoseksualiteit om te kry wat ek wil hê*

Seks en in dié geval homoseksualiteit, was ook 'n manier waarop die meisies mekaar en ander mense gemanipuleer het om te kry wat hulle wou hê, byvoorbeeld finansiële ondersteuning van volwasse lesbiese vrouens. Omdat die breër konstruk oor homoseksualiteit een was van dat vroulike homoseksualiteit nie so erg is nie, het dit ook vir hulle aanvaarbaar gemaak.

'n Mens sou dus kons sê dat homoseksualiteit ook gebruik is, om te skok maar ook om te manipuleer.

### *7.3.5. Homoseksualiteit wanneer dit pas*

Hierdie was 'n baie dominante deel van die verhaal. Baie van die meisies was by die kerk en by die skool homoseksueel. Maar in ander omstandighede was hulle ook openlik seksueel aktief met mans. Die meisies het altyd gesê dat dit 'n keuse is om homoseksueel te wees en dat wanneer mens nie wil homoseksueel wees nie, jy kan besluit jy is nie meer homoseksueel nie.

Homoseksualiteit in die konteks was dus verder ook 'n keuse wat gemaak is en 'n keuse wat weer verander kon word.

### *7.3.6. Homoseksualiteit en identiteit*

Die groep het op 'n manier bepaal wie die meisies was vir 'n tyd in hulle lewens. Hulle identiteit het in die groep gelê en die identiteit was sterk gekoppel aan seksualiteit en dit wat in die groep gebeur. Vir mense van buite het die meisies die "vrotkol" geword en daar is konstrukte gevorm oor wie die meisies is en hoe die groep gefunksioneer het. Baie van die konstrukte is gevorm op grond van halwe waarhede.

Die konstrukte oor identiteit en homoseksualiteit van die groep het die lewe vir baie van die meisies ondraaglik gemaak. Wat wel hieroor gesê kan word, is dat dit wat die kerk, die skool en ouers vir die meisies moes wees, die groep vir hulle was.

### *7.3.7. Homoseksualiteit as sonde*

My gevoel oor die homoseksualiteit soos in die konteks van die navorsingsdrama is dat dit sonde is. Binne die konteks is homoseksualiteit sonde van die kerk (bv. liefdeloosheid), van die skool (bv. veroordeling), van volwassenes (bv. mishandeling en verwaarlosing) en van my (ongeduld) en in sommige gevalle ook van die meisies (moedswilligheid).

Ruimtes vir vrae en eksperimentering moet in die strukture geskep word. Veiligheid en 'n plek om te behoort moet nie deur 'n groep soos dié geskep word nie. Die ruimtes moet geskep word in die ouerhuis, deur die kerk, die skool en deur volwassenes. In die geval van die navorsingsdrama was dit nie die geval nie. Die strukture wat moes beskerm het uitgebuit, mishandel, gemolesteer en verwerp.

As ons dus vra of homoseksualiteit sonde is, is my antwoord in die konteks beslis ja.

## 7.4. 'n Nuwe verhaal met nuwer beter en groter moontlikhede

Regdeur die studie is daar baie verskillende stemme gehoor. Die metodologies epistemologiese vertrekpunte het voor oog gehad om die groter verhaal te hoor. Maar meer as om net die verhale te hoor, was die verwagting ook dat deur die vertel en hoor van die verhale daar transformasie of dan intervensie (sien bl 12) sal plaasvind.

Die verhaal het met seer en hartseer begin. Die navorsingsverhaal het die meisies leer ken as randfigure; 'n deel van 'n gemeenskap wat as vrot gesien is. Die verhaal speel af in 'n konteks van armoede, swaarkry, geweld, dwelmmisbruik, mishandeling, molestering, veroordeling, marginalisering en besoedeling. Die meisies is vir baie mense niks anders as 'n "vrot kol skewes" nie. Die meisies is gestigmatiseer en selfs verstoot deur mense en instansies wat hulle moes beskerm en na hulle moes luister. 'n Groot deel van die marginalisering het plaasgevind omdat die meisies met 'n homoseksuele identiteit geassosieer het. Die feit dat die meisies met so 'n identiteit geassosieer het, is voorop gestel en al hulle ander dade is deur die bril van die *abnormaliteit* geïnterpreteer.

Die verhaal soos deur die studie geïnterpreteer skep egter nuwe moontlikhede. Saam met die nuwe moontlikhede is daar ook nuwe uitdagings wat bespreek sal word. Van die vergrote kennis sal wees dat:

- Homoseksualiteit nie net oor seks gaan nie, dit is kontekstueel.
- Identiteit is nie hoe jy gebore word nie. Jou konteks het 'n invloed op wie jy is en wie jy gaan word. Identiteit kan dus verander.
- Normaal hang baie keer van die konteks af.
- Taal wat verskillende generasies in verskillende kontekste praat, verskil.
- "Skeef" het 'n manier geword waarop die groep hulle andersheid kon uitdruk.
- Groepvorming en aanvaarding is vir jong mense ongelooflik belangrik.

- Ondersteuningsisteme moet optimaal funksioneer.

Die bogenoemde punte dwing ons om nuut te begin dink oor die verhale van die meisies. Die verhale wat vertel is, is gewoon nie net die verhaal van homoseksualiteit nie. Dit wat wel oor homoseksualiteit vertel is, is ook maar net 'n deel van 'n baie groter verhaal. Die verhaal soos deur die interdissiplinêre span se oë gesien, is 'n verhaal waarin daar hoop bestaan. Binne die verhaal is elke meisie 'n individu; 'n persoon met kennis om haar eie toekomsverhaal te bepaal. Die meisies se kennis oor hulle verhale is dus mag. Dit is mag wat dit vir hulle moontlik begin maak om ander verhale te begin vertel.

Die nuwe verhale gaan egter nie vertel word as die meisies nie die nodige ondersteuning gebied gaan word om nuwe verhale te vertel nie. Dit sluit in dat die nodige ondersteuningsisteme geskep sal moet word. En waar die ondersteuningsisteme in plek is, sal dit ontwikkel en versterk moet word.

Die nuwe verhaal is verder 'n verhaal waarin die meisies gehoor sal word. Hulle kommunikasie van verbale sowel as nieverbale kommunikasie sal gehoor word en op ag geslaan word. Daar sal ook saam met die meisies aan hulle kommunikasievaardighede en kommunikasiewyses gewerk word.

Een van die belangrikste karakters in die nuwe verhaal is die kerk. Die kerk sal in die nuwe verhaal 'n plek wees waar daar vir die meisies aanvaarding sal wees. Die kerk sal ook die meisies help beskerm en 'n volwaardige deel van die meisies se ondersteuningsisteem word. In die nuwe verhaal kan die kerk nie meer teenoor die meisies staan nie en sal die kerk ook die meisies se taal moet verstaan en die meisies se Godsbeeld help vorm. Die ander instansies soos die skool het ook 'n rol in die nuwe verhaal. Die instansies moet die meisies en alle tieners help om weer te droom en dalk selfs weer 'n slag nuut te droom. Kinders en jongmense moet weet dat hulle die hoofkarakters van hulle eie verhale is. Hulle is nie maar bloot net bykarakters in 'n groter verhaal nie.

Wanneer die verhale van die meisies in hierdie lig gesien word, word die meisies se kennis mag. Hulle het mag om nuwe betekenis aan ou konstrukte te gee. Hulle het mag om nie maar net deel van die statistiek te wees nie, maar om 'n mens te wees met impak en invloed in die wêreld waarvan ons almal deel is.

### 7.5. Terugvoering

Terugvoering oor wat daar geleer is in die navorsingdrama het verskillende adresse. Die verskillende boodskappe sal kortliks beskryf word met 'n moontlike manier waarop dit gedoen sal word. Sou die terugvoering nie gebeur nie is die proses onvoltooid.

#### 7.5.1. Hoofkarakters

Terugvoering aan die hoofkarakters is vir my die eerste en in baie opsigte een van die belangrikste prosesse. Meer as net terugvoering is dit ook die plek waar die gedagtes aan die groep getoets kan word.

Die terugvoer aan die hoofkarakters is:

- Hulle moet hulle droomverhale ontwikkel.
- Om anders oor goed te dink beteken nie dat hulle abnormaal is nie.
- Elkeen van hulle is uniek en hulle moenie konformeer tot wat die wêreld sien as normaal nie.
- Nie alle volwassenes is daarop uit om hulle te misbruik, te mishandel en te marginaliseer nie.
- Die kerk is 'n plek waar hulle welkom is.
- Die boodskap van die Bybel is 'n boodskap van 'n God wat by mense betrokke is; mense wat in baie opsigte gebreek is.

Die terugvoering is op twee maniere aan die meisies gegee. Die eerste is dat hulle almal deur die *life coach* gesien is. Die tweede was dat ek met elke meisie 'n gesprek gehad het. In die gesprekke is daar duidelik aan die meisies oorgedra dat hulle bepaal in watter rigting hulle verhale gaan groei. Ek sien steeds van tyd tot tyd nog van die meisies.

**7.5.2. Terugvoering aan die kerk**

Hoewel die kerk in baie opsigte 'n onlosmaaklike deel van my lewe is en ek vir 'n groot deel van die tyd deel was en is van 'n aantal probleme, is die terugvoering vir my uiters belangrik. Kritiek volgens Foucault bestaan net in relasie tot iets anders as die kritiek self (Foucault 1978:25). Daarom moet dit dan ook gegee word. Kritiek is 'n manier van omgaan met die realiteit waarbinne 'n mens jouself bevind. Ek kan terugvoering gee aan die gemeentes waarvan ek deel het en waarmee ek kontak het. Die probleem is dat die kerk 'n groter organisasie is as net 'n paar NG Kerk-gemeentes. In Randfontein is daar meer as 23 verskillende denominasies. Dit maak dit baie ingewikkeld om terugvoering te gee.

Wat ek aan die kerk sal wil oordra en sal wil terugvoering oor gee is:

- Ons moet ons lidmate ken. Baie van die goed wat met die meisies gebeur het, het onder kerkrade en dominees se neuse gebeur Rossouw (1995:80). Dit beklemtoon ook dat in ons beoefening van teologie ons mense moet ken en hulle konteks moet verstaan.
- Die kerk is die een plek waar mense veilig moet wees en nie geoordeel moet word nie.
- Die meisies het juis hier na aanvaarding gesoek, dit sê dat daar tog iets moes wees wat hulle aangetrek het.
- Christenskap is 'n leefwyse, wat ook mense kan afstoot as dit 'n weerspreking is wat ons aandui ons glo.
- Maak moeite om die wêreld en die konteks waarin jy jouself bevind, te verstaan.

- Een manier van bediening kan nie oor alle grense strek nie. Daar sal kreatief aan nuwe maniere gedink moet word om mense in nood by te staan.
- Gemeentes moet moeite doen met gesinsbediening en die opbou van ondersteuningsnetwerke.
- Gemeentes het ook 'n rol te speel in die identiteitsvorming van mense. Brueggeman (1993:39) sê dat die kerk 'n opdrag het om te help onthou maar ook om reeds te begin herinterpreteer.

Ek is deel van die probleem. Ek is deel van die kerk wat nie gedoen het wat sy moes nie en steeds nie altyd doen wat sy moet nie. Die kerk is deel van veral die etikettering van homoseksualiteit. Die geveg teen homoseksualiteit het letterlik die plek ingeneem van die gesprek oor die kommunistiese gevaar en die Katolieke gevaar ingeneem het (Herman 1997). Die resultaat was dinge wat mense ongelooflik seer gemaak het. Die kerk het gelukkig ook deel aan die herstel van die seer. Met die meisies se daarwees het hulle vir ons gesê dat hulle aan ons 'n tweede kans gee. Ek glo die navorsing beklemtoon dit oor en oor, Ons gee mekaar nog 'n kans! Die meisies in die verhaal het vir ons 'n tweede kans gegee. Dalk moet ons begin om mense tweede kanse te gee. Die kerk moet, soos die meisies dit gesien het, letterlik die verteenwoordiger van God op aarde word, naamlik 'n groep mense wat leef soos Hy dit van ons verwag. Genade, liefde, vrede vreugde, verdraagsaamheid en vergifnis moet dan deel van ons verhaal wees. Wat ons dan met ons geslagsorgane doen is dus nie meer die belangrikste saak nie. Die kriteria om deel te wees van en die ondersteuning van die kerk sal dan in die feit lê dat ons almal gebroke mense is wat genade, ondersteuning, liefde en genesing nodig het.

Die ironie is dat van al die terugvoering is hierdie van die moeilikste wat gedoen moet word. Die terugvoering sal dus op die volgende maniere gebeur:

- Die gemeentes waar ek werksaam was tydens die studie sal per brief ingelig word van die uitkomste van die studie.

- Die gemeente waar ek tans betrokke is sal in 'n opleidingsgeleentheid bewus gemaak word van die bevindinge. Daar was reeds so 'n geleentheid, maar die mense het gesê dat hulle graag meer uitgebreid sal wil hoor wat my ervaringe was.
- Aan die breër kerk sal ek terugvoering gee deur die publikasie van artikels.

Vir my is dit ook deel van 'n groter proses. Ek sien nie die werk as afgehandel met die ingee van die verhandeling nie. Die proses en die mense waarmee ek gewerk het, het vir my 'n ander wêreld oopgemaak wat ek nie maklik weer buite rekening sal kan laat nie.

**7.5.3. Terugvoering aan die ouers**

In sekere opsigte is die terugvoering aan die ouers makliker as die terugvoering aan die kerk. Die meeste van die ouers het geweet dat ek met hulle dogters werk. Hulle het ook geweet dat hulle dogters baie keer in die moeilikheid was oor dinge wat hulle gedoen het. Daar was selfs ook van die ouers wat geweet het dat hulle kinders met seks en seksualiteit eksperimenteer.

Wat ek aan die ouers sal kommunikeer is:

- Maak seker dat jy weet wie jou kind is.
- Doen moeite om na die stories wat hulle vertel te luister.
- Verstaan die musiek wat hulle luister.
- Moenie dadelik veroordeel nie.
- Vra dat hulle vir jou moet verduidelik hoe dit werk (nie in konfliksituasies nie).
- Sorg dat daar kommunikasie is en ook nie net wanneer daar konflik is nie.
- Neem die dinge wat jou kinders sê ernstig op.
- Sien jou kind as die hoofkarakter van haar eie verhaal, maar jy het 'n deel aan die verhaal.
- Sorg dat jou kind jou as deel van haar ondersteuningstrukture het.

- Wees 'n voorbeeld wat lei deur dade en nie net woorde nie.

Ek het by die gemeente waar die navorsing gedoen is 'n ouerleidingkursus gedoen waar spesifiek hierdie sake hanteer is en waar ek die sake aan die ouers oorgedra het. Ek en my kollega het ook 'n reeks gedoen waarin die temas aan die gemeente van die kansel af oorgedra is. 'n Mens sou ook gesinskampe kon doen waarin die bevindinge aan die ouers oorgedra kan word. Wat belangrik is om bo oor te dra dat daar nie 'n resep is om die dinge te doen nie, omdat mense verskil. Ouers en ouers se betrokkenheid is volgens my een van die belangrikste aspekte van kinders se lewens. Wees dus daar vir jou kinders.

### 7.5.4. Terugvoering aan die skool

Deur die loop van tyd is my verhouding met die skool en skole in Randfontein herstel. My deur na die hoofde was dus baie meer oop aan die begin. Die skool is in baie opsigte net so belangrik soos die ouers. My terugvoering aan die skool sluit die volgende in:

- Die skool moet ook 'n plek van veiligheid wees.
- Die meisies moenie wonder oor wie hulle te na gaan kom nie.
- Die skool mag nie marginaliseer en etiketteer nie.
- Die skool moet 'n plek wees waar droomverhale ontwikkel kan word.
- Die skool moet 'n plek wees wat deel van die meisies se ondersteuningsisteme kan wees.
- Die skool moet die mense wat hulle betrek op alle vlakke ken.
- Onderwysers moet toegerus word om te help, veral in 'n konteks soos Randfontein.
- Die skool moet sinvolle kommunikasiekanale met die ouers ontwikkel.

Die verhaal van die skool is 'n belangrike verhaal wat baie bepaalde impak op mense se lewens het. Die meeste van die positiewe invloed wat ek in my lewe gehad het, was van onderwysers. Die inligting wat deel was van die studies is

aan die onderwysers oorgedra. Ek het ook afsprake met die hoofde van twee van die skole gemaak om die bevindinge van die studie oor te dra. Die terugvoering rond die proses baie meer af, hoewel dit nie die einde is nie. Die navorsing is 'n verhaal met 'n oop einde. Die verhaal gaan voort. Wat die impak van die studie was, sal stelselmatig en in die loop van die tyd duidelik word.

**7.6. Nuwe navorsingsmoontlikhede**

Soos ek reeds gesê het, is die nie die einde nie. Saam met die meisies sal daar waarskynlik nog tien navorsingsdramas geskryf kon word. Die studie is in baie opsigte baie wyd. Daar sou op enkele van die aspekte verder gespesialiseer kon word vir toekomstige studies.

Van die sake wat ondersoek kon word, is:

- Ouers van kinders in kontekste van armoede.
- Die impak van radio aktiewe besoedeling op 'n gemeenskap.
- Die impak van molestering op kinders.
- Manlike homoseksualiteit binne dieselfde konteks.
- Prediking in 'n konteks soos hierdie.
- Marginalisering en die gemarginaliseerde.

Daar is nog baie oor die konteks wat ondersoek kon word vanuit verskillende vakgebiede, maar veral dan ook binne die praktiese teologie. Dit beklemtoon ook weer die feit dat om oor homoseksualiteit te praat nie so eenvoudig is soos wat dit op die oog af lyk nie.

**7.7. Die navorser of navorsingsregisseur**

Dit is die "ek" waarmee daar in hoofstuk 1 begin is. Dit gaan in die deel oor hoe die studie 'n impak op my gehad het. Ek sou die impak van die studie kon beskryf as lewensveranderend. Van die metodologie tot by dit wat ek in die navorsing

ontdek het, was alles vir my paradigmaskuiwe. Ek reflekteer kortliks oor die verhoogdrama se impak op my.

### 7.8. Navorsingsmetode

Wanneer daar gepraat word oor die metode waarop daar navorsing gedoen is, kan daar baie kritiek gegee word. My gevoel is dat om sinvol met die meisies te kon werk moes ek van 'n metode gebruik maak wat holisties, nie veroordelend nie en interdissiplinêr was. Die metode wat gevolg is, het dit gebied.

Daar was ook bepaalde frustrasies, veral met mense wat in die proses moes help. Dit sluit die hoofkarakters sowel as die gespreksgenote uit ander vakgebiede in. Die metode van navorsing bied egter die geleentheid vir transformasie om plaas te vind. In die geval glo ek lê die transformasie op drie vlakke. By die verteller, die skrywer en laastens ook by die leser.

Die metode is dus na my mening uiters geskik vir 'n tema soos dié wat hanteer is. Sou daar van 'n ander metode gebruik gemaak word, sou die studie in 'n sekere opsig 'n mislukking gewees het. Maar deur hierdie bepaalde metode te gebruik, kon daar steeds sinvol gereflekteer word op verhale en ervarings los van wat die voorveronderstellings was. Die metode laat ruimte vir transformasie en vir mense om te droom en inspraak te hê in hulle toekomsverhale.

### 7.9. Frustrasies

Die grootste deel van my frustrasie deur die navorsingsproses was die afhanklikheid wat mens van vrywilligers gehad het. Die mense het dit baie keer moeilik gemaak. Hulle het baie keer nie opgedaag vir gesprekke nie en van die interdissiplinêre medewerkers het baie laat in die proses onttrek.

Wat ook vir my 'n frustrasie was, is dat 'n mens nie die transformasie dadelik in mense se lewens kon sien nie. Die boodskappe en verwagtings wat ek gehad het, is ook baie kere verkeerd verstaan en dit moes oor en oor verduidelik word.

**7.10. Persoonlike groei**

Voordat ek met die studie begin het, was my standpunt oor veral homoseksualiteit baie duidelik. Ek het geweet wat my standpunt was en hoe reg en hoe verkeerd dit was. Die studie het vir my beklemtoon dat die saak nie so eenvoudig is nie. Die meisies se definisie van homoseksualiteit en my definisie was totaal verskillend.

Meer as net oor sake soos homoseksualiteit is my opvattings aangaande die meisies ook getransformeer. Hulle was aanvanklik 'n groep wat my frustreer het en waarvan ek ontslae wou raak. Hulle het my egter getransformeer deur hulle stories. Hulle wat vir my 'n frustrasie was, het 'n groep geword waaraan selfs ek lojaal was.

Ek is dus deur die studie beweeg tot by 'n plek waar ek nie voorheen was nie. Ek is verder op geen manier jammer vir die meisies nie. Dit was moontlik een van die fases waardeur die studie my geneem het. Ek is van 'n posisie van gefrustreerdheid beweeg na 'n posisie van respek, trots en liefde. Die verhaal van die meisies in die navorsing het my beslis getransformeer.

**7.11. Die navorsingsverhoogdrama**

Ek glo dat die navorsing as verhoogdrama in die konteks waarbinne die navorsing gedoen is 'n werkbare metafoor was. Dit het dit maklik gemaak om die navorsingsmetodologie aan die meisies te verduidelik. Die metafoor het dit vir my makliker gemaak om vir die meisies te verduidelik wat ek graag met die navorsing wou probeer doen. Die plasing van die epistemologiese aspekte is ook

vergemaklik, veral in die verduideliking van die konsepte aan die meisies en ook aan die gespreksgenote.

Die meisies en die gespreksgenote het binne die metafoor presies verstaan wat elkeen se rol was. Ek kon myself ook binne die metafoor baie gemaklik plaas. Die metafoor het klem daarop geplaas dat elke persoon 'n baie spesifieke rol speel om van die verhoogdrama 'n sukses te maak.

Die metafoor het verder beklemtoon dat elkeen van die medewerkers iewers besig is om ook sy of haar eie lewensdrama te leef en dat die lewensdrama ook 'n baie bepaalde invloed op die navorsingsdrama gehad het. Drama in hierdie sin dekonstrueer dus. Navorsing binne die dramametafoor wil en het dus gepoog om die verhoog so groot as moontlik te kry. Die navorsing binne die dramametafoor het dus van elke deelnemer herinterpretasie verwag.

Laastens glo ek dat die metafoor van navorsing as verhoogdrama vir die deelnemers kennis gee. Omdat die drama ook van 'n afstand af gesien kon word en op gereflekteer kon word, gee dit inligting, of dan kennis aan elke deelnemer. Die kennis gee dan weer op sy beurt mag. Die mag is mag wat dekonstrueer, herinterpreteer en nuwe toekomsmoontlikhede daarstel. Dit is so vir die hoofkarakters, die gespreksgenote, vir die interdissiplinêre span en vir die navorsingsdramaregisseur en die lesers. Die kennis sou soos volg opgesom kon word:

- Kennis aan die hoof karakters: Jy is die een wat bepaal watter verhale jy gaan leef. Jy kan die “*script”* kies.
- Kennis aan gespreksgenote: Soos die hoofkarakters is jy ook 'n hoofkarakter in 'n verhaal. Leef soos 'n hoofkarakter en nie soos 'n bykarakter in jou eie verhaal nie. Dit geld ook vir elke leser van die navorsing.
- Kennis aan die interdissiplinêre span: Ons het almal nodig om ons verhale en verhale wat ons ken te herinterpreteer. Die kennismaking met die

hoofkarakters het baie van die interdissiplinêre span gedaag om weer nuut te dink oor geykte konstrukte.

- Kennis aan die navorser/navorsingsregisseur: Een persoon het baie meer as een verhaal, mense kan in verskillende kontekste verskillende verhale leef. Mense is multiverhaalwesens.
- Kennis aan die leser: In verskillende kontekste kan konsepte en verstaan van kontekste verskil. Wanneer verhale dus benader word, moet dit dus altyd met 'n sosiaal-konstruktiewe bril benader word. Universele waarhede kan baie meer skade doen as wat mense baie keer dink.

### 7.12. Die proses

As daar dan dus krities oor die proses en die uitkomste van die studie gereflekteer moet word, is die slotsom wat ek sal maak dat dit 'n suksesvolle proses was. Dit was 'n proses wat nuwe verhale en nuwe verstaan van ou sake op die tafel kom plaas het. Die proses het die belangrikheid van die praktiese teologie weer op die voorgrond geplaas. Die proses het ook weer gekyk na die bediening van die jeug in 'n post-1994 Suid-Afrika.

Die proses is dus verder 'n proses met baie frustrasies en net so baie kritiek. Dit is egter steeds 'n baie belonende proses; 'n proses wat hoop gee en verhale van hoop wil vertel in 'n wêreld wat baie keer geen rede meer het om te hoop nie.

Die proses is laastens 'n proses wat beklemtoon dat ons in 'n wêreld leef wat smag na die boodskap van 'n lewende God. Hierdie wêreld en veral die jong mense van die wêreld kyk na die kerk om die boodskap te bring, en nie net met woorde nie maar met dade soos Jakobus 3 en 4 sê. Daar is dus 'n baie groot verantwoordelikheid op die skouers van elke verteenwoordiger van die kerk maar veral op die leierskap.

### 7.13. Gevolgtrekking

Die mens is die produk maar ook die produseerder van sy eie verhaal (Foucault 1972:95). Die kennis van die verhaal is kennis wat kan groei en kan verander. Die verandering kan die karakters in die verhaal, die konteks en uiteindelik die verhaal verander. Kennis en mag is onlosmaaklik deel van mekaar. 'n Deel van ons verantwoordelikheid as volwassenes is om mense te help om hierdie verhale so volledig as moontlik te vertel. Elke narratiewe weergawe vorm deel van ’n lewe, en is volgens Bahktin (1981:37) ingebed in 'n geleefde konteks van interaksie en kommunikasie, intensie en verbeelding, dubbelsinnigheid en vaagheid. Daar is volgens hom altyd potensieel 'n volgende en nuwe storie om te vertel. Dit skep 'n dinamiek tussen ware stories oor die werklike lewe en moontlike stories oor potensiële lewe, sowel as kombinasies daarvan. As gevolg hiervan kan lewensnarratiewe gesien word as oop, sonder einde. Hulle is volgens Bahktin (1981:37) “onfinaliseerbaar”, want die lewe bied altyd méér opsies (werklik en fiktief), sluit méér betekenisse in, méér identiteite, roep méér interpretasie op as wat enige aantal moontlike lewenstories kan uitdruk. Die invloed van die narratief op die lewe van die individu is wydlopend. Bahktin (1981:37) se teorie van die narratief sien die mens as voortdurend besig om homself te *skep*, voortdurend besig om enige definitiewe weergawe van identiteit te weerspreek.

Mense moet die verhale ken, want dit gee bepaalde selfkennis, wat mag is. Mense moet permanent gedaag word om nuwe verhale te vertel en die ou verhale op so manier oor te vertel dat dit nuwe betekenis sal kry. Ons moet veral die jeug bystaan in die “betekenis maak”-proses. Die kerk veral het 'n baie groot rol in die proses te speel. Die rol gaan baie keer uitdagend wees en baie kreatiwiteit verwag. Die uitdaging is dat ons nie sal terugdeins as die taal of gebruike vir ons vreemd is nie, maar juis dat ons dan nuwe betekenis sal gee en help ontwikkel.

Kennis is mag as dit in die regte hande en in die regte verhoudinge ontwikkel het. Kennis kan ook ontmagtig. Ons het ook 'n verantwoordelikheid om dit nie te laat gebeur nie. Die hele idee en moontlikheid van menslike identiteit is verbind aan die narratief en narratiwiteit (Brockmeier & Carbaugh 2001:15). Hiermee saam gee die narratief aan die individu toegang tot die realiteit van sy lewe. Die mag moet gebruik en geleef word. Foucault (1982 [1994]:177) stel dit so:

> *[P]ermit individuals to effect, by their own means, a certain number of operations on their own bodies, their own souls, their own thoughts, their own conduct and this in a manner so as to transform themselves, modify themselves, and to attain a certain state of perfection, happiness, purity, supernatural power.*

Mag in die verhaal kom deur kennis en kennis moet op die een of ander manier verkry word. Kennis soos ek dit verstaan kom deur 'n openheid om te luister na verhale en ook die deel van jou eie verhaal. Die openheid lê nie net in die eie verhaal nie, maar ook in die oop-wees vir die stories en geskiedenisse van ander.

> *Then the question arises of my participation in the stories and histories of others, which themselves are open/closed stories/histories. Is not this kind of mutual exchange and mutual aid in the dialectic of openness and closure the essence of the pastoral act?"* (Ricoeur 1995:313–314).

Ek glo dat deur die navorsingsverhaal aan die meisies mag gegee is om hulle verhale te vertel op ‘n manier wat hulle die hoofrolle van hulle verhale maak, in ‘n wêreld wat etiketteer en seermaak eerder as om te genees. Die studie beklemtoon ook dat die kerk ‘n ongelooflik belangrike rol het in mense se soeke na identiteit, aanvaarding en metafore om hulle self uit te druk. Die verhaal soos met alle verhale wat deur mense vertel word het ‘n oop einde. Hoe dit gaan eindig kan dus nie gesê word nie, maar die hoop is dat dit positief sal wees.

**Bibliografie**

Adriaanse, HJ. 1978. Over Kuiterts discussie met Barth. *Nederlands Theologisch Tijdschrift* 32:145–160.

Albert, SW. 1996, *Writing from life: telling your soul's story.* New York: GP Putnam's Sons,

Alsop, R & Fitzsimons, A & Lennon, K. 2002. *Theorizing gender*. Malden: Blackwell.

Anderson, R.S. 1997. The soul of ministry: forming leaders for God's people. Louisville, Ky : Westminster/John Knox Press.

Anzaldua, G. 2004. Borderlands/La Frontera, in Rivkin, R & Ryan, P:1017–1030.

Bavink, H. 1976. *Gereformeerde dogmatiek*. Deel 4. Kampen: Kok.

Barna, G. 1995. *Generation next: what you need to know about today's youth.* Ventura: Regal Books.

Barna, G. 2006. Revolution: finding vibrant faith beyond the walls of the sanctuary. New York: Tyndale House.

Barna, G & Hatch, M. 2001. *Boiling point: it only takes one degree. Monitoring cultural shifts in the 21st century.* Ventura: Regal Books.

Barth, K. 1975. Church dogmatic: the Word of God.  Edinburgh: T & T Clark.

Bartholomew, CG & Goheen, MW. 2004. *The drama of Scripture: finding our place in the Biblical story.* Grand Rapids: Baker.

Bahktin, M. 1981. *The dialogic imagination*. Austin, TX: University of Texas Press.

Beck, MN. 1997. *Breaking point*. New York: Random House.

Benson, IT. 2007. The jurisdiction of science: what the evolution/creation debate is not about. *Journal for Christian Scholarship* 43 (3&4):1–29.

Berger PL & Luckmann T 1966. *The social construction of reality*. New York: Doubleday.

Berkouwer, GC. 1966. *Dogmatische studien: de Heilige Schrift*. vol 1. Kampen: Kok.

Bevolo-Manders, JM & Dreyer, TFJ. 1998. Satanisme gesien vanuit 'n pastorale perspektief. *Hervormde Teologiese Studies* 54(3 & 4):737–759.

Beukes, J. 2004. Teenswoordige geskiedenis: Michel Foucault in gesprek met die teologie. *Hervormde Teologiese Studies* 60(3):883–899.

Beukes, J. 2002. *Ars erotica* en die detrivialisering van die seksuele diskoers: 'n aantekening by die seksualiteitsanalise van Michel Foucault. *Hervormde Teologiese Studies* 58(1):283–298.

Beyer, FJ, Du Preez, E & Eskell-Blokland, L. 2007. Social constructionism, in *Contextualising community psychology in South Africa*, edited by Visser, M. Pretoria: Van Schaik:37–50.

Bird, J. 2001. To do no harm. Keynote address given at the inaugural Pan Pacific Family Therapy Congress, 4–7 September. Melbourne, Australia.

Bisschoff, J. 2008. Referaat: Kerkspieël oor homoseksualiteit. Pretoria. 03/30 NG Gemeente Skuilkrans

Bosch, DJ. 1988. Die onvoltooide sendingtaak in wêreldperspektief. *Sendingjaar 1988 van die NG Kerk-familie. Kongresbundel 12–15 Julie.* Universiteit van Pretoria:*80–101.*

Bremmer, 1981. Hermeneutische teologie van H Kuitert. *In die Skriflig* 15:3–20.

Breytenbach, B. 2008. *A veil of footsteps: memoir of a nomadic fictional character.* Cape Town: Human & Rousseau.

Brinkman, ME (red). 1999. *Kennismaken met Kuitert: een overzicht van zijn teologie.* Baarn: Ten Have.

Brinkman, J.M. 1992. The perception of space in the Old Testament : an exploration of the methodological problems of its investigation, exemplified by a study of Exodus 25 to 31. Kampen, The Netherlands : Kok Pharos Pub. House

Brockmeier, J & Carbaugh, D. 2001. Introduction, in *Narrative and identity: studies in autobiography, self and culture*, edited by Brockmeier, J & Carbaugh, D. Amsterdam: John Benjamins:1–24.

Browning, DS. 1991. *A fundamental practical theology: descriptive and strategic proposals*. Minneapolis: Fortress Press.

Brueggeman, W. 1993. Texts under negotiation: the Bible and postmodern imagination. Minneapolis: Fortress Press.

Burger, CW. 1995. *Gemeentes in transito: vernuwingsgeleenthede in 'n oorgangstyd. Gemeente en bediening 3*. Kaapstad: Lux Verbi.

Burr, V. 1995. *An introduction to social constructionism*. London: Routledge.

Butler, J. 1990. *Gender trouble: feminism and the subversion of identity.* London: Routledge.

Caputo, JD. 1997. *Deconstruction in a nutshell: a conversation with Jacques Derrida*. New York: Fordham University Press.

Caputo, JD. & Yount M. 1993. *Foucault and the critique of institutions*. Pennsylvania: The Pennsylvania State University Press.

Clandinin DJ & Connelly FM. 1994. Personal experience methods, in *Handbook of qualitative research*. 2nd ed, edited by Denzin, NK & Lincoln, YS. Thousand Oaks, CA: Sage.

Cousins, M & Hussain, A. 1984. *Michel Foucault: theoretical traditions in the social sciences.* London: Macmillian Education.

Cross, M & Epting, F. 2005. Self-obliteration, self-definition, self-integration: claiming a homosexual identity. *Journal of Constructivist Psychology* 18:53–63.

Côté, JE & Levine, CG. 2002. *Identity formation, agency, and culture: a social psychological synthesis.* Mahwah, NJ: Lawrence Erlbaum.

De Beer, BMJ. 2004. 'n Pastoraal-teologiese ondersoek na die rol en toerusting van fasiliteerders betrokke by ondersteuning van die okkulte-gerehabiliteerde. Universiteit van die Vrystaat.

De Lange, MC. 2007. Reflections on methodology and interdisciplinarity in the Postmodern dialogue between theology and the natural sciences. *Acta Theologica* 2. 24-45

Demasure, K & Müller, J. 2006. Perspectives in support of the narrative turn in pastoral care. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 47 (3&4):410–419.

De Smidt, JC. 1998. Fundamentalism: a historical survey. *Scriptura* 64:37–49.

De Wet, DC. 2003. 'n Gemeenskapsgerigte model vir die geloofsvorming van tieners in die verbondsgesin deur middel van simbole en rituele. *Hervormde Teologiese Studies* 59(4):1461–1485.

Diamond, LM. 2003. Was it a phase? Young women's relinquishment of lesbian/bisexual identities over a five year period. *Journal of Personality and Sosial Psychology.* 84 (2):352–364.

Dreyer, Y.1998. Pastorale interaksie met vroue: 'n prakties-teologiese begronding. DD-tesis, Pretoria, Universiteit van Pretoria.

Dreyer, Y. 1999. Vroue-ervaring en spiritualiteit. *Hervormde Teologiese Studies* 55(2&3):360–379.

Dreyer, Y. 2004. Homosexuality: church, tradition and the Bible: homofobia, sarcophobbia and the Gospel. *Hervormde Teologiese Studies* 60(4):1311–1335.

Dreyer, Y. 2006. Postmoderne kerk-wees in die lig van publieke teologie: eenheid en verskeidenheid. *Hervormde Teologiese Studies* 62(1):175–205.

Duncan, S & Barlow, A. 2002. The rationality mistake and family policy in Britain, in *Analysing families: morality and rationality in policy and practice*, edited by Carling, A, Duncan, S & Edwards, R. London: Routledge.

Du Toit, PW & Spangenberg, IJJ. 2002. Kerk en teologie in die postmoderne tyd. *Hervormde Teologiese Studies* 58(3):1134–1149.

Dollimore, J. 1991. *Sexual dissidence: Augustine to Wilde, Freud to Foucault.* New York: Oxford University Press.

Du Plessis, J. 1999. *Oor gay-wees.* Tafelberg: Kaapstad.

Elgin, CZ. 1998. Epistemology's end, in *Epistemology: the big question*, edited by Alcoff, LM. Malden, MA: Blackwell:26–40.

Fay, J., 2000. A narrative approach to critical and sub-critical incident debriefings. Online, available at *http://www.narrativeapproaches.com/narra…%20papers%folder/narrativepolicing.htm.* Accessed on 2002/05/12.

Fokkelman, JP. 1999. *Reading biblical narrative: a practical guide*. Leiden: Deo (Tools for Biblical Studies 1).

Foucault, M. 1971. *Madness and civilization: a history of insanity in the age of reason.* Great Britian: Tavistock Publications.

Foucault, M. 1972. *The archeology of knowlege*. London: Tavistock.

Foucault, M. 1977. *What is an author*? New York: Cornell University Press:124–127.

Foucault, M. 1978. What is critique?, in *Michel Foucault: the politics of truth*, edited by Lotringer, S & Hochroth, L. New York: Semiotext(e):23–82.

Foucault, M. 1980. *Power/knowledge: selected interviews and other writings*. London: Harvester Press.

Foucault, M. 1982. The subject and power, in 1986. *Michel Foucault: beyond structuralism and hermeneutics*, edited by Dreyfus, HL & Rabinow, P. London: The Harvester Press:208–226.

Foucault, M. [1982]1994. Technologies of the self, in *Ethics: essential works of Foucault 1954–1984*. vol 1, edited by Rabinow, P, translated by Hurley, R et al. London: Penguin:223–251.

Foucault, M. 1983. On the genealogy of ethics: an overview of work in progress, in *The Foucault Reader,* edited by Rabinow, P. New York: Pantheon Books:340–372.

Foucault, M. 1984. The ethic of care for the self as a practice of freedom. An Interview with Michel Foucault on January 20, 1984, in *The final Foucault*, edited by Bernauer, JW & Rasmussen, DM, translated by Gauthier, JD. Cambridge, MA: MIT Press:1–20.

Foucault, M. 1986. *Discipline and punishment: the birth of the prison.* Harmondsworth: Peregrine.

Foucault, M. 1988. *Politics, philosophy, culture.* edited by Kritzman, LD. New York: Vintage.

Fourie, J. 2008. Verslag van die navorsingspan van die Ned Geref Gemeente, Randfontein-Noord betreffende die nood van ons omgewing. Randfontein.

Fowler, S. 1985. *The Word of God.* Potchefstroom: Institute for Reformational Studies.

Freedman, J & Combs, G. 1996. *Narrative therapy: the social construction of preferred realities.* New York: WW Norton & Company.

Freedman, J & Combs, G. 2002. *Narrative therapy with couples ... and a whole lot more! A collection of papers, essays and exercises.* Adelaide, Australia: Dulwich Center Publications.

Gadamer, HG. 1982. *Truth and method*. New York: Crossroad.

Gadamer, HG. 1998. The universality of the hermeneutical problem, in. *Continental philosophy*, edited by McNiell, W & Feldman, S. Malden, MA: Blackwell:168–193.

Ganzevoort, RR & Veerman, AL. 2000. *Geschonden lichaam: pastorale gids voor gemeenten die geconfronteerd worden met seksueel geweld.* Zoetermeer: Uitgeverij Boekencentrum.

Ganzevoort, RR. 2006. The social construction of revelation. *International Journal of Practical Theology* 8(2):1–14.

Gaventa, J & Cornwall, A. 2006. Challenging the boundaries of the possible: participation, knowledge and power. *Institute of Development Studies* 37:122–128.

Gergen, KJ. 1994. *Realities and relationships: soundings in social construction.* Cambridge: Harvard University Press.

Gergen, KJ. 1999. *An invitation to social construction*. London: Sage.

Gergen, KJ. 2001. Organizational science in a postmodern context. Available online http://www.swarthmore.edu/sosi/kgergen. Accessed on 04/04/2008

Gerkin, CV. 1984. *The living human document: re-visioning pastoral counselling in a hermeneutical mode*. Nashville: Abingdon Press.

Gerkin, CV. 1997. *An introduction to pastoral care*. Nashville: Abingdon.

Gillham, B. 2000. *Case study research methods*. London: Continuum.

Gordon, C. 1980. *Power/knowledge: selected interviews and other writings 1972–1977, Michel Foucault.* Great Britain: The Harvester Press.

Gregersen, NH & Van Huyssteen, WJ. 1998. *Rethinking theology and science: six models for the current dialogue.* Grand Rapids: Eerdmans.

Gilroy, A & Dalley, T. 1989. *Pictures at an exhibition: selected essays on art and art therapy.* London: Routledge.

Guba, EG & Lincoln, YS. 1994. *Competing paradigms in qualitative research. Handbook of qualitative research.* Thousand Oaks: Sage.

Haag, H & Elliger, K. 1999. *Zur Liebe befrei:. Sexualität in der Bibel und heute*. Zürich/Düsseldorf: Benziger Verlag.

Hamann, H. 2004. *Randfontein: a town like no other. More than 75 years of history.* Randfontein: Com Printers.

Hambridge, J. 2000. Gender-konstruksies in die Afrikaanse letterkunde: ’n ondersoek in kultuurstudies, literêre teorie en kreatiewe skryfwerk. PhD-verhandeling, Kaapstad, Universiteit van Kaapstad.

Heitink, G. 2001. *Biografie van de dominee*. Baarn: Uitgeverij Ten Have.

Herman, D. 1997. *The antigay agenda: Orthodox vision and the Christian right*. London: University of Chicago Press.

Heyes, C. 2008. Identity politics, in *The Stanford encyclopedia of philosophy,* edited by Zalta, EN. Available online: http://plato.stanford.edu/archives/fall2008/entries/identity-politics. Accessed on 2008/11/01.

Hocking, A. 1986. *Randfontein estates: the first hundred years.* Wynberg: Rustica Press.

Hoy, DC. 1986. *Foucault: a critical reader.* Oxford: Basil Blackwell.

Human, L. 2003 Fiction writing as metaphor for research: a narrative approach. *Practical Theology in South Africa* 18(3):40–58.

Human, LH. 1993. *Die invloed van werkloosheid op die gesin as sisteem: 'n pastorale perspektief*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Hyde, JS. 1990. *Understanding human psychology*. New York: McGraw-Hill.

Janse van Rensburg, J. 2007. Voortsetting van die epistemologiese diskoers in die praktiese teologie in gesprek met JA van den Berg. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 22 (2):61–80.

Johnson, E.T. 1992. *Glimpses into the silent years of Jesus*. Hyderabad, India.

Jones, SL & Yarhouse, MA. 2000. *Homosexuality: the use of scientific research in the church's moral debate.* Illinois: InterVarsity Press.

Jonker, JIH. 1991. *Satanism: a reality*. Pretoria: Kobus Jonker.

Jung, CG. 1961. *Memories, dreams and reflections*. New York: Vintage Books.

Karampetsos, ED. 1995. *The theatre of healing*. New York: Peter Lang.

Kärkkäinen, V. 2002. *An intoduction to ecclesiology: ecumenical, historical and global perspectives*. Illinois: Inter Varsity Press.

Kershaw, B. 1999. *The radical in performance: between Brecht and Baudrillard.* London: Routledge.

Kok, E. 2004. Sexuality: how it is defined and determined? *South African Family Practice* 46(3).

Kotzé, E & Kotzé, DJ. 1997. Social construction as a post modern discourse: an epistemology for conversational therapeutic practice. *Acta Theologica* 17(1):27–50.

Landman, C & Theron, JPJ. 2008. The healing of intimate spaces through the deconstruction of religious discourses: co-constructing alternative stories of faith in the context of township spiritualities: spirituality and well-being. *Practical Theology in South Africa* 3 (3).

Leggo, C. 1995. Who speaks for extinct nations? The Beothuk and narrative voice. *Literator* 16 (1):31–49.

Le Roux, HJJ. 2008. *Die NG Gemeente Randpoort 1928–2008*. Randfontein: NG Randpoort.

Lewis, NM. 2009. Mental health in sexual minorities: recent indicators, trends, and their relationships to place in North America and Europe. *Health & Place* 15, 1029–1045.

Louw, DJ. 2003. The paradigmatic revolution in practical and pastoral theology: from metaphysics (substantial thinking) to empirism (experential thinking); from theism to theopaschitism (hermeneutical thinking). *Practical Theology in South Africa* 18 (2).

Ludwig, K. *The epistemology of thougt experiments first person versus third person approaches*. In Midwest studies in Philosophy volume XXXI Philosophy and the Emperical. P 128-159.

Marshall, P. 1998. *Heaven is not our home: learning to live in God's creation.* Nashville: Word Publishing.

Martin, D.C. 2007. From the cauldron of colored experiences: liminality and elusive communitas in four novels by South African colored writers , edited by Viljoen & Van der Merwe. 61–88.

May, T. 2006. *The philosophy of Foucault.* Chesham: Acumen.

McFague, S. 1987. *Models of God: theology for an ecological, nuclear age.* Minneapolis, MN: Fortress.

McFague, S. 2001. *Life abundant: rethinking theology and economy for a planet in peril.* Minneapolis, MN: Fortress.

McHoul, A & Grace, W. 1993. *A Foucault primer: discourse, power and the subject.* Victoria: Melbourne University Press.

McKnight, S, 2005. Loving God, loving others. Massachusetts: Paraclete Press.

McLaren, B. 2005. *A generous orthodoxy.* Grand Rapids: Zondervan.

McMinn, LG. 2005. Sexual identity concerns for Christian young adults: practical considerations for being a supportive presence and compassionate companion. *Journal of Psychology and Christianity* 24 (4):368–377.

Moran, J. 2002. *Interdisciplinarity: the new critical idiom*. New York: Routledge.

Morgan, A. 2000, *What is narrative therapy*? *An easy-to-read introduction*, Adelaide: Dulwich Centre Publications.

Müller, JC. 2009. Transversal rationality as a practical way of doing interdisciplinary work, with HIV and AIDS a case study. *Practical Theology in South Africa* 24(2):199–228.

Müller JC. 2005. A postfoundationalist, HIV-positive practical theology. *Practical Theology in South Africa* 20(2):72–88.

Müller, JC. 2003. HIV/AIDS narrative practical theology, and postfoundationalism: the emergence of a new story. *Hervormde Teologiese Studies* 60(1&2):293–306.

Müller, JC. 2000. *Reis-geselskap: die kuns van verhalende pastorale gesprekvoering.* Wellington: Lux Verbi.

Müller, JC. 2002. *Gesinne van binne: vertel die verlede en droom oor die toekoms van jou gesin.* Bloemfontein: Barnabas.

Müller, JC, Van Deventer, W & Human, L. 2001. Fiction writing as metaphor for research: a narrative approach. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 16(2):76–96.

Müller, JC & Beyer, J. 2007. Pastorale sorg aan homoseksuele persone en/of mense na aan hulle. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 22(2):122–138.

Müller, JC & Schoeman, K. 2004. Narrative research: a respectful and fragile intervention. *Sociale interventie* 13(3):7–13.

Neuger, C.C. 2006. Counseling women: a narrative, pastoral approach. Minneapolis, MN : Fortress Press, 2001

Neuman, WL. 1997. *Social research methods: qualitative and quantitative approaches*. Columbus, OH: Allyn & Bacon.

Nietzsche, F. 2004. *Ecce Homo.* London: Penguin.

Nietzsche, F. 1999. *The birth of tragedy and other writings*. Edited by Ronald Speirs. Cambridge: Cambridge University Press.

Nietzsche, F. 1956. *The birth of tragedy and genealogy of morals*. Garden City: Anchor-Doubleday.

Nouwen, HJM. 1979. *The wounded healer: ministry in contemporary society*. London: Darton, Longman and Todd.

Olivier, B. 2007. Postmodernity, globalisation, communication and identity. *Communicare* I26(2):36–54.

Osmer, RR. 2006. Toward a transversal model of interdisciplinary thinking in practical theology, in *The evolution of rationality*, edited by Shults, FL. Grand Rapids: Eerdmans.

Paulk, A. 2003. *Restoring sexual identity. Hope for women who struggle with same-sex attraction*. Harvest house publishers: Oregon.

Pambrun, JR. 2001. Hermeneutical theology and narrative. *Theoforum* 32(3):273–301.

Paris, PJ. 2001. Moral exemplers in global community, in,*The spirit and the modern authorities: God and globalization,* edited by Stackhouse, ML & Browning, DS, vol 2.. Harrisburg, PA: Trinity Press International: 191–219.

Peck, MS. 1997. *The road less travelled and beyond: spiritual growth in an age of anxiety.* New York: Simon & Schuster.

Peck, MS. 1993. *Further along the road less travelled: the unending journey to spiritual growth.* London: Simon & Schuster.

Pieterse, HJC. 1993. *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Potgieter, J. 2007. *Homoseksualiteit 'n Skrifgefundeerde perspektief*. Suid-Afrika: Vereniging

Prins, JMG. 2005. Programinhoude van die kinder- en jeugbediening van die NG Kerk (II): Die fokus op die gesin en die persoonlike geloofslewe. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* 46(3&4):486–498.

Quinn, JD & Wacker, WC. 2000. *The first and second letters to Timothy*. Grand Rapids: Eerdmans.

Remafedi, G, Resnick, M, Blum, R & Harris, L. 1992. Demography of sexual orientation in adolescents. *Pediatrics* 89:714–721.

Richards, LO. 1980. *A theology of Christian education*. Grand Rapids: Zondervan.

Ricoeur, P. 1967. *The symbolism of evil*. New York: Harper and Row.

Ricoeur, P. 1981. *Hermeneutics and the human sciences*. Cambridge: Cambridge University Press.

Ricoeur, P. 1991. Narrative identity. *Philosophy Today* 35 (1):73–82.

Ricoeur, P. 1995. *Figuring the sacred: religion, narrative and imagination*, translated by Pellauer, D, edited by Wallace, MI. Minneapolis, MN: Fortress.

Ricoeur, P. 1992. *Oneself as another*. Translated by Blamey, K. Chicago: Chicago University Press.

Ricoeur, P. 2004. *Memory, history, forgetting*. Chicago: Chicago University Press.

Ricoeur, P. 2007 [1986]. Imagination in discourse and in action, in *From text to action: essays in hermeneutics II,* Translated by Blamey, K & Thompson, JB. Evanston, Illinois: Northwestern University Press:168–87.

Ridderbos, H. 1978. *Studies in Scripture and its authority*. St Catherines: Paideia.

Rossenau, H. 1993. *Allversöhnung : ein transzendentaltheologischer Grundlegungsversuch.* Berlin; New York: W. de Gruyter.

Rossouw, GJ. 1995. *Theology in postmodern culture: ten challenges*. Pretoria HRC Publishers.

Schilling, HK. 1973. *The new consciousness in science and religion*. London: SCM Press.

Schrag, CO. 1997. *The self after post modernity*. London: Yale University Press.

Schrag, CO. 1992. *The resources of rationality: a response to the postmodern challenge.* Bloomington, Indiana: Indiana University Press.

Sedgwick, D. 1994. *The wounded healer: countertransference from a Jungian perspective*. London: Routledge.

Selling, JA (ed). 2001. *Embracing sexuality: authority and experience in the Catholic Church.* England: Ashgate.

Silva, M. 1996. Has the church misread the Bible? in *Foundations of contemporary interpretation,* edited by Silva, M. Grand Rapids: Zondervan:15–95.

Sherman, R & Webb, R 1988. *Qualitative research in education: focus and methods*. London: Falmer Press.

Stone, JA. 2008. Viewed from the shoulders of God: themes in science and theology, reviewed by Du Toit, CW. *HTS: Theological Studies* 64 (4):1959–1960.

Thorp, J. 1992. Source: the social construction of homosexuality. *Phoenix* 46 (1, Spring):54–61.

Towner, PH. 1994. *1-2 Timothy & Titus*. Ilinois: InterVarsity.

Trimp, C. 1984. "Ervaring" in de moderne Theologie. *In die Skriflig* 18:9–25.

Van den Berg, S. 2000. *Geskiedenis van Randgate.* Randfontein: NG Randpoort.

Van der Watt, J. 2000. *Die Christen, die Bybel en die toekoms: dit is wat ek glo*. Vereeniging: CUM.

Van Huyssteen, JW. 2007. Response to critics. *American Journal of Theology & Philosophy.* 28 (3):409– 432.

Van Huyssteen, JW. 2006b. When our bodies do the thinking: Theology and Science Converge. *American Journal of Theology & Philosophy.* 27 (2):127–153.

Van Huyssteen, W. 1997. *Essays in Postfoundationalist theology.* Grand Rapids: Eerdemans.

Van Huyssteen, W. 1998. *Duet or duel? Theology and science in a postmodern world.* London: SCM.

Van Huyssteen, W. 1999. *The shaping of rationality: toward interdiciplinarity in theology and science.* Grand Rapids: Eerdmans.

Van Huyssteen, W. 1986. *Teologie as kritiese geloofsverantwoording: teorievorming in die sistematiese teologie.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Van Huyssteen, W. 2000. Postfoundationalism and interdisciplinarity: a response to Jerome Stone. *Zygon* 35(2):427–439.

Van Niekerk, M. 2004. *The unheard stories of adolescents infected and affected by HIV/AIDS about care and/or the lack of care*. Pretoria: University of Pretoria.

Vardy, P. 1997. *The puzzle of sex*. London: Harper Collins.

Veenhof, J. 1984. Holy Spirit and Holy Scripture, *in The interpretation of Scripture today The interpretation of Scripture today*, edited by Schrotenboer, PG. Grand Rapids: Reformed Ecumenical Synod:1–19.

Veldsman, DP. 2008. Wentzel van Huyssteen: telling the story of religious awareness with inter-disciplinary integrity from an evolutionary epistemological perspective. *Scriptura: International Journal of Bible, Religion and Theology in Southern Africa* 98:222–230.

Verster, P. 2007. Tussen modernisme, postmodernisme en nuwe realisme: 'n uitweg vir die Christelike teologie? *Tydskrif vir Christelike Wetenskap.* Kwartaal 1&2.

White, M & Epston, D. 1990. *Narrative means to therapeutic ends.* Adelaide, Australia: Dulwich Centre Publications.

White, M. 1997. Narratives of therapists lives. Adelaide, Australia: Dulwich Centre Publications.

Weis, S & Wesley, K. 2008. *Postmodernism and its critics*. http://www.as.ua.edu/ant/faculty/murphy/436/pomo.htm. 2008/10/18

Yarhouse, M & Tan, ES. 2004. *Sexual identitysynthesis: attributions, meaning-making and the search for congruence.* Lanham, MD: University Press of America.

Zahavi, D. 2007. *Subjectivity and the first person perspective*. In The first-person perspective in philosophical inquiry. Southern journal of Philosophy 2007 vol 45 p 66-81.

Zegeye, A (ed). 2001. *After apartheid: social identities in the New South Africa*, vol 1.; Cape Town: Kwela Books.

Zuriff, GE. 1997. Psychology's sexual dis-orientation. *The World & I*:299–311.

***Internetbronne geraadpleeg***

Aristoteles http://www.kyshakes.org/Resources/Aristotle.html Accessed on 2009/07/16

Mendel. http://www.accessexcellence.org/RC/AB/BC/Gregor_Mendel.php Accessed on 2008/06/19

Plato http://plato.stanford.edu/entries/plato/#PlaCenDoc Accessed on 2008/06/22

Ricour http://plato.stanford.edu/entries/ricoeur/ Accessed on 2008/06/07

Van Huyssteen http://www.ptsem.edu/PTS_People/faculty/vanhuyssteen.php Accessed on 2008/06/22

http://www.swinburne.infoxchange.net.au/media/halm316/gallery/david/pg1.htm
Accessed on 2008/06/28

http://encyclopedia.farlex.com/Post-structuralism Accessed on 2008/06/28

http://www.as.ua.edu/ant/Faculty/murphy/436/pomo.htm Accessed on 2008/06/28

http://plato.stanford.edu/entries/justep-foundational/ Accessed on 2008/06/29

http://www.rdg.ac.uk/AcaDepts/ld/Philos/jmp/Theory%20of%20Knowledge/Foundtionalism.htm
Accessed on 2008/06/29

**Addendums**

## 10.1. Addendum A

**Universiteit van Pretoria**
**Fakulteit Teologie**

**Aansoek vir Etiese Klaring**

**University of Pretoria**
**Faculty of Theology**

**Application for Ethical Clearance**

**Ethical Questionnaire/Etiese Vraelys**

*Voltooi in Afrikaans / Engels*

*Complete in Afrikaans / English*

Tik asseblief / Please type

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| Naam / Name: Anton Binneman<br><br>Studentenommer / Student number: 20127482<br><br>Graad / Degree: PhD Narratiewe en gesinsterapie<br><br>Departement / Department: Praktiese teologie<br><br>Studieleier / Studyleader: Jullian Müller | TITEL VAN NAVORSINGS-PROJEK/TITLE OF RESEARCH PROJECT:<br><br>Identiteit en Homoseksualiteit: Die soeke na identiteit en aanvaarding binne 'n geloofsgemeenskap. |
| EERSTE AANSOEK/FIRST APPLICATION:<br>VANTEVORE INGEDIEN/RESUBMISSION: | Ja<br>Nee |

**1. NAVORSINGSDOELWITTE / OBJECTIVES OF THE RESEARCH**

Lys asseblief: / Please list:

Om die verhale van tieners se reis met die geloofsgemeenskap oor te vertel met integriteit.
Om te ondersoek wat die verbande is tussen Identiteit en Seksualiteit.
Om te ondersoek wat die verband is tussen identiteit vorming en die geloofsgemeenskap.
Hoe kan konstrukte rondom tieners afgebreek word
Hoe kan die geloofsgemeenskap tieners bystaan in die vorming van hulle Identiteit.
Wat laat tieners voel hulle word aanvaar.
Hoe kan die geloofsgemeenskap tieners laat voel hulle word aanvaar.
Die meisies moet pastoraal versorg wees.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**[1] With due acknowledgement to the Research Committee for the Humanities Faculty, University of Pretoria, 2003-04-1**

**2. OPSOMMING VAN DIE NAVORSING / SUMMARY OF THE RESEARCH**

Verskaf asseblief 'n bondige opsomming van die navorsing (maksimum 250-300 woorde). / Please provide a brief summary of the research (maximum 250 - 300 words).

Die Navorsing is in die eerste instansie Prakties teologies. Die vertrek punte is egter Post-fundamentalisties, Sosiaal-konstruktionisties en Narratief van aard. Die navorsing sal fokus op 'n spesifieke groep meisies , meisies wat deur hulle soeke na identiteit op die rand van die samelewing geskuif is. Baie van die meisies eksperimenteer met seks en ook seksualiteit. Die groep waarin ek veral geïnteresseerd is, is die groep wat sê hulle het besluit dat hulle wil homoseksueel wees. Hulle identiteit word hierdeur beïnvloed, hulle tree op 'n bepaalde manier op, wat wys dat hulle deel is van die groep. Dit is egter onmoontlik om oor die saak in Isolasie te praat. Dit is onmoontlik om als te ondersoek rondom die aangeleentheid. Daar sal dus veral gekyk word na meisies wat by 'n Christelike geloof gemeenskap inskakel. Hoe kan hulle verhale met integriteit oorvertel word en vir hulle kennis gee om hulle eie situasies beter te verstaan, sonder om hulle verder op die rand van die samelewing te skuif.? Die studie se grootste doelstelling is om vir elke deelnemer aan die studie soveel moontlik mag te gee. Kennis is by implikasie mag, kennis van jou eie verhaal gee jou mag om besluite te maak wat jou toekoms kan verander. Daar bestaan sekere konstrukte wat nie noodwendig altyd bydrae tot mense se groei en vorming nie, die studie sal die geykte waarhede rondom seksualiteit en identiteit ondersoek. Die meisies sal mag hê wat hulle situasies kan verander, en die navorser en die geloofsgemeenskap sal meer kennis hê om die hele saak rondom identiteit en seksualiteit beter te verstaan. Die kennis sal dan gebruik word om tieners te laat voel hulle het 'n eie plek in die geloofsgemeenskap.

**DEELNAME VAN PROEFPERSONE / PARTICIPATION BY RESEARCH SUBJECTS**

3.1 Waar en hoe sal die proefpersone gekies word? / Where and how will the subjects be selected?

Die manier waarop die Proefpersone gekies sal word sal aan die hand van Snowball sampling gedoen word. Die eerste meisies het my kom sien na 'n vriendin selfmoord gepleeg het. Hulle het my toe na ander meisies verwys. Ek het self ook van meisies geweet wat ek genader het.

3.2 Indien daar van die proefpersone verwag gaan word om as vrywilligers op te tree, wie gaan gevra word en hoe gaan deelnemers gekies word? / If any subjects will be asked to volunteer, who will be asked to volunteer and how will the participants be selected?

Die meisies is almal vrywilligers in die Studie. Ek het die meisies gekies op grond van hulle assosiasie met 'n bepaalde groepering. Al die meisies het een of ander band met mekaar. Dit is soos 'n uitgebreide vriendekring.

3.3 Indien proefpersone gewerf moet word, wat sal as aansporingsmiddel dien? / If subjects are to be recruited, what inducement is to be offered?

Al die meisies wat gewerf is, is gevra of hulle sou wou deelneem aan die navorsing. Daar is niks aangebied as aansporing nie.

3.4 Indien van persoonlike dokumente gebruik gemaak gaan word, dui asseblief die aard daarvan aan en ook hoe seleksie gaan geskied. / If subjects' records are to be used, specify the nature of these records and indicate how they will be selected.

Geen amptelike rekords gaan gebruik word nie. Die meisies sal wel almal hulle stories oor Identiteit en die geloofgemeenskap vertel. Die navorser sal die verhale verbatim neerskryf. Die vrae is van so 'n aard dat dit slegs op informasie fokus wat in die studie gebruik sal word. Die meisies sal as mede navorsers dien en help bepaal watter informasie gedokumenteer moet word en wat nie. Identiteit, homoseksualiteit, seksualiteit en

geloofsgemeenskap is van die sleutel konsepte wat gebruik sal word.

3.5 Het u die nodige toestemming verkry om die dokumente te bestudeer en daaroor verslag te doen? / Have you obtained permission to study and report on these records?

Indien ***Ja***, heg asseblief die briewe hierby aan. / If ***Yes***, attach letters.

JA, ek het toestemming om die verhale te gebruik.

3.6 Uitstaande kenmerke van proefpersone / Salient characteristics of subjects:

Aantal / Number: 20
Geslag / Gender: Vroulik
Ouderdom / Age 14-19

3.7 Het u die nodige toestemming van die bepaalde owerheid verkry (bv. gemeente, hospitaal, kliniek)? Indien wel, op welke wyse is die toestemming verkry? / Have you obtained permission from the relevant authorities (e.g. an ecclesiastical congregation, hospital, clinic)? If so, how did you obtain this permission?

Ja

Indien ***Ja***, heg asseblief die briewe hierby aan / If ***Yes***, attach letters.

3.8 Lys die beoogde metodes wat gevolg gaan word om die nodige data van die proefpersone te verkry (merk die relevante item(s)) / List the procedures you intend to carry out with the subjects to obtain the data you require (mark the applicable item(s)):

Onderhoud (Die basiese vrae is aangeheg.)
Pastorale sorg of berading (Dit is 'n bepaalde deel van die navorsing en een van die uitkomste van die studie.

Ander: Beskryf asseblief . Daar sal ook van kreatiewe maniere gebruik gemaak word. Bv deur gedigte en kunswerke soos skilderye en memory books.

3.9 Indien u (die navorser) nie self die prosedure gaan uitvoer nie, verstrek asseblief die naam en hoedanigheid van die persoon wat dit gaan doen. / If you (as the researcher) will not carry out the procedure personally, state the name and position of the person who will carry out the procedure.

**INGELIGTE TOESTEMMING / INFORMED CONSENT**

4.1 Heg 'n kopie van die toestemmingsvorm aan / Attach a copy of the consent form.

4.2 Indien die persone jonger as 18 is, of verstandelik of wettig onbevoeg is om toestemming tot deelname te verleen, hoe gaan u te werk gaan om hulle toestemming te verkry / of van wie sal u gevolmagtigde toestemming kry? Beskryf asseblief.

If the subjects are under 18 or mentally or legally incompetent to consent to participation, how will you obtain their assent and/or from whom will you obtain proxy consent? Please describe.

Die meeste van die meisies met wie ek werk is 18 jaar oud, sewe van die meisies is minderjarig tussen 14-17. Hulle ouers of voogde moet 'n brief onderteken waarin hulle toestemming gegee word. Die meisies moet self ook toestemming verleen. Die toestemmings brief is op 'n verstaanbare manier saamgestel selfs vir tieners. Die prosedures word ook vir hulle verduidelik

4.3 Indien die persone jonger as 18 is, of verstandelik of wettig onbevoeg is, hoe sal u dit aan hulle duidelik

maak dat hulle te enige tyd aan die studie mag onttrek? Beskryf asseblief.

If the subjects are under 18, or mentally or legally incompetent, how will you make it clear to the subjects that they may withdraw from the study at any time? Please describe.

Dit is ook in die toestemmings briewe ingesluit. Die meisies verstaan dat hulle enige tyd mag ontrek, en dat hulle hoef nie aan die studie deel te neem nie. Dit is aan hulle ouers ook verduidelik.

4.4 Indien u as die navorser nie die proefpersone se moedertaal magtig is nie, hoe gaan u toesien dat die persone die inhoud van die toestemmingsbrief ten volle verstaan. Beskryf asseblief. / If you as the researcher are not competent in the mother tongue of the subjects, how will you ensure that the subjects fully understand the content of the consent form? Please describe.

N.V.T.

**RISIKO'S EN NADELE VIR DIE PROEFPERSONE / RISKS AND DISADVANTAGES TO THE SUBJECTS.**

5.1 Hou die navorsing enige risiko (bv. fisies, psigologies, regsgeldig, sosiaal) vir die persone in? / Are the subjects at any risk (e.g. physical, psychological, legal, social) if they participate in the research?

Nee

Indien ***Ja***, beantwoord 5.2. / If ***Yes***, answer 5.2.

5.2 Sal persone op enige manier deur deelname of nie-deelname benadeel word? / Will participation or non-participation disadvantage the subjects in any way?

Nee

Indien ***Ja***, verduidelik op welke manier benadeling sal plaasvind. / If ***Yes***, explain in which way they will be disadvantaged.

NVT

**MISLEIDING VAN PROEFPERSONE / DECEPTION OF SUBJECTS**

6.1 Is daar enige aspekte van die navorsing waaroor proefpersone nie ingelig gaan word nie? / Are there any aspects of the research about which the subjects will not be informed?

Nee

Indien ***Ja***, beskryf hierdie aspekte. / If ***Yes***, describe these aspects.

N.V.T.

**VOORDELE VIR DIE PROEFPERSONE / BENEFITS TO THE SUBJECTS**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.1 Hou deelname enige voordeel vir die proefpersone in? / Will participation benefit the subjects?

Ja

Indien ***Ja***, beskryf asseblief hierdie voordele. / If ***Yes***, please describe the benefits.

Die gesprekke is terapeuties van aard. Hulle stories sal gehoor word. Hulle sal verder ook gehelp wo hulle identiteit te ontwikkel.

**VERTROULIKHEID / CONFIDENTIALITY**

8.1 Op welke wyse gaan u vertroulikheid en/of anonimiteit verseker? / How will you ensure confider and/or anonymity?

Beskryf asseblief / Please describe.

Skuilname sal gebruik word. Die skool waar die meisies is se naam word nie genoem nie. Hulle kor verskillende geloofsgemeenskappe. Daar sal dus geen manier wees om die meisies te identifiseer nie.

**BEKENDMAKING VAN DIE NAVORSING / DISSEMINATION OF RESEARCH**

9.1 Aan wie gaan die resultate beskikbaar gestel word? / To whom will the results be made available?

Die resultate sal aan die mede navorsers bekend gemaak word. Aan die eksaminatore. Aa geloofsgemeenskap en aan die Universiteit.

9.2 In watter formaat sal die resultate na verwagting beskikbaar gestel word? / In which format d expect the results to be made available?

Merk asseblief wat van toepassing is. / Please mark that which is applicable.

Wetenskaplike artkel / Scientific article wat verpligtend is.

Leke-artikel / Lay article. Om die geloofsgemeenskap toe te rus om die tieners by te staan.

Verhandeling / Thesis wat verpligtend is.

Referaat / Conference paper is 'n moontlikheid, daar sal ook oor die tema gepreek kon word.

Gesprekke met mede navorsers, in die vorm van pastoraat en toerustings geleenthede vir tieners.

**BEWARING VAN NAVORSINGSDATA / STORAGE OF THE RESEARCH DATA**

10. Neem kennis dat u alle navorsingsdata moet bewaar en na voltooiing van u navorsing aan die Fak
moet oorhandig vir bewaring vir 'n tydperk van 10 jaar. /
Take note that you have to save all research data and at the end of your research hand it over to t
Faculty for storage for a period of 10 years.

**ANDER INLIGTING / OTHER INFORMATION**

11. Verskaf asseblief hieronder enige ander inligting wat moontlik vir die komitee van waarde mag we
Please provide any other information which my be of value to the committee here.

**12. HANDTEKENINGE / SIGNATURES**

**Aansoeker / Applicant** : ……………………………………………………………………………

**DATUM / DATE:** ……………………………………………………………………………

**STUDIELEIER / SUPERVISOR:** ……………………………………………………………………

**DATUM / DATE:** ……………………………………………………………………………

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**DEPARTEMENTSHOOF / HEAD OF DEPARTMENT:** ……………………………………………………

**DATUM / DATE:** ……………………………………………………………………………………

Is u van mening dat die voorgestelde navorsing etiese implakasies inhou? Are you of the opinion th proposed research project has ethical implications? **Ja/Yes** **Nee/No**

**ETIESE KOMITEE / ETHIC COMMITTEE :** ……………………………………………………………

**DATUM / DATE:** ……………………………………………………………………………………

**AANHANGSELS / ATTACHMENTS:**

Ja Goedkeuring van owerhede / Approval from authorities (Vraag / Question 3.7)
Ja Onderhoude / Interviews (Vraag / Question 3.8)
Ja Ingeligde toestemming / Informed consent (Vraag / Question 4.1)

## 10.2. Addendum B

## 2. Basiese vrae in Onderhoude.

1. **Hoe het jy gekom waar jy vandag is?**
   **Kinderjare van jy kan onthou**
   **Laerskool**
   **Hoërskool**
   **Naskools (basies jou storie oor wie jy is en hoe jy dink jy geword het wie jy is).**
2. **Wat het jou deur moeilike tye gekry?**

**Bv. Wanneer niemand jou verstaan het nie of niemand jou verstaan nie.**

**Wanneer niks vir jou sin maak nie.**

**Wanneer jy kwaad word\geword het.**

3. **Watter goeie raad sal jy aan ander tieners gee wat deur dieselfde dinge gaan?**
4. **Wat was die rol van die kerk in tye waar dit vir jou moeilik was\is?**
5. **Hoekom dink jy is dit vir tieners belangrik om aanvaar te word soos hulle is?**
6. **Hoe kan die kerk verander om tieners te aanvaar net soos hulle is.**
7. **Wat weet jy van Homoseksualiteit?**
8. **Ken jy iemand wat homoseksueel is?**
9. **Hoekom dink jy eksperimenteer tieners soms met homoseksualiteit en seksualiteit?**
10. **Kan 'n mens besluit jy is homoseksueel?**
11. **Kan 'n mens besluit jy is nie meer homoseksueel nie?**
12. **Hoe dink jy voel die kerk oor homoseksuele mense?**
13. **Dink jy die kerk kan homoseksuele tieners deur moeilike tye in hulle lewens help?**
14. **Hoekom of hoekom nie?**
15. **Hoe kan die Kerk homoseksuele tieners bystaan?**

Die vrae is basiese vrae, die gesprekke sou plek, plek anders kon verloop.

## 10.3. Addendum C

Hennie le Roux

Predikant NG Gemeente Randpoort

Tel (011) 693-2512 Posbus

3130

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Faks (011) 692-2171
Randgate
hennieleroux@yebo.co.za 1763
RSA

2008-04-01

Die Voorsitter
Die Navosingskomitee
Die Fakulteit Teologie
Universiteit van Pretoria

Geagte Voorsitter

TOESTEMMING

Ds AJ Binneman, leraar van die gemeente Randpoort, is tans ingeskryf vir doktorale studies. Sy tema is: "Identiteit en Homoseksualiteit. Die soeke na identiteit en aanvaarding binne 'n geloofsgemeenskap."

Hiermee word toestemming aan hom verleen om navorsing vir sy studies in hierdie gemeente te doen.

Die uwe

HJ LE ROUX V.D.M.
VOORSITTER VAN DIE KERKRAAD

**10.4. Addendum D**

**Universiteit van Pretoria**
**Fakulteit Teologie**
**Doktorsgraad Dissertasie / Ingeligte toestemming**

**University of Pretoria**
**Faculty of Theology**
**Doctoral Dissertation / Informed consent**

Liewe ________________________________________________

**Hoekom doen ek wat ek doen?**

Die navorsing waaraan jy gaan deelneem is deel van 'n PhD graad waarmee ek besig is aan die Universiteit van Pretoria.

**Wat kan jy verwag van die Navorsing?**

Die rede waarom ek die navorsing doen is om saam met jou meer te leer en sin te maak van die dinge waardeur jy as tiener gaan of gegaan het. Ek hoop dat ons deur jou en ander tieners se verhale die kerk sal kan help om te verstaan waardeur tieners soms gaan. Sodat hulle later weer ander tieners sal kan help.

**Hoe gaan dit gebeur?**

Ek gaan na jou storie luister, dit neerskryf en dan weer met jou daaroor praat. Jy sal my dan help verstaan en om jou storie te interpreteer. As jy gemaklik is gaan daar ook soms groepwerk gedoen word.

**Wie gaan almal weet?**

Indien jy nie 18 is nie moet ons jou ouers se toestemming hê. Hulle moet toestemming gee en daarom sal hulle weet. Ons gesprekke word neergeskryf en dele daarvan gaan dan in ‘n boek neergeskryf word. Niemand sal jou kan identifiseer nie. Ons sal skuilname gebruik, jou skool en jou kerk se name sal nie gebruik word nie.

**Wat is jou reg?**

Jy mag op enige stadium van die navorsing ontrek. Jy hoef aan geen gesprekke deel te neem waarmee jy nie gemaklik voel nie.

Ek het die bostaande brief gelees. Ek verstaan dat ek deel gaan wees van ‘n wetenskaplike studie. Ek verstaan dat nie ek of my familie geïdentifiseer sal word nie. Ek verstaan dat die gesprekke wat gevoer is in ‘n verhandeling opgeteken gaan word. Ek herken dat ek nie gedwing word om aan die studie deel te neem nie en dat ek enige tyd van die studie kan ontrek.

Geteken op hierdie ___________ dag van _________________ die jaar 200___. Deur my ______________

__________________________________in _______________________________.

Geteken________________________________________

Getuie__________________________________________

Navorser________________________________________

## 10.5. Addendum E

**Universiteit van Pretoria**
**Fakulteit Teologie**

**Doktorsgraad Dissertasie /**

**Ingeligte toestemming**

**University of Pretoria**
**Faculty of Theology**

**Doctoral Dissertation /**

**Informed consent**

**Geagte Ouer\Voog**

My naam is Anton Binneman en ek is 'n student aan die Universiteit van Pretoria. Ek is tans besig met my PhD in Narratiewe en gesinsterapie. My navorsing handel oor die Identiteit en soeke na identiteit van, in die geval tiener meisies. Van die dinge waarna gekyk sal word is hoe die geloofsgemeenskap tieners kan bystaan in die moeilike tyd .

Die navorsing sal veral deur gesprekke geskied maar ook deur ander metodes soos kunswerke en rolspel. Die verhale en gesprekke sal dan opgeteken word in 'n PhD verhandeling. Nie u of u kind sal geïdentifiseer word nie. Daar sal van fiktiewe name gebruik word. Nie die meisies se skole of hulle gemeentes sal geïdentifiseer word nie. Daar sal neutrale taal gebruik word.

U as ouers moet ingelig wees en toestemming gee dat u kind aan die studie mag deelneem. U kind mag op enige stadium van die navorsing ontrek. Sy hoef aan geen gesprekke deel te neem waarmee sy nie gemaklik is nie.

Ek het die bostaande brief gelees. Ek verstaan dat my dogter deel gaan wees van 'n wetenskaplike studie. Ek verstaan dat nie ek of my familie geïdentifiseer

sal word nie. Ek verstaan dat die gesprekke wat gevoer is in ‘n verhandeling opgeteken gaan word. Ek herken dat nie ek of my dogter gedwing word om aan die studie deel te neem nie en dat ons enige tyd van die studie kan ontrek.

Geteken op hierdie __________ dag van ________________ die jaar 200___. Deur my _____________

________________________________in _____________________________.

Geteken Ouer\Voog_____________________________

Getuie________________________________________

Navorser______________________________________

## 10.6. Addendum F

### Verhoog Kaart

Jy moet jouself aan die gehoor van die navorsing voorstel. Maak 'n verhoog kaart waarin jy die volgende info moet weergee:

- Naam. (Gebruik 'n skuilnaam as jy gemaklikker daarmee is).
- Bynaam. (soos jy genome wil word)
- Jou Ouderdom.
- Gunsteling Kleur.
- Gunsteling musiek.
- Wat wil jy graag eendag word.
- Hoe voel jy oor geloof?
- Hoe voel jy oor seksualiteit?

Jy kan verder enige ander inligting byvoeg sodat ons jou beter sal verstaan, wees so kreatief as moontlik, die gehoor moet net eenkeer na die verhoog kaart kyk en amper weet wie jy is. Jy mag prente teken of knip en plak.

Onthou jy gaan my moet help om te verstaan wat als beteken!

Jy moet dit geniet!

Dankie
Anton

## 10.7. Addendum G

**Universiteit van Pretoria**

**Vraelys: Identiteit en Homoseksualiteit.**

**Vertroulik.**

Die vraelys vorm deel van die PhD studies van Anton Binneman. Die vraelys wil die verhaal van Randpoort Gemeente ten opsigte van Identiteit en Homoseksualiteit ondersoek. Jou opinie sal vertroulik gehou word. Deur die vraelys in te vul stem jy in om deel van die studie te wees.

Baie dankie

Anton Binneman

**Skaal:** **5** Stem beslis saam. **4** Stem saam. **3** Ek weet nie. **2** Stem nie saam nie. **1** Stem beslis nie saam nie.

| | |
|---|---|
| 1. Homoseksualiteit is nie 'n probleem in Randpoort gemeente nie | |
| 2. Jy kies om homoseksueel te wees. | |
| 3. Jy word Homoseksueel as jy nie 'n pa het nie. | |
| 4. Jy word homoseksueel as jy gemolesteer is as kind. | |
| 5. Meisies wat met seuns speelgoed speel as hulle klein is word later homoseksueel. | |
| 6. Meisies wat seergemaak is in verhoudinge word homoseksueel. | |
| 7. Arm mense se kinders word homoseksueel. | |
| 8. Mense word homoseksueel gebore. | |

| | |
|---|---|
| 9. Homoseksualiteit is in mense se gene. | |
| 10. Daar bestaan iets soos 'n homoseksuele geen. | |
| 11. Homoseksualiteit kan genees word. | |
| 12. Daar is medikasie wat mense kan help. | |
| 13. 'n Goeie pakslae is die oplossing. | |
| 14. Sielkundige hulp en pastorale sorg kan mense genees van Homoseksualiteit. | |
| 15. Homoseksualiteit is net 'n fase in iemand se lewe wat weer verby sal gaan. | |
| 16. Ek gril vir homoseksuele mense. | |
| 17. Ek sal nie eers met so 'n mens praat nie. | |
| 18. Homoseksualiteit is Sonde en sulke mense hoort nie by die kerk nie. | |
| 19. Homoseksualiteit is sonde en die mense hoort by die kerk. | |
| 20. Homoseksuele mense verdien nie 'n gelyke plek in die samelewing nie. | |
| 21. Homoseksuele mense is abnormaal. | |
| 22. Homoseksuele mense is nie welkom in Randpoort nie | |
| 23. Ek ken iemand wat homoseksueel is. | |
| 24. Randpoort moet homoseksuele mense volledig as lidmate aanvaar. | |
| 25. Randpoort moet homoseksuele mense straf. | |
| 26. Homoseksuele mense gaan in die Hel brand | |
| 27. Homoseksualiteit is onaanvaarbaar. | |
| 28. Homoseksuele mense behoort skaam te kry oor hoe hulle is. | |
| 29. Randpoort kan 'n verskil maak in homoseksuele mense se lewens. | |

| 30. Ander opmerkings. | |
|---|---|

**10.8. Addendum H**

**Anton Binneman  Verhaal van die skool**

**PhD Narratiewe en Gesins terapie 2009 (UP)**

**1. Wat weet julle van die geskiedenis van die skool?**

**2. Wat weet julle van die Skewe meisies?**

**3. Wat weet julle van die Okkulte in die skool?**

**4. Wat weet julle wan Berading in die skool?**

**5. Wat weet julle van kerke by die skool?**

**6. Wat weet jy van die armoede by die skool?**

**7. Droom die kinders wat by jou skool kry nog?**

**8. Watter sosiale en gedrag probleme beleef jy by die kinders?**

**9. Hoekom voel julle is daar probleme soos die by die skool?**